UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# JAN VILJOEN (1812-1893), 'n TRANSVAALSE WESGRENSPIONIER

deur

JOHN EDWARD HOLLOWAY GROBLER

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad M.A. in die Fakulteit Lettere
en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria,


PRETORIA
April 1976

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

OPGEDRA AAN MY OUERS

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



JOHANNES WILLEM VILJOEN

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Voorwoord | | 1 |
| I | Inleiding: Familie-agtergrond | 5 |
| II | Jan Viljoen trek "ver genoeg" weg van Britse gesag | 8 |
| III | Bekende maar eiesinnige veldkornet van wyk Marico | 30 |
| IV | Jan Viljoen en die Hervormde Kerk | 64 |
| V | Leier van 'n opstand teen die staat | 83 |
| VI | Tien jaar lank kommandant van Marico | 149 |
| VII | "In het midden tusschen wit en zwart" | 170 |
| VIII | Vredemaker en bewaker van die wes= grens | 202 |
| IX | Uitkykpos op die "Weg na die Noorde": ontmoetings met vreemdelinge | 235 |
| X | Beroemde grootwildjagter | 258 |
| XI | Jan Viljoen en die Eerste Vryheids= oorlog | 270 |
| XII | Bedrywighede in Land Gosen | 288 |
| XIII | Laaste jare en karakter | 302 |
| | Besluit | 314 |
| | Kaarte | 315 |
| | Bronne | 317 |
| | Samevatting | 329 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Titel: | Jan Viljoen (1812-1893), 'n Transvaalse Wes=grenspionier. |
| Kandidaat: | John Edward Holloway Grobler. |
| Leier: | Prof. F.A. van Jaarsveld. |
| Departement: | Geskiedenis. |
| Graad: | M.A. |

Gebore in 1812 en getroud in 1833, het Jan Viljoen in die Kaapkolonie gebly tot in 1843, toe hy en sy gesin na die Transoranje verhuis het. Daar word hy 'n republikein, en bring hy in 1846 as gevolg van botsings met die Britse Soewereiniteitsgesag, drie maande in die tronk deur. In 1848 veg hy onder Pretorius by Boomplaas. Sy plaas is ge=konfiskeer en hy verlaat die Soewereiniteit. Op die Transvaalse wesgrens vestig hy hom aan die Klein Marico=rivier op die plaas Vergenoeg - ver genoeg weg van die Engelse.

'n Sekere ontwikkeldheid, leierseienskappe en gewildheid het in 1849 daartoe gelei dat Viljoen die eerste veldkornet van Marico geword het. As veldkornet het hy 'n rol in die plaaslike regering gespeel, en gedien as skakel tussen sy wyk en die Transvaalse owerheid. In 1859 het hy as veld=kornet bedank en is hy tot kommandant gekies.

Op kerklike gebied was Viljoen 'n Hervormer wat die bestaans=reg van sowel die Gereformeerde as die Nederduits Gerefor=meerde kerke in Transvaal ontken het. In 1868 het hy sover gegaan om ds. Cachet, wat 'n Nederduits Gereformeerde gemeente in Marico gaan stig het, met 'n sambok aan te rand.

Op politieke gebied was Viljoen 'n Pretorius-ondersteuner. In die Burgeroorlog van 1863-1864 het hy as leier van die "Volkslaer" die wapen teen die "Staatslaer" opgeneem in 'n poging om Pretorius president te maak in die plek van W.C.J. van Rensburg. In Januarie 1864 het Paul Kruger egter Viljoen se magte in 'n skermutseling by die Krokodilrivier verslaan.

Viljoen was tot in 1870 kommandant van Marico. As kommandant het hy sy wyk se belange vooropgestel, en was hy bereid om owerheidsopdragte te ignoreer wanneer hy gevoel het dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehoorsaamheid nie in belang van sy wyk was nie.

Viljoen was 'n belangrike figuur in die Transvaalse geskie= denis, veral as gevolg van sy kontak met die Swart stamme op die wesgrens. Dwarsdeur sy lewe in Marico het hy hom beywer vir vreedsame naasbestaan met stamme soos die Batlhaping, Barolong, Bahoeroetsie, Bakwena, Bamangwato en Matebele. Getrou aan sy doelstelling het Viljoen nooit aan 'n veldtog teen enige Swart stam deelgeneem nie.

Viljoen is ook bekend as olifantjagter en pionier van die jagvelde noord en wes van Transvaal. In hierdie verband het hy telkens te doen gekry met buitelandse jagters, handelaars, sendelinge en reisigers. Sy kontak met hierdie mense is 'n belangrike faset van sy lewe.

Na die anneksasie van Transvaal in 1877 het Viljoen as Volks= komiteelid die Boereverset teen die Britse besetting help organiseer. Tydens die Vryheidsoorlog het hy Lichtenburg en Zeerust namens die Boere ingeneem. Daarna het hy hom beywer om 'n botsing met die Barolong van Montsioa te voor= kom. Na die oorlog het hy sy lot ingewerp by die vrywil= ligers in die republiek Land Gosen, op die Raad van Bestuur waarvan hy gedien het. Sy laaste jare is gekenmerk deur mislukte pogings om sy ekonomiese posisie te verbeter.

Viljoen, 'n kort en skraal man, was gewild by sy medemens, maar hardkoppig, en bereid om geweld te gebruik om sy sin te probeer kry. Hy is in 1893 oorlede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Title: | Jan Viljoen (1812-1893), a Pioneer on the Western Border of Transvaal. |
| Candidate: | John Edward Holloway Grobler. |
| Promoter: | Prof. F.A. van Jaarsveld. |
| Department: | History. |
| Degree: | M.A. |

Born in 1812 and married in 1833, Jan Viljoen was in the Cape Colony until 1843, when he and his family moved to the Transorange. There he became a republican and, as a result of clashes with the British Sovereignty authority, he spent three years in prison. In 1848 he fought under Pretorius at Boomplaas. His farm was confiscated and he left the Sovereignty. On the western border of Transvaal he settled near the Klein Marico river, on the farm "Vergenoeg" - far enough away from the English.

A degree of development, qualities of leadership and personal popularity led in 1849 to Viljoen's becoming the first fieldcornet of Marico. As fieldcornet he played a part in local government and served as link between his ward and the Transvaal government. In 1859 he resigned as fieldcornet and was elected commandant.

Viljoen's religious ties were with the Hervormde Kerk, which denied the right of existence in Transvaal of both the Ge= reformeerde and the Nederduits Gereformeerde churches. In 1868 Viljoen went so far as to assault with a sjambok Ds. Cachet, who had established a Nederduits Gereformeerde con= gregation in Marico.

In politics Viljoen was a supporter of Pretorius. In the Civil War of 1863-1864 he took up arms as leader of the "Volkslaer" ("army of the people") against the "Staatslaer" ("army of the state") in an attempt to install Pretorius as president in place of W.C.J. van Rensburg. However, in January 1864 Paul Kruger defeated Viljoen's force in a brush near the Crocodile River.

Viljoen was commandant of Marico until 1870. As commandant he promoted the interests of his ward and was prepared to

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ignore governmental orders when he felt that compliance would not be in his ward's interest.

Viljoen was an important figure in the history of Transvaal, particularly as a result of his contact with the Black tribes on the western border. Throughout his life in Marico he strove for peaceful co-existence with tribes such as the Batlhaping, Baralong, Bahoeroetsie, Bakwena, Bamangwato and the Matabele. True to his aim, Viljoen never took part in an expedition against any Black tribe.

Viljoen was also a noted elephant hunter and pioneer of the hunting grounds to the north and west of Transvaal. In this role he frequently encountered foreign hunters, traders, missionaries and travellers. His contact with such people was an important facet of his life.

After the annexation of the Transvaal in 1877 Viljoen, as member of the Volkskomitee (Peoples' Committee), helped organize the Boer resistance to the British occupation. During the Vryheidsoorlog (War of Independence) he took Lichtenburg and Zeerust in the name of the Boers. Thereafter he strove to avert a clash with the Barolong of Montsioa. After the war he threw in his lot with the volunteers in the republic of Goshen, on whose Government Council he served. His closing years were characterised by unsuccessful efforts to improve his economic position.

Viljoen, a short and wiry man, was popular among his fellow-men, but he was obstinate and ready to use force when attempting to get his way. He died in 1893.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOORWOORD

Wanneer daar in die Transvaalse Argiefbewaarplek geblaai word deur die dokumente wat uit die vyftiger jare van die negentiende eeu dateer, vang die netjies geskrewe briewe uit Marico onderteken deur "J.W. Viljoen" dadelik die oog. In wordingsgeskiedenisse van die Suid-Afrikaanse Republiek is daar hier en daar verwysings na Jan Viljoen, soos hy bekend gestaan het, eers as veld=kornet en later as kommandant van die wyk Marico. Wanneer 'n boek oor die Burgeroorlog in Transvaal in 1860-1864 bestudeer word, prikkel die figuur van die opstandsleier, kommandant Jan Viljoen van Marico, die belangstelling. Sommige geskiedenisse van die kerke in Transvaal in die sestiger jare bevat breedvoerige beskry=wings van die voorval in 1868 toe ds. F. Lion Cachet in Marico deur Viljoen met 'n sambok toegetakel is. Die Britse jagters wat in die tweede helfte van die negen=tiende eeu by die Transvaalse wesgrens verby na Matebeleland en Masjonaland gereis het, het omtrent almal melding gemaak van die beroende olifantjagter, Jan Viljoen. Legendes dat Viljoen voor Livingstone by die Victoria-waterval was, bestaan vandag nog. In Staatskoerante tydens die Eerste Vryheidsoorlog word daar melding gemaak van die Volkskomiteelid, Jan Viljoen. Tydens die gebeure in Land Gosen lees ons van die Bestuurslid, Jan Viljoen.

Nêrens egter is daar gepoog om volledig te beskryf wie Jan Viljoen was nie. Hy het tot op hede 'n onbekende figuur gebly ten spyte van sy gebeurtenisvolle lewe. Dit het 'n leemte in die historiografie van die Suid-Afrikaanse Republiek gelaat wat verdien om gevul te word. Hierdie dissertasie verteenwoordig 'n poging om die geskiedenis van Jan Viljoen op skrif te stel.

Daar is nie gepoog om 'n lewensbeskrywing van Viljoen te gee nie. Die rede is die gebrek aan materiaal. Die dissertasie handel dus oor Viljoen se bydrae veral ten opsigte van die Transvaalse geskiedenis. Oor sy lewe in die Kaapkolonie, waar hy van sy geboorte in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1812 totdat hy die Oranjerivier oorgesteek het in 1843 gebly het, is weinig bekend. Hierdie verhandeling gaan in die eerste plek oor Viljoen se lewe op die Transvaalse wesgrens 1848-1893. In die vyf jaar na 1843 het Viljoen in Transoranje gewoon. Daar is 'n hoofstuk aan hierdie tydperk gewy, maar aangesien daar in die bronne in die Vrystaatse Argiefbewaarplek so weinig inligting oor Viljoen bestaan asook in die Britse Blouboeke uit daar= die tyd, word daar nie op volledigheid in verband met Viljoen se doen en late in Transoranje aanspraak gemaak nie.

Sekondêre bronne wat oor daardie tydperk handel soos die werk van Hofstede,[1] Lindley en H.P.N. Muller, maak melding van Viljoen, maar slegs skraps en vaag= weg terwyl Viljoen se naam in dissertasies waarin daar= die tydperk ter sprake kom, soos dié van Van Schoor, Midgley, Duvenhage en Barnard, skaars genoem word. Oor Viljoen as mens word niks vermeld nie. Die in= ligting wat daarin bevat is verskaf slegs enkele gegewens oor wat hy gedoen het.

Na Viljoen se verhuising na Marico in 1848, verander die situasie. Viljoen het talle briewe aan die land= droste, krygsoffisiere, President, Uitvoerende Raad, Volksraad en Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek geskryf. Talle van hierdie briewe het behoue gebly. Hierdie geskrifte bevat veel meer inligting oor Viljoen se doen en late, en oor die mense met wie hy op die Transvaalse wesgrens te doen gekry het as oor Viljoen self. Sy idees oor sake kom egter soms in hierdie briewe na vore wat die belangrikste bronne van inligting oor Viljoen as mens is.

Uit die aard van die saak was dit nodig om die agter= grond tot sekere aktiwiteite waaraan Viljoen deel gehad het, te skets. In hierdie verband word verwys na

----------

1. Hier word nie titels verskaf nie - hulle kan in die bronnelys nageslaan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen se rol as veldkornet in die politieke wordings=jare van die Suid-Afrikaanse Republiek, sy rol in die Burgeroorlog, en sy optrede in verband met die posisie van die Hervormde Kerk in die Republiek. Agtergrond=materiaal is gebaseer op sekondêre bronne soos die boeke van Van Oordt, Theal, Wichmann, Van Jaarsveld, Pelzer, Scholtz, Engelbrecht en Van Dyk.

In koerantberigte en tydskrifte is daar slegs sporadiese vermeldings van Viljoen, maar die dagboeke, reisjoernale en herinneringe van Buitelanders met wie Viljoen te doen gekry het is 'n belangrike bron van inligting. Dit geld sy kontak met hulle, sy jagaktiwiteite en sy kontak met die Swart stamme op die Transvaalse wesgrens. Daar is veral staat gemaak op die werk van Tabler, Wallis, Schapera, Mackenzie en Selous.

'n Kronologiese benadering tot die studie van 'n mens wat aan soveel bedrywighede deelgehad het as wat dit die geval met Viljoen was, sou uitgeloop het op 'n blote relaas van feite. Daarom is Viljoen se lewe tematies benader. Na 'n kort genealogiese agtergrond is begin met Viljoen se verblyf in die Transoranje. Daarna volg sy vestiging in Marico en 'n hoofstuk oor die twaalf jaar wat hy as veldkornet gedien het. Sy rol in die kerklike lewe in Transvaal as aanhanger van die Hervormde Kerk kom vervolgens aan die beurt. Daarna volg sy rol as opstandelingsleier in die Burgeroorlog van 1863-1864.

In die sesde hoofstuk word Viljoen as kommandant van Marico bespreek. Daarna word twee hoofstukke gewy aan Viljoen se kontak met die Swart stamme op die Transvaalse wesgrens. Daarmee hang saam sy kontak met buitelandse sendelinge, jagters, reisigers en handelaars. Daaraan verbonde is sy jagavonture. Al is Viljoen bekend as grootwildjagter, is daar oor hierdie aspek van sy lewe slegs brokkies inligting beskikbaar, want hy het nie self daaroor geskryf nie.

Na die anneksasie van Transvaal in 1877 het Viljoen hom as Volkskomiteelid beywer vir die herstel van die

onafhanklikheid en tydens die Vryheidsoorlog in Marico opgetree. Hierdie gebeure kom in die elfde hoofstuk ter sprake. Die Transvaalse onafhanklikheid is in 1881 herstel deur middel van die Konvensie van Pretoria, waaruit daar moeilikhede op die wesgrens suid van Marico voortgevloei het. Dit het onder meer uitge= loop op 'n stryd tussen twee faksies in die Barolong= stam. Die gevolg hiervan was die stigting van die Republiek Land Gosen. Viljoen het hieraan deelgeneem, 'n aspek van sy lewe wat in hoofstuk 12 bespreek word. In hoofstuk 13 is enkele gegewens oor Viljoen se laaste lewensjare gegee, en is gepoog om tot gevolgtrekkings oor sy ekonomiese posisie te geraak en 'n karakterskets te gee. Gebrekkige inligting was die grootste probleem wat by die skrywe van hierdie dissertasie ondervind is.

Ek bedank graag die volgende persone wat hierdie stu= die moontlik gemaak het: Eerstens my studieleier, prof. F.A. van Jaarsveld, wat die tema aan die hand gedoen het en my in navorsing en sintese gelei het; tweedens my ouers wat voltydse studie moontlik gemaak het; derdens die amptenare van die Transvaalse en Vrystaatse Argiefbewaarplekke, die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en die biblio= teke van die Universiteit van Pretoria en Universiteit. van Suid-Afrika wat behulpsaam was met die opsporing van bronne; en vierdens my vrou Elize wat behulpsaam was met proeflesing en my aangemoedig het om in die studie te volhard. Hierdie hulp het nie ongewaardeerd verbygegaan nie.

J.E.H. Grobler
Pretoria
Maart 1976

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

## Inleiding: familie-agtergrond

Minder as tien myl wes van die huidige dorp Zeerust in Wes-Transvaal lê die plaas Vergenoeg. Soos wat kenmerkend is van talle ou Boereplase, is daar op hierdie plaas ook 'n familiekerkhof. In hierdie geval is die kerkhhof die rusplek van ou pioniers uit die Voortrekkertyd, onder andere Jan Viljoen, 'n baan=breker van daardie omgewing. Die steen bo sy graf bevat die volgende opskrif:

> "Hier rust Johannes Willem Viljoen G. zoon. Echtgenoot van M.C. Viljoen, Geb. Messer, Gebooren te Uitenhage, Kaapkolonie, 14 Mei 1812. Overleden te Vergenoeg, distr. Marico, 30 Maart 1893, na een echtverbintenis van bijna 60 jaren. Deze ware patriot heeft zijn volk as veldcornet en Commandant Generaal gediend, die alles opofferde voor vrijheid en recht. God geve hem een zalige rustplaats."

Dit is die bedoeling om met hierdie studie vas te stel wie hy was, in hoeverre hy 'n "ware patriot" was, hoe hy "sy volk" gedien het en wat hy opgeoffer het vir "vryheid en reg".

Op Vergenoeg het tot rus gekom 'n afstammeling van die eerste Viljoen, 'n Franse vlugteling wat hom in 1671 aan die Kaap gevestig het, naamlik Francois Villion.[1]

As Hugenoot was hy afkomstig uit Clermont in Suid-Sentraal Frankryk. Op 17 Mei 1676 is hy met Cornelia Campenaar, 'n meisie uit Middelburg in Holland, in die huwelik bevestig. Uit hulle huwelik is drie seuns en drie dogters gebore.

Die derde seun van hierdie tweede geslag Viljoens in Suid-Afrika is in 1684 as Johannes gedoop. Hy is in

---

1. C.C. de Villiers: Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien III, pp.488-494.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1708 met Catharina Snyman, die dogter van 'n Hollandse vader en 'n Hugenote-moeder,[2] getroud. Hulle het slegs twee kinders, 'n dogter en 'n seun gehad. Laas= genoemde is in 1711 ook as Johannes gedoop, en was 'n burger te Drakenstein. Hy is in 1744 met Aletta Olivier getroud. Van hulle agt kinders is die tweede seun, Christoffel, in 1747 gedoop. Hy het hom in Swellendam gevestig, en was twee keer getroud. Hy en sy tweede vrou, Maria Elisabeth Scheepers, was aan vaderskant die grootouers van Johannes Willem Viljoen. Hulle seun Gerhardus Stephanus is gedoop in 1785, en het in 1809 in die huwelik getree met Sara Aletta van Staden, 'n dogter van Johannes Wilhelmus van Staden, ook van Swellendam.[3]

Hierdie voorouers en ouers van Jan Viljoen was tipiese Kaapse koloniste. Hulle was kerkvaste boere van Frans-Hollandse afkoms, en het deel uitgemaak van die geleidelike ooswaartse trek van die Blankes. So het Gerhardus Stephanus Viljoen hom in die distrik Uitenhage gevestig. Op die plaas Kleinwintershoek,[4] is daar op 14 Mei 1812 sy tweede seun, die objek van hierdie verhandeling gebore, en op 16 Augustus van dieselfde jaar op Uitenhage gedoop as Johannes Willem Viljoen. Hy is vernoem na sy grootvader aan moederskant.[5]

Johannes Willem, in die omgang Jan Viljoen genoem, het op twintigjarige leeftyd lidmaat in die Uitenhage-gemeente van die Nederduits Gereformeerde Kerk geword.[6] 'n Jaar later, op 23 Augustus 1833, het 'n Skotse

----------

2. C.C. de Villiers: Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien III, p.312.

3. C.C. de Villiers: Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien III, pp.325-328.

4. Die Volkstem, 23.4.1936 (R. Erasmus: Hoe Ses Transvaalse Olifantjagters in 1851, 1853 en 1854 die Victoria= waterval besoek het.)

5. F.K. G6 3/3. Doopboek, Graaff Reinet, 1811-1814, p.86.

6. F.K. G10 5/1. Lidmateboek, Uitenhage, pp.168-169.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



predikant, ds. Alexander Smith, hom met Maria Catharina Messer in die huwelik bevestig.[7] Sy bruid was die dogter van 'n Duitse sendeling in diens van die Londonse Sendinggenootskap in Uitenhage, Johan George Hermanus Messer, en Carolina von Niepoldt.[8] Sy is op 18 November 1816 gebore en was ten tye van haar huwelik sewentien jaar oud. Sy sou vyftien kinders in die lewe bring,[9] en haar man sewe jaar oorleef.[10] Die vyftien kinders was:[11]

Gerhardus Stephanus, gebore 19.8.1834, dood Maart 1852.
Johan Georg Hermanus, gebore 8.5.1836, oorleef ouers.
Carolina Louisa, 14.3.1838 - September 1838.
Sara Aletta, 23.6.1839, oorleef ouers.
Johannes Willem, 30.1.1841, oorleef ouers.
Petrus Hendrik, 13.9.1842, oorleef ouers.
Maria Catherina Elizabeth, gebore 14.1.1844.
Marthinus Willem, gebore 10.2.1846.
Tweeling seuns, gebore en dood op 23.3.1848.
Alletta Sara Hendrietta Wilhelmina, gebore 2.6.1849.
Gertiena Stephina, gebore 18.11.1851.
'n Dogter, gebore 19.8.1853, dood 5.9.1853.
Hendrik Petrus, gebore 8.11.1854.
Amellia Carolina Magdalena, gebore 6.4.1857.

Met hierdie genealogiese gegewens as agtergrond kan daar nou begin word met 'n bespreking van die lewe en werk van Jan Viljoen.

----------

7. F.K. G10 6/2. Huweliksboek, Uitenhage, p.77.

8. A 787 (Preller) no. 213 Lêer 148 (Getuienis omtrent J.W. Viljoen), p.292; sien ook haar testa= ment: Testament no. 3593 (1900).

9. A 787 (Preller) no. 213 Lêer 148, pp.288-289.

10. Testament no. 3593 (1900): Testament van M.C. Viljoen, gebore Messer.

11. A 787 (Preller) no. 213 Lêer 148, pp.288-289.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## HOOFSTUK 2

## Jan Viljoen trek "ver genoeg" weg van Britse gesag

Jan Viljoen en sy vrou het na hulle huwelik in 1833 aanvanklik in die Uitenhage-distrik bly woon. Hulle oudste seun, Gerhardus Stephanus, is in 1834 daar gebore en gedoop.[1] Van Viljoen se lewe op daardie stadium is weinig bekend. Hy het na alle waarskynlikheid soos die meeste ander oosgrensboere in daardie distrik 'n gemengde boerdery beoefen deur met beeste, skape en koring te boer. Dit is moontlik dat hy onder die Xhosa-invalle van 1834-1835 gely het, en selfs aan gevegte deelgeneem het.

Viljoen was een van diegene wat na die Xhosa-invalle die distrik wat soveel plundering moes verduur, verlaat het. Aan die beweging van die Groot Trek het hy nie deelgeneem nie. In 1836 het hy hom te Olifantsrivier in die Oudtshoorn-distrik as bywoner op die plaas van sy vrou se swaer, Jan Marnewick, gaan vestig. Van daar is hy en sy vrou in Junie 1836 na Uitenhage om hulle tweede seun, Johan Georg Hermanus, te laat doop.[2] In 1841 was hulle weer in Uitenhage om as getuies te dien by die doop van 'n familielid.[3] Daarna word hulle natrekkers en verhuis in 1843 na die Transoranje.[4] Of Viljoen aan die begin as trekboer gegaan het, weet ons nie. Besondere redes hoekom Jan Viljoen getrek het, is nooit deur hom of ander vermeld nie. Of hy onder die indruk

---

1. F.K. G10 4/2, Doopboek Uitenhage, 1830-1840, p.514.
2. Getuienis van wed. M.C. Viljoen in De Volksstem, 18.2.1895; F.K. G10 4/2, Doopboek Uitenhage, 1830-1840, p.518. Hierdie seun sou later in heelwat van sy vader se bedrywighede 'n rol speel, en het ook gedien op die Raad van Bestuur van Land Gosen, kyk hoofstuk 12.
3. F.K. G10 4/3, Doopboek Uitenhage, 1841-1843.
4. W.J. de Kock (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I, p.885.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Britse beleid in Transoranje van 'n trekboer in 'n Voortrekker verander het, weet ons ook nie. Teen 1845 is dit duidelik dat hy sterk anti-Britse en pro-Republikeinse gevoelens gekoester het.

Wáár presies in die Transoranje Jan Viljoen hom gevestig het, kon nie bepaal word nie, moontlik ten suide van die Modderrivier in die Griekwagebied, daarna moontlik in die Winburgse gebied ten noorde van dié rivier. Wat wel seker is, is dat Viljoen spoedig na sy aankoms betrek is in die stryd tussen Boer, Brit en Gekleurde. Wat die Boere betref was daar op daardie stadium in die Transoranje-gebied twee groepe, naamlik Trekboere en Voortrekkers. Eersgenoemde groep was lojaal aan die Britse koloniale gesag; laasgenoemde lojaal aan 'n onafhanklike republikeinse gesag. Jan Viljoen het sy lot by die tweede groep ingewerp, wanneer weet ons nie en waarom ook nie. Sy bitter gevoelens teen die Britse owerheid het moontlik uit dié se beleid ten opsigte van die Soewereiniteit gespruit.

Die oorvleueling van die belange van die republikeinse Noorde en die koloniale Suide in Transoranje, het van daardie gebied 'n arena gemaak waarin Boer en Brit binne vier jaar drie keer kragte sou meet. Die eerste geval was die skermutseling by Zwartkopjes in April 1845. Die oorsake daarvan moet gesoek word in die verdrae wat sir George Napier in 1843 met Adam Kok van die Griekwas en in 1844 met Mosjesj van die Basoeto gesluit het. Al kon daar teen die beginsel van territoriale skeiding wat daarin beliggaam is nie beswaar gemaak word nie, 'n beginsel wat tewens deur die Voortrekkers self toegepas is, het hierdie verdrae die republikeine ontevrede gestem, eerstens omdat hulle onafhanklikheid nie ook erken is nie, en tweedens omdat die Boere in die betrokke gebied onder Swart bestuur geplaas is en dit sou beteken dat die Britse owerheid moontlik noord van die Oranjerivier kon inmeng. Op die duur sou die onafhanklikheidsgesindes teen daardie inmenging in opstand kom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vonk was in die kruitvat toe veldkornet Jan Krynauw twee Griekwas wat vir Adriaan Stander, die latere Transvaalse kommandant, wou aanrand, aan kommandant Jan Kock oorgelewer het vir lyfstraf. Adam Kok, die Griekwahoof, het daarop van Rawstorne, die Britse siviele kommissaris te Colesberg geëis dat hy Krynauw gevange neem. Rawstorne kon nie optree nie, waarop Kok die saak in eie hande geneem het. Griekwas is na Krynauw se huis gestuur. Die veldkornet was nie tuis nie, maar sy vrou is aangerand en sy huis geplunder.[5] Volgens oorlewering is ook Jan Viljoen se wapens by dié geleentheid van hom afgeneem.[6]

Die gevolg van die Griekwas se optrede was dat die suidelike deel van die Transoranje in 'n staat van op= roer geraak het. Sowel die Boere as die Griekwas het hulleself bewapen, en 'n groot aantal Boere het op die plaas Touwfontein byeengekom. Rawstorne het tevergeefs die vrede probeer bewaar deur in 'n brief aan komdt.

----------

5. M.C.E. van Schoor: Politieke Groeperinge ..., p.17;
G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz ..., p.176;
G.E. Cory: The Rise of South Africa IV ..., pp. 304-305;
H.J. Hofstede: Geschiedenis van den Oranje-Vrystaat, p.93;
H.P.N. Muller: Oude Tijden in den Oranje-Vrystaat ..., p.11;
A.F. Lindley: Adamantia, pp.40-41.

6. Verklaring van A.H. Stander soos opgeteken deur G.S. Preller in Voortrekkermense III ..., pp.61-62. Hoewel die res van Stander se herinneringe nie altyd geloofwaardig is nie, kan hierdie getuienis nie sonder meer verwerp word nie. Dit is moontlik dat Viljoen op daardie stadium nog in die suidelike Transoranje gewoon het en dus blootgestel kon wees aan optrede teen hom deur die Griekwas.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Kock 'n ontmoeting tussen hulle voor te stel. Laasgenoemde wou nie onderhandel nie. Die gevolg was dat daar aan die einde van April en begin Mei 1845 gewapende botsings tussen die Boere aan die een kant en Griekwas en Britse troepe onder kolonel Richardson aan die ander kant by Zuurfontein en Zwartekopjes gevolg het. Groot gevegte was dit nie, en die Boere het nóg manhaftig geveg, nóg die beste daarvan afgekom. Viljoen het aan hierdie skermutselings deelgeneem.[7]

Die nuwe Kaapse goewerneur, sir Peregrine Maitland, het homself genoodsaak gevoel om in 1845 'n Resident noord van die Oranjerivier te vestig om die Napier-verdrae met Adam Kok en Mosjes in stand te hou. Die eerste Resident was kaptein William Sutton, maar hy is in Januarie 1846 deur kaptein Henry Douglas Warden opgevolg, wat te Bloemfontein gestasioneer is.[8] Aanvanklik het dit daarna stiller gegaan, sodat Warden in April 1846 gunstig kon rapporteer oor vreedsame toestande in die Transoranje, behalwe vir "a few turbulent characters at Winburg and adjacent country." Viljoen het op daardie stadium aan die Moderrivier gewoon.[9] In dieselfde maand het daar egter meningsverskille oor vee tussen die

---

7. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe ..., p.74; G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz ... pp.176-177; M.C.E. van Schoor: Politieke Groeperinge ..., p.17; G.E. Gory: The Rise of South Africa IV ..., pp.305-311. Kyk verklaring van sy vrou, M.C. Viljoen, in De Volksstem, 18.2.1895.

8. B.J. Barnard: 'n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden, pp.313-316.

9. G.H. 10/1 (Warden-Maitland, 24.4.1846), pp.289-290; Verklaring van M.C. Viljoen in De Volksstem, 18.2.1895. In Julie 1846 het Warden aan Maitland oor die ver=wikkelinge by Winburg gerapporteer dat veldkornet Jan Viljoen selfs die Boere suid van die Moderrivier gaan opkommandeer het. Vgl. B.J. Barnard: Warden ..., p.360.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Boere en die Griekwas begin opduik. Adam Kok het hom tot die Koloniale owerheid gewend, en Warden is gelas om Jan Kock, die kommandant, in hegtenis te neem, iets wat die Boere wou probeer verhoed.

Die Resident is met 'n klein mag na Winburg, waar Kock hom na 'n skermutseling op 25 Junie 1846 om verskoning gaan vra het. Warden het egter vir veldkornette Jan Viljoen en Jan Krynauw, Jan Vermeulen, Piet en Isaac du Plooy en Adriaan Stander gevange geneem,[10] en na die tronk op Colesberg gestuur, waarin hulle op 12 Julie opgeneem is.[11] Daar sou die ses Boere drie maande en 28 dae deurbring. Volgens oorlewering sou Jan Viljoen daar alle herderlike besoeke van die toenmalige predikant van die Nederduits Gereformeerde Gemeente van Colesberg, ds. Reid, geweier het omdat dié glo Engelsgesind was.[12]

Na die ses Boere se gevangeneming het honderd en twaalf van hulle mede "Uitgewekene Emigranten" op drie memories aan Warden in die hinderlikste toon om hulle vrylating gepleit.[13] Dit was tevergeefs, want die Resident wou 'n voorbeeld van hulle maak in 'n poging om verdere moeilik=

----------

10. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe ..., p.80; M.C.E. van Schoor: Politieke Groeperinge ..., p.22; G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz ..., p.178. Hiervolgens was Vermeulen die republikeine se landdros van Winburg. Volg verder B.J. Barnard: Warden, pp.359-362; en J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek ... pp.65-66.
Van Schoor en Barnard noem albei vir Viljoen 'n veldkornet. Dat hy dit was is geensins onmoontlik nie, maar dit is onduidelik waar hy sy aanstelling gekry het. Kyk ook G.E. Cory: The Rise of South Africa IV ..., pp.321-322; en J.F. Midgley: The Orange River Sovereignty, p.36.

11. G.H. 10/1 (Warden-Maitland, 21.7.1846), p.292.

12. Almanak voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika voor het jaar onzes Heren 1926 (S.P. Engelbrecht: Johannes Willem Viljoen), pp.153-154.

13. G.H. 10/1 (Memorie aan Warden, 4.7.1846), p.297.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hede van die kant van die republikeine te verhoed.[14] Die Kaapse Prokureur-Generaal het egter in sake ver= volging voor soveel regsprobleme te staan gekom dat die Goewerneur al ses die gevangenes moes vrylaat.[15] Die vrylating sonder vervolging het die soberende uit= werking wat die tronkstraf gehad het vernietig. In Colesberg het die ses gevangenes gerugte gehoor dat hulle vrygelaat is omdat die koloniale wette nie politieke oortredings buite die grense van die Kaapkolonie dek nie.[16] Daarom dat hulle vrylating hernude onrus in die Winburg-distrik tot gevolg gehad het. Gerugte is ver= sprei dat die Kaapse regering nóg die mag, nóg die wil gehad het om die aanklagte waarop Jan Viljoen en sy makkers tereggestaan het, te straf.[17]

----------

14. G.H. 10/1 (Warden-Maitland, 21.7.1846), p.295.

15. J.H. Malan meld in 'n voetnota op p.483 van sy Die Opkoms van 'n Republiek die bestaan van 'n legende in die noordelike Vrystaat wat steeds as waar beskou is toe hy dit in 1927 aangeteken het, naamlik dat die tronkdeure op Colesberg van= self oopgegaan het en die prisoniers toe daar uitgestap het. Malan spekuleer dan daaroor of Warden die magistraat van Colesberg sou versoek het om die tronkdeure een nag oop te laat, sodat die prisoniers moes dink 'n wonderwerk het hulle gered, want net wonderwerke kon hulle uit die Resident se hande kry. Skrywer hiervan verwerp dit, maar die bestaan van die legende dui op die indruk wat die gevangeneming van hulle ses makkers op die gemoedere van hulle mede-republikeine gemaak het.

16. G.H. 10/1 (Warden-Maitland, 24.10.1846), p.308. Onder die Cape of Good Hope Punishment Act van 1836 kon kriminele oortredings wel gestraf word.

17. G.H. 10/1 (Warden-Maitland, 5.12.1846), p.322.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1847 sou sake in die Transoranje rustiger verloop. Daar was, volgens Theal,[18] ongeveer tweeduisend Emigrante-families tussen die Oranje- en Vaalrivier, waarvan minstens drieekwart teen die vestiging van Britse gesag oor die gebied gekant was. Tussen hierdie groep en diegene wat lojaal teenoor die Britse gesag bly staan het, was daar 'n gedurige gevoel van antagonisme wat van tyd tot tyd sou opvlam soos tydens die lojaliste se verkiesing van G.H. Meyer as landdros van Winburg. Die republikeine het Meyer spoedig van sy pos onthef, en hulle eie kandidaat, Willem Jacobsz, in sy plek gekies.[19]

In 1847 het twee nuwe figure die verhoog in Transoranje betree, naamlik Andries Pretorius en sir Harry Smith. Pretorius het in September oor Winburg na Grahamstad gereis as afgevaardigde van die Natalse Voortrekkers in 'n vergeefse poging om hulle griewe voor die Wnd. Goewerneur en Hoë Kommissaris, sir Henry Pottinger, te lê. Enkele Winburgers het hom vergesel. Op sy terug= reis na Pottinger se weiering om 'n onderhoud aan hom toe te staan, is Pretorius oral in die Transoranje met blyke van simpatie ontvang. Die republikeine wat hom ontmoet het, het rede gehad om te glo dat ook Pretorius oortuig was van die onmoontlikheid om onder Britse bestuur te berus.[20] Gevoelens het hoog geloop onder hierdie republikeine omdat Pretorius met minagting deur die Britse bewindhebber behandel is. Volgens Warden het hulle gehoop dat Pretorius uit Natal sou kom om die Resi= dent uit Bloemfontein te jaag.[21]

----------

18. G.M. Theal: History of South Africa VI (Struik, Kaapstad, 1964), p.506.

19. G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz, pp. 165-168.

20. G.S. Preller: Andries Pretorius. Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal (Tweede Uitgawe), pp.318-332.

21. G.H. 10/2 (Warden-Southey, 10.1.1848), p.36.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sir Harry Smith, wat op 1 Desember 1847 die nuwe Kaapse goewerneur en hoë kommissaris geword het, het die dryfveer agter die Britse opdringing noord van die Oranjerivier geword. Hy het gehoop om die onrus aan die Koloniale noordgrens op te hef deur die uitgeweke Boere onder Britse bestuur te bring. Vroeg in 1848 is hy inderhaas die Transoranje binne. In Winburg het 'n klompie lojaliste aan hom 'n versoekskrif voorgelê met die doel om onder Britse bestuur geplaas te word. Hy het dit as die algemene begeerte van al die Emigrante beskou. Van Winburg is hy Natal, waar hy Pretorius aan die voet van die Drakensberg ontmoet het. Dit was toe Pretorius op die punt was om Natal vir goed te ver=laat. Smith het hom probeer ompraat om te bly, maar kon nie daarin slaag nie. Daarop het hy aan Pretorius 'n proklamasie gewys waarvolgens "Sir Harry de gantsche Emigranteland in bezit had genomen." Hy het egter bygevoeg dat hy nie die bevoegdheid gehad het om die proklamasie toe te pas nie, tensy die meerderheid in=woners van die betrokke gebied hom daarom vra. Volgens Pretorius self het die Britse bewindhebber toe aan hom gesê: "Wel Mr. Pretorius, ... gaat na uw landgenoten en ziet aan welke zy of de meerderheid sta, en als de meerderheid zich niet onder 't Britsche gezag wilde begeven, dan zal ik u en hun ongemolesteerd laten."[22] Op 3 Februarie 1848 het Smith egter die Britse Koningin se gesag oor die gebied tussen die Vaal- en Oranje=rivier afgekondig. Dit was teen die wil en begeerte van die republikeine soos onder andere ook Jan Viljoen.

Op 7 en 8 Februarie 1848 het Pretorius 'n byeenkoms van republikeine wat hy in Winburg belê het, bygewoon, 'n byeenkoms waaroor Warden berig het dat "Mr. Pretorius

----------

22. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans=vaalse Argiefstukke R376/52 (A.W.J. Pretorius - W.S. Hogge en C.M. Owen, Magaliesberg, 5.2.1852), pp.170-176.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



and his followers are bent upon disturbing the peace of the Country ..."[23] Die eenparige gevoel van die aan=wesiges was dat hulle hul nie aan Britse gesag sou onderwerp nie.[24] Volgens Warden is Pretorius by die=selfde geleentheid deur die Boere as kommandant-generaal gekies.[25] Hierdie Boere wou die gebied noord van die Oranjerivier as 'n onafhanklike staat verklaar, en het besluit "dat ingeval het Britsch Gouvernement hun dat recht wil betwisten zy hun met verenigde kragten met de wapens daar tegen zal verzitten" - aldus die lojalis Meyer.[26]

Pretorius het altesaam vyftien byeenkomste in die gebied noord van die Vetrivier en tot in Ohrigstad gehou waarop hy die gevoelens van die Boere in verband met die voorgenome Britse anneksasie wou toets.[27] Al was die Boere se algemene gevoel by hierdie vergaderings "that they wish to retain the ground and will fight for it"[28] (en daarvan moes sir Harry Smith bewus gewees het),[29] het Smith tog voortgegaan om in 'n proklamasie

---

23. G.H. 10/2 (Warden-G.H. Meijer, 21.2.1848), p.68. Al kom Jan Viljoen se naam feitlik nêrens in die dokumente voor nie, kan sonder teenspraak aangeneem word dat hy as troue Pretorius-volgeling deelgeneem het aan die bedrywighede van die Winburgse republikeine totdat sy plaas na die slag van Boomplaas gekonfiskeer is en hy die Soewereiniteit verlaat het. Waar in die Soewereiniteit hy gewoon het kon nie vasgestel word nie.

24. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans=vaalse Argiefstukke, p.173.

25. G.H. 10/2 (Warden-Southey, 24.2.1848), p.63 e.v.

26. G.H. 10/2 (Meijer-H. Smith, 17.2.1848), p.72 e.v.

27. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe ..., pp.90-91.

28. G.H. 10/2 (Verklaring van John McCabe, 14.3.1848), p.96.

29. G.H. 10/2 (Warden-Montagu, 3.3.1848), p.83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 8 Maart 1848 'n regeringsvorm vir die Oranjerivier-Soewereiniteit af te kondig.[30] Op 29 Maart het hy in 'n manifes verklaar: "I proclaim to you, that I will carry out, or die in the attempt, the provisions of the Proclamations I have framed for your exclusive benefit and by your desire ..."[31]

Jan Viljoen en sy mede-republikeine het nie die afkondiging van daardie proklamasies begeer nie, want hulle antwoord daarop aan sir Harry Smith was twee memories,[32] een deur 189 en 'n tweede deur 369, waaronder Jan Viljoen, onderteken, waarin hulle hulle standpunt aan die Kaapse Goewerneur verduidelik het. In die enersluidende memories spreek hulle die begeerte uit "om vrij van alle magten en Overheerschingen te Sijn en ons Selve een regerings Vorm opgerigt hebbende en in vrede voort levenden met alle Schepselen die Sig rondom ons bevint..." Hulle verklaar voorts "het sal meer ten voordele der kolonisten en Selfs Voor de gouvernement Syn als uwe Ekselentie ons in vryheid en onafhankelijkheid lied bleiven dan om ons gedurig te agtervolgen ...", en vra dan aan Smith "om te gelijkerteid te onderzoeke wat de rede is dat er aan alle gekleurde volkstammen het Sij grood of klein vrijheid gegeven is en de emiegrant met een blanke vel is alle vrijheid ontseg ..." Pretorius het egter besef dat daar deur vreedsame onderhandelings met Smith niks te wen is nie, en hy het besluit om in die weg van gewapende verset op te gaan.[33] Op dieselfde

----------

30. G.M. Theal: History of South Africa VII ..., p.278.

31. G.E. Cory: The Rise of South Africa V (Struik, 1965), p.140. Die proklamasies waarna verwys word is dié van 3 Februarie en 8 Maart 1848.

32. H.C. 1/1/1. Letters received by the High Commissioner from the British Resident, 15 February 1846 - December 31, 1849: Petition addressed to Smith, 8.4.1848, p.81 et.seq.

33. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe ..., p.91.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dag wat die bogenoemde twee memories aan sir Harry Smith gestuur is, vra die held van Bloedrivier in "Eene Algemene Oproeping" aan sy mede "Afrikaansche Boeren" om almal saam te staan om die wapens teen Britse opdringing op te neem, en herinner hy hulle aan die ou Hollandse spreekwoord: "eendrag maak mag".[34]

Verset teen die Britse besetting van die Transoranje het eers momentum gekry nadat die Winburgse republikeine "die harde realiteit van 'n Britse magistraat (Biddulph) in hulle midde moes ervaar."[35] Aan die einde van April 1848 kon Warden aan Adam Kok, die Griekwahoof, skryf: "The Boers in all parts were never more quietly disposed than at present",[36] al was Pretorius en sy "agente" besig met wat Warden genoem het "base prac= tices".[37] Boonop het Pretorius op 18 April sy kommandant-generaalskap bedank[38] en hom na sy plaas in die Magaliesberg teruggetrek "met ententie om stil te wonen en alle bemoeienissen op te geven".[39] Die rede vir hierdie skynbaar onverklaarbare stap van die dinamiese Voortrekkerleier was dat die beleid van isolasie van Andries Hendrik Potgieter in die Oorvaalse gebied blykbaar meer steun as die verset-gedagte van

----------

34. D.W. Krüger en H.S. Pretorius (reds.): Voortrekker-Argiefstukke, pp.313-315.

35. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe ..., p.94.

36. G.H. 10/2 (Warden-Kok, 26.4.1848), p.116.

37. G.H. 10/2 (Warden-Smith, 6.5.1848), pp.140-143.

38. G.H. 10/2 (Warden-Smith, 2.6.1848), pp.154-156. Pretorius is op die Winburg-byeenkoms van 7 en 8 Februarie 1848 deur die 240 aanwesige republikeine as kommandant-generaal gekies, sien voetnoot 25.

39. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans= vaalse Argiefstukke, pp.173-174.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretorius gehad het, en die feit dat Willem Jacobsz, die republikeinse landdros van Winburg, in daardie distrik ondermynend teen Pretorius se invloed opgetree het.[40] Onder hierdie omstandighede was Jan Viljoen en die ander Winburgse republikeine sonder 'n leier, en dit is hoogs waarskynlik dat as 'n Britse magistraat nie werklik in hulle midde geplaas is nie, sake nie op 'n wapenstryd sou uitgeloop het nie. Op 22 Mei is Thomas Lewis Biddulph in die amp van resident-magistraat en siviele kommissaris in die ou Voortrekkerdorp beves=tig.[41]

Dit was vir Warden duidelik dat "a Magistrate at Winburg was not wanted".[42] Die republikeine daar het twee dae na Biddulph se aanstelling 'n groot vergadering gehou waarop 'n protes teen die magistraat se teenwoor=digheid opgetrek en aan hom gestuur is,[43] en besluit is om afgevaardigdes na Andries Pretorius te stuur om sy hulp teen die Britse opdringing in te roep.[44] Dié sou sy volgelinge in Winburg waaronder ook Viljoen nie in die steek laat nie. Hy het sy sieklike vrou vir die laaste keer gegroet en weer sy plek aan die hoof van 'n republikeinse kommando gaan inneem.[45]

Hierdie verwikkelinge het vir Viljoen tot versigtigheid begin stem. Hy en manne soos Adriaan Stander en

---

40. M.C.E. van Schoor: Politieke Groeperinge ..., p.61; G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz ..., pp.191-192.

41. G.H. 10/2 (Kennisgewing van Warden, 22.5.1848), p.148.

42. G.H. 10/2 (Warden-Smith, 27.5.1848), pp.150-153.

43. G.H. 10/2 (Warden-Smith, 9.6.1848), pp.161-164.

44. G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz ..., p.193.

45. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans=vaalse Argiefstukke, p.174.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Vermeulen, wat vroeër saam met hom in die tronk op Colesberg was, manne wat deur Biddulph as van die "betroubaarste ondersteuners" van die republikeinse saak in Winburg beskou is,[46] het besef dat nog 'n onsukses= volle gewapende stryd met die Britte vir hulle niks goeds sou beteken nie. Bowendien het gerugte by hulle uitgekom dat Biddulph oor hulle navraag gedoen het, en daarom het hulle met hulle gesinne, skape en beeste hul plase verlaat en noord na die Vaalrivier begin trek.[47] Daar op die noordgrens van die Soewereiniteit het Viljoen sy familie agtergelaat en teruggekeer na Winburg om sy 'volksgenote' in hulle vryheidstryd teen die Britse opdringing te gaan help. So word hy een van die draers van daardie "ideaal van onafhanklikheid en die drang na selfstandigheid".

Die gewapende stryd teen die Britse aanwesigheid in die Transoranje is vroeg in Julie 1848 van stapel gestuur met die republikeine se verdrywing van Biddulph uit Winburg. 'n Paar dae later het Warden self naby Bloemfontein naelskraap aan gevangeneming deur die Win= burgers ontkom. Op 20 Julie moes hy egter Bloemfontein aan die Winburgse kommando oorgee. Hiervandaan is die kommando, met Andries Pretorius aan die hoof, na die walle van die Oranjerivier om met sir Harry Smith te onderhandel oor hierdie rivier as grenslyn.[48]

Onderhandel wou die Kaapse Goewerneur egter nie. Hy het die republikeine se optrede as gesagsuittarting beskou, en onmiddellik 'n troepemag, aan die hoof waarvan

----------

46. G.H. 10/3 (Biddulph-Southey, 5.7.1848), pp.160-164.

47. G.H. 10/3 (Biddulph-Southey, 5.7.1848), pp.160-164.

48. G.D.J. Duvenhage: Willem Hendrik Jacobsz ..., p.196;
F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe ..., p.96;
M.C.E. van Schoor: Politieke Groeperinge, pp.74-75;
G.S. Preller: Andries Pretorius, p.355.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hyself sou staan, na Colesberg gestuur. Met sy aankoms in Colesberg het die republikeine in die rigting van Bloemfontein begin terugval, en talle Winburgers het selfs die kommando verlaat. Tog het Pretorius en sy steeds troue ondersteuners, waaronder Jan Viljoen getel het,[49] op 29 Augustus 1848 by Boomplaas die Britse troepe die stryd aangesê. Daar is die Boere verslaan, en hulle het vinnig voor sir Harry Smith die wyk geneem.[50]

Ook die derde poging tot gewapende teenstand teen Britse opdringing in die Transoranje-gebied het misluk. Vir Jan Viljoen het dit beteken dat hy daardie streek vaarwel toegeroep, en homself noord van die Vaalrivier gaan vestig het. Soos hierbo aangetoon is was hy buitendien van plan om die gebied te verlaat as die Britte nie in hulle opdringing gestuit kon word nie. Die konfiskasie van sy plaas, 'n lot wat hom saam met die ander troue Pretorius-ondersteuners soos Jan Krynauw, Louw Pretorius, Frederick Otto, Jan Jacobs, Philip van Coller en Adriaan Stander te beurt geval het,[51] het hom waarskynlik in sy voorneme versterk. Sy gesin was reeds aan die Vaalrivier toe hy hom na die nederlaag by

----------

49. Dat Viljoen aan hierdie geveg deelgeneem het, is seker. Sy eie getuienis aan John Montgomery in "Notes of a Trip from Bloemfontein (O.F.State) to Mariko (S.A. Republic) and back" in The Friend van 11.12.1868 bevestig dit. Ook dié van sy vrou in De Volksstem van 18.2. 1895. Verder ook Servaas le Roux: Baanbrekers en Jagters van Suid-Afrika, p.76; J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals of Robert Moffat I, voetnoot p.154; en S.P. Engelbrecht se artikel oor Jan Viljoen in die Almanak: N.H. Kerk, 1926, p.154. In watter hoedanigheid is egter minder seker, want die feit dat sy plaas na die slag gekonfiskeer is dui daarop dat hy een van die belangrike figure in die stryd teen die Britte gewees het.

50. W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, p.84.

51. J.F. Midgley: The Orange River Sovereignty ..., p.135; G.M. Theal: History of South Africa VII ..., p.292. J.H. Malan verklaar in Die Opkoms van 'n Republiek ..., p.486, dat Viljoen ook voëlvry verklaar en 'n bedrag van R1 000 vir sy uitlewering beloof is, maar bevestiging kan nie daarvoor gevind word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Boereplaas by hulle aangesluit, en die Vaalrivier in 'n noordwestelike rigting oorgesteek het. Hy het nou net een begeerte gehad, en dit was om weg te kom van die Engelse, ver genoeg weg sodat hulle hom in vrede kon laat. Hy het tot in Marico getrek, waar hy volgens oorlewering op 28 Oktober 1848 aangekom het. "Toen mijn man het achter= osjuk neërgooide zeide hij: "Het is nu ver genoeg, en toen gaf hij deze plaats den naam Vergenoeg",[52] die naam wat dit tot vandag toe dra.

'n Interessante naskrif tot Jan Viljoen se lotgevalle in die Oranjerivier-Soewereiniteit is 'n brief waarin sy vrou in Oktober 1854 haar lot as volg by Marthinus Wessel Pretorius bekla het:[53] "Myn Heer gy weet zelve dat ik eene Vrouw ben die alreets veel in dit land geleeden heeft, niet alleen zo lang als myne man in deze moeilyke post ben[54] maar ook alreets te vooren, Welke van de vrouwen heeft meer verdriet en bekommernis geleeden toen de mans in de tronk waren dan ik zo is myne beede en verzoek aan U Ed terwyl gy alles nu in Uwe handen heb om myner te gedinken, yk wilde gaarne niet minder weezen dan juforouw Stander. Zy heeft 50 ponden sterling gekregen ik vraagt de myne ook ..." Die jong kommandant-generaal het gunstig gereageer op hierdie versoek van die vrou van een van sy vader se trouste ondersteuners, wat, soos in die volgende hoof= stukke sal blyk, ook een van sy trouste ondersteuners sou word. Daarom het Maria Viljoen 'n paar maande later

---

52. Herinnering van M.C. Viljoen in Het Volksstem, 18.2.1895.
    Ook volgens Viljoen se eie getuienis aan John Montgomery: "Notes of a Trip from Bloemfontein (O.F. State) to Mariko (S.A. Republic) and back", in The Friend, 11.12.1868. Volg ook: A 787 (Preller) no. 213 lêer 148 (Getuienis van P.H. Viljoen), p. 295 e.v.; en Servaas le Roux: Baanbrekers en Jagters ..., p.76.

53. SS 6 R705/54: M.C. Viljoen-M.W. Pretorius, 18.10.1854, p.269.

54. Jan Viljoen se "moeilyke post" was op daardie stadium dié van veldkornet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur haar man haar hartelike dank vir die geld wat hy aan haar gestuur het aan die jonger Pretorius oorgedra.[55] Hoeveel dit was weet ons nie.

Jan Viljoen se vyfjarige verblyf in die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier het uit die aard van die saak 'n blywende uitwerking op hom gehad. Daar is wel bitter min oor hom uit hierdie tydperk bekend, maar ge= volgtrekkings kan maklik gemaak word. Viljoen het in hierdie tydperk 'n hekel in Britse bestuur en 'n gevoel van wantroue teenoor Britse amptenare opgebou. Veral die drie maande wat hy op 34-jarige leeftyd in die tronk op Colesberg deurgebring het, moes vir hom 'n skok gewees het. Ook het hy as gevolg van die kon= fiskasie van sy plaas boonop 'n finansiële verlies gely.

Jan Viljoen het uit die Britse Oranjerivier-Soewereini= teit na Marico verhuis. Hy het ver getrek, oor en verby die Moloporivier tot noord van die huidige dorpe Mafeking en Lichtenburg. Sy plaas Vergenoeg is geleë na aan en ten weste van die Klein Maricorivier wat noordwaarts in die Groot Maricorivier inloop en hul waters nog verder noord in die Limpoporivier stort. Marico was ver ten noordweste van Potchefstroom maar nader aan die huidige Rustenburg. Ten ooste daarvan lê die heuwels van Swartruggens.

Marico sou teen 1849 die Blanke bewoningsentrum wees wat die verste na die noordweste uitgestrek het. Dit was 'n oop wêreld met enkele Swart stamme na die weste

----------

55. SS 7 R852/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 27.6.1855, p.671. Hoeveel geld Pretorius aan mev. Viljoen gestuur het, kon nie vasgestel word nie. Die geld was waarskynlik deel van die R10 000 kompensasiegeld wat deur sir George Clerk tydens die Britse ontruiming van die Oranjerivier-Soewereiniteit beskikbaar gestel is vir verliese van Boomplaas. R2 774 daarvan is in September 1854 deur die Vrystaatse Volksraad aan M.W. Pre= torius aangebied. Volg hieroor F.A. van Jaars= veld: Die Eenheidstrewe ..., pp.149-150.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en noordwaarts van Vergenoeg. Hulle was onder andere Moilo se Bahoeroetsie en noordwes daarvan die Bakwena van Sechele by Kolobeng waar Livingstone 'n sending=stasie gehad het. In die nabyheid van Marico het Moselekatse tot 1837 sy hoofkwartier by Mosega noord van Vergenoeg gehad. Suid van Vergenoeg was die "Zendeling=post" geleë, die verlate woonplek van die sendelinge wat in die dertigerjare onder die Matabele gearbei het. In 1849 het die Volksraad aan Viljoen opdrag gegee om te sorg dat die geboue daar nie verniel word nie, want "die plaats zal moete blyfe tot publieke eindens (eien=dom)."[56]

Neem ons die Oorvaalse Voortrekkerrepubliek teen 1849 in oënskou was die Blanke bewoningsentra oor 'n gewel=dige gebied uitgestrek. Vanuit die eerste "kolonie" Potchefstroom (trouens ook die eerste distrik) het die Blanke uitbreiding weswaarts langs die Vaalrivier in die rigting van Schoonspruit en Makwassiespruit geskied. Teen 1850 het Blankes al ver onder aan die Vaalrivier gewoon.[57] Marico was inbegrepe by die 1840-grens=bepaling van die Voortrekkers waarin die wesgrens omskryf is as "strekkende vanaf Buffelskop noordwes tot aan die Dorsland, en van daar na die Maloporivier 'en van daar tot aan de onder syde van de Zoutpant aan Vaalrivier ... en verder soo ver als de kapetyns dit aan den Commandant ... A.H. Potgieter afgegeven heef voor het allegemeen'."[58] Dit was 'n vae westelike grenslyn, maar wat vasstaan is dat Potgieter ná die nederlaag van Moselekatse by Mosega en Kapaïn in 1837 die Oorvaalse land tot Voortrekker=

----------

56. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I (Notule, Volksraadsitting, Derde=poort, 23.5.1849, art. 6), p.100. Na hierdie publikasiereeks sal voortaan in voetnote verwys word as Notule I (ens.)

57. F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.171.

58. F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.170.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied verklaar het tot sover die "lem" van Moselekatse regeer het. Die westelike dele het oopgelê, want die Tswanastamme het uit vrees vir die Matebele die "kant van Dorsland" of die oostelike rant van die Kalahariwoestyn ingetrek. Dit sou tien jaar neem voordat dié leë ruimte deur Blankes beset is. Viljoen en die Soewereiniteitsverlaters het dus na geproklameer=de Voortrekkergebied getrek.

Afgesien van Marico was die Trekkers teen 1849 wyd versprei in Wes-Transvaal. In ander dele van Trans=vaal was daar groot groepe aanwesig in Ohrigstad-Lydenburg in die ooste, Zoutpansberg in die noorde en Rustenburg-Magaliesberg in Sentraal-Transvaal. Aangesien Rustenburg nog geen distrik was nie, het daar=die omgewing saam met Marico geressorteer onder Potchefstroom as landdros- en kommandantsdistrik. In die beginjare was dit die naaste kerkplaas en mark. In 1851 het Rustenburg 'n aparte landdrosdistrik geword. Toe Marico onder hierdie nader geleë dorp geplaas is, het die inwoners egter, soos ons nog sal sien, besware aangeteken.

Wat die nuwe bewoningsentrum Marico betref: dit was 'n aantreklike, oop wêreld veral vir beesboere, met uitgestrekte grasvlaktes afgewissel deur kliprantjies, bosryke klowe, helder fonteine en vrugbare valleie.[59] Volgens ds. F. Lion Cachet wat teen 1881 daaroor ge=rapporteer het, was Marico 'n aantreklike wêreld - die "tuin" van Transvaal waarin allerlei graansoorte verbou kon word, en vrugte weelderig groei: lemoene, piesangs en druiwe en tropiese produkte soos koffie en suiker kon glo daar geplant word,[60] miskien 'n ietwat idealistiese en oordrewe voorstelling van sake. Die

---

59. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, p.17.

60. F. Lion Cachet: De Worstelstrijd der Transvalers Aan Het Volk van Nederland Verhaald, p.384.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



landstreek noord van Marico was boswêreld, maar ook weswaarts lê uitgestrekte grasvlaktes wat vry was van die gevreesde tsetsevlieg, hoewel taamlik droog met slegs enkele dolomietfonteine, bekend as "oë", wat deurslag= gewend was vir die voortbestaan van mens en dier.

Die naam Marico het 'n interessante oorsprong. Dit was oorspronklik "Madigo", 'n Tswanawoord wat beteken "daar is bloed". Die twee noordwaartsvloeiende riviere, die Klein- en Groot Marico, is na dié naam vernoem. Baie eeue voor die koms van die Blankes is die gebied deur Tswanastamme bewoon soos onder andere die Barolong, die Bakgatla en die Bahoeroetsie. Hulle het volgens oorlewering telkens onder mekaar geveg. Die grootste bloedbad het egter gevolg op die indringing van die Matebele van Moselekatse wat hoofkwartiere by Mosega en Kapaïn gebou, en wat die Tswanastamme op groot skaal geterroriseer en uitgemoor het. Baie bloed het in daardie gevegte gevloei. Volgens oorlewering het dit die waters van die Klein- en Groot Maricorivier rooi gekleur, en vandaar die naam "Madigo" - daar is bloed. Die intrekkende Boere het orals tekens van 'n vroeëre digte bevolking in die vorm van ou murasies aangetref[61] - vandaar die naam van 'n Boereplaas ten noordweste van Viljoen se "Vergenoeg", naamlik "Kafferskraal". As gevolg van die Difaqane en Moselekatse se optrede was die Maricogebied feitlik ontvolk. Verder wes was Moilo van die Bahoeroetsie se kraal, en noordwes daar= van die Bakwena van Sechele.

Viljoen was wel 'n vroeë intrekker in die wêreld van Marico, maar voor hom het Daniël van Vuuren hom reeds gevestig op die plaas Wilgeboomspruit. Saam met Viljoen is twee ander Trekkers die Maricovallei binne, naamlik

----------

61. F.J. Potgieter: Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, pp.15-16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ockert Oosthuizen en Hans Terblanche, wat hulle plase respektiewelik Klaarstroom en Uitvlucht genoem het,[62] beide aangrensende aan Vergenoeg. Twee plase wat ten suide van Uitvlucht en ten noorde van Vergenoeg geleë was, was Weltevreden en De Rust. Dit is interessant dat die plaasname Vergenoeg (weg van die Engelse), Uitvlucht (uit die Soewereiniteit), De Rust (waar tot rus gekom is) en Weltevreden (na die uit=tog) verband hou met die historiese trek uit die Britse gebied na die vrye oorde in die Transvaalse noorde. Die ander plase in die omgewing van Vergenoeg soos Kalkfontein, Wolwekoppies, Kareespruit en Doorn=hoek het hulle name van plaaslike kenmerke gekry.

Marico is nie aangelê as gevolg van 'n bewuste wes=waartse uitbreiding deur die Transvaalse Voortrekkers vanuit die toe reeds bewoonde Rustenburggebied nie;[63] van die eerste inwoners het direk na die Slag van Boomplaas hulle uit die Soewereiniteit noordwaarts daarheen begewe. In November 1848 lees ons dat P.M. Bester aan Richard Southey, wat sake in die Soewreini=teit ná Boomplaas weer in orde moes bring, geskryf het dat al die verslane Boere van die Soewereiniteit na Marico sal trek wat reeds wit was van die watente.[64] Die Vaalrivier het dus die funksie van 'n veiligheids=klep vervul soos deur Engelse tydgenote beweer is.[65] Dit word bevestig deur die verslane genl. A.W.J. Pretorius wat in 1849 opgemerk het: "Den menschen trekken

---

62. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, pp.18-19; M.C. Viljoen in De Volksstem, 18.2.1895.

63. Soos A.N. Pelzer beweer in sy Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I. Wordings=jare, p.138.

64. Brief van Bester aan Southey, 17.11.1848 soos aangehaal in J.F. Midgley: The Orange River Sovereignty, p.153.

65. R.G. Cumming: Five Years of a Hunter's Life in the Far Interior of South Africa, pp.218-219: "(Since Boomplaas) the Boers had been flocking in about Mosega in great numbers ..."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alle door den Vaal (?) revier maar mees na Marieko."[66]

Hoeveel Soewereiniteitsboere hulle daar gevestig het is vir ons onbekend. Dit is egter 'n feit dat die Maricogebied vinnig deur die Trekkers bevolk is, want aan die einde van 1849 het ds. Andrew Murray jr. wat die Oorvaalse gebied vanuit die Soewereiniteit besoek het, in Swartruggens ten ooste van Vergenoeg kerk gehou "ten behoeve van het groote getal inwoners van de landstreek de Morikwa, eene rivier welke oevers zeer digt bevolkt zijn."[67] Dit het dus byna tien jaar geduur voordat die gebied wat in Oktober 1840 deur die Voortrekkers opgeëis is met die reeds aange=haalde proklamering van die westelike grens van die Oorvaalse Republiek, deur hulle betrek kon word,[68] danksy die Slag van Boomplaas.

Dit is nie bekend waarom die uitgeweke Soewereiniteits=Afrikaners juis die Maricogebied as hulle nuwe tuiste verkies het nie. Miskien was hulle as gevolg van Transvaalse kontakte bewus daarvan dat dié land=streek oop gelê het; moontlik kon hulle dit van jagters verneem het of deur eie jagervaring daarvan bewus gewees het. Nietemin Marico was 'n nuwe bevolkingsentrum in die Oorvaalse Republiek en Jan Viljoen sou daar aansien en bekendheid verwerf.

Op die kaart wat Jeppe in 1899 van die Suid-Afrikaanse Republiek geteken het, word die plase met hulle name en nommers in die Maricogebied aangedui. Daar word twee plase met die naam "Vergenoeg" vermeld, naamlik nr. 3 en suid daarvan nr. 46. Volgens die nommer is laas=genoemde later geregistreer. Ons kan aanneem dat

----------

66. H.S. Pretorius, D.W. Krüger en C. Beyers (reds.): Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849, p.257.

67. Aangehaal in C. Spoelstra: Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren, p.87.

68. H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Viljoen se plaas, Vergenoeg nr. 3, een van die eerstes in die Maricogebied was. Die oorspronklike plase moes meer as 3 000 morg groot gewees het. Dit is later afgedeel en van daar dat daar twee "Vergenoegs" ontstaan het. Volgens die reisiger Andrew A. Anderson was daar kort na die Slag van Boomplaas slegs vyf Boere in Marico wat al die grond besit het en in plase tussen hulle verdeel het, "and some of these farms contained 60 000 acres or 30 000 morgen."[69] Vir die waarheid hiervan kan nie ingestaan word nie. Mens kan egter aanneem dat die eerste plaasbesitters groot gronde tot hulle beskikking gehad het. Hoe groot Vergenoeg was, weet ons nie. Viljoen het later daarvan as 'n "lapje" grond gepraat.

Dit is die omstandighede waaronder Jan Viljoen hom in 1848 op Vergenoeg in die Oorvaalse Republiek ge= vestig het, en waar hy sy woonhuis, buitegeboue, kraal en koringmeule opgebou het.

-----------

69. A.A. Anderson: Twenty-five Years in a Waggon. Sport and Travel in South Africa (New Edition, 1888), p.277.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## Bekende maar eiesinnige veldkornet van wyk Marico

Die nuwe intrekkers in Marico se wêreld het die regering van die Trekkerrepubliek ten noorde van die Vaalrivier genoop om die distrik Potchefstroom noord= weswaarts uit te brei sodat dit die nuwe "wyk" Marico kon insluit. Wyk Marico het dus onder die landdros- en kommandantsdistrik Potchefstroom geressorteer. Dit spreek vanself dat die land uitgestrek en die af= stande tussen die bewoningsentra groot was, veral as ons daaraan dink dat die kommunikasiemiddele uit die ryperd, die kar en die ossewa bestaan het. Die onderdele kon nie sonder samehang bestaan nie. Saam= bestaan en organisasie was nodig om die verband tussen die mense in die verafgeleë distrikte te behou. Daar sou anders van geen staat sprake wees nie, maar van onafhanklike nedersettings.

Hoe is die verband tussen die verspreide mense behou? Ons het in die pioniersjare te doen gehad met 'n agrariese patriargale Booresamelewing, met mense wat wel 'n staatsverband begeer het, al sou dié dan ook van oop en losse aard wees - anders sou die Groot Trek en oú verenigde "Maatschappy" 'n bespotting wees. Die Oorvaalse Trekkersrepubliek was, soos gemeld, uitge= strek. Dit het aanvanklik uit lossamehangende neder= settingsgebiede bestaan soos teen 1849 Potchefstroom, Marico (Wes-Transvaal), Rustenburg (Sentraal-Transvaal), Zoutpansberg (Noord-Transvaal), Ohrigstad-Lydenburg (Oos-Transvaal), Zuikerboschrand en Magaliesberg (Suid-Transvaal). Die nedersettings het onder plaaslike leiers (patriarge) gestaan wat die verantwoordelikheid en die veiligheid teen Swart bedreigings op hulle ge= neem het en wat moes sorg dat die mense nie te ver uitmekaar woon nie. Die Oorvaalse landstreek was die opgaardam waarin van tyd tot tyd groepe Voortrekkers ingespoel het. Teen 1849 het die kern van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Potgieteraanhangers in Zoutpansberg gewoon, die kern van die Natalse uitgeweke Voortrekkers ná die Britse anneksasie in 1842 in Ohrigstad-Lydenburg, en die kern van die Pretoriusvolgelinge van ná Boomplaas in Wes-, Sentraal- en Suid-Transvaal. Die nedersettings het politieke verskille meegebring wat deur hulle leiers geformuleer is. Dit was moeilik om dié "politieke" streke onmiddellik onder 'n sentrale gesag te verenig, want die plaaslike belange en lewensidees was te uiteenlopend.

Tog was daar 'n gemeenskaplike faktor wat die verspreide groepe mense, hoe die leiers ookal van mekaar op politieke terrein verskil het, aaneengebind het, en dit was hulle militêre organisasie wat direk gekoppel was aan die landsadministrasie. Trouens die basis in die hele Groot Trek het op die kommandostelsel, 'n agraries-patriargale militêre stelsel berus - ter wille van die veiligheid - en dié sou die staat in moeilike pioniersjare aaneenbind. Die kommandostelsel was nie net 'n militêre organisme nie, maar ook 'n siviele of burgerlikadministratiewe stelsel waarvolgens die offisiere funksies verrig het wat normaalweg deur 'n groot aantal staatsamptenare uitgevoer sou moes gewees het. Daar was gebrek aan bevoegde amptenare en geld om hulle te betaal en om dus 'n vlotte lands= administrasie aan die gang te hou. Die offisiere van die kommandostelsel sou in hierdie behoefte moes voorsien en take wat nodig was om kohesie in die liggaam van verspreide Boere te bring, teen feitlik geen vergoeding uitvoer.

Dit is bekend dat aan die hoof van die kommandostelsel die hoofkommandant (Potgieter die eerste in Transvaal) of kommandant-generaal was. Hy het die hele land gedien en militêr gelei. Die land is reg vanaf die begin verdeel in distrikte waaroor kommandante aange= stel is en 'n burgerlike amptenaar, die landdros, wat sowel geregtelike as administratiewe (soms militêre)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



funksies moes vervul. Die distrikte is in wyke of "veldkornetskappe" verdeel waarin veldkornette as militêre offisiere gedien het en wat onder die komman= dante van die betrokke distrikte geressorteer het. Hulle moes lyste van "hulle" dienspligtige burgers tussen 16 en 60 jaar oud hou en deur middel van kommandeerbriefies wanneer nood dit vereis het die dienspligtiges tot militêre diens oproep. Die veld= kornette het nie net 'n rol as militêre offisier gespeel nie, maar ook as burgerlike amptenaar en geregsdienaar wat die funksie van polisieman én vrederegter inge= sluit het. Hulle was van die nuttigste amptenare in die Voortrekkerrepubliek, die manne wat in die pioniers= tydperk die staat aanmekaar gehou en die bevolking onderling, maar ook met die owerheid verbind het.[1]

Die offisiere in die kommandostelsel is nie van ower= heidsweë genomineer nie, maar deur die burgers in 'n wyk of distrik self gekies, wat beteken het dat die stelsel van plaaslike bestuur uiters demokraties was. 'n Veldkornet is slegs verkies as sy burgers vertroue in hom getoon het, met ander woorde hy moes 'n leidende figuur wees wat respek by sy medeburgers kon afdwing. Die feit dat Jan Viljoen gou na sy vestiging in die nuwe Oorvaalse nedersettingsgebied, Marico, die amp van veldkornet beklee het, toon dat hy 'n leiersfiguur was. Sy rol in die Soewereiniteit en sy verset teen die Engelse, sy gevangesetting in die tronk op Colesberg, sy deursettingsvermoë en vaste oortuiging om nie onder Britse bewind te lewe nie, en sy persoonlikheid as "kwaai" man wat 'n sterk standpunt kon inneem, soos nog sal blyk, het sy mede-burgers in Marico tot die oortuiging gebring dat hy 'n leier is. Op hom sou hulle kon staatmaak. Hy sou hulle

----------

1. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870. (Voortaan aangehaal as Die Veldkornet).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaaslike belange - militêr en administratief - kon behartig. Daarby het Viljoen, soos gesien, oor die vermoë beskik om te skrywe. Hy kon briewe aan die owerheid rig en die belange van sy mede-burgers op papier formuleer, wat nie van al die Boere in die Oorvaalse land gesê kon word nie.[2] Sy handskrif was leesbaar. Sy briewe skitter soos diamante in die vroeë Transvaalse geskiedenis, onderteken "J.W. Viljoen".

Wanneer presies Jan Viljoen tot veldkornet van Marico verkies is, kon nie vasgestel word nie. Volgens sy vrou het Potgieter hom in 1849 tot dié amp benoem. Minder as 'n jaar ná sy vestiging in Marico word daar in Mei 1849 op die Volksbyeenkoms van Derdepoort gepraat van "den Veldcornet J. Viljoen" van die wyk "Klyn Marico".[3] In 1850 word vermeld dat Jan Viljoen as veldkornet van Marico herkies is.[4] Bo hom is by dieselfde geleentheid as kommandant gekies Adriaan Stander, wat saam met Viljoen deur die Britte in die tronk op Colesberg aangehou is, 'n man wie se naam later in die naam Standerton verewig is. Daar is reeds gesê dat offisiere deur middel van stemlyste deur die burgers van 'n wyk tot hulle ampte gekies is.[5] Die feit dat Jan Viljoen in hierdie amp deur sy medeburgers aangewys is, spreek van die gewildheid wat hy in die wêreld van Marico geniet het. As veldkornet het hy diens moes lewer onder die distrik Potchefstroom.

----------

2. A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.30;
   G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.76.

3. M.C. Viljoen in De Volksstem, 18.2.1895; J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule I, p.100.

4. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R207/50: Onondertekende brief aan H.S. Lombardt, 15.4.1850, p.23.

5. Volg die veldkornetsinstruksies van 1858, art. 1, in J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.587.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen het as veldkornet uitgebreide en omvangryke take gehad wat veelsydige optrede vereis het. Sy hooftaak, soos dié van die ander veldkornette, was volgens die instruksies van 1858 om "naauwkeurig te letten op de rust en goede orde in de respective afdeelingen", en om nie te "gedogen dat dezelve door iemand der inwoners gestoord worde."[6] Dit het nie net beteken dat hy die rol van polisieman in sy wyk moes vul nie - want in daardie dae was daar nog nie so iets soos 'n polisiemag in die Oorvaalse Republiek nie en die veldkornet moes in die leemte voorsien - maar dit het ook veral voor die jaar 1857 toe die Uitvoerende Raad in die lewe geroep is beteken dat die veldkornet die landdroste en kommandante bygestaan het as uitvoerende amptenare.[7]

In 'n tweede taak deur die veldkornetsinstruksies van 1858 ampshalwe aan Jan Viljoen opgedra, kom hierdie uitvoerende plig ook duidelik na vore. Artikel 4 het naamlik daarvoor voorsiening gemaak dat "allen wetten, placaten, ordonnantien en andere voorschriften, door, of van wege de hooge autoriteiten uitgevaardigd, worden door de Veldcornetten aan de inwoners bekend gemaakt, door byeenroeping der inwoners in hunne respective wyken." Terselfdertyd is daar ook aan die veldkornette opgedra om te waak "dat dezelve stipt worden opgevolgd; door voorbeeld en vermaning, tracht de Veldcornet de nakoming te bevorderen, en van de overtreding geeft hy onverwyld kennis aan den Staats Procureur, en in de distrikten in welke in de betrekking nog geene voorziening is gemaakt, aan den landdrost."[8]

----------

6. J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.587.

7. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.207.

8. J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.587.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Viljoen moes dus in die verafgeleë wyk Marico die Volksraadsbesluite aan sy mede-burgers bekend maak, hy moes toesien dat dit uitgevoer word, en in hierdie verband moes hy persoonlik die voorbeeld stel. Soos 'n vader oor sy kinders moes hy oor die inwoners van sy wyk die wet en orde handhaaf. Dit het hy vir meer as 10 jaar lank eers as veldkornet en daarna as kommandant gedoen. Dat alles nie altyd voor die wind gegaan het nie, was te verwagte, want die vroeë Transvalers was indiwidualiste en in sommige gevalle oordrewe indiwidualiste wat nie sommer die gesag van ander oor hulle wou aanvaar nie.[9] By hulle was die gevoel: "Ek is baas op my eie plaas, en niemand het iets te sê oor wat ek hier doen nie." In sy kontak met sulke indiwidue sou Viljoen, soos uit die volgende bladsye sal blyk, soms lelik moes rondtrap om die rus, vrede en orde onder sy mense te bewaar. Maar hy was self 'n uitgesproke indiwidualis.

Wat betref sy taak om die wette en voorskrifte van die Volksraad aan die inwoners van sy wyk bekend te maak, het Jan Viljoen gedien as skakel tussen sy mense en die regering. So het hy op oproep van M.W. Pre= torius in Desember 1855 die ontwerp-grondwet aan sy wykslede voorgelê en die bepalings vir hulle uitgelê. Daarna het hy aan Pretorius geskryf: "Wat myne onder= hoorige aanbetreft met de nuwe wetontwerp zyn volkomen te vreeden als een paar Artikelen" welke hy nog aan Pretorius sou meedeel.[10] In Oktober 1858 staan daar in die notule van 'n krygsraadsvergadering in Marico waarvan Viljoen as veldkornet die voorsitter was, dat "de Volksraadsbesluit van 14 tot 23 September 1858 voorgelezen" is.[11] Viljoen het die Volksraadsnotules

---------

9. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.71.

10. SS11 R957/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 4.1.1856, p.1.

11. SS 22 R2389/58: Notule Krygsraad, Marico, 25.10.1858, art. 1, p.35.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik afgelees uit die Staatskoerante waarin dit meestal gepubliseer is.[12] [illegible] Viljoen die bogenoemde Volksraadsbesluite weer "aan myn publiek bekend gemaakt". Oor die algemeen was daar nie besware nie, behalwe teen die besluit van die Volksraad "dat eene plaats in eigendom aan elken burger, zonder onderscheid, zal gegeven worden, voor welke eigendomsplaatsen de bezitters eene jaarlyksche somma van een pond sterling, ter bescherming van de= zelve en tot instandhouding van Kerk en Staat, zal moeten betaald worden." Met Jan Viljoen as hulle segsman het die Maricoaners eenparig gevoel dat daardie artikel gewysig moet word. Hulle wat heeltemal ge= willig om 'n jaarlikse belasting vir die instandhouding van die kerk en die staat te betaal, maar het gevoel om eerder persoonlike as eiendomsbelasting te betaal en dat eiendomsplase onbelas moes bly.[13] Oor hulle eiendom wou hulle self baas wees. Viljoen was nie altyd heeltemal nougeset in die uitvoering van hierdie plig nie, want in Januarie 1851 is hy deur twee van sy wykslede, A.A. Bender en J.N. Terblanche by die Volksraad aangekla "dat hy geene bekendmakinge van de Raad of eenig document bekend maakt." Die Volksraad het die saak na die landdros van Potchefstroom vir ondersoek verwys,[14] maar ongelukkig soos in so baie gevalle is die dokumente so onvolledig dat geen verdere lig op hierdie saak gewerp kan word nie. Dit is moontlik dat Viljoen op 'n jagtog was, want hy was by uitstek 'n jagter.

----------

12. ZAR Staatskoerant, 8.10.1858.

13. SS 22 R2426/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.11.1858. Die Volksraadsbesluit, art. 28, is aangehaal uit J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.199.

14. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Klandsrivier, 15.1.1851, art. 20), p.7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos wat die betekenis van die ampstitel "veldkornet" aandui,[15] het Viljoen in sy dienstydperk in hierdie pos verskeie militêre verpligtinge gehad. Met die oog op doeltreffende uitvoering van hierdie pligte het daar van tyd tot tyd soos wat die burgers steeds verder verskuif het, wyksafbakening plaasgevind. In Junie 1857 is daar in Marico onder voorsitterskap van kmdt.-genl. T.F. Dreyer, 'n man met wie Viljoen soos aanstons sal blyk nie kon klaarkom nie, tot so 'n afbakening oorgegaan. Viljoen se wyk sou van toe af bekend staan as Klein Marico, met grense so vaagweg aangedui dat slegs daardie wesgrenspioniere wat hulle wêreld geken het, sou weet in wie se wyk hulle hul bevind. Volgens die notule van die byeenkoms waarop die afbakening gedoen is, was die grense naamlik "genomen van marico tusschen de plaatsen van den būrgers T. van Stade en de būrger N. Smith den ront bergen tot na Kleyn maricoos poort ... en vervolgens aan het oosten tot de plaats van den būrger J.L. Erasmus op de hoge velt en de rant van swartrūggens tot santrivier en het afloop toe laan (?) en vervolgens aan de zūyt zyde van genoemde ront bergen tot malopo allen plaatsen behoren aan de afdeling van den velt=cornet Veljoen."[16] Binne die wyk is die veldkornet gewoonlik bygestaan deur 'n assistent-veldkornet. Tydens Viljoen se ampstermyn in Marico is dié pos aanvanklik gevul deur J.J. Buis,[17] en later tot met

----------

15. Oor die betekenis van die woord veldkornet volg F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, pp.193-195.

16. SS 16 R1602/57: Byeenkoms, Marico, 19.6.1857, art. 1, pp.167-168.

17. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R207/50, Ononder=tekende brief aan H.S. Lombardt, 15.4.1850, p.23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen se bedanking as veldkornet deur D.L. (Daantjie) Botha.[18]

In hoofstukke 7 en 8 wat handel oor Viljoen se kontak met die Tswana-stamme in die onmiddellike omgewing van Marico sal dit duidelik word dat Viljoen 'n beleid van vreedsame naasbestaan met die Swartes probeer uitvoer het. Daarom het hy as krygsoffisier ook nooit aan 'n veldtog teen vyandige stamme deelgeneem nie. Toestande op die wesgrens het egter soms aan 'n staat van openlike vyandigheid gegrens, en hierdie omstan= dighede het veroorsaak dat Viljoen ook nooit op 'n veldtog teen vyande van die Suid-Afrikaanse Republiek in ander dele van die land kon gaan nie. Dit wil nie sê dat Viljoen nie bereid was om op sulke veld= togte te dien nie - inteendeel, in 1854 was hy met 40 man op pad om sy kommandant-generaal, F.G.J. Kruger, teen die strydlustige Makapan te gaan bystaan, toe hy weens die gespanne toestande in Marico moes omdraai huis toe.[19] Tydens die Basoeto-oorlog in die Oranje-Vrystaat in 1858 is Viljoen deur die staatsek= retaris, Moll, gelas om "uwe onderhorigen aan te zeggen zich in gereedheid te houden om by de eerste oproeping gereed te zyn. En als zy iets te ploegen hebben, het dadelyk te verrichten." Die rede was natuurlik dat "de ingezetenen van den Vrystaat in eenen gevaar= vollen toestand door de Kaffers gebragt zyn ... en een brief van den Heer Boshoff, door onzen President ontvangen, smekende om hulp."[20] By hierdie geleentheid

----------

18. Sy naamtekening verskyn onder aan talle briewe en memories, onder andere SS 15 R1430/57: J.W. Viljoen, D.L. Botha en 37 ander - M.W. Pretorius, Marico, 30.3.1857, p.224 en in krygs= raadsnotules soos in SS 22 R2389/58: Notule Krygsraadsvergadering, Vergenoeg, Marico, 25.10.1858, p.35 e.v.

19. SS 7 R729/54: J.W. Viljoen-F.G.J. Kruger, Klein Marico, 26.11.1854, p.340.

20. SS 22 R2523a/58 brief 68: C. Moll-J.W. Viljoen en J.H. Potgieter, 16.4.1858, p.385.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was optrede van die Transvalers se kant om hulle susterrepubliek te help egter nie verpligtend nie. Vrywilligers is gevra wat hier nie ter sake is nie.

Die veldkornet se taak as krygsoffisier het veel meer behels as net bloot om as aanvoerder op kommando's op te tree. Hy het ook die verantwoordelikheid gehad om lood en kruit aan die burgers in sy wyk te verkoop, sodat sy huis die "kruitmagasyn van sy omgewing" genoem kan word.[21] Jan Viljoen het dit gewoonlik vir sy burgers in groot hoeveelhede verkry vanaf die Magasynmeester van Potchefstroom. In Maart 1859 ontvang hy byvoorbeeld 300 pond kruit en 600 pond lood met opdrag om "bij de uitverkoop aan de Burgers de namen van hen en de quantiteiten opteekenen."[22] Ongelukkig kon sodanige optekening nie teruggevind word nie, want dit sou lig werp op die aktiwiteite van die burgers in Marico. Ammunisie in daardie dae is naamlik, soos duidelik uit hoofstuk 10 sal blyk, meer vir jag as vir verdedigingsdoeleindes gebruik.

'n Verdere plig van die veldkornet in sy hoedanigheid as krygsoffisier was om daardie burgers wat nie aan oproepe om krygsdiens voldoen het nie, met 'n boete van tussen 5 en 40 Rds. te straf.[23] Al was volgens Viljoen die betaling van sulke boetes die enigste positiewe bydrae wat sulke burgers aan die staat kon lewer,[24] het hy nie sommer blindelings boetes opgelê nie. So byvoorbeeld is hy op 'n krygsraadsvergadering in Marico in Junie 1857 verplig om van sy burgers tot

---

21. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.229.

22. SS 25 R2678/59: A.F. Schubart, Magasynmeester - Rekening aan J.W. Viljoen, Potchefstroom, 25.3.1859, p.91.

23. Artikel 55 van die veldkornetsinstruksies van 1858 in J.H. Breytenbach (red.): Notule III, pp.593-594.

24. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.242.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die betaling van sodanige boetegeld aan te skryf,[25] maar 'n maand later skryf hy aan kmdt.-genl. T.F. Dreyer "wat de boete aangaat is ik niets van mening om de menschen meer boete te laten betalen, om rede dat onse zaken slegts geeyndig heeft."[26] Welke sake so ongunstig afgeloop het, word ongelukkig nêrens vermeld nie.

As veldkornet sou Viljoen nie slegs die reg van boete-oplegging in militêre sake hê nie, maar ook in siviele sake. Die veldkornet het naamlik ook 'n rol in die regsbediening gespeel en wel as 'n soort vrede=regter wat burgerlike sake kon bylê. Hy moes oor die algemeen probeer om "alle private geschillen" tussen die inwoners van sy wyk by te lê en kon vir die doel die twee of meer strydende partye voor hom bymekaar kry.[27] By wederregtelike indiensneming van Swartes, by verkoping van "sterken drank" aan hulle en by skuldigbevinding aan handel in diensvolk, of slawe=handel, kon die veldkornet boetes oplê.[28] So ook by skuldigbevinding aan handel in vuurwapens, ammunisie of krygsbehoeftes met Swartes - 'n ernstige oortreding waarvoor die straf by skuldigbevinding sou wees "eene geldboete van £500, of verbeurdverklaring van goederen, of gevangenisschap, naar den aard der zaak."[29] In Oktober 1858 het die plaaslike krygsraad in die wyk

----------

25. SS 16 R1602/57: Notule Krygsraadsvergadering, Marico, 19.6.1857, art. 10, p.168.

26. SS 16 R1662/57: J.W. Viljoen-T.F. Dreyer, Marico, 28.7.1857, pp.286-287.

27. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (veldkornets=instruksies van 1858 art. 26), p.590.

28. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (veldkornets=instruksies van 1858 artikels 40, 41 en 54 respektiewelik), pp.592-593.

29. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (veldkornets=instruksies van 1858 art. 51), p.593. Op hierdie saak en bewerings dat Viljoen self hom aan wapen=smokkelary skuldig gemaak het, word in 'n verdere hoofstuk teruggekom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Marico onder voorsitterskap van Viljoen en in teen=woordigheid van 'n klompie burgers op die plaas Vergenoeg vergader om 'n aanklag in verband met wapenhandel te ondersoek. Die aanklaer was Viljoen se ou jagmaat, Petrus Jacobs, wat gebelgd gevoel het omdat 'n sekere Abraham Pelzer in die openbaar beweer het dat hy, Jacobs, sy "schietgeweer aan de Kaffers verruild heb voor acht jonge ossen." Jacobs het natuurlik onskuldig gepleit. Getuienis van ass. veldkt. Daantjie Botha, wat voor Jacobs jagveld toe is, sy wa ondersoek het asook na sy terugkoms, en alles in orde gevind het, het sterk in die groot jagter se guns getel. Viljoen self het gevoel dat sy ou jagmaat darem nie sy skietgeweer vir agt jong osse sou verruil het nie.[30]

Pelzer het ook verklaar dat hy in die jagveld op 'n klompie Bantoes afgekom het wat beweer het dat 'n sekere Hermanus Engelbrecht volstruisvere by hulle geruil het vir 'n sakkie kruit. Gemoedere tydens die ondersoek het hoog geloop, sodat besluit is "dat geen een van de partyen onder boete van Rdr. 5, zal gepermiteerd zyn oploopend te woeden of voor zyn tyd, of zonder verlof te spreken." Eindelik is die saak in der minne geskik en moes Pelzer en sy vernaamste getuie, Frederik van Tonder, 'n verklaring onderteken dat hulle bewerings teen Jacobs en Engelbrecht "niets dan pratjes van een kaffer zyn, en door ons niet kan bewezen worden, en dat gemelde Heeren niets doen ons kan bewezen worden dat zy zich ooit aan zulke misdaden zouden schuldig gemaakt hebben."[31]

----------

30. SS 22 R2389/58: Notule Krygsraadsvergadering, Vergenoeg, Marico, 25.10.1858, pp.35-39.

31. SS 22 R2388/58: Verklaring van A. Pelzer en F. van Tonder, Vergenoeg, Marico, 25.10.1858, p.34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen moes tydens sy ampstermyn as veldkornet ook as weesheer in sy wyk optree, aangesien die naaste weesmeester op Potchefstroom gevestig was. In dié opsig moes hy dadelik na 'n sterfgeval in sy wyk gaan ondersoek instel of die oorledene 'n testament gehad het.[32] Indien daar wel 'n testament was het hy dit na Potchefstroom gestuur, en dan later aan die erfgename berig of dit goed- of afgekeur is.[33] In sommige gevalle moes hy self 'n lys opstel van die goedere van die oorledene met die doel om dit aan die weesmeester te stuur, soos in Junie 1859 in die geval van die boedel van C.C. Bond. By hierdie geleentheid het hy vir sy moeite aan homself £2 toegesê uit die kontant-nalatenskap van die oorledene.[34] Soms was daar egter nie genoeg in die afgestorwe vaders se boedels vir hulle weduwees en kinders om van te lewe nie, en moes die veldkornet van die regering hulp vra, soos in die geval van die weduwees Snyman en De Meyer in die winter van 1855.[35]

'n Belangrike taak wat Jan Viljoen as veldkornet moes uitvoer, was die "inspeksie" van plase waarvan geeneen groter as 3 000 morg mog wees nie.[36] As eerste veldkornet van die Marico-gebied moes Viljoen deur sy "inspeksie" ook die vassteller gewees het van die oorspronklike grense van feitlik al die ou plase in sy gebied. Soos wat die mense uit die Oranjerivier-Soewereiniteit vanaf 1848 die Maricogebied betrek het,

---

32. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Veldkornets=instruksies van 1858, art. 59), p.594.

33. SS 25 R2663/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.3.1859.

34. SS 26 R2875/59: Verklaring van J.W. Viljoen, 2.6.1859, pp.172-173.

35. SS 8 R870/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 16.7.1855.

36. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Veldkornets=instruksies van 1858 art. 52), p.593.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het hulle hul meestal gevestig in klowe langs standhoudende fonteine waar daar goeie tuinbougrond en goeie weiding vir hulle beeste was.[37] Daar het hulle vir hulle huise gebou en meulens opgerig om koring te maal. Een van die eerste meulens was die watermeul met hout=ratte wat Viljoen op Vergenoeg laat oprig het. Baie boere het daar gaan maal.[38] Deur wie dit gebou is word nie vermeld nie.

Die woonplase van die nuwe intrekkers het weiding aan hulle beeste en skape verskaf, en moes natuurlik amptelik van grensbakens voorsien word. Die taak om hierdie grense af te baken is aan die veldkornet toe=vertrou. 'n Nuwe intrekker het die onbewoonde streek waar hy hom wou vestig 'n naam gegee en dit by die veldkornet op sy naam laat aanteken. Die veldkornet het dan self die bakens van die plaas kom vasstel.[39] Almal wat belang by die saak kon hê was dan teenwoordig, en met inagneming van bestaande of reeds vasgestelde bakens is die grense van 'n nuwe plaas naastenby vierkantig probeer bepaal sodat elke sy van die vier=kant die afstand wat 'n perd in 'n uur kon stap lank was. So 'n plaas was naastenby 3 000 morg groot.[40] Die veldkornet moes jaarliks inspeksierapporte vir registrasie-doeleindes na die landdros stuur. Ongelukkig was Viljoen nie altyd nougeset in die in=stuur van inspeksieverslae aan die landdros van Potchefstroom nie - in April 1858 het staatsekretaris

----------

37. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, pp.18-19.

38. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, pp.22-23.

39. SS 28 R3091/59: J.W. Spruyt-Volksraad, Pretoria, 12.9.1859, p.434.

40. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, pp.246-247 bevat 'n beskrywing van hoe die ideale inspeksie sou verloop het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Moll hom en sy hulp-inspekteurs, assistent-veldkornet Daantjie Botha en Th. van Staden, met regsstappe gedreig as hulle nie gou verslag doen nie.[41] Daar bestaan geen aanduiding van hoeveel plase Viljoen as veldkornet geinspekteer het nie.

Viljoen was soms voortvarend in sy vasstelling en verskuiwing van grensbakens. In September 1859 is hy by die Volksraad aangekla omdat hy dele van die plaas Rietfontein van Johan Georg Meyer (op 16 Maart 1850 deur Viljoen self geinspekteer) afgesny het en aan Jacobus Botha se plaas Knoffelfontein en aan Gerrit Snyman se plaas geheg het. Toe Meyer later by Viljoen daaroor gaan kla het, het die veldkornet belowe om te gaan ondersoek instel, maar hy het nooit sover gekom nie. Meyer het toe 'n prokureur, J.W. Spruyt, gehuur om die saak namens hom voor die Volks=raad te lê,[42] maar dit is blykbaar nooit daar bespreek nie, want in die Volksraadsnotules kon niks hieroor gevind word nie.

Om 'n gereelde inkomste vir die Republiek te verseker, het die Volksraad in 1851 en 1853 besluit om 'n hoof=belasting op elke burger te lê. Hulle moes dit by die veldkornette van die verskillende wyke afdra wat dit dan weer moes aanstuur na die landdroste wat met die geldelike administrasie van die land belas was.[43] Dit het in die vroeë jare daarop neergekom dat dit die taak van die veldkornet was om belastings te in. Hier=

----------

41. SS 22 R2523a/58 brief 59: C. Moll-J.W. Viljoen, D.L. Botha en Th. van Staden, 9.4.1858, p.374. Volgens Daantjie Botha in SS 20 R2013/58: D.L. Botha-C. Moll, Marico, 17.4.1858, pp.53-54 het Viljoen wel 'n inspeksieboek gehad, maar dit kon nie opgespoor word nie.

42. SS 28 R3091/59: J.W. Spruyt-Volksraad, Pretoria, 12.9.1859, pp.434-435.

43. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.253.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mee het dit in die grenswyk Marico nie altyd te voortreflik gegaan nie. Viljoen moes in Desember 1858 daaraan herinner word om sy wyk se belastingbydraes aan te stuur.[44] Hy het gou 'n bedrag van £81-6s. ingesamel en met assistent-veldkornet Botha ingestuur, maar hy moes by die President verskoning aanteken omdat sommige van sy wykslede "hebben nog niet kunnen betalen, daar zy op dit oogenblik nog zonder geld zyn." Hy verseker die President: "Zy zyn alle gewillige Burgers, en zullen de uiterste vlyt aanwenden om de bydragen te voldoen", en "daarom is het my onmogelyk om hen met de Wet te vervolgen daar ik zeker weet dat de rest kort na dezen zal volgen."[45] Viljoen het egter sy burgers se vermoëns en pligsbesef oorskat, want in Junie moes landdros Steyn van Potchefstroom hom aanspreek om "de nog achterstallige belastingen of bijdragen van het vorige jaar in te vorderen."[46]

Nog 'n taak van die veldkornette was om behulpsaam te wees met die bou en instandhouding van paaie soos blyk uit hulle opdrag: "De Veldcornetten zullen ieder in zyne wyk hunne byzondere aandacht vestigen, op de verbetering en instandhouding der publieke wegen, en de bevelen welke zy tot dien einde ontvangen, stiptelyk te doen nakomen."[47] In hierdie verband het fungerende president H. St. Lombardt in November 1857 Viljoen

----------

44. SS 25 R2639/59-1: W. Robinson-J.W. Viljoen, Rustenburg, 15.12.1858, p.5.

45. SS 24 R2615/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 16.2.1859, p.272. Met "de rest" word natuurlik bedoel die agterstallige belasting. A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.55 gebruik hierdie skrywe as voorbeeld om aan te toon dat die finansiële posisie van talle burgers in die Transvaal geensins een van oorvloed was nie, maar eerder 'n toestand van "armoede en geldgebrek".

46. Argief Potchefstroom 1: Landdros Inkomende Stukke 1842-1864.

47. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Veldkornetsinstruksies van 1858 art. 24), p.590.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgeroep om "zoo spoedig mogelyk omtrent twintig Kaffers, hier aan het Gouvernement te Potchefstroom te zenden, welke benoodigd zyn om voor rekening van het Gouvernement aan de Brug die over Mooi Revier gemaakt wordt te werken."[48]

Dit kan aanvaar word dat Viljoen sy taak as instand=houer van paaie uitgevoer het, want geen klagtes is ooit ontvang oor swak paaie in Marico nie. Aangesien Viljoen die eerste veldkornet in Marico was, is dit ook waarskynlik dat hy die eerste paaie daar laat aanlê en versorg het.

Behalwe bogenoemde amptelike take wat Jan Viljoen as veldkornet moes uitvoer, was hy ook vir die inwoners van sy wyk Marico 'n skakel waardeur hulle met die hoëre instansies kon kontak maak. Wanneer die grens=pioniere gevoel het dat 'n sekere saak deur hulle almal bespreek moes word, het hulle aan die veldkornet opdrag gegee om 'n algemene byeenkoms te bepaal waarnatoe hy dan soms van die hoër regeringsamptenare genooi het. Ook van sy kant is vergaderings belê met die doel om landsake te bespreek of om 'n mening te kry oor 'n saak wat deur die Regering aan hom opgedra is.

In 1854 het Viljoen byvoorbeeld aan kommandant-generaal F.G.J. Kruger geskryf: "Mijn heer als het doen lijk is kom tog over Als U blief anders zal hier enege zaken verkeert lopen."[49] Waaroor sake gegaan het word nie vermeld nie. In Julie 1857 skryf Viljoen aan kommandant-generaal T.F. Dreyer dat "als zyn Edele begeerte heeft om de byeenkomst by te wonen zoude wy

----------

48. SS 17 R1834/57 brief 68: H. St. Lombardt-J.W. Viljoen en J.H. Potgieter, Potchefstroom, 5.11.1857, p.400.

49. SS 7 R729/54: J.W. Viljoen-F.G.J. Kruger, Klein Marico, 26.11.1854, p.340.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verblyd zyn om zyn Edele ook hier te zien." Besonderhede hieroor ontbreek ook.[50] 'n Paar maande vroeër moes Viljoen oor hierdie selfde T.F. Dreyer die pen opneem en namens sy wykslede aan president Pretorius skryf "dat de Heer T.F. Dreyer het ambt van Komdt. Generaal alleen zoo lang moet bekleeden, totdat de algemeene rust weder hersteld is en niet langer." Die rede vir hierdie versoek was volgens Viljoen die gevoel van sy wykslede "dat het bybehouden van het ambt Komdt. Generaal zeer nateelig kan worden voor de algemeene Rust, en eendracht der Republiek."[51] Dit was na aanleiding van "de tegenwerpingen"[52] van kommandant-generaal Stephanus Schoeman in Soutpansberg wat in hierdie tydperk sy heil in afskeiding gesoek het. Tydens hierdie afskeiding het Viljoen en die Maricoaners bankvas agter M.W. Pretorius gestaan, "daar wy geen ander President erkennen dan U.H.Ed."[53] Dit was slegs vertrouende op die "Wysheid en Voorzichtigheid" van Pretorius dat Viljoen die aanstelling van T.F. Dreyer as kommandant-generaal aanvaar het.[54] Soos dit weldra sal blyk, was Viljoen altyd 'n vurige Pretorius-ondersteuner.

Viljoen se teenstand teen die tydelike aanstelling van Dreyer as kommandant-generaal het ook ander oorsake

----------

50. SS 16 R1662/57: J.W. Viljoen-T.F. Dreyer, Marico, 28.7.1857, pp.286-287.

51. SS 15 R1430/57: J.W. Viljoen en 38 ander Maricoaners-M.W. Pretorius, Marico, 30.3.1857, pp.224-226. Dreyer is in Maart 1857 "voorlopig aangesteld ... tot Commandant Generaal om rede dringend noodzaaklykheid zulks gebied." (J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.473).

52. SS 15 R1388/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 16.3.1857, pp.131-132.

53. Ibid.

54. SS 15 R1412/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.3.1857, pp.185-186.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as net suiwer staatkundige gehad. Hierdie oorsake was van 'n persoonlike aard. Dit het in Junie 1856 op 'n krygsraadsvergadering op Vergenoeg tevoorskyn gekom waarop M.W. Pretorius en Paul Kruger, toe nog respektiewelik kommandant-generaal en kommandant, onder andere ook sitting gehad het. 'n Sekere Nortier is in Swartruggens oos van Marico deur Swartes ver= moor. Viljoen het by die Krygsraad 'n klag ingedien omdat "de Hr. T. Dreyer gezegd heeft dat Veldc. Viljoen de oorzaak geweest is van den moord van Nortier." Viljoen sou volgens Dreyer aan mense toestemming ver= leen het om op plase in die nabyheid van die Bantoes te gaan bly wat hulle lewens in gevaar gestel het, "want had hij de veiligheid niet gegeven, dan had die moorde niet gebeurd."[55] Hieroor wou Viljoen nie vir Dreyer vergewe nie.

As kenner van sy omgewing en van die behoeftes van sy wykslede is Viljoen tydens sy veldkornetsjare telke= male uitgenooi om Volksraadsvergaderings by te woon, omdat hy waardevolle inligting kon verskaf.[56] Dit was egter om verskeie redes nie altyd moontlik om aan sulke oproepings gehoor te gee nie. In Januarie 1856 skryf Viljoen aan Pretorius om verskoning te maak vir hom en sy wykslede se afwesigheid: "Wat myn en myne onderhoorige aangaat, zy hebben groote spyd dat wy de bepaaling te Rustenburg niet kan bywoonen omreede dat de Paarden ziekte hier regt sterk was en nog is, En dan vreest de menschen ook die Longsiekte op Rustenburg voor hunne ossen."[57] Omdat perde en osse

---

55. SS 11 R1098/56: Notule Krygsraadsvergadering, Vergenoeg, 9.6.1856, p.374.

56. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.320.

57. SS 11 R957/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 4.1.1856, p.1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



noodsaaklike vervoermiddels in die uitgestrekte Repub= liek was, is dit heeltemal verstaanbaar dat die mense nie hulle diere onnodig aan dodelike siektes wou bloot= stel nie.

Jan Viljoen het tussen sy wykslede gewoon en daarom het hy hulle begeertes en behoeftes geken. Dit is interessant om te let op die Maricoaners se stryd om, nadat hulle wyk in November 1857 van Potchefstroom af= gesny en onder die distrik Rustenburg geplaas is[58] sonder dat hulleself enigsins oor die saak geraadpleeg is, dit weer onder die distrik Potchefstroom geplaas te kry.[59] Viljoen se wykslede wou "volstrekt niet" onder die Rustenburgse distrik ressorteer nie. Daarom vra die veldkornet in 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad in Oktober 1858 "of wy weder onder Potchefstroom zullen komen."[60] In Desember 1857 en in Januarie 1859[61] is memories uit sy wyk aan die Uitvoerende Raad gestuur waarin gevra is om Marico weer onder Potchef= stroom te plaas. Rustenburg as distrikshoofkwartier was volgens die versoekskrif van 1859 vir die Marico= aners ongeleë, want hulle mark was op Potchefstroom waar hulle ook sake gedoen het. Dit was hulle kerk= plek waar hul kinders gedoop is en waar hulle nagmaal gevier het. Terselfdertyd het hulle dan sommer

----------

58. H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.167. Rustenburg het volgens D.W. Krüger einde 1851 of vroeg 1852 'n aparte distrik geword: Inventaris, Argief Rustenburg, inleiding, p.139.

59. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, pp.316-317.

60. SS 8 R923/55: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Marico, 22.10.1858.

61. SS 24 R2573/59: Memorie van J.W. Viljoen en ander - Uitvoerende Raad, 4.2.1859, p.167 et.seq.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle verpligtinge by die staatskantore afgehandel. Teen Februarie 1859 was die Maricoaners warm oor die saak en het hulle hul misnoë oor die reëlings openbaar deur 'n besluit om hulle belasting vir 1858 slegs te betaal op voorwaarde dat hulle weer onder Potchefstroom gestel sou word. Jan Viljoen het die besluit aan landdros Robinson van Rustenburg bekend gemaak toe dié om Marico se bydraes vir 1858 gevra het. Robinson het die dreigement geïgnoreer en geëis dat Viljoen binne 15 dae die belastingbydraes moes stuur. Viljoen het op sy beurt hierdie bevel geminag. Gevolglik het Robinson hom van pligsversuim aangekla en voor die hof gedaag. Viljoen het gevoel dat hy nie skuldig is aan pligsversuim nie, want al wou hy, sou sy wykslede nie toelaat dat hy die ingevorderde geld na Rustenburg neem nie. Hy het dus die geld aan die Uitvoerende Raad gestuur, en daarna die Rustenburgse landdros uitgedaag om 200 man - dit is sy hele wyk - te dagvaar, en bygevoeg dat "de Heer J.W. Viljoen zal niet verschyn,"[62] wat nog 'n bewys van sy eiesinnigheid en indiwidualisme is.

Viljoen het niks teen Robinson as landdros gehad nie. Sy weiering om voor die hof te verskyn kan as verset teen die staatsgesag vertolk word. Sy optrede was tipies van sy dwangmatige geaardheid en dié van 'n pionier wat sy omgewing se belange eerste gestel het. Dit was ook sy opvatting dat as "die volk" spreek moet die owerheid luister. Viljoen het egter ook sy wyk se houding vertolk, naamlik om deur lydelike verset die Regering te dwing om aan hulle eise te voldoen.

Sake het nie net by sy uitdaging aan die Rustenburgse landdros gebly nie. Om homself te beveilig het Viljoen

----------

62. SS 25 R2639/59: Korrespondensie tussen W. Robinson en J.W. Viljoen, pp.5-8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan president Pretorius en die Uitvoerende Raad ge=skryf dat hy wel bereid was om die ingevorderde belasting na Rustenburg te neem, maar dat sy wykslede dit nie wou toelaat nie soos bo vermeld.[63] Tog kom in Viljoen se handelinge weer iets van sy karakter te voorskyn, naamlik om sy sin deur dreigemente, dwang of geweld te kry soos later sal blyk uit sy rol in die Burgeroorlog van 1863-1864.

Robinson is intussen deur fungerende landdros Van Rooyen in Rustenburg opgevolg. Sy oordeel was dat Marico in 'n staat van openbare oproer is, en dat Viljoen aan die hoof van die oproermakers staan - natuurlik 'n "onbehoorlyk positie van eenen ambtenaar." Van Rooyen kla by staatsekretaris Moll dat "alle orders van hier door den Veldcornet met ongehoorzaam=heid en pligtverzuim behandelt" word, versoek Moll om die Staatspresident oor die saak in te lig, en vra om instruksies in verband met optrede teen Viljoen.[64] Ook die waarnemende landdros het Viljoen gedagvaar om voor die landdroshof op Rustenburg te verskyn. Die weerbarstige veldkornet het hom vir 'n tweede maal genoop gevoel om sy saak aan die Staatspresident voor te lê met die bedoeling om die kwessie op hoë vlak te skik. Hy skryf dat dit vir hom onmoontlik is om in die hof op Rustenburg te verskyn, "omdat het publiek volstrekt van Rustenburg niet wil horen". Veral "nu er de scheuring in de kerk plaats gevonden heeft, wordt de ontstuimigheid grooter."[65]

Dit verwys na die skeuring in Januarie 1859 tussen die Hervormde Staatskerk wat as predikant ds. Dirk van der

---------

63. SS 24 R2615/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius en die Uitvoerende Raad, 16.2.1859, pp.272-274.

64. SS 25 R2638/59: J.M. van Rooyen-C. Moll, 3.3.1859, pp.3-4.

65. SS 25 R2663/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 15.3.1859, pp.56-57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoff gehad het, en die Gereformeerde Kerk waarvan die predikant, ds. Dirk Postma, in Rustenburg gewoon het. Jan Viljoen was soos uit die volgende hoofstuk sal blyk, 'n vurige Hervormer en so ook aanvanklik al die ander Maricoaners. Hulle wou niks met die Gerefor=meerdes te doen hê nie. Dit was so erg dat toe ds. Postma uit Rustenburg "het gewaagt heeft deze wyk te bezoeken, dit heeft de grootste ontstuimigheid verwekt, zoo dat ik (Viljoen) genoeg te doen gehad heb, om het publiek te keeren."[66]

Viljoen se oproep op sy President het nie op dowe ore geval nie, en om onnodige opstandigheid te voorkom, het die Regering daarop aan fungerende landdros Van Rooyen laat weet om die saak teen Viljoen uit te stel - vir Van Rooyen 'n onverklaarbare opdrag.[67] By die Uitvoerende Raadsitting van April-Mei 1859 is besluit om die wyk Klein-Marico weer onder die distrik Potchef=stroom te plaas.[68] Jan Viljoen is egter beveel om die koste wat in die landdroshof op Rustenburg teen hom gemaak is, te betaal.[69] Dit het hy waarskynlik gedoen, want niks is verder van die saak gehoor nie. Hy het egter sy sin gekry en daardeur die belange van sy wyksburgers gedien, maar sy gedrag het niks goed vir die toekoms voorspel nie.

Noudat daar van die funksie van Viljoen as veldkornet vermeem is, moet daar gewys word op sy rol in die politiek. Die veldkornet as militêre offisier en burgerlike leier wat die landswette moes bekend stel

---

66. Ibid.

67. SS 25 R2678/59a: J.M. van Rooyen-C. Moll, 25.3.1859, pp.93-93(a).

68. UR1 Uitvoerende Raadsitting, Potchefstroom, 22 April-5 Mei 1859, art. 25, p.80.

69. UR1 Uitvoerende Raadsitting, Potchefstroom, 22 April-5 Mei 1859, art. 26, p.80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en handhaaf, kon uit die aard van die saak nie uit die algemene gang van landsake gehou word nie. Hy was immer op hoogte met die landsgebeure. Hy was immers die skakel met die owerheid.

Viljoen het wel in die "landsake" van die Britse Soewereiniteit deelgeneem wat hom tot emigrasie genoop het. Hy het onder die beroemde held van Bloedrivier by Boomplaas geveg. Geen wonder dat hy 'n hoë agting vir Andries Pretorius gekoester het nie. Hoe het die Transvaalse politieke samestelling teen 1849 en later daar uitgesien? Politieke en militêre leierskap was in die moeilike vestigingsjare nie van mekaar te skei nie. Transvaal het verskeie regionale politieke groeperinge gehad.

Daar is op gewys dat die Potgietervolgelinge veral Zoutpansberg tot sentrum gehad het terwyl die Natalse "Volksraadmense" in Ohrigstad-Lydenburg gewoon het. Die Pretorius-volgelinge was veral in Wes-, Sentraal- en Suid-Transvaal gevestig. Jan Viljoen was na Boom=plaas vanselfsprekend 'n Pretoriusman wat met sy idees en sy leiding akkoord gegaan het. Dit is bekend dat A.H. Potgieter, die oudste leier in Transvaal, volge=linge gehad het wat hom tot met sy dood as hoof=kommandant van die hele Transvaalse landstreek wou laat bly het.[70] Nie alle inwoners van Transvaal was hier=mee gediend nie, veral nie nadat die bekende A.W.J. Pretorius sy intrede tot Transvaal gedoen het nie. Veral na die debakel van Boomplaas was die inwoners van Transvaal bevrees vir die politieke rol van 'n "krygsowerste", wat die onafhanklikheid van die land deur aanvalle op die Britte ten suide van die Vaal=rivier in gevaar kon stel. Die Volksraad wat onder

-----------

70. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans=vaalse Argiefstukke 1850-1853 R198/50, Verklaring van 116 burgers, o.a. J.W. Viljoen, Marico, 8.3.1850, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Lydenburgse invloed gestaan en Pretorius gevrees en verdink het, het op 24 September 1849 besluit dat daar verder geen hoofkommandant of generaal sal bestaan nie.[71] Die burgers sou daaroor deur middel van stemlyste moes beslis. Op 23 Mei 1850 het die Volksraad op Lydenburg sitting geneem en uit die ingekome lyste afgelei dat slegs 23% van die publiek ten gunste van 'n kommandant-generaal was en 77% daar=teen. Daar sou dus geen verdere militêre leier wees nie, wat die land egter sou benadeel veral wat optrede teenoor die moontlike bedreiging van die kant van die Swartes en die Britte betref.

Nie alle burgers was daarmee tevrede nie. Versoek=skrifte ten gunste van 'n kommandant-generaal, veral in die persoon van Pretorius is by die Volksraad ingedien. Dié het op 15 Januarie 1851 die Krygsraad van die Republiek versoek om advies daaroor te gee. Die Krygsraad waaronder ook veldkornet J.W. Viljoen getel het, het onder dié datum aanbeveel dat daar 4 kommandant-generaals in die Republiek aangestel moes word, naamlik A.H. Potgieter vir Zoutpansberg (Noord-Transvaal), W.F. Joubert vir Lydenburg (Oos-Transvaal), A.W.J. Pretorius vir Magaliesberg, Mooirivier en 'n gedeelte van Marico (Wes-Transvaal) en J.A. Enslin vir die ander deel van Marico.[72] Die advies is aan=vaar, en die kommandant-generaals is onder gesag van die Volksraad aangestel. Die rede daarvoor was die omstandighede in die Soewereiniteit en die opstandig=heid van die Swartes in die gebiede Marico, Lydenburg en Potchefstroom.[73]

---

71. F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.50.

72. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Notule, sitting te Elandsrivier, 15.1.1851, art. 3), p.4; Ibid. (Bylaag 54, 1851, Notule Krygsraad, 15.1.1851), pp.281-282.

73. F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die amptelike generaalskap van Pretorius het Viljoen bevredig. Dié kon nou ook, gesien die landsbelange, na buite optree, hoewel op sy eie verantwoordelikheid. Dis bekend dat Andries Pretorius die Lydenburgse Volksraad genegeer en in September 1851 'n soort staatsgreep met behulp van die Krygsraad toegepas het. Hy wou naamlik met die Britse regering onderhandel oor die Transvaalse onafhanklikheid, maar die Volksraad het alle kontakte met die Britse regering ten suide van die Vaalrivier verbied. Daar was omstandighede in die Oranjerivier-Soewereiniteit, wat kon meebring dat die erkenning van die onafhanklikheid van die Oorvaalse Voortrekkers afgedwing kon word. Veldkornet Jan Viljoen het ook hier in die prentjie gekom. Hy was lid van die Krygsraad by wie Pretorius op 8 September 1851 toestemming gekry het om 'n duursame vredeskikking met die Britse owerheid te gaan bewerkstellig waardeur hulle vry en onafhanklik onder hulle eie bestuur en republikeinse regeringsvorm sou kon bly.[74] Viljoen het hom vierkantig agter Pretorius geskaar in opposisie teen die Lydenburgse Volksraad. Die onderhandeling het op 17 Januarie uitgeloop op die Sandrivierse Konvensie wat die onafhanklikheid van die Voortrekkers ten noorde van die Vaalrivier op skriftelike gronde gewaarborg het.

Die handtekening van veldkornet Viljoen verskyn ook onder 'n versoekskrif wat op 15 November 1853 vanuit Potchefstroom geloods is en wat 73 ander bevat. Dit is gestuur aan die Volksraad wat versoek is om geen grenslyn met die Britse regering vas te stel voor en aleer die sake in die Oranjerivier-Soewereiniteit nie

----------

74. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R319/51, verklaring van J.W. Viljoen en 22 ander, 8.9.1851, p.114; kyk in hierdie verband ook die notule van die Krygsraadsvergadering, Magaliesberg, 8.9.1851, in J.H. Breytenbach (red.): Notule II, pp.235-237.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afgehandel is nie. Dit slaan op die bolope van die Vaalrivier wat volgens die Sandrivierse Konvensie wedersyds tussen die Britse owerheid en die Transvaalse regering vasgestel moes word. Die ondertekenaars van bogenoemde versoekskrif wou die Regering laat wag in die hoop dat die Soewereiniteit moontlik aan Transvaal afgestaan sou word, soos tussen die reëls gelees kan word. Viljoen wat uit die Soewereiniteit afkomstig was, sou moontlik belange daarby gehad het.[75]

Veldkornet Viljoen het ook by ander geleenthede deur middel van die ondertekening van versoekskrifte sy mening oor landsake geopenbaar. Op 15 Maart 1853 onderteken hy byvoorbeeld saam met ander krygsoffisiere 'n versoekskrif wat aan die Volksraad voorgelê is waar= in die mening uitgespreek word dat daar by die afsterwe van die kommandant-generaals, soos in 1851 benoem, geen nuwes in hulle plekke aangestel moet word nie. Enslin en A.H. Potgieter was op daardie stadium reeds dood en slegs Joubert en Pretorius nog in lewe. Dié was genoeg om in die behoeftes van die land te voor= sien. Te veel krygsowerstes kon tot "partyskappe" lei. Ook is versoek dat die bestaande twee kommandant-generaals in die Volksraad opgeneem moes word: dit sou tot gerusstelling van die inwoners lei en twis en tweedrag laat ophou bestaan.[76] Hier was die stryd tussen Potgieter en Pretorius in die visier.

Dit ly geen twyfel nie dat veldkornet Jan Viljoen en sy wyksburgers van Marico groot Pretoriusondersteuners

---

75. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Bylaag 107, 1853: J.W. Viljoen en 72 ander - Volksraad, Potchefstroom, 15.11.1853), p.492.

76. J.H. Breygenbach (red.): Notule II (V.R. 260/53, Bylaag 22, 1853: G.J. Kruger en 10 ander, o.a. J.W. Viljoen - Volksraad, Magaliesberg, 15.3.1853), pp.395-396.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was. Hulle het geglo dat hy wat uit die Groot Trek tevoorskyn gekom het al hulle probleme kon oplos - plaaslik en algemeen. In 'n tyd toe daar nie so iets as anonimiteit tussen volgeling en leier was nie, het die volgeling baie na aan die leier gestaan. Dit val op hoeveel briewe Viljoen aan Andries Pretorius en later aan sy seun Marthinus Wessel geadresseer het. Om 'n voorbeeld te noem: met die bedanking van A.H. Stander as kommandant van Marico in November 1851 is J.H. Grobler in sy plek verkies, maar Grobler het die eer geweier. Daarop het Grobler, veldkornet Viljoen en ander inwoners van Marico hulle tot A.W.J. Pretorius gewend om twee manne uit dié distrik voor te stel, één as kommandant en die ander as sy assistent. Die rede? Omdat Pretorius "de oudste voorstander van het publiek is", wat die grenslose vertroue wat hulle in hom gehad het weerspieël.[77]

Die dood van Andries Pretorius op 23 Julie 1853 het 'n skok deur die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur - ook deur Viljoen en sy wyksburgers. Wie sou hom opvolg? Viljoen het hom nie onbetuig gelaat nie. Twee weke na sy dood, op 4 Augustus 1853, laat die veldkornet van Marico 'n versoek opstel en benewens homself deur 51 ander burgers uit sy wyk onderteken waarin die Krygsraad wat op die 8ste van daardie maand op Rustenburg 'n sitting sou hou, versoek word om M.W. Pretorius in die plek van sy oorlede vader as kommandant-generaal te laat insweer,[78] 'n versoek waaraan voldoen is en wat ook deur die Volksraad goed=gekeur is, maar, gesien die armoede en gebrek aan geld,

----------

77. SS 17 R1793/57: J.H. Grobler, J.W. Viljoen en andere - A.W.J. Pretorius, Klein Marico, 17.11.1851, pp.229-231.

78. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans=vaalse Argiefstukke R555d/53, J.W. Viljoen en 51 ander - Krygsraad, 4.8.1853, pp.368-369; J.H. Breytenbach (red.): Notule II, p.438.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sou geen salaris aan hom toegeken word nie,[79] 'n be= sluit waarteen veldkornet Viljoen en 61 ander burgers van Marico in 'n persoonlike skrywe aan M.W. Pretorius beswaar gemaak het: Hy moes salaris in sy rang ontvang, want hulle is 'n "vrye volk". In dieselfde brief meld hulle hul misnoë oor die Volksraad se toekenning van 'n plaas aan 'n Hollandse weesmeisie, want hulle het onder hulle "vele weduwees en wesen" wat hul families in die belang van die staat verloor het, en vir hulle is daar geen voorsorg deur die staat getref nie.[80] In hierdie versoekskrif aan die jong Pretorius word blyke gegee van Viljoen se behartiging van sy belange en kritiek op die Volksraad uitgespreek asof hy nou te kenne gee dat, as daar vir 'n vreemdeling voorsorg gemaak word, waarom dan nie vir so 'n belang= rike persoon as die nuwe kommandant-generaal nie?

Dit bring ons by die verhouding van Jan Viljoen as veldkornet tot ander mense met wie hy moes saamwerk of wat bo hom gestel is. Uit sy persoonlike verhou= ding met mense kom iets van die karakter van hierdie grenspionier tot openbaring. Daar is reeds verwys na sy optrede in 1859 in verband met sy poging om die wyk Marico onder die distrik Potchefstroom te hou en nie onder die distrik Rustenburg te laat val nie. Die optrede is deur wnd. landdros Van Rooyen as "openbare oproer" veroordeel. Dwarsdeur Viljoen se lewe kom daar 'n trek uit van verset, van koppigheid, voort= varendheid, eiesinnigheid, en dreigemente tot dwang en geweld, wat hom met sowel mede-burgers as mede-amptenare en die owerheid in botsing gebring het.

-----------

79. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Notule, Volksraadsitting te Lydenburg, 20.9.1853, art. 27), p.152.

80. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans= vaalse Argiefstukke R575/55, J.W. Viljoen en 61 ander - M.W. Pretorius, 17.11.1853, p.389.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Weens sy temperament sou hy voortdurend in die moeilik=heid beland.

Hoewel 'n ou strydmakker van Viljoen was dit vir kmdt. Adriaan Stander van Marico in 1851 nodig om by genl. Andries Pretorius te kla oor sy veldkornet se behande=ling van twee van sy burgers, Adam Reinecke en Piet van der Berg. Viljoen sou as veldkornet hulle gedreig het met "slaagen,zooveel ze draage kan" omdat hulle geweier het om 'n versoekskrif wat deur Viljoen self opgestel is te onderteken. Stander het bygevoeg: "Ook moet ik U.H.Ed. zeggen dat ik myn bezwaart vind met zoo een Veldcornet saame in een wyk te ageeren."[81] Dit is veelseggend. In die volgende hoofstuk word verwys na die geleentheid in 1868 toe hy wel tot slae oorgegaan het, toe die doelwit van sy woede ds. Cachet was.

In 1853 was Viljoen in die moeilikheid by die Volksraad wat in November van daardie jaar in Potchefstroom sit=ting geneem het. Op 1 Desember het die voorsitter, C. Potgieter, 'n "mondelingsche bekendmaking" van Louw Pretorius ter oorweging aan die Raad voorgelê, naamlik dat veldkornet J. Viljoen hom meegedeel het dat hy van plan was om die Volksraad (die hoogste regering van die land) by sy Novembersitting "te vernietigen". Dit was sterk woorde wat optrede van die Raad geverg het. Daar is besluit om die landdros van Potchefstroom op te dra om 'n "zaak" teen Viljoen aanhangig te maak en hom te behandel volgens die wet wat betrekking het op sulke sake sodat die "publieke rustverstooring" waar=onder die Republiek jarelank gebuk gegaan het uit die weg geruim kon word. Kommandant-generaal M.W. Pretorius is gelas om, indien die hof om hulp vra ten

----------

81. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Trans=vaalse Argiefstukke R356/51, A.H. Stander-A.W.J. Pretorius, Marico, 18.12.1851, p.151.

opsigte van die uitoefening van die wet, dit dadelik met 'n krygsmag te hulp te kom. Kommandant St. Schoeman van Potchefstroom is benoem as staatsverdediger "in deze zaak".[82] Wat aanleiding gegee het tot veldkornet Viljoen se dreigement word nie vermeld nie, en of daar 'n hofsitting gevolg het kon nie uit die dokumente opgespoor word nie. Miskien het Viljoen hierdie op=standswoorde maar net in 'n oomblik van drif uitgespreek, wat verdere optrede onnodig gemaak het. Hy was in elk geval 'n vriend van M.W. Pretorius.

Daar is reeds verwys na veldkornet Viljoen se rusie in 1856 met kommandant-generaal T.F. Dreyer. In die=selfde jaar het Viljoen dit weer aan die stok gehad met kommandant-generaal Pretorius, hoewel hy 'n sterk Pretorius-aanhanger was. Ook in hierdie geval het ons karige gegewens wat die aard van Viljoen se optrede versluier. Dis egter bekend dat op 'n Krygsraadsver=gadering wat in September 1856 in Pretoria gehou is, besluit is om veldkornet Jan Viljoen tot verantwoording te roep oor wat as 'n skrywe uit die hoogte of 'n "hoogdrawende" stuk aan Pretorius beskou is. Moontlik kon dit 'n dreigement, opstandigheid, verset of selfs 'n belediging bevat het. Viljoen het gou daarna vir Pretorius verseker van "de Getrouwheid van het Publiek van Klein Mariko, aan Kerk en Staat en U.H.Ed. Perzoon",[83] en in 'n volgende skrywe verskoning aangebied dat hy sy leier "in deze zaak mogte bedroeft hebben." Onge=lukkig kon geen verdere gegewens oor die "zaak" opge=spoor word nie. Viljoen het ewewel sy optrede verskoon met die "swakheden van een oude getrouwe Dienaar" wat

----------

82. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Notule, Volksraadsitting, Potchefstroom, 1.12.1853, art. 75), p.182. Ons kan redelikerwys aanneem dat dit die veldkornet van Marico geld.

83. SS 12 R1205/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 26.9.1856, p.175.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n "zware post" as veldkornet beklee en daarin "gezond=heid, goed en bloed opoffere voor land en volk" en trag om die eer van die hele land en die persoon van Pretorius "staande te houden".[84] Op watter swakhede hy dui bly onvermeld, moontlik was dit weer 'n skrywe in 'n driftige bui wat met onverantwoordelikhede gepaard gegaan het. In die hoofstukke hierna sal dit blyk dat Viljoen ook later swak saamgewerk het met die owerhede bo hom, onder andere generaals Paul Kruger en P.A. Cronjé. Hy was 'n indiwidualis en 'n moeilike mens wat graag opdragte geïnterpreteer het soos dit hom pas.

Na tien jaar diens as veldkornet wat volgens Viljoen met reg 'n "zware post" genoem kon word, het hy be=sluit om uit te tree. Die rede was dat hy op die punt gestaan het om op 'n jagtog te vertrek en 'n jaar lank weg te bly, wat die wesgrens sou ontbloot.[85] Sy bedanking is aanvaar, en die Staatsekretaris het aan Viljoen die regering se dank oorgedra vir sy jare van "belangelose" diens. Weer eens volg 'n misverstand en rusie. Viljoen het die woord "belangeloos" verkeerd vertolk deur te oordeel dat die Staatsekretaris hom beskuldig van belangeloosheid wat die Staat betref. Gebelgd het hy geantwoord: "Als ik dan Belangloos ge=dient heeft dan heef ik natuurlyk geen bedanken ver=dient. Dan moet ik het beschouwe als een bespotteng of beschemping."[86] Hierdie sin spreek boekdele oor die karakter van 'n onontwikkelde wesgrenspionier - lig=geraak was hy, en gou om tot verset oor te gaan. Die Staatsekretaris het bedoel om Viljoen te bedank vir wat

---

84. SS 12 R1224/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.10.1856, p.229.

85. SS 24 R2618/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.2.1859, pp.280-281.

86. SS 25 R2680/59: J.W. Viljoen-Staatsekretaris, 25.3.1859; A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy met die verontagsaming van eie belange vir die belang van die staat opgeoffer het.

Dat Viljoen as veldkornet belangrike en noodsaaklike dienste aan die staat in 'n pioniersamelewing gelewer het ly geen twyfel nie. Teen 'n geringe vergoeding (wat dikwels weens geldgebrek nie uitbetaal is nie) is baie dienste gelewer. 'n Groot deel van sy lewe is op die rug van sy ryperd geslyt as inspekteur van plase en vir belastinginning en kommandering. Die rol van die veldkornet in die opboujare van die Suid-Afrikaanse Republiek mag nie onderskat word nie.[87] Die veldkornette het die staat as't ware aanmekaar gehou en die samelewing aaneengeweef. Hulle was die brandwagte op die grense wat die landsveiligheid gehelp verseker het; hulle was die skakel tussen volk en regering; polisieman wat moes arresteer, lykskouings hou, as vrederegter die vrede tussen burgers bewaar en straf toepas. Hulle moes na die belange van sowel Wit as Swart omsien. Hulle moes paaie in stand hou. By militêre bedreiging moes hulle hul burgers opkommandeer en as offisiere op die slagveld optree. Geen wonder dat dit nie 'n "populêre" amp was nie. Tog het dit aansien aan die bekleders daarvan verleen.

In sy omgewing het Viljoen aan die einde van die vyftigerjare steeds gewildheid geniet. Kort na sy bedanking is hy met 'n groot meerderheid as adjudant-kommandant verkies.[88] D.J. Coetzee, na wie die dorp Zeerust in Marico later vernoem sou word, is in Viljoen se plek as veldkornet gekies.[89] Dat Viljoen by sy mede-pioniere op die wesgrens geliefd was en vertroue

---

87. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet.

88. SS 27 R2963/59: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, Marico, 14.7.1859, pp.47-48.

89. SS 26 R2928/59: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, Marico, 27.6.1859, pp.293-294.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ingeboesem het, word duidelik bewys deur die eer wat hom in Oktober 1859 te beurt geval het, naamlik om deur hulle tot kommandant gekies te word.[90] In Desember van dieselfde jaar het hy sy ampseed in Potchefstroom gaan aflê.[91]

Sy eiesinnigheid, koppigheid en voortvarendheid kom duidelik te voorskyn in sy rol as kommandant en leier in Wes-Transvaal gedurende die Burgeroorlog wat van 1860 tot 1864 geduur het. In 1863-1864 tree Jan Viljoen op in 'n nuwe rol, naamlik dié van opstands= leier teen die Staat. Voordat dit bespreek word moet daar gelet word op Jan Viljoen se lewe as kerkmens, en spesifiek na sy rol in die Hervormde Kerk waarvan hy 'n vurige lidmaat was, hoewel hy nooit op die Kerkraad gedien het nie.

----------

90. SS 27 R2965/59: A.F. Schubart-J.W. Viljoen, Potchefstroom, 31.10.1859, p.115.

91. SS 30 R3400/59: J.W. Viljoen se eed as kommandant, p.586.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## Jan Viljoen en die Hervormde Kerk

Jan Viljoen was 'n sterk ondersteuner van die Transvaalse Nederduitsch Hervormde Staatskerk wat na 1853 nie aansluiting by die Kaapse Sinode wou hê nie. Hoewel Viljoen in die Kaaplandse Nederduitsch Gereformeerde Kerk gedoop is, het sy sure ervaringe met die Britse regering in die Transoranje in 1845 en 1848 hom ook afkerig van dié Kerk gemaak vanweë sy verbintenis met die Britse owerheid.

Om Viljoen se houding te begryp sal dit nodig wees om 'n bietjie terug te gaan op die geskiedenis van die Transvaalse kerklike lewe wat 'n uitvloeisel was van die ervaringe wat tydens die Groot Trek opgedoen is. Toe die Voortrekkers in die dertigerjare van die negentiende eeu die Kaapkolonie verlaat het ten einde vry van die Britse owerheid te lewe, het hulle hul kerk met hulle saamgeneem. Die Kaapse kerk was op daardie stadium nog steeds afhanklik van predikante wat nie Afrikaners van geboorte was nie, maar veral Skotte. Hierdie feit sou 'n belangrike invloed op die kerklike lewe van die Voortrekkers hê. Van hierdie predikante het daar nie simpatie voorgekom vir die lidmate wat hulle aan die Britse gesag onttrek het of wou onttrek nie. Hulle het inteendeel die Groot Trek as 'n rewolusionêre daad van opstand teen die staatsgesag afgekeur.[1]

Geen predikant was bereid om die Voortrekkers te vergesel nie, maar dit het nie beteken dat hulle kerkloos geword het nie. Almal was nie bereid om eerw. Erasmus Smit as leraar te aanvaar nie, en het onsuksesvolle

---

1. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner II, p.572;
   J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p.33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pogings aangewend om 'n predikant uit die Kaapkolonie te kry. Vir 'n tyd lank het die Amerikaanse sendeling, ds. Daniël Lindley, as die Trekkers se predikant opge= tree. Vanaf 1842 is gepoog om deur middel van die Nederlander, J.A. Smellekamp, 'n predikant direk uit Nederland te kry. In 1843 was ds. P.N. Ham as gevolg van sy bemoeiinge inderdaad na die Trekkers op pad, maar sy vrou se dood op see het hom na Kaapstad laat gaan. Die Voortrekkers se eerste pogings om 'n predi= kant te bekom het misluk.[2] Engelbrecht oordeel in hierdie verband: "Het is en blijft een feit, dat niemand ontkennen kan, dat de Transvaalse Voortrekkers kerkelik door de Kaap Kolonie op onbroederlike wijze waren ver= waarloosd."[3] Dit is miskien te sterk gestel om van "onbroederlike" verwaarlosing te praat, maar veral in die jare tot 1843 het die Kaapse Kerk versuim om enige hulp aan die Voortrekkers te verleen.[4]

In Oktober 1844 het die Ring van Graaff-Reinet egter 'n brief aan die Trekkers noord van die Oranjerivier gerig om te verneem of hulle 'n besoek van 'n Kaapse predikant begeer. Die lojaalgesindes het hierdie skrywe verwelkom. Die Republikeine het egter deur middel van kmdt. Mocke geantwoord dat hulle 'n besoek van ds. Lindley te wagte was. Buitendien het hulle gehoop om deur Smellekamp predikante uit Nederland te kry. Daarom sou hulle nie van die voorstel gebruik maak nie.[5] Tog is ds. W.A. Krige gestuur. Sy verslag

----------

2. A. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, pp. 10-11; G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner II, pp.573-577; S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, pp.39-40.

3. S.P. Engelbrecht: Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika I, p.68.

4. A. Dreyer: Die Voortrekkers en Hul Kerk, p.75.

5. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner II, p.577.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is veelseggend: "... De broeders van Caledon rivier, Bosjes Spruit en Slikspruit, kon ik voor het grooter deel niet zien. - Die van Modder rivier en verder wilden met mij niets te doen hebben, want zeiden zij, wij willen geene leeraar van het Westen hebben (= van die Kaapkolonie) - komt er een tot ons - hij moet van het Oosten komen (= vanaf Delagoabaai deur middel van Smellekamp)."[6] Dit was by hierdie Republikeine wat niks met die Kaapse Kerk te doen wou hê nie waarby Jan Viljoen hom waarskynlik in 1843 aangesluit het. Hy moes gou net soos hulle gevoel het, want in 1845 het hy volgens oorlewering, terwyl hy in die tronk op Colesberg was, herderlike besoeke van die plaaslike predikant, ds. Reid, geweier.[7]

Ds. W.A. Krige se besoek was die eerste van 'n hele paar in die jare daarna. Aanvanklik was daar heelwat wantroue onder die Trekkers teen die besoekende predikante. Die feit dat hulle besoldigde amptenare van die Britse owerheid aan die Kaap was, het daartoe meegewerk, asook die feit dat hulle geen simpatie met die Trekkers se politieke gevoelens gehad het nie. Die anneksasie van die Transoranje in Februarie 1848 en die geveg by Boomplaas in Augustus van dieselfde jaar het nie die toestand verbeter nie. Namate die Trekkers hulle nomadiese lewe vir 'n meer gevestigde verruil het, het daar egter 'n behoefte ontstaan aan 'n vaste predikant, of hy nou Kaaps was of nie. Die sluiting van die Sandrivierkonvensie in Januarie 1852 het meer ontspanne betrekkinge met die Britse regering meegebring. Die Transvaalse Voortrekkers het moontlik ook om dié rede ingestem om kerklik by die Kaapse Sinode ingelyf te word. Die Sinode self het die inlywing in Oktober 1852 goedgekeur.[8]

----------

6. A. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p.84.

7. Almanak van die N.H. Kerk, 1926 (Artikel deur S.P. Engelbrecht), p.154.

8. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke II, pp.578-581.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kort daarna het daar egter iets gebeur wat die grootste deel van die Transvalers, Jan Viljoen inkluis, weg van die Kaapse Kerk in die rigting van 'n onafhanklike kerk sou voer. Dit was die koms van ds. Dirk van der Hoff na Suid-Afrika.

Ds. van der Hoff, 'n produk van die Universiteit van Leiden en dus aanhanger van die liberale teologiese denkrigting, het op 5 November 1852 in Kaapstad aange= kom. Sy eerste indruk van die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk met sy sterk ortodokse inslag was nie gunstig nie. Met hierdie indruk het hy in Mei 1853 in Transvaal aangekom. Dit is duidelik dat hy nie van plan was om hom as predikant onder die Kaapse Sino= de te stel nie. Daar was ook die gedagte onder talle Transvalers dat hulle kerk nadat politieke onafhanklik= heid bewerk is, ook onafhanklik van die Kaapse Kerk behoort te wees, waarby ds. Van der Hoff hom aangesluit het. Op die eerste Algemene Kerkvergadering is in Augustus 1853 op Rustenburg besluit dat die Transvaalse Kerk nie onder die Kaapse Sinode sou ressorteer nie. Terselfdertyd is besluit om "geen andere kerkgenoot= schappen hier toetelaten dan de Nederd. gereformeer= de."[9]

Nie alle Transvalers het hiermee saamgestem nie. Die Lydenburgers was byvoorbeeld glad nie op die Vergadering verteenwoordig nie. Toe die Volksraad die volgende maand in Lydenburg vergader het, is die besluit dat slegs die Nederduits Gereformeerde Kerk in Transvaal erken sal word, bekragtig, maar daar is aan die gemeente van Lydenburg die vryheid gelaat om self vir ds. Van der Hoff as predikant te legitimeer. Die belangrikste

----------

9. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, pp.76-90;
G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner II, pp.581-582;
G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.80-88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



punt is egter dat die Volksraad hom nie ten volle ver=enig het met die Algemene Kerkvergadering se besluit dat die bande met die Kaapse Sinode verbreek moes word nie.[10]

Die bekendmaking van hierdie besluite van die Volksraad het Jan Viljoen en 61 ander burgers van Marico laat besluit om hulle gevoelens in verband met die onaf=hanklikheid van die kerk openbaar te maak. As 'n mens daaraan dink dat Viljoen weens sy Soewereiniteits=ervaringe getrek het totdat hy "ver genoeg" weg was van die Britse regering, is dit verstaanbaar dat ook hy sou voel vir 'n onafhanklike kerk wat geen verbinte=nis met die Britse Kaapkolonie sou hê nie. In 'n memorie aan kommandant-generaal M.W. Pretorius kom sy pro-Van der Hoffgevoelens duidelik na vore: "Uit brieven en provaten de sprekken hebben wy verstaan dat de WelEdele heeren der Volksraad tegen zyn met de voorstelleng onzer leeraar. WelEdele heer, wy wenschen onse leeraar vry en onafgankelyk te hebben zoo als wy volstrek niet voorgesteld te worden voor een vreemde Zynode en endien de WelEdele Volksraad altoos werkende is om ons onder en weder de oude afgelegde jukken [van die Kaapse owerheid] te brengen zoo vent wy onder=getekende ons verplegt de Volksraat te bedanken. Wy wenschen onser leeraard vry en onafhankelyk te hebben van alle Zynode ..."[11] In sterker en duideliker taal kon hierdie pioniere hulle gevoelens nie uitdruk nie. Kerklike onderwerping aan die Kaapse Sinode het vir hulle indirek neergekom op politieke onderwerping aan die Britse owerheid. Dit wou hulle ten alle koste

----------

10. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Verslag Raadsitting te Lydenburg, 21.9.1853, arts. 28-32), pp.152-154.

11. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R575/53: J.W. Viljoen en 61 ander - M.W. Pretorius, Klein Marico, 17.11.1853, p.389.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vermy. Hierdie sterk taal was tipies van Viljoen: hy sou liewer sy trou aan die Volksraad opsê as om onder die Kaapse Sinode te val.

Jan Viljoen en die Maricoaners was nie die enigste Transvalers met sulke onafhanklike gevoelens nie. Toe die Volksraad in November 1853 in Potchefstroom gesit het, het daar terselfdertyd weer 'n vergadering van die gesamentlike Transvaalse kerkrade oor die inlywing by die Kaapse Sinode al dan nie plaasgevind. By hierdie geleentheid het ds. Van der Hoff 'n argument gebruik wat die deurslag ten gunste van 'n onafhanklike kerk gegee het. Hy het naamlik verklaar dat "... de Kaapsche Synode bestaat bij ordonnantie van den Wetgevenden Raad in de Kolonie, en alle kerkelijke wetten door het Britsch gezag moeten gesanctioneerd worden en wij der=halve, al is het slechts zijdelings, zoo doende weder eenigermate van de Britsche regeering afhankelijk worden."[12] Teen hierdie argument was niemand wat nie weer onder "de oude afgelegte jukken" van die Britse owerheid wou kom bestand nie. Die Volksraad het der=halwe besluit dat daar geen inlywing van die Transvaalse gemeentes by die Kaapse Sinodes mag plaasvind nie.[13]

Na November 1853 was die posisie in die woorde van ds. Van der Hoff soos volg: "De Nederduitsch gereformeerde Kerk in de Z. Afrik. Republiek beschouwt zich dus als een onafhankelyke Kerk, onder haar eigen bestuur."[14] Dit was geheel en al na Jan Viljoen se sin. In September

---

12. Aangehaal uit G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, p.93. Scholtz meen dat die juistheid van hierdie bewering van ds. Van der Hoff nie bo alle twyfel staan nie, want die Vry=staatse gemeentes, wat deel uitgemaak het van die Kaapse Sinode, was geensins ondergeskik aan Britse gesag nie. Volg Ibid., p.97.

13. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Notule, Volks=raadsvergadering, Potchefstroom, 22.11.1853, art. 9), p.171.

14. J.H. Breytenbach (red.): Notule II (Bylaag 146, 1853: C. Potgieter en H.A.C. Pretorius - ds. A. Faure, Potchefstroom, 22.11.1853), p.542.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1856 het hy in opdrag van M.W. Pretorius 'n opname in sy wyk gedoen van wie voor en wie teen die Kaapse Sinode is, en berig: "Myn gansche Wyk is stellig tegen het inlyven onder de Kaapsche Synode." Terselfdertyd het hy vir Pretorius verseker van "de Getrouwheid van het Publiek van Klein Mariko, aan Kerk en Staat en U.H.Ed. Perzoon."[15] Kerk en Staat was vir Viljoen 'n eenheid en Pretorius 'n simbool van die Groot Trek.

Ongelukkig vir kerklike eenheid het nie alle Transvalers gevoel soos Viljoen en die Maricoaners nie. Onver=sigtige optrede van ds. Van der Hoff, getuige sy botsing met Smellekamp in Rustenburg in Junie 1854,[16] het die Lydenburgers teen hom bevooroordeeld gemaak. Hulle het besluit om hom nie langer as hulle predikant te erken nie, en met goedkeuring van die Kommissie-Volksraad in November 1854 weer aansluiting by die Kaapse Sinode gesoek.[17] Hierdie besluit het hulle in botsing met M.W. Pretorius gebring, want dit het direk ingedruis teen sy strewe na politieke en kerklike eenheid. Hy het dus besluit om die Lydenburgers op kerklike gebied met politieke middele teen te gaan. By die Volksraadsitting op Pienaarsrivier in September 1855 het hy die lede wat op die Lydenburgse Kommissie=raad van November 1854 gedien het in 'n staat van beskuldiging gestel deurdat hulle optrede sou "zeker aanleiding kunnen, ja, zullen geven tot opstand of

---

15. SS 12 R1205/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 26.9.1856, pp.174-175.

16. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, pp.98-104; F.A.F. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp.157-158.

17. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Notule, Kommissieraad te Lydenburg, 8.11.1854, afd. 26), p.28 en (Bylaag 39, 1854, Suppl. stukke 40/54: Lydenburg kerkraad-Kommissieraad, 7.11.1854), p.276; G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.111-112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



scheuring onder of tusschen de ingezetenen dezer Republiek."[18] 'n Spesiale hof het die Lydenburgers daarop skuldig bevind aan verontagsaming van die grond=wet, elk met 150 Rds. beboet, en onwaardig verklaar om enige betrekking binne die landsgrense te beklee.[19] Die Lydenburgers het die uitspraak van die hof nie erken nie. Toe die Volksraad in Maart 1856 vir sy volgende sitting in Rustenburg byeengekom het, was daar onder die verteenwoordigers van Lydenburg vyf van die manne wat die vorige September by Pienaarsrivier ge=vonnis was. Dit het tot gevolg gehad dat daar nooit met die sitting 'n aanvang geneem is in die ware sin van die woord nie.[20] Met hierdie mislukte sitting het die Suid-Afrikaanse Republiek 'n politieke laagte=punt bereik. Die Lydenburgers wou hierna nie meer sittings van die Volksraad bywoon nie, en ook die Soutpansbergers onder leiding van Stephanus Schoeman het in eie weë opgegaan. Die Transvaalse politieke eenheid is verbreek as gevolg van 'n stryd wat 'n kerk=like oorsprong gehad het.[21] Ook op kerklike gebied was daar verdeeldheid: in 1859 het die Lydenburgers 'n eie predikant gekry in die persoon van ds. P.A.C. van Heyningen. Hulle het hulleself ingeskakel by die Kaapse Sinode. Dieselfde het gebeur in Utrecht aan die Transvaalse suidoosgrens. Op Hartbeesfontein in Wes-Transvaal was daar ook 'n sterk pro-Sinode groep.

----------

18. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Bylaag 50, 1855, R907/55: M.W. Pretorius se "Beschuldigingen", Pienaarsrivier, 10.9.1855), pp.37-377; G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.115-116.

19. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Notule, Sitting te Pienaarsrivier, 18.9.1855, art. 54), p.102.

20. J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Volksraadsitting te Rustenburg, 4-11.3.1856), pp.123-133.

21. G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.124-126.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gemoedsbesware teen die sing van Gesange by kerklike geleenthede was in 1859 verantwoordelik vir 'n tweede kerklike verdeling in Transvaal - 'n verdeling wat, soos aanstons sal blyk, 'n groot invloed op die lewe van Jan Viljoen gehad het. Die beswaardes het hulle naamlik gewend na die Christelik-Gereformeerde Kerk in Nederland - wat nie in sy eredienste van Gesange gebruik gemaak het nie - en die Sinode van hierdie kerk het besluit om 'n predikant na Suid-Afrika af te vaardig. Die keuse het geval op ds. Dirk Postma wat Nederland in April 1858 verlaat het. Op 11 Oktober is hy deur 'n groepie Transvalers in Ladysmith ontmoet, en 'n maand later was hy in Rustenburg. Met sy aankoms het die mense wat teen die gebruik van Gesange was vir die eerste keer die geleentheid gehad om hulle in 'n aparte gemeente te organiseer. Op drie kerklike byeenkomste het dit duidelik geblyk dat die standpunt van diegene wat teen Gesange was nie met dié wat ten gunste daarvan was versoen kon word nie. Die eerste byeenkoms was aan die einde van Desember 1858 in Potchefstroom, die tweede vroeg in Januarie 1859 in Rustenburg, en die derde was die agste Algemene Kerkvergadering in Pretoria wat op 10 Januarie begin het. Op hierdie vergadering is besluit dat Gesange behou sal word - iets waarmee ds. Postma hom nie kon vereenselwig nie. Hy het dus kontak gemaak met die anti-Gesange mense en hulle het besluit om 'n eie Gereformeerde kerk te stig. Dit het in Februarie 1859 in Rustenburg gebeur. Daar was toe drie Afrikanerkerke in Transvaal.[22]

----------

22. J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, pp.46-61;
G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika I, pp.149-156;
B.R. Krüger: Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, pp.157-214. Lg. skrywer verwerp bewerings dat ds. Postma as sendeling na Suid-Afrika gestuur is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Viljoen en die Maricoaners wat voorstanders van kerklike eenheid was, was nie tevrede met die stigting van 'n afsonderlike kerk deur ds. Postma nie. In Maart 1859 het die veldkornet aan president Pretorius geskryf dat 'n besoek van ds. Postma aan hulle geweste die grootste ontstuimigheid onder die inwoners verwek het, "zoodat ik genoeg te doen gehad het, om het publiek te keeren; maar nog is alles wel afgeloopen zoodat hier nog goede orde en wet heerscht."[23] Hyself het vir ds. Postma verbied om in die omgewing van sy plaas Vergenoeg rond te reis.[24] Hy het van die stig=ting van die Gereformeerde Kerk gepraat as "deze onge=lukkige scheuring ... die plaats gevonden heeft in onze kerk." Hy het in 1859 voorspel dat, "indien de zaak nu niet geheeld wordt, ... er een Religie oorlog onder de Emigranten zal ontstaan, die het verschrikkelykste van alle kwaad is die deze Republiek kan overkomen." Daarom was dit sy "vurigste wensch en onderdanige bede" dat president Pretorius alles in sy vermoë moes doen "om dezen ramp voor te komen."[25] Die Burgeroorlog wat hom oor die volgende vier jaar in die Suid-Afrikaanse Republiek afgespeel het, kan nie in die ware sin van die woord as 'n "Religie oorlog" bestempel word nie, maar soos uit hoofstuk 5 blyk, het kerklike oorwegings, ook van die kant van Viljoen self, 'n belangrike rol daarin gespeel. Kerklike eenheid was een van sy motiewe. Hy sou kerklike verdeeldheid in verband met staatkundige verdeeldheid bring en politieke en kerk=like eenheid probeer bewerkstellig.

---

23. SS 25 R2663/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.3.1859, pp.56-57.

24. B.R. Krüger: Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p.232.

25. SS 25 R2738/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.4.1859, pp.248-250.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretorius het wel probeer om die twee kerke te versoen. 'n Kerkvergadering wat op 26 April 1859 in Potchefstroom gehou is, is deur hom gevra om "te onderzoeken of de alhier opgerichte Gereformeerde Kerk ... voldoet aan de vereischten van Art. 20 der grondwet, hetwelke luidt: 'Het volk wil zijne Nederduitsch Hervormde Godsdienstleer, zooals deze in de jaren 1618 en 1619 door de Synode van Dordrecht is vasgesteld, in haren grondbeginselen blijven behouden, en de Nederduitsch Hervormde Kerk zal de kerk van dezen staat zijn'." Die vergadering het bevind dat die Gereformeerde Kerk aan die bepalings van hierdie artikel van die konstitusie voldoen. Daar moes dus gepoog word om die twee kerke te verenig. Op vergaderings van die Gereformeerdes in Augustus, die Hervormers in September, en albei kerke saam in November 1859 kon nie tot 'n oplossing van die geskilpunte tussen hulle geraak word nie. 'n Finale versoeningspoging het ook in September 1860 misluk.[26]

In die Suid-Afrikaanse Republiek was die Hervormde Kerk egter die bevoorregte Kerk, die Staatskerk wat deur die Regering beskerm moes word. Soos reeds gemeld was Jan Viljoen lid van hierdie kerk. Baie Transvalers het egter bly vaskleef aan die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk; ook die Gereformeerde Kerk wat deur ds. Postma gestig is, het 'n aansienlike aanhang geniet. Hiermee was die Hervormers nie tevrede nie. Hulle wou die bevoorregte posisie van hulle kerk as Staatskerk beskerm en terselfdertyd van hierdie posisie

---

26. J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, pp.67-70;
B.J. Krüger: Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p.215;
S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, pp.160-167;
G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.157-162.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik maak om sake vir die ander twee kerke te be= moeilik.[27] So is die President en Uitvoerende Raad in Desember 1859 in 'n aantal eendersluidende memories versoek om 'n Gereformeerde predikant te belet om die Republiek binne te kom. Een van die memories is deur Jan Viljoen onderteken, en lui soos volg: "Wy de ondergeteekende Burgers der Zuid Afrikaansche Republiek, ledematen der Nederduitsch Hervormde ge= meenten wenden ons by deze met gepaste eerbied en hoogachting maar ook met dringenden verzoek en ernst tot u Hoog Edele Heeren met de vraag of u Hoog Edele ons wilde inlichten op de vraag: Welke Kerk de Kerk van de Staat is; de Nederduitsch Hervormde Kerk welke al= hier bestaan heeft van af het begin der aanlegging van dit land of de kerk nu onlangs opgericht onder de leiding van den Heer D. Postma?" Dan vra die memoraliste dat "aangezien er vele vergeefschd pogingen zyn aangewend om eene vereeniging te bewerken tusschen onze Neder= duitsch Hervormde Kerk en de Kerk welke door den Heer Postma is opgerigt dat de Kerk door den Heer D. Postma opgerigt den naam drage welke dezelve werkelyk toekomt en dat de naam dezelfde moge Zyn als van de Kerk welke hem hierheen heeft afgevaardigd volgens zyne documen= ten." Daarna volg 'n bekendmaking wat sinspeel op die vraag wat die Uitvoerende Raad in April 1859 aan die Kerkvergadering op Potchefstroom gestel het:[28] "Tevens nemen de ondergeteekenden de vryheid U Hoog= Edele te berigten dat wy het voornemen hebben en ten uitvoer zullen brengen, om, teneinde volkomen ingelicht te worden te schryven naar de HoogEerw.

----------

27. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, p.138; G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, p.174.

28. Volg voetnoot 26 hierbo.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Synode van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Holland en aan de Professour van de Nederduitsch Hervormde academien, of onze Nederduitsch Hervormde Kerk of de Kerk waarvan den Heer D. Postma is uitgezonden het meest overeenkomstig is met de Synode van 1618 en 1619 ..."[29] Of die voornemens in hierdie memorie uitgespreek, uitgevoer is, kon nie vasgestel word nie. Aan die heil van die Gereformeerde Kerk het dit egter geen verskil gemaak nie. Die versoekskrif getuig egter van 'n sekere ontwikkeldheid by Viljoen.

In hoofstuk 5 waarin Viljoen se rol in die Burgeroorlog nagegaan word, word die kerklike opvattinge van daardie tydperk ook bespreek. Hier kan volstaan word by die opmerking dat die idee om die Hervormde Kerk as Staats=kerk te behou, wel as motivering vir Viljoen se optrede teen Kruger, die leier van die Gereformeerdes, gedien het. Dit verklaar in 'n groot mate Viljoen se proklamasie van 9 Januarie 1864 waarin "ieder lidmaat" van die "staatskerk en geloof" gewaarsku word om nie teen "onze Kerk, Staat en geloof" te veg nie.[30]

Uit Viljoen se besware teen die Gereformeerde Kerk, sy poging om ds. Postma van Vergenoeg weg te hou en sy optrede teen Kruger tydens die Burgeroorlog, is dit duidelik dat hy alles in sy vermoë sou doen om die posisie van sy kerk te beveilig. 'n Volgende insident wat by hierdie lys gevoeg kan word, was sy optrede teen ds. F.L. Cachet toe dié in 1868 in Marico kom kerkhou

----------

29. SS 30 R3373/59: J.W. Viljoen en 46 ander - President en Uitvoerende Raad, Potchefstroom, 24.12.1859, pp.518-520.

30. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, pp.11-12;
F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners I, pp.310-311;
G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.177-178;
S.P. Engelbrecht oor J.W. Viljoen in die Almanak, N.H. Kerk, 1926, p.154.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het. Voordat dit bespreek word, moet daar aandag gegee word aan die posisie van die Nederduits Gereformeerde Kerk.

In die vroeë sestigerjare was die posisie van dié Kerk in Transvaal alles behalwe rooskleurig. Tog sou hy nie verdwyn nie maar inteendeel nuwe bloei beleef. Dit moet toegeskryf word aan die verskyning van ds. F.L. Cachet wat na 'n derde beroep in 1865 in Utrecht aangekom het. Die Nederduits Gereformeerde Kerk het deur sy onvermoeide arbeid 'n faktor van betekenis in Transvaal geword. Hy het almal wat nie tot die Gereformeerde of Hervormde Kerke behoort het nie in verskillende dele van Transvaal in Nederduits Gereformeerde gemeentes verenig en dié gemeentes weer in Sinodale vergaderings saamgesnoer. Met die Hervormde Kerk kon dié Kerk egter nie saamwerk nie. Tydens die Algemene Kerkvergadering in Pretoria in November 1865 het hy die naam van die Hervormde Kerk probeer verander kry na Nederduits Gereformeerd, en het sy ortodokse standpunt in verband met die kerkreg en belydenisskrifte in botsing gekom met die liberale houding van di. Van der Hoff, Smits en Begeman van die Hervormde Kerk. Ds. Cachet het daarop verklaar dat hy die hele Republiek sou deurreis om "zuiver Gereformeerde gemeenten" op te rig en sy kragte wy aan die Nederduits Gereformeerde Kerk as geheel. Op 3 Desember 1866 het die eerste Sinode van die Transvaalse Nederduits Gereformeerde Kerk in Utrecht byeengekom. Verteenwoordigers van die gemeentes Utrecht, Lydenburg, Middelburg, Hartbeestfontein, Pienaarsrivier, Potchefstroom, Heidelberg en Vaalrivier (distrik Wakkerstroom) is daarheen afgevaardig. Later het daar nog vier gemeentes bygekom naamlik Marico (Zeerust), Ermelo, Bloemhof en Soutpansberg. Met die stigting van die gemeente Marico het ds. Cachet hom teen 'n onverwagte struikelblok in die persoon van kommandant Jan Viljoen vasgeloop.[31]

---

31. G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, pp.183-221.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Augustus 1868 het Viljoen te hore gekom van ds. Cachet se voorneme om in Marico te kom kerkhou. Die voorneme het hom nie aangestaan nie. Hy het gevoel dat ds. Cachet se besoek onnodig was. Hy het gevaar vir die invloed van die Hervormde Kerk onder sy mense daarin gesien, en daarom het hy besluit om die aktiewe predikant toegang tot sy wyk te weier. Hier was weer die idee van kerklike eenheid in sy gedagte.

Ds. Cachet was reeds saam met die teologiese kandidate A.H. Hofmeyr en J.P. Jooste op pad na Marico toe sy wa= drywer, 'n sekere Blignaut, op 12 Augustus 'n brief van kommandant Viljoen ontvang, waarin hy beveel is om nie sy drie passasiers daarheen te bring nie aangesien ds. Cachet nie toegelaat sou word om in die wyk Marico kerk te hou nie.[32] Ds. Cachet het besluit om hom nie daaraan te steur nie. Nog dieselfde dag is hulle deur die drif aan die grens van Marico. Viljoen het die daad by die woord gevoeg en met 'n paar van sy vriende persoonlik na die drif gery. Daar het Viljoen hulle gestop en beveel om om te draai. Die predikant se antwoord was dat niemand hom mag verbied om op 'n open= bare pad te reis nie. Viljoen se seun Georg, Thys van Zyl en Piet Joubert het egter geweld gebruik en die wa deur die drif uit Marico uit geneem.

Ten einde hulle kerkverpligtinge op 13 Augustus na te kom het ds. Cachet en proponent Jooste dwarsdeur die nag geloop na 'n sekere Snow se plaas waar die diens sou plaasvind. Proponent Hofmeyr het later die dag met die wa daar opgedaag, maar ook kmdt. Viljoen te perd. Hy het weer vir ds. Cachet beveel om Marico onmiddellik te verlaat. Die predikant het egter geen ag op sy bevele geslaan nie. Proponent Jooste het godsdiensoefeninge daar gehou.

----------

32. Argief Potchefstroom 196 Landdros Kriminele Sake 1857-1868: Ondersoek Viljoen-Cachet, Bewysstuk A, J.W. Viljoen-J. Blignaut, 12.8.1868.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op Vrydag, 14 Augustus, het ds. Cachet van Snow se plaas vertrek op sy verdere reis deur Marico. Viljoen het weer persoonlik op G. Schoeman se plaas, Kwagga=fontein, opgedaag waar Cachet se wa weer deur hom voor=gekeer is. 'n Woordewisseling tussen predikant en kommandant het ontstaan. Viljoen het geweld toegepas en ds. Cachet vanaf sy perd met 'n sambok te lyf gegaan. Daarna het Viljoen ds. Cachet soos 'n gevangene op sy wa laat wegvoer en heeltemal uit sy koers losgelaat. Op 28 Augustus het ds. Cachet en proponente Jooste en Hofmeyr oor hierdie voorval 'n klag by landdros W.J. Otto van Potchefstroom ingedien. Dit het blykbaar nooit op 'n hofsaak uitgeloop nie.[33]

Na hierdie hardhandige optrede het kmdt. Viljoen hom nie verder met die predikant se werksaamhede bemoei nie. Hulle kon dus die volgende dag ongestoord voortgaan met die stigting van die Nederduits Gerefor=meerde gemeente Marico.[34] Die voorval het natuurlik mettertyd rugbaar geword, en is in die breë met afkeuring bejeën.[35] Viljoen het later volgens oorlewering self spyt daaroor gehad en wou glo nooit juis daaroor praat nie.[36] By die derde Sinode van die Nederduits

---

33. Argief Potchefstroom 196 Landdros Kriminele Sake 1857-1868: Verklarings van A.H. Hofmeyr, J.P. Jooste en F.L. Cachet voor landdros W.J. Otto, 28.8.1868. Hierdie landdrosstukke was die belangrikste bron by die skrywe oor hierdie insident. Daar is ook gebruik gemaak van
H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust, pp.222-230;
S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, pp.244-247;
Die Kerkbode, 27.2.1924 (P.G.J. Meiring: Twee Voorname Hollanders, p.272 e.v.);
F. Kriel: Die Lewe van Frans Lion Cachet, p.74.

34. F.L. Cachet: Vijftien Jaar in Zuid-Afrika, pp.164-165.

35. C. Spoelstra: Het Kerkelijk en Godsdienstig Leven, p.350.

36. A 787 (Preller) no. 213, Lêer 148 (Getuigenis van J.C. Fourie omtrent J.W. Viljoen), p.284.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gereformeerde Kerk in Desember 1868 in Potchefstroom was daar selfs 'n beskrywingspunt van die gemeente Amersfoort oor die sambokaanval. Die afgevaardigdes op die Sinode het die behandeling wat ds. Cachet en proponente Hofmeyr en Jooste te beurt geval het betreur en hulle misnoë uitgespreek oor die feit "dat van de zijde der Hervormde leeraars en gemeenten geen enkel woord van afkeuring over Viljoens handelwijze is gehoord", wat impliseer het dat "die leeraren de handelwijze van het lid hunner gemeente stilzwijgend goedkeuren." Die Sinode was egter ook van mening dat dit geen doel sou dien om Viljoen voor 'n geregshof te daag nie, maar dat hy oorgegee moes word "aan Hem die rechtvaardig oordeelt."[37]

Hierdie insident is 'n bewys van die onenigheid wat in Transvaal geheers het na die kerkverdelings. Komman=dant Viljoen wat telkens wanneer die posisie van sy kerk op die spel was, geneig het om die reg in eie hande te neem, het ook hierin te ver gegaan. Hy het egter deur sy optrede onomwonde getoon hoe ontevrede hy was oor die kerklike verdeling en het persoonlik probeer ver=hoed dat dit tot Marico sou deurdring. Daarin het hy egter nie geslaag nie. Die voorval dui op die bitter=heid wat in daardie dae op kerklike gebied geheers het en bring die neiging tot gewelddadigheid in die "kwaai oubaas" Viljoen se karakter duidelik uit.

Na die stigting van 'n afsonderlike Hervormde gemeente Marico in Junie 1871 het Viljoen hom aktief saam met die Kerkraad en Gemeente beywer vir die verkryging van 'n eie predikant.[38] Met die ontvangs van die eerste predikant, ds. J.C. de Vries, in November 1875, was

---------

37. G.D. Scholtz: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika I, p.222.

38. SS 187 R887/75: Marico-Kerkraad - Uitvoerende Raad, 17.4.1875, pp.235-237.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die oud-kommandant ook teenwoordig. Die eerste Sondagoggend was daar effense onenigheid onder die Kerkraadslede oor die vraag of hulle nuwe predikant van die preekstoel af mag preek of nie, waarop Viljoen opgespring en gesê het: "Kyk hier, julle het ons nou lang onder die Hollanders laat staan en nou het ons een Afrikaner hier ver een leeraar, jullie moet hem goed behandelen en nie onder nie maar op die preekstoel laat staan, anders skop ik van morre die preekstoel=deur open en laat hem daar in gaan." Ds. de Vries het daardie oggend van die preekstoel af gepreek.[39] Die woord "skop" dui ook op die karakter van Viljoen.

In 1885 het daar 'n vereniging tussen die Neder=duitsch Gereformeerde en die Hervormde Kerk plaasgevind, waaruit die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk ontstaan het, kortweg die Verenigde Kerk. Al die Hervormers was nie ten gunste van die vereniging nie, en hierdie beswaardes het die Hervormde Kerk behoue laat bly. Jan Viljoen was een van hulle.[40] Die kerklike eiendom was egter toe in besit van die Verenigde Kerk. In Zeerust sou dit tot ernstige botsing tussen die Hervormers en die Verenigde Kerk lei, want eersge=noemde het gevoel dat hulle ook die reg het om die kerk=gebou vir dienste te gebruik. Die landdros is by die saak betrek, en ook 'n Regeringskommissie van ondersoek. Twee honderd en tagtig Hervormde lidmate het op 21 Julie 1890 twee petisies aan die Uitvoerende Raad gestuur, die tweede petisie waarvan Jan Viljoen die eerste ondertekenaar was, waarin hulle regte op die kerkgrond bepleit is. 'n Skikking kon eers na 'n hofsaak bereik

---

39. H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust, pp.207-208.

40. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Neder=duits Hervormde Kerk van Afrika, p.341; S.P. Engelbrecht oor J.W. Viljoen in Almanak, N.H. Kerk, 1926, p.154.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word, en daarvolgens kon die Hervormers die kerkgebou behou.[41]

Dit is duidelik dat Jan Viljoen wat sy kerk betref alles behalwe passief gestaan het, al was hy nooit 'n ampsdraer in die kerk nie. Sy kerk sou tot by sy dood na aan sy hart lê, want hy was 'n gelowige man. In sy briewe kom uitdrukkings soos "met Gods hulp",[42] "door des Heeren Zegen",[43] en "als de Heeren wil"[44] dikwels voor. Hy het ook sy kinders laat doop[45] en tot lidmate van die kerk laat word. By 'n geleentheid het hy 'n treffende voorbeeld uit die Bybel gebruik om die toestand in Transvaal te beskryf. Dit was in Maart 1879 by die Volksraadsvergadering op Kleinfontein. Daar het hy die hoop uitgespreek dat die onafhanklikheid van die Republiek spoedig herstel sal wees, "want de kinderen Israëls hadden wel 40 jaren in de woestijn rondgezworven, maar wij waren reeds langer in de ver=drukking geweest."[46]

Ten slotte moet opgemerk word dat Viljoen uiters "kwaai" in sy optrede was soos blyk uit die sambokaanval op ds. Cachet. Hy het fanaties gestaan by wat hy geglo het reg was. As heersersfiguur wou hy sy bevele uit=gevoer sien. Dan het hy die reg in eie hande geneem en mense te lyf gegaan. In 1863-1864 sou hy ook die Staat te lyf gaan en in 'n burgeroorlog bloedvergieting te weeg bring.

----------

41. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, pp.369-375;
H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust, p.235.

42. SS 11 R1060/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 11.5.1856, p.267.

43. SS 16 R1638/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 9.7.1857, p.244.

44. SS 122 R474/70: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 3.10.1869, pp.116-117.

45. H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust, pp.160-161.

46. De Volksstem, 25.3.1879 (Verslag van byeenkoms op Kleinfontein, 20.3.1879).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

## Leier van 'n Opstand teen die Staat

### 1. Die politieke agtergrond

Jan Viljoen het homself in Desember 1859 na Potchefstroom begewe om daar voor president M.W. Pretorius sy eed as kommandant te gaan aflê. Daarvolgens het hy belowe om die bevele van diegene wat bokant hom gestel is, te gehoorsaam, en om niks anders as die bloei, welvaart en onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek in die oog te hou nie.[1] Vier jaar later, in Desember 1863, was Viljoen weer in Potchefstroom waar hy deur opstandelinge teen die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek tot hulle fungerende kommandant-generaal gekies is.[2] Hierdie vier jaar was 'n tydperk van woelinge en stryd in die pioniere-gemeenskap noord van die Vaalrivier, wat 'n onuitwisbare merk op die gees van die Transvaalse volk nagelaat het, en waaroor hulle later skaam gevoel het. In hierdie botsings het Jan Viljoen 'n belangrike rol gespeel.

Om Viljoen se rol in 1863-1864 te begryp sal dit nodig wees om die politieke agtergrond van 1860 tot 1863 kortliks te skets. Vir die Suid-Afrikaanse Republiek was dit 'n tyd van staatkundige verwarring, politieke onstabiliteit en onsekerheid en gebrek aan leierskap. Die grondoorsaak van die Burgeroorlog moet gesoek word in die verkiesing van M.W. Pretorius tot die president van die Oranje-Vrystaat terwyl hy nog president van Transvaal was. Dit hou verband met die verenigingstrewe wat daar ná die Groot Trek en die ontstaan van die

---

1. SS 30 R3400/59: J.W. Viljoen se eed as kommandant, Desember 1859, p.586.

2. Artikel deur Justitia in Het Volksblad, 16.1.1864.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



twee Boererepublieke in 1852-1854 by die Voortrekkers gelowe het. Twee republieke was vir hulle iets onnatuurliks. M.W. Pretorius het al sedert 1853 (soos ook sy vader) die ideaal gekoester om die twee Republieke te verenig en vanaf 1854 tot 1858 daadwerklike pogings aangewend om dit tot stand te bring. In Junie 1858 was die twee Republieke op die punt om te verenig toe sir George Grey dit verhinder het deur as Britse beleid te verklaar dat, indien die twee Republieke verenig dit die verval van die twee Konvensies sou meebring.[3] Omdat die Republieke nie 'n risiko wou loop om hulle onafhanklikheid te verloor nie het vereniging dus nie deurgegaan nie. Onder die druk van die Basoeto-oorlog van 1858 het die Vrystaatse Volksraad in Desember 1858 met een stem meerderheid op federasie met die Kaapkolo=nie besluit.[4] Weens die houding van die Londense regering het dié federasie ook nie deurgegaan nie. Die verenigingsgesindes in die Oranje-Vrystaat het egter tot 'n reaksie oorgegaan en gehoop om vereniging met die Suid-Afrikaanse Republiek te bewerkstellig deur vir M.W. Pretorius tot hulle president te kies.

Hierdie verkiesing, hoewel aantreklik vir Pretorius, was ongeleë vir Transvaal vanweë die politieke woelinge wat in die voorafgaande jare tussen die regionaal-politieke groepe en veral ook om die presidentskap van M.W. Pretorius plaasgevind het. Dit is bekend dat Zoutpansberg wat onder leiding van Stephanus Schoeman gestaan het die presidentskap van M.W. Pretorius in 1857 verwerp het, met burgers teen hom opgetrek het,

---

3. Grey se skrywe aan die Vrystaatse president waarin hierdie dreigement gemaak is, is op 12-13 Julie 1858 deur die Transvaalse Volksraad behandel ('n afskrif van die brief is dan ook gepubliseer in J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.184) en het dus saam met die Volksraadsnotules in die Staatskoerant van 16.7.1858 onder die openbare aandag gekom.

4. D.C. Joubert (red.): Notule Volksraad O.V.S. III, pp.90 en 132-133.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en dat eers in 1858 tot versoening oorgegaan is toe hy tot kommandant-generaal van Pretorius herverkies is. Die Oos- en Suidoos-Transvalers met Lydenburg as sentrum wou Pretorius ook nie erken nie en het in 1856 oorgegaan tot die stigting van die Republiek Lydenburg.[5] In 1857 het M.W. Pretorius dit met die Vrystaat by die Renosterrivier aan die stok gehad, waarna hy probeer het om sy teenstanders in Transvaal te versoen. Die poging het uitgeloop op 'n vereniging met die Republiek Lydenburg wat eers in April 1860 'n werklikheid geword het.[6] Die Pretorius-aanhangers het Potchefstroom-Marico tot sentrum gehad en hulle sou by hom staan ook wat sy Vrystaatse presidentskap en verenigingsideaal betref.

Pretorius se vertrek na die Vrystaat het dus gekom in 'n tydstip toe die middelpuntvliedende kragte in Transvaal nog nie heeltemal tot rus gekom het nie en nog voordat konsolidasie van die verenigde staat kon plaasvind. Sy buitelandse onderneming sou opnuut 'n stok in die wiel van Oorvaalse staatsvorming word en die middelpuntvliedende kragte weer loslaat waardeur rege=ringloosheid en chaos ingetree het. Die probleme sou grootliks om sy persoon en sy verenigingsideaal sentreer. Transvaal is leierloos agtergelaat.

Pretorius het uit 'n onverwagte oord steun gekry naam=lik by Stephanus Schoeman wat voorheen sy vyand was. Dié het die verenigingsideaal gesteun vanweë die feit dat sy vorige leier, A.H. Potgieter, aansprake op die Winburgse gebied gemaak het en Schoeman het hom as die erfgenaam van Potgieter se leierskap gesien. Ook het Pretorius die steun geniet van sy Wes-Transvaalse

----------

5. F.A.F. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860, p.169.

6. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volksraadsitting, Pretoria, 3-10.4.1860, art. 13), p.41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgelinge, veral van Jan Viljoen, maar daar was ook teenkanting veral van die kant van die Oos-Transvalers wat, soos gesê, in April 1860 met die Suid-Afrikaanse Republiek herenig het. Terwyl sy direkte aanhangers Pretorius gesteun het, was daar baie burgers wat in die woorde van Viljoen "eenigzins onrustig" gestem is deur sy vertrek en die moontlikheid van vereniging, want dié kon, gedagtig aan Grey se dreigement van 1858, die on= afhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek riskeer, en dié het swaar by hulle geweeg. Daar sou dus polari= sasie in die Suid-Afrikaanse Republiek kom rondom die persoon van Pretorius.

Kommandant Viljoen het die nuwe situasie dopgehou en sy leier op 28 Januarie 1860 van advies bedien: "Het is noodig dat U.H.Ed. niet onder de tegenwoordige Constitutie van den Vrystaat inzweren, maar voor dat U.H.Ed. Uwen Eed afleggen zulke voorstellingen en be= palingen maken, dat U.H.Ed. niet aan den Vrystaat ge= bonden worden, maar wel de Vrystaat aan en onder U.H.Ed."[7] - raad waaraan Pretorius hom probeer hou het.[8] Viljoen gaan nog dieper op die saak in. Die belangrikste rede, volgens hom, waarom Pretorius by die aanvaarding van die amp van president van die Oranje-Vrystaat uiters versigtig moes wees, was omdat die Vrystaters self oor hulle grondwet verdeeld was. Met insig verklaar hy dat die gevaar nie van die kant van die Britse regering afkomstig was nie, maar van die kant van die Vrystaters self, omdat hulle synsinsiens nog nie geweet het wat vryheid is nie. Viljoen was veral bekommerd oor die "verscheidene gevoelens der inwooners van den Vrystaat, betreffende ons, het Britsch Gouvernement, en hun zelven" - teenstrydige

---

7. SS 32 R3514/60: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 28.1.1860, pp.216-219.

8. Volgens F.A.F. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860, p.238.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



-voelens wat in 1858 tot uiting gekom het toe die Vry=staatse Volksraad in Junie op die punt gestaan het om vereniging met Transvaal deur te voer, maar in November egter op vereniging met die Kaapkolonie besluit het.[9] Viljoen het goeie rede gehad tot skeptisisme, want waar=deur 'n volk waarvan die leiers sulke besluite neem werklik sy vryheid?

Tog het Viljoen, soos trouens die meeste Pretorius-aanhangers in Transvaal, gevoel "de Vrystaat komt ons Emigranten wettig toe."[10] Viljoen het self onder Andries Pretorius by Boomplaas geveg vir die behoud van die Emigrante-gronde in die Transoranje. Dit is dus verstaanbaar waarom Pretorius se ideaal om die Oranje-Vrystaat met Transvaal te verenig, deur Viljoen onder=steun is. Dit was ook die geval by ander Pretorius-volgelinge, veral in Wes-Transvaal. Viljoen skryf byvoorbeeld in Maart 1860 aan Pretorius dat hy en die inwoners van Marico "wenschen dat de dag moogt aan=breken dat de twee staten in een gebonden zyn." Intussen het hy ook gehoor van "Eerzuchtige Personen" wat teen Pretorius gekant was en gepoog het om sy posisie as Transvaalse president te ondermyn. Daarop het Viljoen die volgende veelseggende en ondubbelsinnige belofte aan Pretorius gemaak: "Maar ik verzeker U.H.Ed. dat ik naast U zal staan en met U.H.Ed. sterven, U.H.Ed. helpen, en verdedigen."[11] Sy steun het onvoorwaardelik by Pretorius gelê, en binne vier jaar sou Viljoen die wapen ten behoewe van Pretorius opneem.

---

9. Volgens J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek, p.37, gee hierdie brief die presiese gevoelens en besware van 'n groot aantal Transvalers weer.

10. SS 32 R3514/60: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 28.1.1860, p.219.

11. SS 33 R3653/60: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 26.3.1860, pp.139-140.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen het nie gemeld wie die "Eerzuchtige Personen" was nie. Op 1 Februarie 1860 het die Volksraad aan Pretorius buitelandse verlof vir nie langer as ses maande nie, toegestaan.[12] Enkele dae later is hy as president van die Oranje-Vrystaat ingesweer.[13] In April het die Volksraad egter 'n besluit geneem "wat al die middelpunt vliedende kragte andermaal sou ontketen",[14] 'n besluit naamlik "dat de Wel-Ed. Heer M.W. Pretorius, tot de zitting van den Edl. Achtb. Volksraad in September aanstaande buiten zyne werkzaamheden als President zal blyven",[15] dit wil sê hy is uit sy pos in Transvaal geskors, moontlik uit vrees vir wat ver= eniging kon bring. Vir die talle Pretorius-volgelinge in Wes-Transvaal was hierdie besluit teleurstellend. Soos blyk uit Viljoen se skrywe hierbo aangehaal, was hierdie mense fanatiese aanhangers van hulle leier wat ook staatshoof was. By die uitskakeling uit sy amp wou hulle nie berus nie.[16]

Kommandant Jan Viljoen het homself aanvanklik nie aktief by die geskille wat uit Pretorius se dubbele presidentskap voortgespruit het, laat betrek nie, en het eers in November 1863 tot die politiek toegetree. Hy het wel die sogenaamde "Protes van Mooirivier"

---

12. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volks= raadsitting, Potchefstroom, 31 Januarie-2 Februarie 1860), p.36.
13. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 16, 1860, R3683/60: J.H. Grobler-Volksraad, Pretoria, 9.4.1860), pp.345-346;
    F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners I, pp.263-264.
14. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.450.
15. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volks= raadsitting, Pretoria, 3-10.4.1860, art.49), p.49.
16. Vgl. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe I, p.41, waar hy melding maak van die Wes-Transvalers wat "nog steeds soos vroeër die staat met 'n persoon en wel die persoon wat per sé hulle man moet wees, d.i. M.W. Pretorius, assosieer." Met hom afgesit as president, kon die staat wat hulle aanbetref nie voortgaan nie, en daarom moes hy in sy posisie herstel word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Oktober 1860, waarin Pretorius nog steeds as president van Transvaal erken is, onderteken.[17] Hierdie "Protes" het gevolg op 'n stormagtige Volksraadvergadering in Pretoria die vorige maand. Tydens dié vergadering het Pretorius ontslag as president van die Suid-Afrikaanse Republiek gevra. Die versoek is op 15 September deur die Volksraad goedgekeur "onder voorwaarden, dat Z(H)Edele (Pretorius) verpligt zy, met den Wel-Ed. gestrengen Heer St. Schoeman, Commandant Generaal, byeenkomsten te houden, ten einde het publiek de vereischte inlichtingen te geven, waarom ZHEd. ontslag heeft gevraagt."[18] Van hierdie opdrag het beide Pretorius en Schoeman vir eie politieke gewin misbruik gemaak.

Stephanus Schoeman van Soutpansberg was op hierdie stadium 'n gefrustreerde man. Sedert 1858 was hy al kommandant-generaal en lid van die Uitvoerende Raad. Met Pretorius se vertrek na die Oranje-Vrystaat moes die Volksraad 'n waarnemende president kies, en die keuse het geval op J.H. Grobler, ook 'n lid van die Uitvoerende Raad. Schoeman was blykbaar bitter ontevrede dat hy nie gekies is nie, en het hom nie by die aanwysing neergelê nie.[19] Van die opdrag om saam met Pretorius byeenkomste te hou om laasgenoemde se bedanking as president aan die volk te verduidelik, het Schoeman gebruik gemaak om eie invloed te win. Dit moes vir Pretorius onverwagse steun gewees het, want

-----------

17. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag: Verslag van "Het Volksblad" van 7.2.1881), p.89. Oor die inhoud van die "Protes", kyk infra pp.8-9.

18. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volksraadsitting, Pretoria, 10-29.9.1860, art. 66), p.65.

19. H.W. Grimsehl: Die Rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861-1864), in "Historia", Tweede Jaargang Nr. 3, Desember 1857, pp.227-228.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Schoeman was een van sy ou teenstanders.[20] Politieke ambisie het soms eienaardige bondgenootskappe tot gevolg, en Schoeman se ambisie om waarnemende presi= dent te word het swaar by hom geweeg.[21] Moontlik wou hy die pos slegs tydelik beklee totdat Pretorius sy verenigingsideaal deurgevoer het en dan terugkeer as president.

Pretorius en Schoeman se eerste byeenkoms is op 8 en 9 Oktober 1860 op Potchefstroom gehou. Daar is, in plaas van te verduidelik waarom die Volksraad Pretorius se bedanking as president aanvaar het, eerder die vlam van verset teen die Volksraad aangesteek, 'n vlam wat meer as drie jaar later deur Jan Viljoen tot sy hoogte= punt gekoester is. Die instrumente in Pretorius en Schoeman se hande was vyf vooraanstaande Pretorius-volgelinge, naamlik J.W. Spruyt, D.F. Steyn, C.J. Bodenstein, H. St. Lombard sr. en J.F. Preller.[22] Hulle is genoem "Sprekers van het Volk", dit wil sê mense wat die "stem" van die volk vertolk. Dit is interessant om daarop te let dat daar aansluiting gevind is by die ou Voortrekkeropvatting, naamlik dat "die volk" die hoogste gesag dra, die "koningstem" is en

---

20. In Maart 1857 het Schoeman selfs vir Pretorius tot 'n tweegeveg uitgedaag - volg A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.58.

21. H.W. Grimsehl: Die Rol van Stephanus Schoeman, p.229. Hy meld ook die taning van Schoeman se invloed in Lydenburg ten voordele van C. Potgieter as bydraende oorsaak vir Schoeman se politieke ommeswaai.
G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.451, is van mening dat Pretorius en Schoeman deur die optrede van die Volksraad in een kamp gedryf is.

22. Bodenstein (wat later kante geruil het, sien infra, p.106), was op daardie stadium 'n kommandant; H.S. Lombard was vroeër landdros van Potchefstroom, lid van die Uitvoerende Raad en Volksraadslid, en was op daardie stadium wees= heer van die Suid-Afrikaanse Republiek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook dat as "die volk" spreek, die owerheid moet swyg. Hulle het egter nie besef dat hulle slegs 'n onderdeel van die volk as geheel was nie. Die sogenaamde "Sprekers" het hulle bes gedoen om by die teenwoordige publiek, of te wel die "volk", gevoelens teen die Volksraad te laat posvat. Die "volk", die "hoogste stem in de regering des lands hebbende", het besluit om Pretorius as president van die Suid-Afrikaanse Republiek te herstel en aan hom 'n jaar verlof toe te staan om sy bedrywighede in die Oranje-Vrystaat te kan voortsit. Intussen moes Stephanus Schoeman as presi= dent waarneem. Talle Pretoriusondersteuners het hulle handtekeninge by hierdie besluite gevoeg.[23] 'n Korrespondent van Het Volksblad het hierdie opstands= besluite "de protesten van Mooirivier" genoem, en vir kommandant Jan Viljoen as 'n ondersteuner daar= van.[24]

Die onvoorwaardelike steun wat die versetsmanne in Potchefstroom verwerf het, het hulle onmiddellik tot arbitrêre optrede laat oorgaan. Die regeringspers is onder bewaking van die simpatieke landdros J.C. Steyn geplaas, en aan H. Jeppe, die goewerments-drukker en posmeester-generaal, is opdrag gegee om slegs die bevele van 'waarnemende president' Schoeman te gehoor= saam.[25]

Op 13 Oktober het Pretorius en Schoeman hulle tweede byeenkoms in Rustenburg gehou. Daar het dit minder voorspoedig met hulle gegaan. Die teenwoordige

---

23. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 49(a)-49(d), 1860, R4066/60: Besluite geneem op byeen= koms te Potchefstroom, 8-9.10.1860), pp.388-393.

24. Het Volksblad, 7.2.1861, aangehaal in J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.89.

25. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 51, 1860, BB 294/60: J.H. Grobler-St.Schoeman, Pretoria, 17.10.1860), p.396.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



publiek het as hulle sprekers gekies Wm. Robinson en kommandant S.J.P. (Paul) Kruger. Kruger openbaar hom= self hier vir die eerste keer as 'n man wat slegs die gesag van die grondwet wou erken en geen onkonstitu= sionele optrede soos op Potchefstroom wou aanvaar nie.[26] Op hom en Robinson se voorstel is besluit om nóg die Volksraad, nóg Pretorius se handelswyse sedert Februarie goed te keur - die Volksraad omdat die toestaan van buitelandse verlof aan Pretorius ongrondwetlik was; Pretorius omdat sy aansoek om verlof om as president van 'n ander staat ingesweer te word, ook ongrondwetlik was. Verder is besluit dat 'n hof opgeroep moes word om geskille behoorlik op te klaar voordat 'n nuwe presi= dent gekies kon word.[27]

Ook in Pretoria het Pretorius en Schoeman se veldtog op 26 en 27 Oktober die wind van voor gekry. Dáár is voorgestel "dat de besluiten van Rustenburg door het publiek van Pretoria worden gesecondeerd."[28] Die op= standige besluite het feitlik net in Wes-Transvaal ingang gevind. Daar was minimale steun uit ander distrikte, soos die 21 stemme uit Waterberg.[29] Die "Sprekers van die Volk" het dus nie die hele volk verteenwoordig nie, en dié het geblyk verdeeld te wees oor die Pretorius-aangeleentheid en die Volksraad se optrede.

-----------

26. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.452.

27. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 50, 1860, R4069/60 en R4072/60: Notule byeenkoms te Rustenburg, 13.10.1860), pp.394-396.

28. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 55, 1860, R4092/60: Besluite geneem op 'n byeenkoms in Pretoria op 26-27.10.1860), p.399.
J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.102, beweer dat daar op Pretoria 'n meerderheid vir die Potchefstroom-besluite was.

29. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 58, 1860, R4107/60: Notule byeenkoms in veldkornet= skap Waterberg, 23.10.1860), p.400.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Potchefstroom was die hoofsetel van verset teen die Volksraad. Dit kom duidelik uit toe waarnemende president Grobler en die staatsekretaris Struben, wat op 20 November vir staatsake hierdie dorp besoek het, deur die "Sprekers van die Volk" beveel is om hulle= self uit die voete te maak.[30] Aanvanklik het hulle die dreigement geïgnoreer, maar dieselfde aand is hulle lewe en veiligheid bedreig deur 'n aantal Potchefstroom= se inwoners wat onder die leiding van die "Sprekers" D. Steyn en Fr. Preller gestaan het, waarop hulle die dorp op die volgende dag verlaat het.[31] Die opstande= linge was vol moed vir die toekoms: op 14 Desember, so is bereken, sou die staatsgreep afgehandel word wanneer "de parmantige dikpens (Grobler) zal worden afgezet" en Schoeman deur drie- of vierhonderd man as fungerende president "op zyne zetel gezet (sal) worden". So skryf die Hollandse onderwyser H. Stiemens wat nou as die deur "die volk" benoemde fungerende staatsekre= taris sou optree.[32]

Skouspelagtig was die uiteindelike staatsgreep nie. Op 6 Desember 1860 het Grobler uit eie beweging as waarnemende president bedank,[33] en Struben as staat= sekretaris.[34] Dieselfde dag nog het die Uitvoerende

---

30. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 63, 1860, R4131/60: D.J. Steyn en J.F. Preller-J.H. Grobler en J.H.M. Struben, Potchefstroom, 20.11.1860), pp.402-403.

31. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 65, 1860, BB327/60: J.H. Grobler en J.H.M. Struben - St. Schoeman, Pretoria, 26.11.1860), pp.403-404.

32. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 66, 1860: H. Stiemens-J.G.C. van Leenhof, Potchefstroom, 30.11.1860), pp.404-405.

33. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 73, 1860, R4172/60: J.H. Grobler-Uitvoerende Raad, Pretoria, 6.12.1860), p.409.

34. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 72, 1860, R4171/60: J.H.M. Struben-Uitvoerende Raad, Pretoria,6.12.1860), p.408.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Raad bestaande uit Schoeman, W.C.J. van Rensburg, P.J. Coetzer en C. Viljoen vir eersgenoemde as oudste lid ooreenkomstig artikel 64 van die grondwet as waar=nemende president en vir W.C.J. van Rensburg as kommandant-generaal benoem.[35]

Schoeman was nou voorsitter van die Uitvoerende Raad. Op sy voorstel besluit hierdie liggaam dat 'n algemene byeenkoms op 14 Januarie 1861 in Pretoria gehou moes word. Sowel die Volksraadslede as die "Sprekers" van die volk is aangeskryf om hierdie byeenkoms by te woon.[36] Op die bepaalde dag het ook 28 krygsoffisiere en tussen 125 en 150 burgers uit verskillende distrikte in die hoofstad byeengekom.[37] Schoeman wou waar=skynlik van hierdie geleentheid gebruik maak om sy bewind gewettig te kry deur die Volksraad ook.[38] Aan die Volksraadslede het hy gesê dat hy hulle byeengeroep het omdat daar "van alle zyden klagten tegen dezelve (die Volksraad) waren ingediend, waarmede hy die heren wilde bekend maken."[39] Hierdie manne was self nie eenstemmig oor die vraag of hulle nog as die hoogste gesag in die staat erken kon word nie, en, aangesien hulle die volksvertroue verloor het, nie moes bedank nie.

---

35. UR 1: Notule, Uitvoerende Raadsitting, 6.12.1860, p.193; J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volksraadsitting, Pretoria, 4.4.1862, art. 28; 12.4.1862, art. 69), pp.101 en 116. Hierdie Volksraadsitting waarop Schoeman se optrede ondersoek is, word later behandel. Kyk H.W. Grimschl: Die Rol van Stephanus Schoeman, p.231 en J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.103.

36. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Verslag van "Een Vriend van Veritas" in De Zuid-Afrikaan, 7.3.1861), p.84.

37. The Friend of the Free State, 1.2.1861: Verslag van "Een Onpartydige Volks Vriend" opgeneem uit De Oude Emigrant.

38. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.455.

39. The Friend of the Free State, 1.2.1861: Verslag van "Een Onpartydige Volks Vriend" opgeneem uit De Oude Emigrant.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tussen die Pretorius-ondersteuners in die Volksraad en die "anti-Pretorianen" was daar soveel meningsverskil oor die vraag of hulle moes bedank of nie, dat Schoeman geëis het dat die vergadering 'n paar uur verdaag sodat hy met die krygsoffisiere daaroor kon beraadslaag of die Volksraad sou sitting neem of nie. Al het geen wet aan enige krygsraad sodanige reg verleen nie, het die 28 offisiere wat in Pretoria was, en waaronder ook kommandant Viljoen getel het, besluit dat die Volksraadslede slegs kon sitting neem om die aanklagte teen hulle aan te hoor. Daarna moes hulle dadelik uiteengaan. Aangesien die meerderheid van die Volksraadslede bowendien geglo het dat hulle "niet verder voor land en volk kon werkzaam zyn", is aan die Krygsraad se versoek voldoen. Die Volksraad is egter nie uiteen nie voordat die voorsitter, D.H. Botha, van waarnemende president Schoeman verlof gekry het om die lede die volgende dag as privaat persone te laat vergader om te besluit wat hulle verder te doen staan.[40]

Schoeman se goedgelowigheid om 'n byeenkoms van die Volksraadslede toe te laat was volgens die historikus Theal 'n oordeelsfout[41] wat hom later sy posisie sou kos. Die byeenkoms was op Woensdag, 16 Januarie. Die Volksraadslede het uit hulle midde 'n kommissie van vyf lede saamgestel om hulle belange verder te behartig. Die kommissie het daarop besluit om Daantjie Steyn en Jan Spruyt, twee van die Mooirivier-sprekers, te arresteer. Toe die Volksraadkommissie die volgende dag sy plan tot uitvoer wou bring, het Jan Viljoen, "de brave Comdt. van Marico", hom dadelik tot die twaalf Maricoaners wat hom vergesel het, gewend. Hulle was almal Pretorius-ondersteuners en ondertekenaars van

---

40. Verslag van Het Volksblad, 7.2.1861, aangehaal in J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, pp.87-89.

41. G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), p.445.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die "Protes van Mooirivier", en sou nie toelaat dat hulle segsmanne so maklik gearresteer word nie. Viljoen se opdrag aan hulle was: "Vrienden, shiet uwe roeren af, en laa(d)t dezelve op nieuw, en zit er een kogel op."[42] Die twaalf skote wat skielik oor Pretoria geklap het, het die arrestasie-poging deur die Volks=raadskommissie net daar kortgeknip.

Die Volksraadskommissie het die stryd nie gewonne ge=gee nie, maar die volgende dag 'n aanklag van rebellie teen die vyf "Sprekers" by landdros J.J.P. Prinsloo van Pretoria ingelewer.[43] Prinsloo het dit voor die Uitvoerende Raad gelê, wat besluit het dat 'n hoog=geregshof op 11 Februarie in Pretoria sou sitting neem om die aangeklaagdes te verhoor. Schoeman, die waar=nemende president van die Uitvoerende Raad, se meegaan met hierdie besluit, kan net tot een gevolgtrekking lei, en dit is dat hy van mening was dat sy vyf grootste ondersteuners in Potchefstroom onskuldig aan enige ver=volgbare oortredings was. Hy het nie besef dat hulle optrede gelyk gestaan het aan opstand teen die staats=gesag nie, en dat hy sy posisie ook daaraan te danke gehad het. Daarom het hy geen beswaar gehad toe dagvaardings op Spruyt, Lombard, Steyn, Preller en Bodenstein bedien is om op 11 Februarie voor die hof in Pretoria te verskyn nie.[44]

Die hof het op die bestemde tyd en plek met sy sitting begin, maar van die vyf "Sprekers" was slegs Bodenstein teenwoordig. Die jurie se uitspraak was toe nie, soos Schoeman blykbaar verwag het, dat die Volksraad skuldig was aan ongrondwetlike optrede nie. Inteen=

---

42. The Friend of the Free State, 1.2.1861: Verslag van "Een Onpartydige Volks Vriend" oorgeneem uit De Oude Emigrant.

43. Verslag van Het Volksblad, 7.2.1861, aangehaal in J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.89.

44. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 9, 1861, Landdros, Pretoria, 553, T.4/2431, p.73 vv.: Dagvaarding), pp.415-416.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deel: op hulle aanbeveling het die landdroste Prinsloo en C. Potgieter van Lydenburg op 14 Februarie die vyf aangeklaagdes skuldig bevind en as "Rebellen en Staatsberoerders" gevonnis tot Rds.1333:2:4 elk, behalwe Bodenstein, wat vooraf skuld erken het en met slegs Rds. 200 beboet is.[45]

Hierdie vonnis het ontevredenheid veroorsaak veral onder die Pretorius-ondersteuners in Potchefstroom waar gevoelens hoog geloop het.[46] Spruyt en Daantjie Steyn het op juridiese gronde protes aangeteken teen die uitspraak en verklaar "dat zy zich aan de uitspraak van het Hooge Gerechtshof ... niet onderworpen."[47] Ver=skeie memories met proteste teen die uitspraak het ook die Uitvoerende Raad bereik.[48]

Toestande in Transvaal was nou hopeloos verward. Om orde uit die chaos te probeer skep het kommandant-generaal Van Rensburg 'n spesiale Volksraadsitting vir 18 Maart in Pretoria belê.[49] Schoeman kon geen nodigheid vir so 'n vergadering insien nie, en het ge=weier om sy goedkeuring daaroor uit te spreek.[50] Tog is die Volksraad byeengeroep. Slegs elf lede het

----------

45. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 9, 1861: Notule van die Hof), pp.416-419; J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.104.

46. H.W. Grimsehl: Die Rol van Stephanus Schoeman, p.231.

47. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 11, 1861, uit Het Volksblad, 16.3.1861: Protes van J. Spruyt en D.J. Steyn, Potchefstroom, Februarie 1861), pp.420-422.

48. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 12, 1861, R4271/61: St. Schoeman-Volksraad, Pretoria, 6.3.1861), p.422.

49. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.104.

50. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 12, 1861, R4271/61: St. Schoeman-Volksraad, Pretoria, 6.3.1861), p.422.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgedaag. 'n Geskikte lokaal kon ook nie vir die vergadering gevind word nie. Die lede het in die ope lug byeengekom, maar hulle is dieselfde dag nog on= verrigtersake uiteen.[51] Transvaal het nou geen behoorlike regering gehad nie, en so het die toestand tot 1863 gebly.

Schoeman het in April 1861 'n kommissie bestaande uit 12 verkose verteenwoordigers van "die volk" in Potchef= stroom bymekaargeroep. Hierdie kommissie het die vonnis van die hooggeregshof van 14 Februarie ongeldig verklaar, asook die aanvaarding deur die Volksraad van Pretorius se bedanking as president die vorige Septem= ber.[52]

Op kommandant Paul Kruger se inisiatief het daar op 2 en 3 September 1861 'n byeenkoms van krygsoffisiere in Pretoria plaasgevind waarop die vraag geopper is "Of de Oude Volksraad weder zitting moet nemen, of dat er eene nieuwe electie voor eenen Volksraad moet plaats vin= den". Schoeman het geweet dat die bestaande Volksraad nooit sy posisie as waarnemende president sou wettig nie. Hy stel dus voor "dat aangezien de gevoelens daaromtrent verdeeld zyn, en alle inwoners daarmede nog niet bekend, in ieder wyk byeenkomsten zullen worden gehouden, ten einde bekend te maken wat de gevoelens zyn, of de Oude Volksraad wederom moet zitting nemen, of dat er eene nieuwe electie voor eenen Volksraad moet geschieden." Hierdie voorstel is met twaalf stemme teen tien aangeneem - 'n gevaarlike klein

----------

51. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Verslag, Volksraadsvergadering, Pretoria, 18.3.1861 uit Het Volksblad, 11.4.1861: Binnelandsche Berigten: Z.A. Republiek), p.92; G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.455; en J.F. van Oordt:Paul Kruger, pp.104-105.

52. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 13, 1861, Gouvernements Courant, 10.5.1861: Notule byeenkoms van burgers, Potchefstroom, 5-13.4.1861), pp.423-433.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meerderheid, veral as in gedagte gehou word dat een van die teenstemme dié was van Kruger wat "niet gaarne de zaak willende uitstellen."[53] Hy wou so gou moontlik die staatsgesag in die hande van 'n Volksraad herstel sien.

Dit is in hierdie fase dat Paul Kruger as leier te= voorskyn gekom het met die doel om die staatsake volgens "die wet" gereël te kry. Op die volgende dag, 4 September, het hy en 27 ander "Sprekers van Pretoria en andere distrikten" 'n versoek onderteken en aan Schoeman gestuur naamlik "om zonder uitstel werkzaam te zyn om de Regeeringsvorm onmiddelyk in stand te brengen, volgens Grondwet, daar wy nu Regeeringloos zyn." Hulle "noodig dus alle Burgers van de Republiek uit, om met ons werkzaam te wezen, ter bevordering van het welzyn der Republiek."[54] Tien dae later, op die 14de September, is soortgelyke besluite op Rustenburg geneem.[55] Dit was die eerste tekens van 'n organisasie om die staatsgesag teen die wil van "die volk" van Potchefstroom en Wes-Transvaal te beskerm.

Kruger se standpunt verdien nadere ontleding. Die "wets"-idee het hy waarskynlik van sy Gereformeerde predikant, ds. Postma, gekry. Daarby het hy uitgegaan van die idee dat "die volk" 'n Grondwet aanvaar het wat as basis vir 'n landsregering kan dien. As die voor= skrifte daarvan stiptelik uitgevoer word of daarvolgens ondersoek gedoen word na die toestand, sou 'n wettige

---

53. ZAR 39 Staatskoerant 13.9.1861: Kennisgewing van H. Stiemens, 5.9.1861. Die Jan Viljoen wat saam met Kruger gestem het was waarskynlik kmdt. J.J. Viljoen van Waterberg.

54. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 15, 1861, R4616/61: P.J. Botha, S.J.P. Kruger en 26 ander-St. Schoeman, Pretoria, 4.9.1861), pp.433-434.

55. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe, p.287.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



regering weer op die been gebring kon word. Hy het hom op die beginsel van "die staat" gestel wat op die basis van die grondwet opgerig moet word. Dit het hom egter in 'n botsing gebring met diegene wat hulle=self as "die volk" - die hoogste gesag - gesien het.

Stephanus Schoeman het die optrede van die kommandant van Rustenburg as 'n opstand teen sy gesag vertolk. Daarom het hy 'al die getroue onderdane wat die bloei en welvaart van die Suid-Afrikaanse Republiek vooropstel', opgeroep om op 2 November na Pretoria te kom.[56] Ter=selfdertyd het hy die Pretorius-gesinde landdros J.C. Steyn van Potchefstroom beveel om, indien nodig, met 500 man na Pretoria op te ruk. Toe Kruger na Pretoria gekom het om oor die betreurenswaardige toestand te onderhandel, het Schoeman hom daarvan beskuldig dat hy die Gereformeerde Kerk tot Staatskerk wou verhef.[57] So is die kerklike verskille in Transvaal by die Burger=oorlog betrek. Pretorius was lid van die Hervormde Staatskerk. So ook Schoeman, Jan Viljoen en die meeste van die Pretorius-ondersteuners. Kruger daar=teenoor was lid van die Gereformeerde Kerk. Dit is te verstane dat sommige van die Gereformeerdes sou voel dat dit onnodig en onbillik was dat die Hervormde Kerk alleen deur die grondwet as Staatskerk erken is en dus in 'n bevoorregte posisie verkeer het. Die Her-vormdes wou graag hulle posisie behou. 'n Kerklike aspek kon maklik 'n handige propaganda-instrument word in die hande van die "volks"-leiers wat Pretorius-aanhangers was.

Kruger was nie van plan om hom deur Schoeman se be=plande magsvertoon en kerklike aantyging te laat afskrik nie. Daarom het hy ook sy eie ondersteuners tot die wapen opgeroep, soos blyk uit veldkornet H.S. Stroh se beroep op die inwoners van Rustenburg: "Uit

----------

56. Z.A.R. Staatskoerant, 11.10.1861.

57. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lasten orden van de boven my gestelde bevoegde magt, roep ik de onderstaande Heeren en trouwe Burgers op ... om op den 2den dag van de maand November 1861, te Pretoria te zyn, om de thans zwakke Staats Bestuur weder vast te stellen."[58] Tot 'n botsing tussen Kruger en Schoeman het dit egter nie gekom nie. Deur bemiddeling en onder voorsitterskap van M.W. Pretorius wat onverwags uit die Oranje-Vrystaat in Transvaal aan=gekom het, het 'n kommissie, gekies deur die "Volk der Z.A. Republiek", op 5 en 6 November in Pretoria vergader om op die "vreedzaamste en rechtvaardigste wyze" te probeer om 'n "regerings-vorm tot stand te brengen tot welvaart voor land en volk." 'n Groot aantal burgers was teenwoordig. Hulle is deur die ses kom=missielede as verteenwoordigend van die hele volk beskou. Daar is besluit dat 'n nuwe Volksraad gekies moes word; dat 'n hooggeregshof daarna diegene wat verantwoorde=lik was vir die heersende ordelose toestand, moes uitwys; en dat die verskillende amptenare tot na die Volksraadsverkiesings hulle posisies sou behou."[59] In Desember is die reëlings vir die hou van die Volks=raadsverkiesing ordelik afgehandel.[60]

So eindig die jaar 1861 dan met die belofte dat die toestand vreedsaam opgelos kon word deur die verkiesing van 'n nuwe Volksraad. Jan Viljoen het hom op hierdie stadium nog nie werklik in die politiek laat betrek nie. Plaaslike sake in sy distrik en veral jagaktiwiteite het sy tyd in beslag geneem. Hy was steeds 'n vurige Pretorius-ondersteuner, maar dié was op daardie stadium nog president van die Oranje-Vrystaat, en is

-----------

58. SS 40 Supplementêre stukke 1861 nr. 54: H.S. Stroh, veldkornet, Rustenburg, oproepingslys 1861, p.157.

59. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 16, 1861, Gouvernements Courant, 15.11.1861: Notule sitting van Volkskommissie, Pretoria, 5-6.11.1861), pp.434-436.

60. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 17, 1861, Gouvernements Courant, 13.12.1861: Notule komiteesitting, Pretoria, 10.12.1861), p.436.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bowendien deur die heersende bewind as die president van die Suid-Afrikaanse Republiek erken, sodat Viljoen dit nie nodig geag het om hom met die ordelose toestand in die staat te bemoei nie. In 1862 het die omstandighede vir Viljoen ook nie juis verander nie.

Die nuut- en wettig-verkose Volksraad het van 2 tot 26 April 1862 in Pretoria vergader.[61] Die besluite van hierdie vergadering wat bedoel was om die landsregering weer op 'n georganiseerde voet te plaas, sou die vlam van opstand weer opnuut aanblaas. Eerstens is op 15 April besluit dat M.W. Pretorius vandat hy in September 1860 sy ontslag as president van die Volksraad gekry het, opgehou het om president van Transvaal te wees. 'n Verkiesing om die vakante betrekking te vul, sou dus gehou word, en die nuwe president op 13 Oktober 1862 ingesweer word. Tweedens het die Volksraad op 17 April besluit "dat den Fung. President St. Schoeman, in staat van beschuldiging moet gesteld worden, van: Pligtverzuim met voorbedachtheid." Daarom het die Volksraad hom ook as waarnemende president en lid van die Uitvoerende Raad geskors - ten minste tot tyd en wyl hy sy werksaamhede voor 'n bevoegde regbank verantwoord het. Derdens is W.C. Janse van Rensburg as waarnemende president aangestel, D.J. Erasmus as waarnemende kommandant-generaal en J.H. Visage as waarnemende staatsekretaris. Erasmus wou die aanstelling nie aanvaar nie, en T. Snyman is toe in sy plek benoem.

Schoeman is per brief deur die Volksraad van sy skorsing in kennis gestel. Hy het die brief onoopgemaak teruggestuur met die woorde dat hy net die waarnemende president St. Schoeman ken, en nie "die heer" St. Schoeman nie. Hy het homself dus steeds beskou as

----------

61. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule Volksraadsitting, Pretoria, 2-26.4.1862), pp.93-153.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarnemende president en lid van die Uitvoerende Raad.[62] Daarom wou hy nie die sleutels van die staatskantore aan die nuutverkose Volksraad oorhandig nie, en moes dit op 22 April oopgebreek word.[63]

Schoeman het nie alleen gestaan in sy verset teen die besluite van die Volksraad nie. Die Pretorius-volgelinge van Potchefstroom se wêreld het dit ook nie aanvaar nie, en Pretorius per brief versoek om weer sy amp in die Suid-Afrikaanse Republiek te kom opneem.[64] Hy antwoord in Mei dat hy eers na Kaapstad moes gaan, maar by sy terugkoms sou hy hom dadelik na die Republiek begewe "om zoo niet als President, dan als M.W. Pretorius uwe smarten samen te dragen of my onder de keuze des Volks te onderwerpen."[65] Sy volgelinge het dus verwag dat hy sou kom.

Die situasie in die Suid-Afrikaanse Republiek het nou uitgekristalliseer. Aan die een kant was daar die Pretorius-volgelinge wat Schoeman as waarnemende president erken en ondersteun het tot tyd en wyl Pretorius sou terug wees om weer die amp van Staatspresident te beklee. Hierdie volgelinge het hulleself as "die volk" beskou, vandaar die benaming "Volkslager". Aan die ander kant was daar die nuwe Volksraad, wat volgens die grondwet wettig verkies is en as "staat" die nuut benoemde waarnemende president W.C.J. van Rensburg gesteun, en 'n nuwe presidentsverkiesing uitgeskrywe het waarvoor hy Paul Kruger en Cornelis Potgieter van Lydenburg as kandidate aanbeveel het.[66] Die "volk" (Pretorius-volgelinge) sou nou teenoor die "staat" (Staatslager) te staan kom.

---

62. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.126 en 228.
63. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.134 en 136.
64. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe, pp.288-289.
65. ZAR Staatskoerant, 5.6.1862.
66. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.106.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tweede helfte van 1862 het 'n botsing gebring. Waarnemende president Van Rensburg het in opdrag van die Volksraad 'n hooggeregshof op Pretoria belê. Daar sou Schoeman en al die ander wat die vermeende verant=woordelikheid vir die ordeloosheid tot April 1862 in Transvaal sou dra, vanaf 13 Augustus verhoor word.[67] Die hof het egter nie sitting geneem nie. Op die bepaalde dag het Schoeman aan die hoof van omtrent 30 man die staatskantoor gesluit. Van Rensburg het daarop vir Snyman en Kruger opgeroep om die hof te kom beskerm.[68] Hulle kon nie genoeg burgers vir die doel kry nie. Snyman het toe 'n algemene byeenkoms op 10 September belê "om voor het laast te proberen of wij geen verandering ... zullen verkrijgen."[69]

Die verteenwoordigers of "Sprekers" van "die volk" het dadelik na hulle sukses met die verhoeding van die hofsitting hulle stemme begin dik maak. Op 14 Augustus is waarnemende president Van Rensburg beveel om "het dorp Pretoria onmiddellijk te verlaten".[70] Die wettigheid van sy waarnemende presidentskap is in twyfel getrek, asook die wettigheid van die voorgestelde hooggeregshof.[71]

'n Maand later was die Krygsraad in Pretoria in sitting. Jan Viljoen was ook teenwoordig. Daarmee het die kommandant van Marico vir die eerste keer sedert Januarie 1861 die politieke toneel betree. In opdrag van die Krygsraad is die staatskantore heropen.[72] Op 13 Sep=

---

67. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 28, 1862, R220/62: Aanklagte), pp.471-475.

68. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: Verslag van de werkzaamheden van den Krygsraad: W.C.J. van Rensburg en J. Visage-T. Snyman, Pretoria, 13.8.1862), p.623.

69. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel, R317/62: T.J. Snyman-W.C.J. van Rensburg, Pretoria, 18.8.1862), p.624.

70. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: C.F. Preller-W.C.J. van Rensburg, Pretoria, 14.8.1862), p.623.

71. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: Bekendmaking van C.F. Preller en ander "uit naam van het publiek te Pretoria", 15.8.1862), pp. 623-624.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tember het die Krygsraad voorts besluit om "tot veiligheid van den Staat en ter bescherming van's lands wetten, om een lager te doen trekken."[73] So ontstaan die "Staatslager". Ironies is dat Viljoen instrumenteel was in die skepping van die mag waarteen hy hom in Januarie 1864 as leier van die "Volkslager" sou vas= loop.

Deur middel van die Staatslaer sou daar hardhandig teen Schoeman en sy opstandige volgelinge opgetree word. Omdat hy nie die landsvlag wat hy uit die staatskantoor verwyder het, wou oorhandig nie, is sy huis op Maandag 15 September deursoek. Nóg Schoeman nóg die vlag was daar te vinde. Die enigste noemenswaardige vonds was die gewonde jongeling Jacobus du Toit wat die vorige dag toe hy deur 'n blokkade van die Staatslaer gejaag het, 'n haelkorrel agter sy blad gekry het - gelukkig nie 'n dodelike wond nie.[74] Schoeman het toe reeds saam met G. Swarts en H. Schoeman na Potchefstroom uitgewyk, maar hy self het nou nie mooi geweet wat hy moes doen nie.[75] Blykbaar was sy bedoeling "dat de partijschap zoo mogen blijven tot tijd en wijl dat de heer M.W. Pretorius in onzen Staat weder terug is."[76] Snyman, die waarnemende kommandant-generaal, het egter besluit om krygswet te proklameer. Alle burgers is daarvolgens gelas om hulle gewapend na die Staatslaer te begewe.[77] In

---

72. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: Zitting van den Krygsraad op 11.9.1862 te Pretoria), p.625.
73. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: No= tule Krygsraadsitting, Pretoria, 13.9.1862), p.630.
74. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: Notule Krygsraadsitting, Pretoria, 15.9.1862), pp.636-637.
75. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: Ver= klaring van N. van Heerden, Pretoria, 18.9.1862), p.647.
76. Soos S. Prinsloo, F.G. Wolmarans en H.F. Grobler na= mens die aanwesige publiek in Pretoria op 13.9.1862 aan St. Schoeman geskryf het, aangehaal in J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.649.
77. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: Prokla= masie van T.J. Snyman, Pretoria, 19.9.1862), pp.648-649.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretoria is die meeste van die opstandelinge gevange geneem. Die plan was om na Potchefstroom op te trek om ook daar die "Wet, Recht en Orde" te her=stel.[78]

Schoeman het op Dinsdag, 16 Desember, in Potchefstroom aangekom en onmiddellik die inwoners opgekommandeer om hulle by 'n "Volkslager" aan te sluit: dié wat nie wou gehoorsaam nie is met gevangeneming bedreig, en hulle vuurwapens in beslag geneem.[79] Dat hy van Pretoria af na Potchefstroom uitgewyk het, is heel verstaanbaar, want hy was nou in die hart van Wes-Transvaal waar die Pretorius-ondersteuners gewoon het.[80] Hy was daarvan oortuig dat die optrede van Kruger en die Staatslaer teen hom en die Volkslaer as bymotief gehad het om die Hervormde Kerk sy posisie as Staatskerk te ontneem. Sy oproep aan Jan Viljoen op 25 September uit Potchef=stroom[81] - 'n oproep wat Viljoen nie dadelik ontvang het nie aangesien hy nie in Marico was toe dit daar aangekom het nie[82] - moet teen hierdie agtergrond ge=sien word. Schoeman het geskryf: "Op ontvangst dezes moet de laatste man onmiddelijk zonder verzuim hier komen om verder bloedvergieten voor te komen, tot bescherming van kerk en Staat; - Het lager van Paul Kruger[83] dat

----------

78. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman-W.A. Lombaard, Pretoria, 16.9.1862), pp.649-650.

79. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: W.A. Lombaard-T.J. Snyman, Potchefstroom, 17.9.1862), pp.650-651.

80. Aangehaal uit F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe, p.290.

81. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: St. Schoeman-J.W. Viljoen, Potchefstroom, 25.9.1862), pp.668-669.

82. Volgens 'n onderskrif, deur D.J. Coetzee, die veld=kornet van Marico, by die brief in die vorige voetnoot genoem.

83. Bedoelende die Staatslaer waarvan waarnemende kommandant-generaal T.J. Snyman amptelik die leier was; in die praktyk het Kruger egter die leiding geneem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



als roovers rondgaat, kan reeds morgen hier zijn - Wij hebben ons lager bij de Kerk. Verzuim toch geen oogen= blik, en klim op ontvangst, het koste wat het wil, te paard, en jaag naar hier. De wagens kunnen achter= aan komen met de meeste spoed. Het lager is van plan om onze leeraar van der Hoff en al onze Leeraars te verjagen, en de naam van Pretorius moet uit."[84] Schoeman het by die verkeerde adres hulp gesoek. In die eerste plek was Viljoen nie tuis nie, maar besig om gerugte oor vyandelikhede tussen nabygeleë Tswana-stamme te ondersoek. Dit het gelyk of die Bakwena van Sechele en die Bamangwato van Sagoema enige oomblik aan mekaar sou spring. Met sy terugkeer na Marico het Viljoen ook nie vir Schoeman te hulp gesnel nie, maar volgens bevel van die krygsraad van die Staatsleer aan Snyman geskryf dat hy sy manne laat opkommandeer.[85] Snyman het daarop vir Viljoen gevra om self met 20 man en slagvee na Potchefstroom te kom, maar vanweë die onveilige toestand nie meer mense uit Marico te onttrek nie.[86] Die wesgrens-kommandant het blykbaar besluit dat dit die beste sou wees om onder hierdie omstandig= hede in Marico te bly.

---

84. Die krygsraad van die Staatslaer het die inhoud van hierdie brief as "leugentaal en laster" bestempel - Kennisgewing van T.J. Snyman en J. van Dyk, aangehaal in J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.669. In 'n kennisgewing van 4.10.1862 het Snyman van 'n soortgelyke komman= deerbrief van veldkornet P.L.J. van Vuuren in geen ondubbelsinnige taal gesê "dat wij in het geheel voor geen geloofsquestie zijn opgekomen, maar om orde en wet te handhaven en oproermakers te straffen" - aangehaal in J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.659.

85. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: J.W. Viljoen-T.J. Snyman, Marico, 23.10.1862), pp.685-686.

86. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman-J.W. Viljoen, Potchefstroom, 27.10.1862), p.686. S.P. Engelbrecht se bewering op p.82 van sy Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika II dat Viljoen na ontvangs van Schoeman se oproep dadelik "zijn burgers tegen Kruger verzameld" is dus foutief.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teen 20 September 1862 het die Staatslaer onder die leiding van generaals T.J. Snyman en J. van Dyk en kommandant Paul Kruger op die plaas van waarnemende kommandant W.A. Lombaard net buite Potchefstroom aangekom. Voorstelle is oor en weer tussen Schoeman se Volkslaer en die Staatslaer gemaak vir die oprigting van 'n regbank om die bestaande geskille op te los.[87] Geen ooreenstemming kon bereik word nie. Berig is ontvang dat M.W. Pretorius wat toe nog president van die Oranje-Vrystaat was op 7 Oktober op Potchefstroom sou aankom. Hy sou dan met onderhandelings oor die daarstelling van 'n regbank help. Dit het die Staatslaer om 'n wapenstilstand laat aansoek doen[88] waarop geen voldoende antwoord ontvang is nie.

Op 26 September 1862 is 'n waarskuwing deur die Staatslaer aan die inwoners van Potchefstroom gestuur dat hy die dorp gewapenderhand gaan binneval en hulle aanbeveel om die "vrouwen, kinderen en oude menschen" uit die dorp te verwyder.[89] Tien dae later het die waarskuwing in 'n ultimatum oorgegaan: die oorgawe van Potchefstroom voor sewe-uur die oggend van 7 Oktober.[90] Die ultima=

---

87. Van die Volkslaer se kant: M.G. Gouws en andere, Potchefstroom, 22.9.1862 en van die Staatslaer se kant F.A. Smit en N.J.J. van der Merwe, Staatslager, 29.9.1862, beide deur J.H. Breytenbach opgeneem in die Aanhangsel tot die Notule IV, pp.651-653. J.H. van Dyk sê op p.76 van sy "Burgeroorlog" dat die Staatslaer op 23 September uit Pretoria vertrek en op 25 September op Lombaard se plaas aangekom het. Volgens hierdie twee briewe was die Staatslaer egter al teen 22 September by Potchefstroom.

88. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: S.J. Grobler en D.G. Kruger - die publiek te Potchefstroom onder bestuur van St. Schoeman, Staatslagerplaats, 1.10.1862), p.653.

89. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman en J. van Dyk - Publiek te Potchefstroom, Mooirivier, 26.9.1862), pp.655-656.

90. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman en J. van Dyk - Publiek te Potchefstroom, Mooirivier, 6.10.1862), p.660.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tum is geïgnoreer en die Staatsleer het die beleg van Potchefstroom begin en die dorp met 'n kanon bestook.

Pretorius het op 8 Oktober sy opwagting gemaak en vanuit die Volkslaer tussen die strydendes probeer bemiddel.[91] Snyman en Van Dyk het egter die oorgawe van Potchefstroom binne ses uur geëis.[92] Pretorius se versoek om 'n wapenstilstand vir een dag[93] is verwerp.[94] In 'n geveg wat op 9 Oktober 1862 gevolg het, het die Staatslaer die oorwinning behaal. Twee van hulle burgers is lig gewond, terwyl aan die Volkslaer se kant een doodgeskiet en een gewond is.[95]

Dieselfde aand het Pretorius en Schoeman uit Potchefstroom na die Oranje-Vrystaat gevlug.[96] Die Staatsleer het daarop die dorp binnegetrek. Aan die Uitvoerende Raad van die Oranje-Vrystaat is 'n versoek gerig om die uitlewering van Schoeman en sy vernaamste handlangers, soos onder andere sy seun Hans, C. Preller en J.C. Steyn, oud-landdros van Potchefstroom.[97] Landdros Truter van Kroonstad

---

91. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: M.W. Pretorius-T.J. Snyman en J. van Dyk, Potchefstroom, 9.10.1862), pp.661-662.

92. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman en J. van Dyk-M.W. Pretorius, Mooirivier, 9.10.1862), p.662.

93. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: M.W. Pretorius-T.J. Snyman en J. van Dyk, Potchefstroom, 9.10.1862), p.662.

94. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman-M.W. Pretorius, Staatslagerplaats, 9.10.1862), p.663.

95. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman en J. van Dyk-Uitvoerende Raad van die O.V.S., Mooirivier, 9.10.1862), p.670.

96. Op 13 Oktober 1862 het M.W. Pretorius in 'n skrywe aan S.J.P. Kruger as rede waarom hy saam met Schoeman na die Vrystaat gevlug het, aangegee dat hy gehoor het dat C. Potgieter sou gesê het "dat de lafhartige Pretorius een kogel door het hoofd moet krijgen, en zijn naam en geslacht uitgeroeid behoort te worden." Snyman en Van Dyk het dieselfde dag aan Pretorius geskryf dat wat hy gehoor het, nie waar was nie. Beide briewe is opgeneem in die Aanhangsel tot J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, pp. 663-665.

97. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman en J. van Dyk-Uitvoerende Raad van die O.V.S., Potchefstroom, 11.10.1862), p.672.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was bereid om aan die versoek te help voldoen. Hy het egter streng opdrag van sy regering - aan die hoof waarvan M.W. Pretorius gestaan het - gekry om dit nie te doen nie.[98] Die Vrystaatse president was nie van plan om sy Transvaalse ondersteuners aan hulle teen=standers oor te lewer nie. Intussen het talle Pretorius-ondersteuners hulle vrywillig aan die gesag van die Staatslaer onderwerp.[99]

Die Staatslaer het op Potchefstroom vertoef tot in die middel van November. Toe is verneem dat Schoeman hom na Kliprivier in Suidoos-Transvaal begewe het. Kruger is met 'n kommando daarheen om Schoeman te gaan arres=teer, maar dié het hom ontglip en neem met omtrent 800 man weer Potchefstroom in. Met Kruger se terugkeer was daar byna weer 'n botsing tussen die Staatslaer en die Volkslaer. Hierdie keer het Pretorius egter met goeie gevolg tussen hulle bemiddel. Daar is besluit dat eerstens alle boetes en vonnisse opgeskort sou word totdat 'n nuwe verkiesing vir 'n nuwe president en kommandant-generaal kon plaasvind; tweedens dat die bestaande regering intussen aan bewind sou bly; en derdens dat alle geskille onderwerp sou word aan 'n spesiale hof waarvan òf hoofregter Walter Harding van Natal òf advokaat H.A.L. Hamelberg van Bloemfontein die voorsitter moes wees. Nadat hierdie ooreenkoms onderteken is, is die laers ontbind en het die burgers huistoe gegaan.[100]

Die spesiale hof sou op 12 Januarie 1863 sitting neem. Nóg Harding nóg Hamelberg was gewillig om oor die

----------

98. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: O.J. Truter-T.J. Snyman en J. van Dyk, Kroonstad, 30.10.1862), p.679.

99. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Aanhangsel: T.J. Snyman en J. van Dyk-F. Geyser, Potchefstroom, 23.10.1862), pp.684-685.

100. J.F. van Oordt: Paul Kruger, pp.108-109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verrigtinge te presideer, sodat die hof saamgestel is uit drie landdroste en twaalf jurielede. Twee dae voor die sitting moes begin het Schoeman met 'n gewapende mag Pretoria binnegery. Hy het homself weer tot waarnemende president en kommandant-generaal verhef, en die staatskantore beset. Waarnemende president Van Rensburg was genoodsaak om generaal Van Dyk te gelas om burgers op te roep om die hof te beskerm.[101] Die waarnemende kommandant-generaal besluit egter dat die veiligheid van die kantoor en hooggeregshof "opgedragen worden aan den Wel Edle Heer J. Viljoen Commandant van Mariko" en wel om 'n belangrike rede naamlik: "daar zijn Edle niet in te zaak is ingetrokken."[102] Of hy aan die opdrag voldoen het weet ons nie, blykbaar nie. Hy het waarskynlik nog die kat uit die boom bekyk.

Kruger het intussen in sy soveelste poging om wet en orde te herstel met Rustenburgers na Pretoria opgetrek. Hy het geweier om met Schoeman te onderhandel. Sy optrede het so 'n groot indruk op die Volkslaer gemaak dat Schoeman, J.C. Steyn, C.F. Preller en die ander leiers daarvan op 19 Januarie 1863 tydens 'n donderstorm uit die hoofstad gevlug het. Hierdie keer het hulle twee kanonne en die staatsvlag met hulle saamgeneem. Hulle toevlugsoord was weer eens die noordelike Oranje-Vrystaat.[103] Op die volgende dag kon die spesiale hof met sy sitting begin. Die uitspraak was dat Schoeman, Steyn en Preller rebelle was. Hulle is uit die land verban en hulle goedere gekonfiskeer.[104]

---

101. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, pp.109-110.

102. SS 46 R22/63: J. van Dyk-Fungerende president en Uitvoerende Raad, Pretoria, 13.1.1863, p.120.

103. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.110; G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.448.

104. H.W. Grimsehl: Die Rol van Stephanus Schoeman, p.236.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verkiesing vir 'n president en 'n kommandant-generaal kon nou in vrede plaasvind. Op 23 April het die Uitvoerende Raad die stembriefies of "kieslote" getel. Die stempersentasie was swak en die uitslag 370 stemme vir W.C.J. van Rensburg en 247 stemme vir M.W. Pretorius. Ander Staatslaer-leiers soos C. Potgieter, J.H. Grobler en Paul Kruger het ook enkele stemme getrek. Laasgenoemde is egter met 'n meerderheid, 308 stemme teenoor 135 vir J. van Dyk, tot kommandant-generaal verkies. Vir hierdie amp het Jan Viljoen self 6 stemme op hom verenig hoewel hy nie 'n kandidaat was nie.[105]

Op 20 Mei 1863 het die Volksraad in Pretoria vergader.[106] Dit het geskied onder beskerming van 'n wag bestaande uit 'n veldkornet en 10 gewapende manskappe.[107] Met Schoeman steeds in die Oranje-Vrystaat was daar egter op hierdie stadium geen "twisten en onlusten" in die Suid-Afrikaanse Republiek nie.[108] Aangesien sommige van die kieslote vir die presidentsverkiesing na 23 April eers by die Uitvoerende Raad uitgekom het[109] en dus nie by die bepaling van die uitslag in aanmerking geneem is nie, en aangesien talle Lydenburgers nie aan die verkiesing deelgeneem het nie omdat hulle nie ten gunste van die bestaan van die poste van president en kommandant-generaal was nie,[110] was Van Rensburg nie

---

105. SS 48 R323/63: Gouvernementskennisgewing, pp.62-63; ook in ZAR Staatskoerant 12.5.1863, p.55.

106. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volksraadsvergadering, Pretoria, 20 Mei-1 Junie 1863), pp.153-171.

107. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 69, 1863, Suppl. Stukke nr. 61/63: C. Botha se orders vir die wag), p.543.

108. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 68, 1863, Staatskoerant 23.6.1863: Aanspraak van fung. pres. Van Rensburg voor die Volksraad, 20.5.1863), p.541.

109. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 7, 1863, VR493/63: M.J. Viljoen en C. Botha-Volksraad, Pretoria, 20.5.1863), p.486.

110. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylae 60(a)-(c), 1863, VR557 en 558/63 en EVR105 A pp.43-46: Memories aan die Volksraad), pp.530-533.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewillig om homself as president te laat insweer nie. Hy was daarvan oortuig dat die ingekome kieslote nie die meerderheid van die bevolking van die Suid-Afrikaanse Republiek verteenwoordig het nie. Hy was ook nie 'n eersugtige of sterk persoonlikheid nie,[111] en het nie kans gesien om met 'n swak gesondheidstoestand die amp van staatspresident op hom te neem nie.[112] Kruger wou homself ook nie as kommandant-generaal laat insweer nie. Die Volksraad het derhalwe besluit dat daar weer verkiesings vir hierdie twee ampte moes plaas=vind.[113] Van Rensburg sou waarnemende president bly[114] totdat die nuutverkose president sy ampseed by die Volksraadsitting van Oktober 1863 kon aflê.[115]

Schoeman was geensins van plan om hom by sy verbanning te berus nie. Hy het, inteendeel, gedreig om sy ou posisie in die Suid-Afrikaanse Republiek met die wapen te kom herstel.[116] Gerugte het in Transvaal die rondte gedoen dat Schoeman die hulp van twee Swart opperhoofde, Mosjesj van die Basoeto en Mahoera van die Bathlaping, teen die Republiek ingeroep het,[117] gerugte wat deur Schoeman self ontken is.[118] Tog was van sy

----------

111. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner III, p.460.

112. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 13, 1863, VR499/63: W.C.J. van Rensburg-Volksraad, Pretoria, 21.5.1863), pp.489-490.

113. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volksraadsvergadering, Pretoria, 27.5.1863, art. 47-49), p.163.

114. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (P. Dietrichsen-W.C.J. van Rensburg, Pretoria, 28.5.1863), pp. 165-166.

115. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volks=raadsvergadering, Pretoria, 30.5.1863, art.30), p.169.

116. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 82, 1863, R628/63: Verklaring van F.P. Senekal, Winburg, 31.8.1863), p.552.

117. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 82, 1863, R667/63: T.J. Snyman-J. Mare, Potchefstroom, 5.9.1863), p.554.

118. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 82, 1863, R627/63: Verklaring van J.H. Schutte, Winburg, 31.8.1863), p.553.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgelinge van mening "dat er onder de Kaffers waren, die misschien nog minder barbaarsch zȳn als het Gouvernement, wat thans bestaat."[119] Schoeman se volgelinge het rooi bande om hulle hoede gedra,[120] en gedreig om die distriksprokureur van Rustenburg, Julius Franck, wat die boetegelde wat hulle opgelê is moes gaan invorder by sy verskyning dood te skiet.[121] Dit het egter geblyk ydele praatjies te wees, want Schoeman se invloed as leier van die Pretoriusondersteuners was aan die taan. Deels as gevolg van sy beweerde geheul met Mosjesj het hy die vertroue van sy volgelinge geheel en al verloor.[122]

## 2. Jan Viljoen op die politieke voorgrond

Die kommandant van Marico, Jan Viljoen, sou die leierskap van die Pretoriusgesindes van Schoeman oorneem. Oor hoe dit gebeur het, swyg die dokumente, en oor waarom kan maar net gespekuleer word. Moontlik het Pretorius, wat in Julie as president van die Oranje-Vrystaat bedank het, onder sy ondersteuners in Wes-Transvaal vir Viljoen propaganda gemaak met die oog op die komende verkiesing vir 'n kommandant-generaal.[123]

---

119. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 82, 1863, R643/63: Verklaring van J.J. Meintjies, Pretoria, 1.9.1863), p.556.

120. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 82, 1863, R643/63: Verklarings van B. Liebenberg, J. Joubert en andere), pp.556-559.

121. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Bylaag 82, 1863, R643/63: Verklaring van G. Pretorius), p.559.

122. H.W. Grimsehl: Die Rol van Stephanus Schoeman, p.237.

123. I.D. du Plessis: Willem C.J. van Rensburg, p.108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretorius het gehoop om as president van die Suid-Afrikaanse Republiek herkies te word. Dit sou sake vir hom makliker maak as die nuwe kommandant-generaal een van sy ondersteuners was. Hoe dit ook sy, toe die Volksraad op 12 Oktober in Pretoria vergader het, en die verkiesingsuitslae bekend gemaak is, het Kruger die verkiesing met 'n geweldige meerderheid gewen: Hy het 1 079 uit 'n totaal van 1 962 op hom verenig. Viljoen het heelwat stemme gekry, naamlik 488. In hierdie onverwagte steun vir die kommandant van Marico, tesame met die uitslag van die presidentsverkiesing, waarin W.C.J. van Rensburg 1 106 stemme teenoor die 1 065 vir M.W. Pretorius gekry het,[124] lê die sleutel tot die voortsetting van die stryd tussen die Volkslaer en die Staatslaer. Van Rensburg is op 23 Oktober 1863 vir 'n vyf jaar tydperk as president ingesweer.[125] Pretorius se volgelinge sou egter nie tot rus kom voor= dat hulle man nie weer president is nie.[126] In die praktyk was Pretorius nou 'n burgerlike persoon sonder amp. Vir sy volgelinge was dit eens te veel. Viljoen en die Volkslaer sou alles in die stryd werp om hom weer die regeringshoof van die Suid-Afrikaanse Republiek te maak.[127] Die Wes-Transvalers kon hulle nie 'n

---

124. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV, p.211.

125. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volks= raadsitting, Pretoria, 23.10.1863, art. 121), pp.218-219.

126. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe, p.306; H.W. Grimsehl: Die Rol van Stephanus Schoeman, p.237.

127. J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog, p.91, noem hierdie fase van die burgerstryd weens die toe= trede van die nuwe Volkslaer-leier, J.W. Viljoen, die "Tweede Burgeroorlog". Dit was egter nie 'n nuwe oorlog nie, maar soos Van Dyk self opmerk "eintlik niks anders as die voortsetting van die oue partystryd nie." I.D. du Plessis in sy M.A.-verhandeling Willem C.J. van Rens= burg, p.108, merk ook op dat met Van Rensburg vir 5 jaar as president ingesweer, M.W. Pretorius se kanse skraal was om weer op konstitusionele wyse president te word, en dat dit moontlik aan Pretorius se invloed te danke was dat Viljoen tot die Burgeroorlog toegetree het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeenskap sonder 'n Pretorius aan die hoof voorstel nie: Tydens die Groot Trek, in Natal en die Soewereini=teit, en gedurende die eerste jare in die Suid-Afrikaanse Republiek was Andries Pretorius hulle leier. Hulle eerste president was M.W. Pretorius. Hoe kon "die volk" onder 'n ander leier staan? Die "volk" is immers geassosieer met die Pretorius-manne. Daarom het Viljoen, wat in 1860 vir Pretorius verseker het dat hy "naast U zal staan en met U.H.Ed. sterven, U.H.Ed. helpen, en verdedigen,"[128] die wapen in die belang van sy leier opgeneem.

Die aanleidende oorsaak van die vyandelikhede was die publikasie in die Staatskoerant van die Volksraads=notules van die Oktober-sitting in Pretoria waarop die verkiesingsuitslae behandel is.[129] Die Volksraad het aanvanklik bevind dat daar in die presidentsverkiesing 997 stemme op M.W. Pretorius en 1 141 stemme op W.C.J. van Rensburg geval het. Dit was met uitsondering van die stemme uit Wakkerstroom - 152 vir Pretorius en 5 vir Van Rensburg. Indien dit bygetel was, sou dit beteken het dat daar 1 149 stemme op Pretorius teenoor 1 146 op Van Rensburg verenig is. Die Uitvoerende Raad is beveel om die "kieslote" weer na te gaan. Hierdie Raad was van mening dat, aangesien die inwoners van Wakkerstroom nie die bestaande Volksraad erken het nie, hulle stemme volgens die grondwet nie aanvaar kon word nie. Die Volksraad het egter besluit dat die stemgeregtigde burgers van Wakkerstroom se kieslote wel in aanmerking geneem moes word. Die Volksraadslede van Wakkerstroom, W.J. Pretorius en D. Uys, is gelas om saam met die Uitvoerende Raad die kieslote na te gaan.

-----------

128. SS 33 R3653/60: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 26.3.1860, pp.139-140.

129. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Notule, Volksraadsitting, Pretoria, 12-24.10.1863), pp.171-223.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die afwesigheid van Van Rensburg het die Uitvoerende Raad finaal vasgestel dat daar 1 106 wettige stemme op Van Rensburg en 1 065 op Pretorius uitgebring is.

Van Rensburg het getwyfel of hy, "het ongenoegen in aanmerking nemende hetwelk het afkeuren van eenige der kiesloten voor eenen President, van geene stem=geregtigde Burgers, reeds onder eenige personen heeft veroorzaakt", hom die verkiesing moes laat welgeval.[130] Op 23 Oktober 1863 het hy hom tog laat insweer as president. Uit wat die Pretorius-ondersteuners in die Staatskoerante[131] oor die Volksraadsitting gelees het, het dit egter vir hulle gelyk of daar met die kies=lote gekonkel is. Hulle het dus teen die uitslag van die verkiesing geprotesteer, en toe dit geen uitwerking het nie, geweier om Van Rensburg se presidentskap te erken.[132]

Paul Kruger het midde-in die nuwe opstand eers die werklike rede daarvoor verneem naamlik dat die meer=derheid van die Volkslaer se mense geglo het dat daar onregverdig gehandel is met die kieslote vir die presi=dentsverkiesing en dat die meeste stemme eintlik op M.W. Pretorius uitgebring is. Hy het hom bereid verklaar om by ontvangs van bewyse vir sulke bewerings saam met afgevaardigdes van die Volkslaer deur die Republiek te gaan om te gaan vasstel wie eintlik die meeste stemme vir die presidentskap gekry het.[133] In plaas van sodanige

---

130. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (W.C.J. van Rensburg-Volksraad, Pretoria, 17.10.1863), p.203.

131. ZAR Staatskoerant, 20.10.1863; 27.10.1863; 3.11.1863; en 10.11.1863.

132. Het Volksblad, 16.1.1864 (korrespondent, Potchefstroom, 28.12.1863); J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.112; E.A. Walker: A History of South Africa, p.320.

133. SS53 R26a/64: S.J.P.Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65. Hierdie brief is gepubliseer in S.P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe, p.86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bewyse voor te lê, het die Volkslaer die gerugte in verband met die beweerde oneerlikheid help versprei, en om aanhangers te werf, verklaar dat Pretorius die meeste stemme getrek het, maar opsetlik uit die presidentskap gehou is.[134] Viljoen het dit waarskynlik geglo, want op 23 Desember, toe dit, soos sal blyk, gelyk het of die opstandelinge maklik die beheer oor die hele Republiek sou kry, het hy steeds bly melding maak van "de schandelyke handeling, met de vroegere kiesloten".[135]

Soos gesien was daar ook kerklike voorwendsels by Schoeman en die deelnemers aan die 1862-fase van die Burgeroorlog,[136] maar by Viljoen was kerklike motiewe nie hoofsaak nie. Daar is deur enkele historici klem gelê op die stryd tussen die "warme Hervormer", Viljoen, en die "koning der doppers", Kruger, veral deur die apologete van die Hervormde Kerk en van Paul Kruger, naamlik proff. S.P. Engelbrecht en D.W. Krüger.[137] Dat die laaste fase van die Burgeroorlog in die praktyk op 'n stryd tussen Kruger en Viljoen uitgeloop het, is seker, en dat albei getroue aanhangers van hulle onderskeie kerke was, kan ook nie ontken word nie, maar nie een van hulle het in hulle optrede kerklike sentiment vooropgestel nie. In sy proklamasie van 14 Desember 1863[138] het Viljoen geen melding gemaak van enige kerklike aspekte in die botsing nie, en in 'n "Waarschuwing" teen die Staatslaer van 9 Januarie 1864

---

134. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe I, p.306.

135. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, (Bekendmaking van J.W. Viljoen, Volkslaer, 23.12.1863), p.11.

136. Volg sy skrywe aan J.W. Viljoen in September 1862, hierbo aangehaal, p.107.

137. Volg S.P. Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom 1842-1942 en in die Almanak N.H. Kerk 1926. D.W. Krüger: Paul Kruger I, p.69, verklaar ondubbelsinnig: "Hierdie keer was dit kommandant Jan Viljoen van Marico wat, onder die voorwendsel dat Kruger met die simpatie van die regering sy eie kerk bo die ander wou verhef, in opstand gekom het."

138. Hieronder in extenso aangehaal, kyk pp. 130-131.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarborg Viljoen selfs die regte van "die leden der gemeente tot de leer en Kerk van Ds. Postma behoorende".[139] As die kerklike onenighede vir hom van oorheersende belang was, sou Viljoen hom reeds na Schoeman se oproep van 25 September 1862[140] by die Volkslaer gevoeg het, maar hy het nie. Hy sou ook sy bes doen om 'n gewapende stryd tussen die kerke te voorkom, want hy het besef dat 'n "Religie oorlog onder de Emigranten ... het verschrikkelykste van alle kwaad is die deze Republiek kan overkomen."[141] Prof. F.A. van Jaarsveld sê tereg dat dit "nie soseer kerklike oorsake" was "wat aanleiding tot hierdie rebellie gegee het, as wat dit politieke oorsake was nie."[142]

Dit was ook nie die feit dat Jan Viljoen die tweede meeste stemme in die verkiesing vir 'n kommandant-generaal getrek het soos D.W. Krüger beweer wat hom moontlik tot optrede teen die staat beweeg het nie.[143] Agter sy optrede lê politieke oorsake, naamlik sy lojaliteit aan M.W. Pretorius. Soos gesê was hy daarvan oortuig dat dié eintlik die presidentsverkiesing gewen het.

'n Korrespondent van The Friend of the Free State het midde-in die stryd hierdie politieke hoofmotief die duidelikste bevestig toe hy geskryf het dat Viljoen "merely wished to place Pretorius in the Presidential chair, and hoped that this would be accomplished without war or bloodshed."[144]

---

139. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Waarschuwing van J.W. Viljoen, Volkslaer, 9.1.1864), pp.11-12.
140. Hierbo, p.107.
141. SS25 R2738/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.4.1859, p.248.
142. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe I, p.310.
143. D.W. Krüger: Paul Kruger I, p.74.
144. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 18.12.1863.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir hom het die stem van "die volk", wanneer dit bots met die besluite van die staat, die swaarste geweeg. Dit verklaar sy "Proclamatie" wat uitgereik is aan "het Volk der Zuid-Afrikaansche Republiek."[145]

In hierdie proklamasie van 14 Desember 1863, kom verdere motiewe uit. Daarin praat hy van die "party" van Kruger, "sy" amptenare en offisiere - asof dié 'n onwettige staatsgesag verteenwoordig. Hy ontken Kruger se kommandant-generaalskap, en noem hom "de Commandant Kruger". Die proklamasie is egter nie in die eerste plek teen Kruger gemik nie, maar het as doel "om onzen Staat op nieuw op te bouwen". Viljoen het 'n opstandeling geword, nie om eie gewin of om persoonlike ambisie te bevredig nie, maar ter wille van wat hy beskou het as reg en goed. Dat hy self buite die reg opgetree het, het hy waarskynlik nie besef nie. Sy miskenning van die grondwet in 'n poging om Pretorius weer as president van Transvaal gesetel te kry was 'n opstand teen die staat.

Daar moet teruggekeer word na die woelinge onder die Pretorius-ondersteuners in Wes-Transvaal wat ontstaan het na die bekendmaking dat Van Rensburg as president ingesweer is. Op verskeie vergaderings aan die einde van Oktober en in November 1863 is die saak in Wes-Transvaal en in die noorde van die Oranje-Vrystaat bespreek.[146] Wat Viljoen se rol op daardie stadium was, is nie duidelik nie, maar op 18 November het hy van Marico af in Potchefstroom opgedaag, en nou was dit wel duidelik dat daar tussen Pretorius, Viljoen en Schoeman

---

145. SS 51 R922/63: Proklamasie van J.W. Viljoen, Elandsheuwel, 14.12.1863, pp.396-398; gepubliseer in ZAR 41, p.131 B en in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11.

146. J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog, p.93.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"een ding aan te gang was."[147] Die woelinge was nie slegs beperk tot Wes-Transvaal waar Viljoen werksaam was nie. Volgens Paul Kruger is ook in Pretoria byeenkomste gehou met die doel om 'n mag op die been te bring om die bestaande regering omver te werp.[148] Dit spreek vanself dat, waar daar sprake is van 'n soort sameswering of geheime optrede, niks of weinig skrifteliks nagelaat sou word nie. Kommunikasie sou mondeling geskied wat dit vir die historikus moeilik maak om bewyse te bring.

President W.C.J. van Rensburg is nie in die duister gelaat oor hierdie verwikkelinge nie. Van alle kante het hy verslae ontvang oor die sametrekking van opstandige burgers wat planne gekoester het om van sy regering ontslae te raak. Hy het uit die aard van die saak besluit dat daar teen hulle opgetree moet word, maar sy vryheid van beweging is aansienlik in die wiele gery deurdat 'n kommando na Lydenburg moes gaan om die burgers daar wat in laers versamel was teen dreigende invalle van vyandige Swart stamme, te help beskerm.[149] Van Rensburg het egter vir Paul Kruger, die kommandant-generaal, gevra om te kyk wat hy kon doen om die kwaadwilliges teen te gaan. Kruger het 'n sekere P. Bodenstein na Potchefstroom gestuur om ondersoek te gaan instel na die waarheid in die gerugte in verband met 'n opstand en om by bevestiging voorlopige maatreëls te neem om die dorp te beskerm.[150] Kruger self het op die punt gestaan om in opdrag van die Uitvoerende Raad met 'n aantal gewapende manne na Wakkerstroom te

----------

147. SS 51 R884/63: J. Franck-W.C.J. van Rensburg, Potchefstroom, 19.11.1863, p.221.

148. SS 53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.

149. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Aanspraak van pres. Van Rensburg voor die Volksraad, 10.2.1864), p.5.

150. SS 53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ry om daar met J.J. Venter, die wnd. president van die Oranje-Vrystaat, 'n ooreenkoms oor die grens tussen Transvaal en sy susterstaat te gaan probeer bereik.[151] Bodenstein het hom uit Potchefstroom laat weet dat die gerugte wel waar was,[152] en Van Rensburg het Kruger gevra om eers Potchefstroom aan te doen. Kruger het daarop begin om burgers op te kommandeer. Op 1 Desember is hy met tagtig gewapende man en 'n kanon van Olifants=nek na Potchefstroom in die hoop om die burger-onluste daar te gaan demp.[153]

Terwyl die Staatslaer vir die verdediging van die rege=ring begin voorberei het, het die Volkslaer by Losberg versamel. Ook 'n gewapende mag uit Pretoria het hom daar met kommandant Viljoen se manskappe verenig.[154] Aangesien hierdie optrede op opstand teen die staat neergekom het, het die Staatspresident op 5 Desember oorgegaan tot die afkondiging van die krygswet. Daarvolgens is "alle Officieren der Krygsmagt, Ambtenaren en Burgers dezer Republiek" gelas om "alle pogingen met kracht van wapenen aan te wenden om den opstand zoo doenle ten spoedigste te dempen."[155] Dit was op dieselfde dag as wat Paul Kruger se kommando wat in=tussen tot 130 man aangegroei het, op Potchefstroom aangekom het en net suid van die dorp laer getrek

---

151. Het Volksblad, 16.1.1864 (Korrespondent, Potchefstroom, 28.12.1863)..
152. Het Volksblad, 30.1.1864 (Korrespondent, Potchefstroom, 8.1.1864).
153. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Aanspraak van pres. Van Rensburg voor die Volksraad, 10.2.1864), p.5; en ook SS 53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.
154. SS 53 R26a/64: S.J.P. Kruger - President en Uit=voerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.
155. ZAR Staatskoerant 8.12.1863; ook in ZAR 41, p.131 A.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het.[156] In gehoorsaamheid aan die krygswet het die Kommandant-Generaal die inwoners van die dorp tot die Staatslaer opgekommandeer, egter met weinig sukses. Meeste van hulle het hulle by die Volkslaer te Losberg, drie uur te perd vanaf Potchefstroom, gaan aansluit.

Jan Viljoen wat op hoogte was met die politieke toestand het die tyd ryp geag om op die voorgrond te tree en die staat opnuut op te bou. Volgens 'n koerantberig het "de moedige kommandant van Mariko, Jan Viljoen", op 9 Desember 1863 self by die Volkslaer opgedaag. Dit het toe reeds uit meer as 500 manskappe bestaan. Hulle het Viljoen as hulle kommandant-generaal gekies, en besluit om teen Kruger op te trek. Gevolglik het die Volkslaer vroeg die oggend van 11 Desember in volmaakte orde oor Gatsrand en Loopspruit na die dorp aan die Mooirivier begin beweeg.[157]

Viljoen het 'n gulde geleentheid gehad om deur sterk optrede vir Pretorius op die president-setel terug te plaas. Sy manskappe was meer as vier keer soveel as dié van sy teenstander, Kruger, en sý mannekrag was weens die naturelleonluste in Lydenburg in 'n groot mate uitgeskakel.[158] Daarom dat die opstandsleier Kruger se aanbod dat, ingeval die beweerde geknoeiery met stembriefies bewys kan word, 'n herverkiesing kan

---

156. Berig deur "Justitia" in Het Volksblad, 16.1.1864; ook in SS53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65, waar Kruger self sê dat hy reeds op 3 Desember in Potchefstroom was.

157. Berig deur "Justitia" in Het Volksblad, 16.1.1864; Kruger self sê dit was op 8 Desember, volg SS53 R26a/64; S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.

158. F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners I, p.308; J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.92.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaasvind, geïgnoreer het. Kruger het naamlik aan Viljoen voorgestel dat hulle twee saam met twee ander persone uit elke laer gekies, deur die republiek moes gaan en by elke bevolkingsentrum 'n byeenkoms moes hou, asook 'n nuwe presidentsverkiesing uitskryf, maar met die veronderstelling dat hulle hul sou hou by die uitslag daarvan.[159] Viljoen het nie daarop ag geslaan nie, want nou kon hy vir eens en vir altyd 'n einde maak aan die sogenaamde "reign of the Doppers".[160] Kruger was geensins van plan om oor te gee aan die oor= mag nie, maar het in 'n boodskap aan die Volkslaer ge= dreig dat, as hulle nader aan Potchefstroom kom, hulle teruggedryf sou word. Viljoen het ook hierdie dreigement geïgnoreer. Kruger het daarop met 130 perderuiters teen Viljoen se mag opgeruk, en met die rebelle-voorhoede van 100 perderuiters slaags geraak.[161]

Veldkornet Sarel Eloff en 30 manskappe van die Staatslaer het die koppie tussen die dorp en Loopspruit beset. Hulle het die rebelle toegeroep om nie nader te kom nie, anders sou daar op hulle geskiet word. Viljoen se manne het hulle egter op 'n slinkse wyse omsingel en gedwing om oor te gee. Die rebelle het naamlik na die koppie gery en terwyl hulle aan Eloff geskree het dat hulle geen kwade bedoelings het nie en slegs gekom het om vriendskaplike samesprekings te voer, hulle omsingel en gevange geneem. Terwyl hulle die krygsgevangenes na die Volkslaer geneem het, het Eloff skielik tussen sy bewaarders uitgejaag. Hy is agterna gesit, en sommige van die Volkslaer-manne wou op hom skiet, maar

----------

159. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.450.

160. Soos 'n korrespondent van The Friend of the Free State, 18.12.1863, die destydse bewind in die Suid-Afrikaanse Republiek genoem het; volg ook J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.94 en J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.114.

161. Het Volksblad, 23.1.1864.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen het dit verbied deur te sê dat Eloff vroeër goeie dienste aan die Staat bewys het, en dat die Volkslaer die herstel van orde in die oog gehad het, en nie bloedvergieting nie. Hierna het Viljoen ook met Kruger onderhandel oor die beste manier om bloed=vergieting te voorkom. Hulle kon slegs ooreenkom dat beide partye eers sou retireer en dan tot 'n vredes=skikking sou probeer kom. Albei kommando's het terug=geval na hulle onderskeie laers, die Staatslaer na kommandant Lombaard se plaas waarop hulle in September-Oktober 1862 uitgekamp het, en die Volkslaer na die plaas Elandsheuwel van E. Grimbeek.[162]

Die volgende dag, 12 Desember 1863, het Viljoen en die Volkslaer binne geweerskootafstand van Kruger se laer Potchefstroom binnegetrek.[163] 'n Korrespondent van Het Volksblad het dit genoem "een triumtogt" en beskryf as "zeer rustig en ordentelijk."[164] Die openbare kantore is sonder weerstand in besit geneem,[165] en 'n deputasie is na Pretorius, wat aan die begin van Desember te perd die Oranje-Vrystaat in is,[166] gestuur om hom te versoek om onmiddellik na Potchefstroom te

----------

162. Bredell, H.C. en P. Grobler: Die Gedenkskrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), pp.45-46; SS53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65; Het Volksblad, 23.1.1864; en F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners I, p.309.

163. Het Volksblad, 23.1.1864. Hiervolgens het dit op 10 Desember gebeur. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.450 sê ook 10 Desember.

164. Het Volksblad, 31.12.1863: Berig uit Potchef=stroom, 14.12.1863.

165. Het Volksblad, 23.1.1864.

166. Het Volksblad, 16.1.1864 (Correspondent, Potchef=stroom, 28.12.1863).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom om "door het volk tot President aangesteld te worden."[167] Hierdie inname van Potchefstroom en die besetting van die regeringskantore was 'n daad van opstand teen die staat. Kruger kon niks daaraan doen nie. Hy het die aanhang wat Viljoen gehad het, onderskat,[168] en teen 'n oormag te staan gekom.[169]

In afwagting op versterkings van die kant van president Van Rensburg het Kruger om tyd te wen allerhande mondelinge boodskappe en briewe om tot 'n vredeskikking te probeer kom uit die Staatslaer aan Viljoen gestuur. Niks daarvan het behoue gebly nie, en wat presies daarin gestaan het weet ons nie. Onder andere is gevra vir die uitlewering van die dertig gevangenes, waarop ge= antwoord is dat dit kon geskied in ruil vir veldkornet Eloff. Die skrywes is ook nie beantwoord nie. Kruger het ook tevergeefs op versterkings van die kant van Van Rensburg gewag.[170] Hy, Van Dyk en Snyman was met 60 man van Pretoria op pad na Potchefstroom, maar toe hulle verneem het hoe groot Viljoen se oormag was, het hulle na Rustenburg teruggetrek om eers 'n groter kommando byeen te probeer bring.[171] Rustenburg was die enigste distrik waar hulle hulp kon werf, want in Noord- en Oos-Transvaal was toestande so onveilig dat, in plaas daarvan dat die burgers vandaar hulle president teen die opstandelinge kon gaan help, dié 'n kommando

---

167. Het Volksblad, 31.12.1863: Berig uit Potchef= stroom, 14.12.1863.
168. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.112.
169. D.W. Krüger: Paul Kruger I, p.69.
170. SS53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.
171. Het Volksblad, 31.12.1863 (Berig uit Potchefstroom, 14.12.1863).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


uit Pretoria moes stuur om hulle tot hulp te kom.[172]

Viljoen het van hierdie vir hom gunstige tydsomstandighede gebruik gemaak. Hy het allerhande gerugte in die Staatslaer laat versprei, onder andere dat die Volkslaer tussen agt- en negehonderd man sterk was,[173] en van plan was om die Staatslaer te omsingel en aan te val, dat al 30 gevangenes by verset van die Staatslaer onmiddellik gedood sou word, en dat sterk patrollies van die Volkslaer alle hulp van die Staatslaer afgesny het. Met so 'n oormag teen hulle en sonder hoop op eie versterkings het die moraal van sommige van Kruger se manne geknak. Op 13 Desember het sy brandwagte hulle poste verlaat en talle van sy burgers na die Volkslaer oorgeloop. Kruger het dadelik sy offisiere bymekaargeroep en ook hulle was nie seker of hulle wou veg nie. Daar is besluit om die Staatslaer te ontbind, en in die hoop dat sy gevange burgers weer vrygelaat sou word, het Kruger hom na die Oranje-Vrystaat begewe. Uit hierdie veilige posisie kon hy later onder meer gunstige omstandighede die stryd hervat.[174] Vergesel van veldkornet Eloff, P. Bezuidenhout en J. Evans het hy hom tydelik op die plaas van Johannes Bornman[175] suid van die Vaalrivier gevestig.

---

172. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Aanspraak van pres. Van Rensburg voor die Volksraad, 10.2.1864), p.6.

173. Uit hoeveel man die Volkslaer in werklikheid bestaan het, is nie duidelik nie. 'n Berig van 14 Desember uit Potchefstroom in Het Volksblad van 31.12.1863 plaas die getal op 800.

174. SS 53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.

175. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.114.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met sy oorhaastige verlating van Potchefstroom het Kruger die Staatslaer se toerusting net so agtergelaat vir Viljoen om in beslag te neem. Dit het volgens bewering ingesluit 26 waens, lood en kruit en 'n kanon.[176] Enkele van Kruger se manne het hulle weg huis toe gevind, maar die meeste is krygsgevangene gemaak.[177] Hoeveel krygsgevangenes daar presies was, weet ons nie, maar wat wel gesê kan word, is dat hulle goed behandel is. Viljoen het hom nie aan onmenslik= heid skuldig gemaak nie. Op 13 Desember het ds. Dirk van der Hoff in die Volkslaer 'n dankdiens vir die bo verwagting gelukkige afloop van die gebeurde gehou. Dit is deur die hele laer bygewoon.[178] Groot was die vreugde onder die teenstanders van Kruger: "De Garibaldi van Zuid-Afrika's doppercollegie"[179] het die land verlaat,"Kruger's roem is voor goed uit".[180] Viljoen het die eerste ronde teen Kruger gewen. Binne 'n maand het dit egter geblyk dat hy op sy beurt weer vir Kruger, "den leeuw van Rustenburg",[181] onderskat het.

Viljoen se optrede was nie soseer negatief teen Kruger

---

176. Het Volksblad, 31.12.1863 (berig uit Potchef= stroom, 14.12.1863). Hieroor is koerantberigte nie eenstemmig nie - in 'n artikel in The Friend van 25.12.1863 staan dat "ruim 100 geweren, kanon en bijna 30 wagens" deur die Volkslaer buitgemaak is.

177. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.451. Hoeveel presies is onmoontlik om te sê. Het Volksblad, 31.12.1863 (berig uit Potchefstroom, 14.12.1863) sê dit was ruim 60 in getal, maar op 23.1.1864 berig dieselfde koerant dat 112 man krygsgevange gemaak is. The Friend van 25.12.1863 maak dit 130 man.

178. Het Volksblad, 31.12.1863 (berig uit Potchefstroom, 14.12.1863).

179. Soos 'n verslaggewer van The Friend, 25.12.1863, dit gestel het.

180. Die hoop van 'n Pretorius-gesinde verslaggewer in Het Volksblad, 31.12.1863.

181. Die beskrywing van J.F. van Oordt in Paul Kruger ..., p.114.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemik nie - inteendeel, volgens 'n koerantberig het hy Kruger in die Oranje-Vrystaat laat weet dat, as hy terugkeer, hy steeds as kommandant-generaal erken sou word, en dat geen een van sy ondersteuners beboet of op enige wyse gestraf sou word nie. Viljoen se positiewe doel was steeds om Pretorius weer president te maak, en hy het gehoop om sonder bloedvergieting in sy doel te slaag.[182] Dit was op daardie stadium wat hy sy reeds gemelde proklamasie van 14 Desember 1863, waaruit sy motiewe duidelik na vore kom, uitgevaardig het. Dit het gelui:

"In overweging genomen hebbende dat krachtens Art. 11 der Grondwet[183] dezer Republiek het volk uitsluitend aan zich de bescherming en verdediging van de onaf= hankelykheid en onschendbaarheid van Kerk en Staat behoud, en het klaar en duidelyk gebleken is dat de in de laatsten tyd bestaan hebbende Volksraden en de gene welke zich door geweld van de Regering en de bestiering dezer lands hebben meester gemaakt niet by magte zyn om tot heil van land en Volk werkzaam te wezen en telkens den last of de magt hun op de Grondwet of by Volks-besluiten opgedragen, overtreden en misbruiken, en hun zoo doende de goedkeuring en ondersteuning van het grootste gedeelte des Volks ontbreekt en verder in aanmerking te nemen dat, door zoodanige toestand onze zoo duur gekochte Vryheid gevaar loopt door onderlinge twist en tweedragt te vergaan,

"Zoo is het dat de gewapende Burgers uit onder= scheidene districten dezer Republiek thans vereenigd

---

182. Volgens berig in The Friend, 18.12.1863. Geen verdere dokumentêre bewys kon hiervoor gevind word nie.

183. Artikel 11 van die grondwet van Februarie 1858: "Het volk behoudt uitsluitend aan zich de bescherming en verdediging van de onafhankelijk= heid en onschendbaarheid van Kerk en Staat, over= eenkomstig de wetten" - Aangehaal uit F.A. Van Jaarsveld: Honderd basiese dokumente, p.110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder bevel van den door hen voor de taak gekozen Fung. Commandt. Generaal Jan W. Viljoen, alle Burgers dezes Staats uittenoodigen en oproepen, ten einde voldoende maatregelen te nemen om onzen Staat op nieuw op te bouwen voor zoo verre de thans bestaande ambtenaren de achting, het vertrouwen en de ondersteuning des publicks hebben verbeurd.

"Alle Burgers zullen zich stil en rustig moeten gedragen, volstrekt geene beweging of verzameling maken en alleen gehoor geven aan de oproepen en bevelen welke uitgaan van den Krygsraad van het Volkslager, zullende degenen welke hier tegen mogten handelen ten strengste volgens de wet vervolgd en gestraft worden en des noods met de wapens worden tegengegaan.

"Aan diegene der Burgers die tot de party van den Commandant S.J.P. Kruger behoord hebben wordt by deze toegestaan in het Lager te komen en alle mogelyke veilig= heid gewaarborgd.

"De Commandant Kruger, zyne ambtenaren en officieren moeten zich binnen 14 dagen na dagteekening dezes by den Krygsraad van het Volks-lager vervoegen ..."[184]

Viljoen was so gerus gestel deur die groot aanhang wat hy op Potchefstroom geniet het, dat hy die gevange burgers van die Staatslaer vrygelaat het,[185] en deur middel van die proklamasie hierbo aangehaal daardie mense uitgenooi het om hulle by die Volkslaer aan te sluit. Op 13 Desember het hy 'n sekere J.M. van Rooyen na Rustenburg gestuur om die "Publiek en de Vrouwens van die wyk uit naam van den Krygsraad, thans verzameld op den plaats Elandsheuvel naby Potchefstroom te ver= zekeren, dat zy zich veilig naar de Krygsraad of

---

184. SS51 R922/63: Proklamasie van J.W. Viljoen, Elandsheuwel, 14.12.1863, pp.396-398.

185. D.W. Krüger: Paul Kruger I, p.69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volkslager onder Fung. Commandant Generaal J.W. Viljoen kunnen begeven, en wordt hunner persoonen by deze veiligheid gewaarborgd, daar het slechts de wensch is van orde, rust, vrede, en eensgezindheid in het land van de Zuid-Afrikaansche Republiek, onder de Grondwet te herstellen."[186] Deur opstand teen die staat wou "die volk" die "staat" herstel, en vir dié was die "staat" die persoon van M.W. Pretorius.

Terwyl Viljoen in Potchefstroom op Pretorius se koms vanuit die Oranje-Vrystaat gewag het, het sy aanhang tot ongeveer 1 200 man aangegroei, meestal afkomstig uit die distrikte Marico, Makwassie, Pretoria, Rustenburg, Wakkerstroom en Utrecht. Daagliks het meer manne hulle by die Volkslaer aangesluit.[187] Onder hulle was Stephanus Schoeman, wat volgens J.F. van Oordt gedink het hy sou nou weer die leiding van die Volkslaer op hom kon neem. Viljoen het egter geweier om die leiding af te gee, want hy het waarskynlik besef dat Schoeman van nature te voortvarend en te vol eiewaan was om 'n werklike volksleier te kon wees. Schoeman moes ook die staatsvlag wat van Januarie 1863 af in sy vrou se besit was, aan Viljoen oorhandig.[188]

Teen 23 Desember 1863 was Pretorius nog steeds nie in Potchefstroom nie. Die Volkslaer het egter na Pretoria begin optrek.[189] By die vertrek het Viljoen 'n

----------

186. Kennisgewing van J.W. Viljoen, Potchefstroom, 13.12.1863, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.10.

187. Het Volksblad, 9.1.1864, oorgeneem uit De Tijd: verslag uit Potchefstroom, 21.12.1863.

188. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.114.

189. J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog, p.93, is verkeerd wanneer hy beweer: "In die middel van Desember was Viljoen in aantog na Pretoria."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Bekendmaking" laat versprei waarin eerstens alle burgers genooi is om hulle by die Volkslaer te voeg; tweedens word verklaar "dat die Burgers niet vereenigd zyn om te oorlogen maar alleen om door de vereeniging van het grootste gedeelte der stemgeregtigde Burgers, den Staat weder op te bouwen"; en derdens die hoop uitgespreek is "dat alle Burgers, welke belang stellen in den welvaart en bloei van het land en in hulle eigene vryheid, op den 9 January, 1864, te Pretoria zullen tegenwoordig zyn, ten einde alsdan mede te werken tot de herstelling van de regering vorm",[190] of te wel die herstel van Pretorius as president.

Daar is nie net met die oog op die beplande byeenkoms na Pretoria opgetrek nie, maar volgens 'n korrespondent ook om die staatsamptenare daar te gaan vervang met manne na Viljoen se sin.[191] Voor die Volkslaer se aankoms in Pretoria het hierdie amptenare, naamlik Van der Linden, die staatssekretaris, Struben, die weesheer, en Fr. Schutte, die landdros,[192] reeds na Rustenburg uitgewyk, sodat die Volkslaer se kommandant-generaal slegs nodig gehad het om nuwes aan te stel.[193] Dit het hy gedoen: Stiemens as staatssekretaris, J.H. Botha as fungerende landdros en J.G.C. van Leenhof as sy klerk.[194]

---

190. Bekendmaking van J.W. Viljoen, Volkslaer, 23.12.1863, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11.
191. Het Volksblad, 16.1.1864 (Correspondent, Potchef=stroom, 28.12.1863).
192. Het Volksblad, 30.1.1864 (Correspondent, Potchef=stroom, 8.1.1864).
193. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.451.
194. SS51 R932/63: J.W. Viljoen-J.G.C. van Leenhof, Pretoria, 31.12.1863, p.417.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Welke roete Viljoen en die Volkslaer van Potchefstroom na Pretoria gevolg het, is nie beskryf en dus onbekend, maar wat wel seker is, is dat, as gevolg van die trek die tot nog toe tuisgeblewe burgers hulle, in die woorde van president Van Rensburg, "ook terstond aan onze zyde" geskaar het.[195] Die rede daarvoor is nie ver te soek nie: die trek na die hoofstad was so 'n openlike daad van opstand dat enige regsinnige burger moes sien dat dinge geneig het in die rigting van 'n staatsgreep.[196] In Pretoria gekom het Viljoen op 29 Desember 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die mense gewaarsku het om nie by die "Partij van Kruger" aan te sluit nie, maar dit het nie veel indruk gemaak nie.[197]

M.W. Pretorius het enkele dae na Viljoen se vertrek na Pretoria uit die Oranje-Vrystaat in Potchefstroom aangekom, waar hy sy ontevredenheid "met de demonstratie van Kommandant Viljoen, ten zijnen faveure, voornamelijk ten opzichte van het omverwerpen van het Gouvernement" uitgespreek het.[198] Klaarblyklik het Pretorius gevoel dat hy nie deur middel van 'n gewapende opstand teen die regering weer aan bewind geplaas wou word nie. Hoe dit ook sy, Viljoen het onmiddellik toe hy gehoor het dat Pretorius in Potchefstroom is, aan sy assistent kommandant-generaal daar, S.P. Pretorius, opdrag gegee om met M.W. Pretorius en soveel moontlik manskappe by die Volkslaer in Pretoria te kom aansluit. Almal in die Volkslaer het steeds na Pretorius se verskyning uitgesien, en, wat belangrik is, is Viljoen se

---

195. Aangehaal uit die Aanspraak van pres. Van Rensburg voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (red.): Notule V, p.8.

196. D.W. Krüger: Paul Kruger I, p.70.

197. J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.95.

198. Het Volksblad, 30.1.1864 (Korrespondent, Potchefstroom, 8.1.1864).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verklaring dat "die volk" nie "onaangenaam zou zyn ook den Heer Paul Kruger te zien" nie.[199] Die Volkslaer het dus nie die kommandant-generaalskap van Kruger erken nie. In die proklamasie van 14 Desember is Kruger genoem 'n "Commandant", hier is na hom verwys as "den Heer" - 'n burgerlike titel. Teen sy persoon was daar geen beswaar nie, maar teen sy "Partij" of aanhang, dit wil sê die Staatslaer, wel. Dit was Kruger en sy "Partij" wat tussen "die volk" en hulle ideaal om M.W. Pretorius weer as president te sien, gestaan het.

Paul Kruger, wat steeds op Bornman se plaas in die Oranje-Vrystaat was, het op 29 Desember 1863 twee briewe van die waarnemende kommandant-generaal van die Staats= laer, M.J. Viljoen, ontvang. Daarin is hy meegedeel dat al die gevangenes deur Jan Viljoen vrygelaat is, en is hy genooi om na Transvaal terug te keer, na Olifants= nek waar 300 man op hom gewag het. Kruger het dadelik aan die oproep gehoor gegee. Vergesel van veldkornet Sarel Eloff en Julius Franck, was hy 3 dae later by Olifantsnek. Die Staatslaer was toe egter reeds van daar op pad na Pretoria waar die burgers van beide laers volgens 'n ooreenkoms tussen M.J. Viljoen en Jan Viljoen op 9 Januarie 1864 'n gesamentlike vergadering sou hou.

Op Sondag, 3 Januarie 1864, het Kruger op die spoor van die Staatslaer gevolg, en hom op die 4de by sy manne aan= gesluit waar hulle aan Pretoria se kant van die Krokodil= rivier net noord van die Magaliesberge uitgekamp het.[200] Die Staatslaer het intussen aangegroei tot tussen 800 en 900 man.[201] President Van Rensburg wat die hoop

---

199. SS51 R930/63: J.W. Viljoen-S.P. Pretorius, Pretoria, 29.12.1863, p.415.

200. SS53 R26a/64: S.J.P. Kruger-President en Uit= voerende Raad, Waterkloof, 20.1.1864, pp.63-65.

201. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.451;
J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.114.

gekoester het "dat die Here onze handen zóó zoude sterken, dat wy over onze zaken geen ander, dan een goed gevolg te wachten konden zyn",[202] was in die Staatslaer aanwesig, hier waar vir die laaste keer met die Volkslaer kragte gemeet is in wat Eric Walker smalend genoem het die "comic opera civil war."[203]

Viljoen en die Volkslaer het nog in Pretoria op M.W. Pretorius gewag toe berig ontvang is van die teenwoor= digheid van die Staatslaer by die Krokodilrivier. Aangesien so 'n sametrek in stryd was met Viljoen se proklamasie van 29 Desember het die Krygsraad van die Volkslaer besluit om op 4 Januarie 1864 na die Krokodilrivier op te trek om te gaan verneem waarom daar nie aan die proklamasie voldoen is nie.[204] Die volgende dag het die Volkslaer oor Silkaatsnek verskuif, en in die nabyheid van die Staatslaer na 'n geskikte plek met water gesoek om laer te trek.[205] Vir die Staatsleer was die skielike verskyning van die

---

202. Aangehaal uit sy aanspraak voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.6.

203. E.A. Walker: A History of South Africa, p.320.

204. Kennisgewing van J.W. Viljoen, Volkslaer aan Silkaatsnek, 8.1.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11. Berigte oor wat presies die doel van die Volkslaer op daardie stadium was, rym nie. Almal dateer na die Slag van Swartkoppies, en meeste is deur betrokkenes opgestel. Gegee is die getuienis van Viljoen self. Het Volksblad van 30.1.1864 bevat 'n berig dat die Volkslaer na Rustenburg wou gaan, "doch daar het vernam dat dat dorp met eenige duizend pond kruit ondermijnd" is, is besluit om na die Krokodilrivier op te trek. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.451, meen ook Viljoen was op pad na Rustenburg, maar het, toe hy verneem het dat Kruger by die Krokodilrivier was, eerder daar= heen gegaan. Dit is ook die mening van J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.114.

205. Kennisgewing van J.W. Viljoen, Volkslaer aan Silkaatsnek, 8.1.1864, gepubliseer in J.H. Breyten= bach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opstandelinge 'n verrassing, want daar is nog nie besluit hoe opgetree sal word nie.[206] Wat op hierdie skielike ontmoeting tussen die gewapende opponente in die bosagtige randjieveld aan die hange van die Magaliesberg gevolg het, was 'n kort maar bloedige botsing waarin elf burgers die lewe gelaat het.

Hoe presies die botsing tussen die Staatslaer en die Volkslaer op Dinsdag, 5 Januarie 1864, begin het, kan met geen sekerheid gesê word nie. Toe Kruger se brandwagte aan hom berig gebring het van die verskyning van die Volkslaer, het hy die meeste van sy manne agter die nabygeleë Swartkoppies verskans.[207] 'n Gewapende aanval deur die res van Kruger se kommando is toe op die voorhoede van die Volkslaer, wat steeds op soek na water was, gemaak. Viljoen se manne het, "onder bedreiging van de schrikkelykste vloek- en schelwoorden", ook die wapen gebruik, en Kruger in die rigting van die nek tussen die Swartkoppies agtervolg. Toe hulle bo uitkom het hulle hul vasgeloop in die geweerlope van Kruger se manne. 'n Hewige geveg het gevolg en die stryders was soms deurmekaar - aanvanklik slegs 30 tree van mekaar af.[208]

Die eerste om te sneuwel was Johannes Enslin, wat agter die Staatslaer se verskansings gestaan het. Volgens Viljoen het hy die opstandelinge gestaan en vloek en daarom is hy geskiet.[209] Volgens Kruger se herinneringe

---

206. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Aanspraak van pres. Van Rensburg voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864), p.6.

207. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenkskrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.47; J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Aanspraak van pres. Van Rensburg voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864), p.6.

208. Volgens beide Viljoen in sy Kennisgewing, Silkaatsnek, 8.1.1864 en Van Rensburg in sy Aanspraak voor die Volksraad, 10.2.1864, beide gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, respektiewelik bladsye 11 en 6.

209. Kennisgewing van J.W. Viljoen, Silkaatsnek, 8.1.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat 40 jaar na die gebeurtenis opgeteken is, het die voorval hom bo-op een van die koppies afgespeel. Enslin was reg om te vuur, "maar iemand van die teenparty het vir hom (Enslin) gesê: 'Moenie skiet nie, laat ons praat; hoekom sal ons mekaar doodskiet?' Enslin het sy geweer laat sak; onmiddellik daarna is hy deur 'n koeël getref en het (hy) dood agteroorgeval in die arms van Kruger." Daarna is van weerskante geskiet om dood te skiet.[210]

Kruger se manskappe agter die verskansings en 'n kanon wat hy by hom gehad het, het binne 'n halfuur die deur= slag gegee, want die hoofmag van die opstandelinge was in die oop vlakte.[211] Buitendien was blykbaar slegs die voorhoede van die Volkslaer betrokke teen die Staats= laer. Toe die opstandelinge boonop sien hoe hulle makkers voor die doelgerigte vuur van Kruger se manne val, het hulle moed hulle begewe. Skielik het hulle op hul perde gespring en geretireer.

Kruger se manne wou die vlugtendes agtervolg, maar hy het hulle teruggehou omdat hy gevoel het dat daar nie teen vyande geveg is nie, maar teen broers. Veld= kornet Sarel Eloff wat toe eers met 50 man op die gevegstoneel opgedaag het, was bitter ontevrede hieroor, en ook president Van Rensburg het sy misnoë oor Kruger se houding uitgespreek.[212] Uit die daarop volgende gebeurtenisse blyk dit dat hy reg opgetree het. 'n

----------

210. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenk= skrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48.

211. Volgens van Rensburg in sy Aanspraak voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.6;
J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.115;
J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog, p.96; Het Volksblad, 30.1.1864 (Korrespondent, Potchefstroom, 8.1.1864).

212. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenk= skrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48;
J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.115;
H.W. Grimsehl: Die rol van Stephanus Schoeman, p.238.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opvolging van sy sukses kon óf die Viljoenmanne verstrooi óf tot meer ongevalle gelei het. Viljoen was geen militaris nie, en het voorheen nooit in Transvaal aan enige oorlog deelgeneem nie. In geeneen van sy proklamasies het hy die Staatslaer met gewapende optrede bedreig nie. Buitendien was die kort maar bloedige botsing genoeg om beide partye se veglus te demp. Toe Viljoen se manne bemerk het dat hulle nie agtervolg word nie, het hulle na hulle waens teruggekeer en 'n paar duisend tree van die Staatslaer af laer getrek.[213]

Aan nie een van die twee kante was die verliese groot nie. Van die Staatslaer het die gemelde Enslin gesneuwel, asook kommandant Jan Viljoen van Waterberg en Philip Snyman van Zoutpansberg.[214] Ses of agt burgers is gewond.[215] Die Volkslaer se verlies was effens hoër. Die volgende is dood: Sybrand du Preez, die tydelike veldkornet van Wakkerstroom, 'n sekere Willem Bester, veldkornet M.W. (Zwart Marthinus) Pretorius van Pretoria, wat deur nie minder as ses koeëls getref is, Piet de la Rey,[216] Jan Marais en Philip Winnaard en dié se jong seun wat later aan sy wonde dood is. Meer as dertig ander burgers is gewond.[217] Viljoen het nog glad nie so verslae gevoel dat hy sy laer ontbind het of wou oorgee nie.[218] Dieselfde aand het Kruger vir

---

213. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenkskrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48.

214. Volgens Van Rensburg in sy Aanspraak voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.6;
H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenkskrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48.

215. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.115.

216. Dit is die enigste 4 oorledenes wat Viljoen self genoem het in sy Kennisgewing, Silkaatsnek, 8.1.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11.

217. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.115.

218. G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.451.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veldkornet Eloff en 'n klompie verkenners gestuur om te gaan kyk wat in die Volkslaer aangaan. Hulle het berig dat die Viljoenmanne in die lig van lanterns besig was om hulle kanonne in orde te kry.[219] Alles het daarop gedui dat die geveg die volgende dag hervat sou word.[220]

In die nag het M.W. Pretorius uiteindelik uit Potchef=stroom in die Volkslaer aangekom.[221] Net soos in Potchefstroom het Pretorius dit weer gerade geag om "in sterke bewoordingen zijne afkeuring over de handelingen van Viljoen te kennen te geven."[222] Dit moes vir die vurige Pretorius-man uit die fonteinland van Marico 'n klap in die gesig gewees het, want wat hy gedoen het, was volgens sy eie verklarings slegs in die belang van sy leier gedoen, en nou, pas nadat hy teenspoed ondervind het, het hy nie net geen dankbetuiging van die kant van Pretorius ontvang nie, maar het Pretorius inteendeel sy misnoeë oor sy optrede te kenne gegee. Of Pretorius nie maar bloot besig was om homself te verontskuldig nie, is moeilik om te sê, want hy het nooit 'n hoofaandeel in die opstand gehad waaroor hy skuldig kon voel nie. Dit was aan die ander kant uitsluitlik sy ondersteuners wat aan die Volkslaer behoort het, en hy het geweet wat Viljoen in die skild voer,[223] maar hy het nooit moeite gedoen om hom

---

219. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenk=skrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48.
220. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.115.
221. Bredell, H.C. en P. Grobler; Die Gedenkskrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48.
222. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.115.
223. N. Dreyer; Die Rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agtergrond van die Transvaalse geskiedenis tot 1884, p.143.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



terug te hou nie - in elk geval nie tot na Viljoen se nederlaag in sy stryd ten gunste van Pretorius nie.

Hoe dit ook sy, op Woensdag 7 Januarie 1864 is 'n bode, Hendrik Pretorius, uit die Volkslaer na Kruger gestuur om vir 'n vredesskikking te vra.[224] Kruger het soortgelyke planne gekoester, en het dus toegestem. Deur albei kante is afgevaardigdes gekies vir samesprekings die volgende dag. Die Staatslaer het vir Kruger gekies, asook vir S.J. Grobler en S.T. Prinsloo, terwyl die Volkslaer as hulle afgevaardigdes aangewys het M.W. Pretorius, T.F.J. Steyn en J.J. Fourie.[225] Viljoen is nie deur sy eie laer benoem nie. Pretorius, wat die werklike leier van die Volkslaer was, wou hom waarskynlik om taktiese redes nie by die vredessamesprekings hê nie. Dit het egter nie verhinder dat Viljoen op 8 Januarie 1864 in 'n kennisgewing sý weergawe van die gebeurde uiteengesit het[226] en op 9 Januarie - die dag waarop die vredessamesprekings begin het - "namens het

----------

224. Volgens Van Rensburg in sy Aanspraak voor die Volksraad, Pretoria, 10.2.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.6.

225. ZAR 42, Staatskoerant 19.1.1864, p.644, waar 'n verslag van die byeenkoms in voorkom; Bredell, H.C. en P. Grobler: Die Gedenkskrifte van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.48, waarin Kruger die derde afgevaardigde van die Volkslaer 'n Meintjies wil maak in plaas van Steyn - S.T. Meintjies was slegs die sekretaris van die Volkslaer se afvaardiging; J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.115; G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.452; en J.H. van Dyk: Die Burgeroorlog in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.96.

226. Kennisgewing van J.W. Viljoen, Silkaatsnek, 8.1.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.11, hierbo telkens na verwys - sien voetnote 206-207, 210-211 en 218.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volk van het Volks-lager" 'n "Waarschuwing" gerig het aan "het bestuur van S.J.P. Kruger, Commandant en anderen."[227] Daarin is eerstens "een ieder lidmaat van onze Nederduitsch Hervormde Kerk en geloof voor de laatste maal gewaarschuwd en vriendelyk vermaand, dat die zich niet wil stellen, om tegen onze Kerk, Staat en Geloof te stryden, en alzoo niet gewillig is om onze Staat [die "staat" van "die volk"] tot verwoesting te brengen, onverwyld het lager zal verlaten [die Staats=laer]; tweedens is die "leden der gemeente tot de leer en Kerk van Ds. Postma behoorende" gewaarsku om "onmiddelyk aan onze proclamatie te voldoen", bedoelende die proklamasie van 14 Desember waarin beveel is dat "Alle burgers zullen zich stil en rustig moeten ge=dragen" en "volstrekt geene beweging of verzameling maken";[228] en derdens is Paul Kruger, S. Eloff, W.C.J. van Rensburg en C. Moll weer eens gewaarsku, net soos in die proklamasie van 14 Desember, om voor die Krygsraad van die Volkslaer te verskyn, "ten einde borgen te stel=len voor hun stil en rustig gedrag en hunne verschyning voor eene bevoegde regtbank."

In hierdie waarskuwing van 'n verslane opstandsleier kom die kerklike sy van die Burgeroorlog sterk na vore. Hy stel "Kerk, Staat en Geloof" gelyk - wie nie aan sy geloof en kerk behoort nie, is sy "staat" se vyande. Daarom is die waarskuwing spesifiek gerig teen lidmate van ds. Postma se kerk, maar nie teen die Gereformeerde Kerk self nie, want sou hulle onmiddellik die Staatslaer verlaat, beloof Viljoen om weer "hun alle regten volgens Grondwet toebehoorende" te waarborg.[229] Of Viljoen

---

227. Waarskuwing van J.W. Viljoen, Volkslaer, 9.1.1864, gepubliseer in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, pp.11-12.

228. Kyk hierbo, p.130 waar die hele proklamasie aange=haal is.

229. Volgens Viljoen se Waarskuwing van 9.1.1864 aan=gehaal in J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds): Notule V, p.12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie waarskuwing "namens het Volk van het Volkslager" uitgereik het, is te betwyfel. Pretorius was die werklike leier van die Volkslaer en het dieselfde dag met vredessamesprekings met Kruger en die Staatslaer begin. Dit is onwaarskynlik dat hy sy goedkeuring aan so 'n waarskuwing sou heg. 'n Mens kan aanvaar dat Viljoen op eie inisiatief opgetree het in 'n laaste poging om sy invloed op die verloop van sake te behou.

Viljoen se waarskuwing het geen uitwerking gehad nie. Op 8 Januarie het die verkose afgevaardigdes van beide laers by die Krokodilrivier byeengekom "ten einde te zamen te beraadslagen omtrent de punten op welke de Vrede, tusschen de Inwoners dezer Republiek, kan tot stand gebragt worden." Op M.W. Pretorius se voorstel het die kommissie besluit dat daar gedurende die onder=handelinge 'n wapenstilstand sou wees, wat deur albei kante gewaarborg is. Voorts is ooreengekom dat die kommissie se besluite aan die publiek in beide laers vir goedkeuring voorgelê sou word.[230]

Op Saterdag 9 Januarie is in alle erns begin met die onderhandelinge wat tot 15 Januarie sou duur. Paul Kruger was die voorsitter van die vergadering. Daar is eerstens besluit om 'n buitengewone Hof saam te stel "om alle Staats-questien in de Z.A. Republiek, welke voor hen zullen gebragt worden, te onderzoeken, daarin uitspraak te doen en vonnis te vellen, volgens de wetten des Lands, welker uitspraak beslissend zal zyn en aan geen hooger beroep onderworpen." Om as regters van die hof te dien sou genooi word die gekose president van die Oranje-Vrystaat, adv. J.H. Brand, sir W. Harding van Natal, adv. H.A.L. Hamelberg van Bloemfontein en, as een van die drie nie kon kom nie, regter Philips van Natal.[231]

---

230. ZAR 42 Staatskoerant 19.1.1864 (Notule, same=koms by Krokodilrivier, 8.1.1864), p.644.

231. SS53 R10/64: Notule van ooreenkoms by Krokodilrivier, 9.1.1864 en volgende dae (arts. 2 en 3), p.15 e.v.; ook in ZAR 42, Staatskoerant 19.1.1864, p.644 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tweedens is besluit dat daar, "ten einde de questie om= trent die kiesloten uit den weg te ruimen", 'n nuwe presidentsverkiesing gehou sou word.[232] Die verkiesing is in Maart gehou. Pretorius is met 1 519 stemme teenoor 1 118 vir Van Rensburg as president herkies. Dit is interessant dat Pretorius in die kiesafdeling of distrik Wakkerstroom, waarvan die stemme nie in September 1863 in aanmerking geneem is nie, 113 stemme teenoor 3 vir Van Rensburg gekry het.[233] Pretorius het op 10 Mei 1864 sy ampseed as staatspresident voor die Volks= raad afgelê.[234]

Laastens is op die vredessamesprekings in Januarie 1864 besluit dat na die aanname en goedkeuring van die vredes= besluit deur beide laers, "zullen de beide lagers de wapens neder leggen en uit elkander gaan, en zich aan beide zyden stil en rustig gedragen, zonder elkander door woord of daad te mogen beleedigen."[235] Goedkeuring hieraan is op 15 Januarie verleen, en die ooreenkoms is onder andere deur J.W. Viljoen namens "het als Volkslager vergaderde Volk" onderteken.[235] Daarna het die twee laers uitmekaar gegaan.

Jan Viljoen het by die Krokodilrivier gebly in afwagting op die uitslag van die vredessamesprekings. Sy onder= tekening van die verdrag dui daarop dat hy nieteen= staande sy nederlaag op 5 Januarie nog as 'n leier van die Volkslaer beskou is. Met hierdie ondertekening

----------

232. SS53 R10/64: Notule, byeenkoms te Krokodilrivier, 9-15.1.1864, art.11, p.15 e.v. Die beweerde on= reëlmatighede met die kieslote tydens die September 1863-presidentsverkiesing is op pp.116-117 bespreek.

233. SS5 R172/64: Stemtotale vir staatspresident in distrikte, 29.3.1864, pp.26-27.

234. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Notule, Volksraadsitting, Pretoria, 10.5.1864, art. 8), p.20.

235. SS53 R10/64: Notule, byeenkoms te Krokodilrivier, 9-15.1.1864, p.15 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was die Burgeroorlog verby. Dit het gelyk of Viljoen se opstand teen die staat en sy poging om M.W. Pretorius weer op die president-setel te plaas, misluk het. Daarby het die sitting van die buitengewone hof ook nog voorgelê, en dit was seker dat 'n aanklag teen Viljoen voor hierdie hof gelê sou word. Dit was nie met vreugde in sy hart dat Viljoen die lang pad terug na Vergenoeg aangepak het nie.

Op 10 Februarie 1864 het die ou wettige Volksraad met 'n spesiale sitting in Pretoria begin. Dit was gou duidelik dat die landsvaders glad nie ingenome was met Viljoen se voortvarende optrede teen die land se gesag nie. In sy proklamasies van Desember 1863 en Januarie 1864 het hy in die oë van die Volksraadslede "niet alleen de Volksraad, maar ook de Uitv. Raad en andere Ambtenaren zwaar besculdigd en miskend." Voorts was dit vir hulle duidelik dat Viljoen geen ander doel gehad het as "om het bestaand wettig Gouvernement te ver= nietigen, en een ander in deszelfs plaats te stellen", dus dat hy 'n opstand teen die wettige staatsgesag gelei het. Dit sou hom nie vergewe word dat hy die laaste gedeelte van art. 11 van die grondwet, wat bepaal het "dat het Volk alleen regt heeft om wegens het door hen opgegeven Grondwets-artikel te handelen, indien zy zulks overeenkomstig de wetten doen," geignoreer het nie. Ook nie dat hy en die "ontevreden zynde burgers" vergeet het van art. 12 van die grondwet nie. Dit het gelui: "Het volk geeft de wetgeving in handen van eenen Volksraad, het hoogste gezag des lands, bestaande uit vertegenwoordigers of lasthebbers des volks, door de stemgeregtigde burgers gekozen; doch alleen voor zoo verre, dat aan het volk drie maanden tyds zal gelaten zyn, om over eene voorgestelde wet zyn oordeel aan den Volksraad des verkiezende te kunnen inleveren; behalve die wetten, die geen uitstel kunnen lyden." Viljoen het die grondwet geskend in sy miskenning van hierdie bepalings.

Voorts is gevoel dat Viljoen se beskuldiging in verband met wanpraktyke met die kieslote by die vorige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



presidentsverkiesing nie as verskoning vir sy optrede aanvaar kan word nie. Volgens die wet kon hy 'n aanklag in dié verband by die Volksraad ingedien het, maar hy het nooit iemand in die verband aangekla nie. Hy en die ontevrede burgers het dus volgens die Volksraad eerder "Geregts-hoven beledt of verjaagd" as om hulle aanklagte teen die Regering voor sulke howe te lê - verwysende na wat in Januarie 1863 in Pretoria gebeur het. Daarom was die Volksraad van mening dat Viljoen nooit kon bewys dat hy "de wapens opgevat hebben, om de wet of het welzyn dezer Republiek te bevorderen." Die Volksraad het bevind dat Viljoen en die Krygsraad van die Volkslaer "geheel buiten alle wet en regt ge= handeld hebben, door een opstand en burger oorlog te beginnen", en verplig gevoel om Viljoen en sy volgelinge "tot verantwoording en bewys van de wettigheid hunner beschuldigingen" voor die buitengewone hof waarvoor die vredesverdrag van 15 Januarie voorsiening gemaak het, te roep.[236]

Hierdie hof het nooit gesit nie, want nie een van die vier here wat as regters gevra is, het hulle weg oopge= sien om so 'n hofsitting by te woon nie.[237] Op presi= dent Brand van die Oranje-Vrystaat se aanbeveling is die saak egter in der minne geskik. Brand se raad was dat dit beter sou wees om 'n onderlinge skikking te tref as om 'n hofsitting te hou, want 'n hof sou te veel burgers straf. Hy het die Transvalers vermaan om met "Broeder= like liefde en eensgesindheid" saam te werk "opdat allen als één van hart en één van zin als broeders en landgenooten en burgers van hetzelfde gemenebest, gesproten van één stam en strevende naar één doel, door onderlinge toegenegenheid en eensgezindheid met

---

236. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V (Spesiale Volksraadsitting, Pretoria, 10-20.2.1864, art. 17), pp.12-13.

237. Soos M.W. Pretorius op 9 Mei 1864 die Volksraad meegedeel het. Volg J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule V, p.20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vereenichden krachten den weg helpen openen." Sy raad volgende het die Uitvoerende Raad op 4 Mei algemene amnestie aan al die beskuldigdes verleen.[238] Daarmee was die Burgeroorlog verby.

By 'n beoordeling van Viljoen se rol in die Burgeroorlog is die belangrikste aspek wat in aanmerking geneem moet word die idee dat die volkswil belangriker is as die grondwet. Viljoen was die man van "die volk": die "ontevrede burgers" wat "die volk" uitgemaak het, het hom gekies as hulle aanvoerder in die stryd teen wat hulle as die "onwettige" regering van president Van Rensburg beskou het. Die veronderstelling was dat Pretorius in der waarheid president was, maar weens die beweerde gekonkel met stembriefies in die presidentsver= kiesing van September 1863 uit die pos geweer is. Dit sou dan bloot "reg" wees om Pretorius aan bewind te stel. Viljoen het egter nie in gedagte gehou dat die Volks= raad die hoogste gesag in die land was, en dat ongrond= wetlike optrede teen dié liggaam opstand teen die staat was nie. Die "ontevrede burgers" het buite rekening gelaat dat die Uitvoerende Raad die beweerde gekonkel met die stembriefies uit Wakkerstroom ondersoek het voor die finale vasstelling van die uitslag van die presidentsver= kiesing in Oktober 1863. Die Volksraad was tevrede met die wettigheid van die verkiesing; 'n deel van die "volk" wou dit nie aanvaar nie, en Viljoen as leier daarvan het in opstand gekom teen die wettige staatsgesag - het dus 'n opstandsleier geword.[239]

---

238. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Die Gedenkskrif= te van Paul Kruger (Van Schaik, 1947), p.49; F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe, p.316.

239. As die uitslae van die twee presidentsverkiesings in September 1863 en Maart 1864 vergelyk word:
1863: Pretorius 1 065 Van Rensburg 1 106
1864: Pretorius 1 519 Van Rensburg 1 118
is dit opvallend dat Van Rensburg by beide geleent= hede feitlik dieselfde aantal stemme gekry het, terwyl Pretorius die tweede keer feitlik 500 meer gekry het. Hierdie feit tel in die guns van die aansprake van die Volkslaer dat daar tot nadele van Pretorius met die stembriefies gekonkel is in 1863 - iets wat hulle oortuig van was maar nie bewyse voor gehad het nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kerklike aspek was van veel minder belang in die Burgeroorlog en moet as toevallig beskou word, toevallig in dié sin dat Viljoen en Kruger nie in die eerste plek teen mekaar te staan gekom het omrede een 'n Hervormer was en die ander Gereformeerd nie: Hulle het teenoor mekaar gestaan omrede Viljoen geglo het aan die opper= gesag van die volkswil en Kruger aan die oppergesag van die wettige regering volgens die grondwet. Tog was daar 'n kerklike aspek. Schoeman wou in 1862 van kerklike geskille misbruik maak vir politieke gewin, en Viljoen het dit ook gedoen. Waar Viljoen egter onderskeid maak tussen lidmate van die Hervormde en Gereformeerde Kerke was dit bloot om aan die lidmate van die Gereformeerde Kerk te laat verstaan dat die Volkslaer se optrede nie teen hulle gemik is omdat hulle Gerefor= meerd is nie, maar omdat hulle die regering van president Van Rensburg gesteun het.

Viljoen was dus die leier van 'n gewapende opstand teen die staat. Militêr het hy gefaal deurdat Kruger, 'n geoefende krygsman, hom by die Krokodilrivier verslaan het, maar Viljoen se hoofdoel met die opstand is met die herverkiesing van Marthinus Wessel Pretorius as pre= sident van die Suid-Afrikaanse Republiek verwesenlik. Daarom kon hy in 1874 teenoor die Bahoeroetsie-kaptein, Moilo, opmerk: "Paul Kruger heb ook gesegt dat ik niets ben, Maar ik heb Pretorius op zyn stoel gezet."[240]

---

240. SS180 R2068/74: J.W. Viljoen-Moilo, 20.11.1874, p.86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 6

## Tien jaar lank kommandant van Marico

Jan Viljoen wat in Oktober 1859 die eer te beurt geval het om deur die Maricoaners as kommandant gekies te word, het in Desember sy ampseed in Potchefstroom afgelê. Omdat sy distriksmense agter hom gestaan het, het die Burgeroorlog waarin hy hulle leier was, nie vertroue in hom laat ver=loor nie. Onder die Amnestie het hy sy rang as kommandant behou.

Volgens die kommandantsinstruksies van 1858 was die be=langrikste taak van die kommandante krygsverrigtinge. Dit het ingesluit die byeenroeping van kommando's vir die bestryding van binnelandse onrus sowel as vir verdediging teen buitelandse vyande. In hulle distrikte moes die kommandante skakel met hulle veldkornette en landdroste. Hulle moes ook dien as skakel tussen hulle distrikte en die kommandant-generaal. Hulle was ook belas met toesig=houding oor die aktiwiteite van hulle veldkornette.[1]

Gedurende die jare 1864-1869 is Jan Viljoen telkens deur die regering gelas om van sy burgers vir die een of ander veldtog op te kommandeer. By verskillende geleenthede het Paul Kruger, die kommandant-generaal, selfs vir Viljoen vir die duur van so 'n veldtog tot assistent- of waarnemende kommandant-generaal benoem. Viljoen het egter self nooit aan krygsoperasies deelgeneem nie.

Die eerste oproeping wat hier ter sake is, het net na die Burgeroorlog in 1864 geskied. Tydens hierdie oorlog al het die Lydenburgers ernstige probleme van die kant van die Swart kapteins, Mabhogo van die Mapoggers en Maléo van die Bakôpa, ondervind, maar die Blankes was so besig om onder mekaar te veg dat hulle nie aan die Swartes

----------

1. Z.A.R. Staatskoerant, 2.4.1858.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kon aandag gee nie. Albei hierdie **kapteins** het hulle skuldig gemaak aan diefstal van die Boere se vee. Albei was ook van tyd tot tyd betrokke in bloedige skermutse= linge met die Pedi van Sekoekoeni. Hierdie onrustige toestand onder die Swart stamme het veroorsaak dat talle Blankes dit raadsaam geag het om laer te trek. In Sep= tember 1863 het Mabhogo oorlog teen die Boere verklaar. Kommandant-generaal Kruger het inderhaas 'n kommando gestuur om die Lydenburgers te gaan help. Op 3 November het die Boere saam met die Pedi van Sekoekoeni 'n aanval op Mabhogo se stat gedoen, maar dit is afgeslaan. Daar= na het die kommando die laers gaan beskerm. 'n Klein aantal burgers het Maléo se stat aangeval maar dit het mis= luk. Die Lydenburgers het besluit om geen verdere aanvalle te waag voordat daar nie versterkings opdaag nie.[2]

In Mei 1864 het Paul Kruger weer opdrag van die Uit= voerende Raad gekry om 'n kommando tot Lydenburg se hulp te stuur. Hy het die taak om 'n kommando vir die doel byeen te roep opgedra aan kmdt. Jan Viljoen, wat tot waarnemende kommandant-generaal benoem is. Kruger wou hê dat Viljoen met so 'n sterk mag as moontlik optrek. Daar is ook vir artillerie voorsiening gemaak.[3] Die voorbereidings was egter onnodig, want in die vroeë môre-ure van 10 Mei het 'n bevriende Zwasi-impie van koning Umswase 'n verwoestende aanval op die hoofstat van die Bakôpa gedoen. Die stat is geplunder en afgebrand, en die meeste van Maléo se onderdane gevang of gedood. Hyself het die geveg nie oorleef nie.[4] Toe berig hiervan

---

2. T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, pp.215-222 en pp.143-144.

3. SS8614 brief 243/64: Staatsekretaris-J.W. Viljoen, Pretoria, 13.5.1864; SS55 R241/64: Staatsekretaris-D. van der Merwe, Pretoria, 13.5.1864.

4. T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle ..., p.144; Th. Wangemann: Maléo en Sekoekoeni (VRS 38), pp.65-70; G.M. Theal: History of South Africa VIII (Struik, 1964), p.456.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Pretoria ontvang is, het die Uitvoerende Raad besluit om te wag met die uitstuur van 'n kommando. Die kommandante, waaronder Viljoen, is egter beveel om hulle gereed te hou vir gebeurlikhede,[5] want Mabhogo se mag was nog onaangeraak. Dit was egter nie nodig om uit te trek nie omdat die verhouding tussen Mabhogo en die Regering verbeter het.

Tydens die byeenroeping van dié kommando het daar tekens van moedeloosheid by Jan Viljoen ingetree. Die rede was die ongehoorsaamheid aan die wet van 'n paar van sy burgers - iets waarteenoor hy magteloos gestaan het. Die verontagsaming van die staatsgesag in die Suid-Afrikaanse Republiek in die jare na die Burgeroorlog was nie net beperk tot Marico nie, maar was 'n algemene ver=skynsel. Die regeringlose toestand tydens die Burger=oorlog het wetteloosheid en demoralisasie in die hand gewerk. Die Burgeroorlog het ook nie meegewerk om die benarde ekonomiese posisie waarin die meeste Transvalers verkeer het, te verbeter nie. Tydens die veldtogte teen mekaar het die boerdery skade gely en het verdere ver=arming ingetree. Wanneer dit gekom het by eiebelang ter verbetering van hulle ekonomiese posisie het talle burgers nie getalm om bevele van die amptenare in hulle wyke, dit wil sê dié van die veldkornette en kommandante te ignoreer en die landswette te oortree nie.

Met die oog op die onveilige toestand van die land het die Regering in 1864 'n verbod geplaas op die verlating van die distrikte deur burgers wat op jag of ander togte wou gaan. Jan Viljoen het dit bekend gestel. 'n Sekere Jan Snyman en ander het "met vloek woorden" aan Viljoen

---

5. SS56 R315/64: S.J.P. Kruger-Kommandante, o.a. J.W. Viljoen, Pretoria, 2.7.1864, p.159; SS62 R1239/64: S.J.P. Kruger-President en Uitvoerende Raad, Pretoria, 31.12.1864, pp.524-525.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duidelik gemaak dat hulle sou gaan jag as hulle wou. Hulle is inderdaad weg. Die kommandant het hierop 'n klag by landdros Bodenstein van Potchefstroom ingedien en selfs gedreig om, indien die wetsongehoorsame burgers ongestraf gelaat word, die land te verlaat, want, skryf hy: "Ik ben niet van mening om langer in een land te woonen waar dat de sterkste man baas is, En waar dat de wet niet gehandhaaft wort"[6] - ironiese woorde as ons dink aan Viljoen se eie opstand teen die wet kort te vore.

Hierdie dreigement is waarskynlik nie ernstig bedoel nie, as 'n mens daaraan dink dat Viljoen ook voorheen dreigemente geuiter het om die Volksraad af te sweer en die land te verlaat. Die betrokke oortreders is nie gestraf nie, en Viljoen het ook nie die land verlaat nie. Die dreigement was blykbaar bedoel om die owerheid sover te kry om die orde te handhaaf. Jan Viljoen was altyd aangedryf deur 'n vurige idealisme vir sy jong land. Ná Swartkoppies egter was daar 'n vervaging in sy ywer en word sy optrede gekenmerk deur 'n belangstelling in sy eie sake, veral die jag. Die dreigement "om die land te verlaat" moet eerder ideomaties opgeneem word - tipies van 'n volk onder wie die staatsgesag nog nie sterk gevestig is nie.

Viljoen se opmerking oor die Snymans wat onwettig gaan jag het, dat "als de wet niet gehandhaaft wort op zulke Perzoonen dan zal het zeker een verwoesting worden, En wy zal dan nooit kun spreeken van een wet ..."[7] was 'n vermaning aan landdros Bodenstein van Potchefstroom wat nie ligtelik opgeneem kan word nie. Na die Burgeroorlog was die toestand in die republiek verward, en om

---

6. Argief Potchefstroom 2 Landdros Inkomende Stukke van veldkornette 1860-1866: Pak van Marico (J.W. Viljoen-C. Bodenstein, 18.7.1864).

7. Argief Potchefstroom 3 Landdros Inkomende Stukke 1864: J.W. Viljoen-C. Bodenstein, Vergenoeg, 15.9.1864.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wetsoortreders ongestraf te laat, sou nie meehelp om dit op 'n stewiger voet te plaas nie. Vandaar Viljoen se gebelgdheid toe hy hoor dat Bodenstein, nadat hy wel die ongehoorsame burgers beboet het, weer die boetes terug=getrek het omdat Viljoen aanvanklik versuim het om die Uitvoerende Raad se verbod op jag en tog-ry aan veld=kornet Coetzee bekend te maak. Viljoen skryf dat hy self nie ten gunste was van oormatige straf vir wetsoor=treders nie. Die burgers wat gehoor gegee het aan die Uitvoerende Raad se opdrag, en daardie winter dus geen inkomste uit jag of tog-ry gekry het nie - waaronder moontlik Viljoen self wat feitlik elke winter jagveld toe is - was ontevrede oor die opdrag. Hulle het met "Ronde woorden" gesê dat "als die onwillige niet gestraft worden dan zullen zylieden ook nimmer meer gehoor geven aan eenige order wat Uit gegeven Zal worden." Viljoen was so ontstoke dat hy Bodenstein uitgenooi het om Marico te kom regeer, want "indien die Perzoonen niet gestraft wordt, dan Neuk ik hun hier uit of Zy myn."[8] Dit was sterk woorde en 'n tipiese houding van die kwaai komman=dant van die Wesgrenspioniere. Om hulle te beheer was nie 'n maklike taak nie, en niemand het dit beter besef as Viljoen nie. 'n Ferme maar regverdige hand was nodig - nie net teenoor oortreders nie, maar ook teenoor dié wat gehoorsaam aan die owerheid was. Toe Bodenstein Viljoen se raad bly ignoreer, het hy begin wonder of sy teenwoordigheid op die Wesgrens nog enige sin het. In hierdie verband skryf hy in November aan pres. Pretorius: "Maar wat zal ik zeggen de vyfde wi(e)l aan een wagen heeft niemand nodig." Dit sinspeel waarskynlik op sy rol in die Burgeroorlog asook op die gebrek aan ver=goeding vir sy dienste as offisier wat hy as slawediens aan die staat vertolk: "Ik heb nu al byna 16 jaren als eene getrouwen slaaf gediend en ik dink dat een arbyder

---------

8. SS60 R953/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Vergenoeg, 21.10.1864, pp.477-478.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tog zyn loon waardig ben."[9] Feit is dat daar ná die Burgerstryd nie geld in die kas was om die staatsbeamp=tes te betaal nie.

In 1865 was daar 'n ernstige bedreiging van die veilig=heid van die kant van die Zoeloes in Suidoos-Transvaal. Paul Kruger het dit goed geag om assistent kommandant-generaals vir die verskillende distrikte aan te stel wat moes help met die oproeping van burgers en die toesighou=ding in die afwesigheid van Kruger self.[10] Ook Jan Viljoen het so 'n aanstelling in Junie 1865 gekry. In Julie 1865 is Viljoen in sy afwesigheid - hy was toe op die jag uit in Mashonaland - opgeroep om vrywilligers byeen te bring met die doel om die Vrystaat in die Tweede Basoeto-oorlog te hulp te snel. Vir die Uitvoerende Raad was dit duidelik dat "als Moshess overwint, ook dit land in het grootst gevaar verkeert."[11] In September moes Kruger self met 'n kommando teen die Basoeto's uittrek.[12] Viljoen was toe nog steeds in die jagveld.

In Mei 1866 het die Swart bedreiging in Soutpansberg die Uitvoerende Raad genoop om 'n algemene oproeping van burgers te beveel. Kruger wou die Schoemansdallers, wat op die dorp in laers gestaan het met minstens 1 200 man te hulp snel. Viljoen moes 60 man verskaf, en ook self saam optrek.[13] Uit vrees vir Sechele se Bakwena wat hy op hierdie stadium as "zeer brütal" geag het, het Viljoen wat intussen teruggekeer het, geoordeel dat van sy mense die grenswyk nie mag verlaat nie.[14] Oor die algemeen

----------

9. Ibid.

10. J.J. van Heerden: Die Kommandant-Generaal, pp.73-74.

11. UR 1 Uitvoerende Raadsbesluit 3.7.1865, art.2, p.105.

12. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.120.

13. SS77 R509/66: S.J.P. Kruger-Kommandante, o.a. J.W. Viljoen, Boekenhoutsfontein, 21.5.1866, p.115 e.v., gepubliseer in S.P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe, 1851-1877, pp.117-118.

14. SS77 R593/66: A.J. Erasmus-F.P. Pretorius, Sende=lingsfontein, 13.6.1866, pp.278-279.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was die reaksie swak op Kruger se oproepe in 1866 en die Swart bedreiging teen Soutpansberg kon nie afgeweer word nie. Dit is interessant om daarop te let dat Jan Viljoen elke keer wanneer hy uit Marico vir diens elders opgeroep is, versuim het om te gaan onder dekking van die opstandigheid van die Swartes in sy eie omgewing. Daar mag wel waarheid in steek, maar dit lyk of Viljoen nie graag sy distrik verlaat het om elders te gaan veg nie, soos ook sal blyk uit sy rol in die Eerste Vry=heidsoorlog. Hy het sy teenwoordigheid in Marico as onmisbaar beskou, hoewel hy tog telkens lank op jagtogte afwesig was. Dit gaan hier waarskynlik meer om sy indiwidualisme.

In 1867 is weer 'n kommando opgeroep, en aangesien die reaksie daarop weer swak was, is dit in Junie deur die Regering aan Viljoen, wat steeds assistent-kommandant-generaal was, persoonlik opgedra om sonder versuim per=soonlik met al die agtergeblewe burgers wat enigsins gespaar kon word na Soutpansberg op te trek.[15] Die gees onder die burgers was glad nie goed nie, en talle het geglo en hulle laat wys maak dat die toestand in Sout=pansberg glad nie so kritiek was nie.[16] Dit wás egter kritiek: in April 1866 is vandaar laat weet dat daar 'n ammunisie-skaarste was;[17] teen Januarie 1867 het die burgers al vir twee jaar in laers gestaan en gevolglik op boerderygebied geen vooruitgang gemaak nie, en derdens het dit gelyk of die Swartes nadat hulleself geoes het 'n aanval op die dorp sou doen.[18]

---

15. SS8616 uitgaande brief 269/67: Staatsekretaris-J.W. Viljoen, 6.6.1867.
16. SS89 R620/67: H.P. Beukes en 130 ander Maricoaners-President en Uitvoerende Raad, 12.6.1867, p.36.
17. J.H. Breytenbach (red.): Notule VI (R.A. van Nispen e.a.-Uitvoerende Raad, Schoemansdal, 23 April 1866), p.202.
18. UR 2 Uitvoerende Raadsitting 4.2.1867, art. 1, pp.466-471.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 10 Junie is aan Viljoen 'n verslag van Kruger vanaf Kranskop aan die Nylrivier gestuur waarvolgens Viljoen vir die tyd wat Kruger in Soutpansberg sou wees, aan=gestel is as waarnemende kommandant-generaal.[19] Ter=selfdertyd is Viljoen gelas om al die burgers wat nie saam met Kruger as vrywilligers in 1865 teen Basoetoeland gaan veg het nie te laat opkommandeer vir diens in Schoemansdal.[20] Kort daarna het president Pretorius 'n memorie van 130 Maricoaners ontvang waarin hulle hul onwilligheid te kenne gee om op kommando te gaan.[21] Hieroor was Pretorius bitter verontwaardig, en hy het Viljoen beveel om die onwilliges streng volgens die wet te beboet en weer op te kommandeer.[22] Nog in dieselfde maand is krygswet afgekondig.[23] 'n Gees van laksheid het egter bly heers. Die mense het nie besef dat, as hulle "niet genegen zijn ons land aan den vijand over te geven,"[24] hulle nie moes "praten en memories schryve", maar moes "opkomen als een man"[25] - aldus 'n bestraffing

---

19. SS 88 R594/67: S.J.P. Kruger-President, Kranskop, 6.6.1867, p.392 e.v., gepubliseer in S.P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe 1851-1877, pp.124-125; J.J. van Heerden: Die Kommandant-Generaal, p.77 is onseker of die aanstelling van Viljoen behels het dat hy "assistent" of "waarnemend" sal wees.
20. SS8616 296/67: Staatsekretaris-J.W. Viljoen, Pretoria, 10.6.1867.
21. SS89 R620/67: H.P. Beukes en 130 ander Maricoaners-President en Uitvoerende Raad, 12.6.1867, p.36.
22. SS8616 341/67: J.W. Spruyt-J.W. Viljoen, Pretoria, 27.6.1867.
23. SS8616 357/67: J.W. Spruyt-J.W. Viljoen, Pretoria, 29.6.1867.
24. SS8616 343/67: J.W. Spruyt-J.W. Viljoen, Pretoria, 27.6.1867.
25. SS8616 344/67: J.W. Spruyt-J.W. Viljoen, Pretoria, 27.6.1867.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die Staat. Hulle het nie besef hoe groot die gevaar was nie, en wou dit waarskynlik ook nie besef nie. Dit is asof hulle gevoel het dat, aangesien die gevaar vér weg van hulle af op die noordgrens gedreig het, dit húlle nie geraak het nie, en dat die Schoemansdallers maar self hulle eie potjie moet krap. Hulle het nie daaraan gedink nie dat die Swart bedreiging 'n gevaar was vir die hele Wit bevolking van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die rede vir hierdie indiwidualistiese en traak-my-nie-agtige houding van die Boere was hulle gebrek aan vaderlandsliefde. Dr. E.J.P. Jorissen het dertig jaar later hieroor geskryf: "De Boer woonde op zijn eigen plaats, vrij van alle aanraking met regeering: een koning op zijn eigen terrein. In zijn rust gestoord en gedwongen om zich met politieke zaken in te laten, waren 't niet de belangen van het land of van den staat, maar die van zijne vrienden, zijne kliek of zijne kerk, die hij ter harte nam."[26] Geen patriotisme of nasionale besef is in dié donker stadium van indiwidualisme en ver=deeldheid by die Transvalers aangetref nie. Waar die Basoetoe-oorloë saambindend op die Vrystaters ingewerk het, het dit juis die teenoorgestelde uitwerking op Trans=vaal gehad. Weens die uitgestrektheid van die land en die Swart druk op verskeie punte - Wes-Transvaal: Batl=haping, Bakwena, Bamangwato; Noord-Transvaal: Venda en ander; Noordoos-Transvaal: Pedi en ander; en Suidoos-Transvaal: die Zoeloes - het veral die Transvalers in die grensdistrikte uitsluitlik ag geslaan op die toestand in hulle eie omgewing wat ook bedreig is.[27] Kerklike skeuring en politieke partyskappe as gevolg van die Burgeroorlog het daarby die middelpuntvliedende kragte aan die gang gehou. Hierdie periode was beslis "een

----------

26. E.J.P. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen 1876-1896, pp.21-22.

27. F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afri=kaanse Nasionale Bewussyn 1868-1881, hoofstukke IV en VI.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



der treurigste uit de geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek."[28]

Viljoen het met sy hande in sy hare gesit. Hy het tot drie maal toe die burgers in die wyke Marico, Groot-Marico en Malopo opgeroep, maar slegs vyf het hulle bereid verklaar om by die Soutpansbergse kommando aan te sluit. Talle ander burgers het die wyke verlaat om op tog te gaan, of om te gaan jag.[29] Teen Augustus het die toestand nog geensins verbeter nie, en president Pretorius het self na Marico afgereis om by kommandant Viljoen te gaan verneem wat aangaan.[30] Ongelukkig het hulle mekaar weens 'n misverstand nie te siene gekry nie. Viljoen was moedeloos. In 'n brief aan sy President het hy gekla dat hy gedoen het "wat in myne vermoogen is om de menschen voort te krygen" na Soutpansberg, maar alles was tevergeefs, want: "Als ik met de menschen spreekt, Daar steurt geen een hun aan, een gaat op een jagt en andere gaat weder op een togt na de Vrystaat, Zo ben ik genoch Mismoedig", en dan volg sy veelseggende opmerking: "Ik heb nooit gedagt om myne nasie op te geven. Maar als God dan Heer geen verandering geeft dan geeft ik alles op." Hy het selfs weer gedreig om die land te verlaat, want hy het homself "afgeslooft" om mense te probeer aktiveer, maar sonder sukses. "Gelooft myn dat ik nu zo mismoedig ben als ik nog nooit was."[31] Op die

---

28. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.123.
29. SS89 R710/67: J.W. Viljoen-J.W. Spruyt, Marico, pp.225-226.
30. SS90 R760/67: M.W. Pretorius-J.W. Spruyt, Buffelshoek distrik Rustenburg, 23.7.1867, p.3.
31. SS90 R818/67: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 2 Augustus 1867, pp.168-169. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.130, se skrywe van gerugte dat Viljoen aan die hoof gestaan het van die mense wat na Matebeleland wou verhuis, is dus nie ongegrond nie, want dit is heel moontlik dat Viljoen tog so iets tydelik oorweeg het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lang duur sou hierdie moedeloosheid 'n verlammende uit= werking op Viljoen self hê. Sedert daardie jare het Viljoen nog moeiliker geword en nog meer hardkoppig en voortvarend. Sy optrede teen Cachet[32] en teen die Transvaal Advocate[33] en sy verontagsaming van Kruger se bevele die volgende jaar[34] kan moontlik ook hieruit ver= klaar word.

In 1867 kon geen behoorlike kommando na Soutpansberg gestuur word nie, en die toestand daar het steeds meer kritiek geword. Daarom is Schoemansdal in dieselfde jaar nog deur sy Blanke inwoners ontruim. Marabastad, tagtig myl suid daarvan, het toe die setel van die rege= ring in Noord-Transvaal geword.[35]

Kommandant-generaal Kruger het na die ontruiming van Schoemansdal vir 'n wag by Makapaanspoort voorsiening ge= maak. In Augustus 1868 was dit Viljoen se beurt om die gewapende burgers vir die wag te voorsien, maar Kruger het geen reaksie op sy opdrag aan die kommandant van Marico gekry nie. Daarom het hy Viljoen met 300 riksdaalders laat beboet.[36] 'n Maand later is Viljoen weer opgeroep. Toe hy bly swyg is hy weer deur die Kommandant-Generaal laat beboet, die keer met 400 riks= daalders.[37] Landdros Otto van Potchefstroom het Viljoen daarop aangeskryf om die totale boete van Rds 700

---

32. Kyk hoofstuk 4.
33. Kyk hoofstuk 9.
34. Kyk hieronder.
35. T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, p.237.
36. Argief Potchefstroom 4 Landdros Inkomende Stukke 1868: S.J.P. Kruger-W.J. Otto, 8.12.1868 (bylaag 1: Kruger-J.W. Viljoen, 22.9.1868).
37. Argief Potchefstroom 4 Landdros Inkomende Stukke 1868: S.J.P. Kruger-W.J. Otto, 8.12.1868 (bylaag 2: Kruger-J.W. Viljoen, 13.10.1868).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in te betaal,[38] waarop Viljoen se kort en duidelike antwoord was: "WelEdele Heer ik Verdient niet een Trippens te betalen."[39] Hy self verskaf geen rede waarom nie, maar dit is nie ver te soek nie. Die gees van verset, ongehoorsaamheid en bandeloosheid wat in die sestiger jare vry algemeen in die Republiek geheers het, het hom ook beetgepak. Hy het gevoel dat hy die vorige jaar sy plig gedoen het toe hy sonder sukses probeer het om 'n kommando uit Marico na Soutpansberg te stuur. Daar bestaan egter geen bewys dat hy in 1868 probeer het om 'n kommando bymekaar te kry nie. Hy het ook nie sy gewone verskoning aangebied dat die toestand op die wes=grens te gevaarlik is om die wyk te verlaat nie. Dit wil dus voorkom of hy belangstelling verloor het vir wat in die res van Transvaal aangaan.

Viljoen het in die sestiger jare nie net gebots met Kruger, Cachet en die Transvaal Advocate nie. In Maart 1865 het hy dit ook aan die stok gehad met landdros Bodenstein van Potchefstroom. Dit het gegaan oor die goedere in die boedel van 'n sekere O'Reilly. 'n Veiling moes gehou word om die goedere vir die goewermentsrekening te verkoop, maar dit is telkens uitgestel.[40] Die motte het van die goedere so verniel, en die koste vir huishuur en veewagters het so opgehoop, dat Viljoen gedreig het om die goedere sonder toestemming te verkoop.[41] Toe Bodenstein daarvan hoor het hy oor die toon van Viljoen se brief by die President gekla, want hy het geglo dat

---

38. Argief Potchefstroom 33 Landdros Uitgaande Stukke 1868: W.J. Otto-J.W. Viljoen, 11.12.1868.

39. Argief Potchefstroom 4 Landdros Inkomende Stukke 1868: J.W. Viljoen-W.J. Otto, 24.12.1868.

40. SS60 R891a/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 12.10.1864, p.369; SS68 R310/65: J.W. Viljoen-C.J. Bodenstein, 15.3.1865, p.268.

41. Argief Potchefstroom 3 Landdros Ingekome Stukke 1865, Januarie-April 1866: J.W. Viljoen-C.J. Bodenstein, Marico, 22.3.1865.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit nie 'n amptenaar pas om sulke briewe te skryf nie, en buitendien kon sulke briewe tot slegte gevoelens tussen amptenare lei.[42] Al was Viljoen op hierdie stadium wnd. kommandant-generaal, het dit hom geensins die reg gegee om die landdros in sy briewe as "gy" aan te spreek, terwyl die normale aanspreekwyse in daardie dae "UEd" was nie. Dit het hom ook nie die reg gegee om aller=hande dreigemente teenoor die landdros te uiter nie. Ons weet reeds dat Viljoen ontaktvol kon optree wat hom by tye ongewild sou maak. Die enigste invloedryke persoon met wie Viljoen goed kon klaarkom, was president Pretorius. 'n Maand na sy botsing met landdros Boden=stein oor die O'Reilly-boedel, onderteken Viljoen 'n memorie aan Pretorius waarin "volgens de sin en begeerte des volks" gevra word dat landdros C. Moll van Pretoria, S. Meintjies "en enige andere" amptenare uit hulle betrek=kinge ontslaan word anders sal daar "een groot opstand" onder die burgers plaasvind.[43] Om welke redes word nie vermeld nie.

Toe Viljoen in 1859 tot kommandant van Marico gekies is, het hy feitlik al die stemme op hom verenig.[44] In 1865 is hy herkies,[45] maar weens onsekerheid in die wyk oor die vraag of hy verkiesbaar was of nie, met 'n veel kleiner meerderheid as voorheen.[46] Die onduidelikheid het ontstaan omdat sommige burgers nie geweet het of Viljoen, as hy assistent-kommandant-generaal is (wat hy ten tye van die verkiesing was), ook verkiesbaar was as

------------

42. SS73 R343/65: C.J. Bodenstein-M.W. Pretorius, Potchefstroom, 24.3.1865, p.329.

43. SS73 Suppl. stukke 58/1865: Memorie van J.W. Viljoen en 77 ander Maricoaners-President en Uitvoerende Raad, 29.4.1865, p.133.

44. SS27 R2963/59: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, 14.7.1859, pp.47-48.

45. ZAR 43 Staatskoerant 11.4.1865: Goewermentskennis=gewing 181, p.299.

46. ZAR43 Staatskoerant 24.4.1865: Goewermentskennisge=wing 180, p.809.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kommandant van Marico nie.[47] Viljoen het egter 65 stemme uit 'n totaal van 124 op hom verenig teenoor 44 vir C.H. Coetzee, sy naaste teenstander, en 15 vir ander kandidate. Moontlik het Viljoen se invloed ook getaan.

Vroeg in 1865 het die President en die Uitvoerende Raad op hulle rondreis deur die land Marico besoek. Toe hy hiervan te hore kom, was Jan Viljoen "regt verblyd" daar= oor.[48] Hy was nog net so 'n groot Pretorius-man as wat hy voor die Burgeroorlog was. Op 24 Januarie 1865 is die President en die Uitvoerende Raad amptelik deur Jan Viljoen en Diederik Coetzee, die veldkornet, op die kommandant se plaas, Vergenoeg, welkom geheet. Dit was vir dié twee 'n blye dag, veral omdat hulle "soo vele jaaren" op Pretorius se koms gewag het. In hulle ver= welkomingsadres het hulle die hoë here versoek om tog maar met "geduld en lankmoedighijd" die "belangen der enwo= ners" aan te hoor, en die wens uitgespreek "dat alle Burgers of Personen die enig belangen of klagten heb en te Brengen het vrijmoedig zuld voorbreng en dat alle zaken of kwessien tot vrede en liefde (geskik) moog ge= worden."[49] En tog is geen belangrike sake bespreek nie, en feitlik net die veldkornet se probleme en dorpstigting is aangehoor.[50]

Viljoen het 'n belangrike rol gespeel in die stigting van die dorp Zeerust, al was hy nie self die stigter van die dorp nie. Daardie eer het D.J. Coetzee, wat in die sestigerjare veldkornet was, en na wie Zeerust vernoem is, (Coetzee(s)rust), te beurt geval. Die koppeling van Viljoen se naam aan dorpstigting in Marico kan teruggevoer

---

47. SS65 R234/65: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, Marico, 24.2.1865, p.131.

48. SS60 R953/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 21.10.1864, pp.477-478.

49. SS64 R108/65: Missive van J.W. Viljoen en D.J. Coetzee-President en Uitvoerende Raad, Marico, 24.1.1865, pp.177-178.

50. Rex, H.: Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduits Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), pp.173-174.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word tot in die jaar 1849.[51] In Mei van daardie jaar het die Volksraad te Derdepoort vergader, en dié het op navraag van Viljoen oor die ou sendelingsplaas wat langs die Klein Maricorivier geleë was, besluit dat Viljoen moes sorgdra dat die geboue daar nie verniel word nie, want "die plaats zal moete blyfe tot publieke eindens (eiendom of doeleindes?)."[52] Dit is onseker wat presies daarmee bedoel is. Dit was moontlik die Volksraad se bedoeling dat daar 'n dorp vir Marico op die ou sendelingpos gestig moes word.[53] Dit sou egter nie in die sestiger jare as moontlike terrein vir 'n dorp in die distrik ter sprake kom nie.

'n Sendelingstasie wat wel vir byna twintig jaar as moontlike terrein vir 'n dorp ter sprake was, die stat van Moilo, die kaptein van die Bahoeroetsie. Die sendingstasie daar is in 1843 deur David Livingstone gestig. In 1859 het dit van die Duitse sendeling Zimmerman die naam Linokana gekry.[54] Gedurende die vyftiger jare was daar onder die Blankes in Marico geen besondere behoefte aan dorpstigting nie. Tog het gerugte dat 'n dorp een of ander tyd by Moilo se stat gestig sou word, en dat dié kaptein dus sou moes verskuif, die ore van gemelde Zimmermann bereik. Hy het by president Pretorius daarteen beswaar gemaak.[55] In 1864 rapporteer Viljoen dat hy verneem het dat 'n groot aantal van die Maricoaners ten gunste van die stigting van 'n dorp by Moilostat is. Kommandant Viljoen het egter terselfdertyd vir Pretorius tot versigtigheid gemaan, want hy het 'n wesentlike gevaar in die

---

51. Soos Rex doen in sy Die Voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduits Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.166.

52. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule I (Notule Volksraadsitting, Derdepoort, 23.5.1849, art. 6), p.100.

53. Dit is o.a. die mening van H. Rex in sy Die Voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.166. Hy verwar die verlate sendelingpos egter met die Bahoeroetsie-stat Linokana wat aan die Ngotwanirivier geleë was.

54. H. Rex: Die Voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.152.

55. H. Rex: Die Voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.171.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskuiwing van Moilo weswaarts in die rigting van die Bangwaketse, die Bakgatla, die Barolong en die Bakwena gesien, naamlik dat "wy de Kaffers daar door alle op eene hoop versameld."[56] Dit is bekend dat hy 'n verenigde front van die kant van sy Swart bure teen die Blankes gevrees het.

Die propaganda vir die stigting van 'n dorp in Marico was nie van Viljoen afkomstig nie, maar is deur die veld=kornet, D.J. Coetzee, gevoer. Daarom kom Viljoen se aanbod van November 1867 as 'n verrassing, naamlik om sy woonplaas Vergenoeg met al die geboue daarop as dorpsplek uit te lê as hy Moilo se stat en die omringende gronde in ruil daarvoor kon kry. Viljoen was daarvan seker dat hy die Bahoeroetsie van Moilo op vreedsame wyse sover sou kon kry om na die ou stat van Mosielele se Bakgatla, wat toe onbewoon was, te trek. Die voordeel van Ver=genoeg as dorpsplek vir Marico was volgens Viljoen daarin geleë dat dit in die middel van die distrik geleë was, en daar reeds bruikbare geboue op gestaan het.[57] Aange=sien toe reeds deur D.J. Coetzee aansoek gedoen is om 'n dorp in Marico te stig, het die Uitvoerende Raad in Januarie 1868 Viljoen se aanbod van die hand gewys.[58] Dit is waarskynlik dat Coetzee se aansoek van Augustus 1866 goedgekeur is. Viljoen se poging om die dorp op Vergenoeg te laat aanlê, was tevergeefs, want die dorp Zeerust is in Januarie 1867 op die plaas Hasejagd (ook genoem Hasia) van wyle C.H. en D.J. Coetzee, na wie dit vernoem is, opgemeet.[59]

Na die aanleg van Zeerust het uitbreiding in Marico vinnig

---

56. SS60 R953/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 21.10.1864, pp.477-478.
57. SS92 R1130/67: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Pretoria, 5.11.1867, pp.201-202.
58. UR2 Uitvoerende Raadsitting Pretoria 29.1.1868, art. 39, p.596.
59. H. Rex: Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.181.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaasgevind. In die vroeë sestiger jare het veldkornet Coetzee in 'n sensusopname 342 burgers van tussen 16 en 60 jaar oud in die wyk gelys.[60] In Februarie 1869 was daar al tussen vier- en vyfhonderd stemgeregtigde burgers, "buiten de Vreemdelingen, Reizenden en Naturellen". Dit was dus vir die veldkornet onmoontlik om alle geregsake te behartig. Drie en negentig Maricoaners, waaronder Viljoen, het daarom in 'n memorie die Regering versoek om 'n resident-vrederegter aan te stel.[61] Op 4 November het die Uitvoerende Raad hierdie aansoek goedgekeur, maar in die volgende maand het die Maricoaners al op die aan= stelling van 'n landdros begin aandring. Die rede was dat Zeerust so ver van 'n landdroshof geleë was.[62] Hulle sou egter tot Februarie 1872 moes wag om 'n landdros te kry. In daardie jaar het Marico 'n aparte distrik ge= word.

Terwyl Viljoen in September 1867 in Pretoria was, is hy deur president Pretorius benoem as lid van 'n kommissie van ondersoek insake Alexander McCorkindale.[63] McCorkin= dale was 'n Skot wat in 1864 'n Transvaalse burger geword het.[64] Hy het in die jare 1864-1867 verskeie ambisieuse

---

60. Argief Potchefstroom 2 Landdros Ingekome Stukke van veldkornette, 1860-1866. Pak van Marico.

61. SS109 R304/69: Memorie van J.W. Viljoen en 92 ander van Marico-President en Uitvoerende Raad, 11.2.1869, p.290. Die taak van vrederegter was om in dorpe waar daar nie landdroste was nie, die kriminele en siviele sake te besleg; volg J.H. Breytenbach (red.): Notule VI (Volksraadsvergadering Pretoria, 16.10.1866, art. 425), p.49.

62. SS119 R22/70: J.W. Viljoen en 43 Maricoaners-President en Uitvoerende Raad, 15.12.1869, p.43 e.v.

63. SS8616 uitgaande brief 480/67: M.W. Pretorius-C. Potgieter, J.W. Viljoen en J.C. Steyn, Pretoria, 19.9.1867.

64. A.N. Pelzer: Alexander McCorkindale en sy skemas 1864-1866, in Historia, Jaargang XV, p.6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skemas aan president Pretorius voorgelê wat, as dit uitgevoer kon word, tot groot voordeel van die Suid-Afrikaanse Republiek sou strek. Die belangrikste hiervan was die bou van 'n hawe vir die Republiek in Delagoabaai met geld wat hy in Europa of Amerika sou leen, en van 'n pad vanaf die hawe na Potchefstroom, 'n pad waarop stoomwaens gebruik sou kon word.[65] 'n Onderdeel van McCorkindale se plan was die aanlê van 'n Skotse nedersetting, Nieu-Skotland, op 'n kwartmiljoen morg grond wat hy vir die doel in die Lydenburg-distrik van die Suid-Afrikaanse Republiek verkry het.[66] Toe die Volksraad op sy sitting in September 1867 die McCorkindale-skema begin bespreek het, is dit as so belangrik geag dat dit na 'n spesiale kommissie verwys is, bestaande uit drie Volksraadslede, die President, Uitvoerende Raadslid M.J. Viljoen, die Staatsprokureur en vier ander persone, J.W. Viljoen, C. Potgieter, J.C. Steyn en Wm. Robinson, "welke als oude inwoners van dit land, met de gronden en omstandigheden bekend zyn."[67]

Die spesiale kommissie het van 19 tot 24 September 1867 in Pretoria vergader, en as lid daarvan het Viljoen die algemene strekking van McCorkindale se skema goedgekeur, en die uitvoering daarvan wenslik geag. Hy het egter gevoel dat daar eers seker gemaak moet word dat die saak op goeie gronde berus voordat geld van 'n Europese land geleen word, en wou weet watter waarborge aan die kommissie gegee kon word. Aangesien die Staat so arm was, was hy

---

65. A.N. Pelzer: Die Suid-Afrikaanse Republiek se ywer vir 'n eie hawe, in Historia, Jaargang XV, p.150.

66. F. Lion Cachet: De Worstelstrijd der Transvalers, p.362.

67. D.C. Joubert (red.): Notule VII (Volksraadsitting, Pretoria, 18.9.1867, arts. 48 en 53), pp.13-14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bly "om te hooren dat er eene kans bestaat waardoor de staat zou kunnen voorwaarts gaan." Alle besware ten spyt het Viljoen die voorstel gesteun om 'n kontrak met McCorkindale te sluit.[68] Die plan het misluk sonder dat daar enige vordering mee gemaak is, maar in die mislukking daarvan het Viljoen geen aandeel gehad nie. Dit blyk egter dat hy ten gunste was van die vooruitgang van die land.

Tydens Viljoen se tien jaar diens as kommandant van Marico is daar gereeld klagtes teen hom ingedien. Die bekendste daarvan is dié van ds. F. Lion Cachet van aanranding teen hom in 1868[69] en die Volksraad se klag van opstand teen die staat na die Burgeroorlog waaroor reeds gehandel is.[70] Hy is nie op een van hierdie twee aanklagte verhoor nie, en ook nie op enige ander wat teen hom gelê is nie.

In Januarie 1865 het 'n burger, T.G. Meyer by die Uit= voerende Raad gekla dat Viljoen sy grond van hom afgeneem het.[71] In November 1863 het Wijnand van Zijl beweer dat Viljoen hom "van Zijn water beroofd en hem daaroor groote schade veroorzaakt" het.[72] Die volgende jaar kla Frans Botha dat sy "rijvel geweer die mijn 45 pond sterling kos die door J. Veljoen myn is ont noomen tot hier toe nog niet gevonden" is.[73] Of daar gronde vir hierdie klagtes

---

68. D.C. Joubert (red.): Notule VII ... (Notule, vergade= ring van die kommissie in sake die McCorkindaleskema, 19-24.9.1867), pp.178-182.
69. Kyk hoofstuk 4.
70. Kyk vorige hoofstuk.
71. SS64 R105/65: T.G. Meyer-President en Uitvoerende Raad, 23.1.1865, p.172.
72. Argief Potchefstroom 155 Landdros Dagboek September 1862-September 1876: inskrywing van 2.11.1863.
73. SS59 R761/64 F. Botha-Uitvoerende Raad, Zwardkop, 12.9.1864, p.141.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was, kan weens gebrek aan dokumente nie bepaal word nie, maar dit dui weer eens na die gewelddadige aard van Viljoen se optrede.

Viljoen het homself wel by geleentheid aan onwettige optrede skuldig gemaak. In 1869 het hy geweier om H.P. Beukes en J.D.L. Botha as onderskeidelik veldkornet en assistent-veldkornet te erken, al is hulle wettiglik tot dié ampte gekies. Hy het sonder enige magtiging self verkiesings vir hierdie ampte laat hou - iets waaroor die landdros van Potchefstroom hom ernstig moes aanspreek.[74] Uit klagtes van hierdie aard teen hom is dit duidelik dat Viljoen uiters voortvarend in sy doen en late was en sy medemens of selfs die Staat se belange nie altyd in ag geneem het nie.

Viljoen se kommandantsjare het ook 'n positiewe sy gehad. Aan die wesgrens het die Blankes steeds geen probleme van die Swart stamme ondervind nie - 'n feit waarvoor Viljoen in 'n groot mate verantwoordelik was.[75] Viljoen se wyk is gekenmerk deur rus, vrede en vooruitgang. Die feit dat Viljoen telkens in tye van nood op versoek van die staat as waarnemende of fungerende kommandant-generaal moes optree, spreek van die vertroue wat in hom as bekende figuur gestel is.

In Januarie 1870 het Viljoen sy ontslag as kommandant van die Uitvoerende Raad aangevra. Hy het gevoel dat, aangesien hy "nu alrede by de 22 Jaaren onse Gouvernment gedint heeft", hy verdien om uit te span. Om in sy plek te dien stel hy sy seun J.G.H. Viljoen voor - "als er nog een Commandant moet bestaan."[76] Aan die laaste deel van sy versoek is nie voldoen nie. Op 29 April 1870 het

-----------

74. Argief Potchefstroom 34 Landdros Uitgaande Stukke 1869-1872: I: A.M. Goetz-J.W. Viljoen, Potchefstroom, 19.11.1869; II: A.M. Goetz-H.P. Beukes, Potchefstroom, 19.11.1869.

75. Kyk volgende hoofstuk.

76. SS122 R443/70: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Marico, 11.1.1870, p.38.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



president M.W. Pretorius op las van die Uitvoerende Raad aan Viljoen eervolle ontslag as kommandant verleen "onder dankbetuiging voor zyne getrouwe diensten, land en volk bewezen."[77] Hiermee is Jan Viljoen se openbare lewe nie beëindig nie: na die Britse anneksasie van sy vaderland in 1877, het die ou pionier weer op die voor=grond getree toe hy sou deelneem aan die stryd om die herstel van die onafhanklikheid.

---

77. ZAR47 Staatskoerant 10.5.1870 (Goewermentskennisge=wing no. 327), p.289.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Viljoen en sy gesin, omstreeks 1872.
Onder, van links na regs: Gesina Snyman (getroud met Martinus Viljoen, Gertina Viljoen (getroud met C. Engelbrecht), Maria Viljoen (getroud met J.P. Erasmus), Jan Viljoen, sy vrou Maria C. (gebore Messer) en Helena Joubert (getroud met J.G.H. Viljoen).
Bo, van links na regs: Martinus Viljoen, Cornelius Engelbrecht, Lenie Jacobs (getroud met J.W. Viljoen jr.), Jacobus P. Erasmus, Johannes Willem Viljoen jr., Elsie Potgieter (getroud met Petrus H. Viljoen), Piet van Zyl, Petrus H. Viljoen, Amalia Viljoen, Hendrik Viljoen en J.G.H. Viljoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 7

### "In het midden tusschen wit en zwart"

Op 25 Februarie 1852 het daar op Mabotsa, die hoofstat van die Bakgatla van Mosielele, 'n groot diplomatieke byeenkoms plaasgevind.[1] Dit is onder andere bygewoon deur kommandant P.E. Scholtz van Marico en sy twee veld=kornette, J.W. Viljoen en J. Buis[2] en deur vier Swart kapteins waaronder Mosielele en Montsioa van die Barolong. In 'n dialoog tussen Scholtz en Mosielele by hierdie geleentheid kom die Blank-Swart verhoudinge op die Trans=vaalse wesgrens treffend na vore. Scholtz het vir Mosielele gevra, "Waarom het jy vroeër hierdie gebied verlaat?" Sy antwoord was, "Ons het gevlug vir Mosele=katse." "Toe julle in die weste was, waar julle skuiling gesoek het, het julle kans gesien om Moselekatse te oor=win?" "Nee." "Wie het Moselekatse verdryf?" "Die Boere." "Wanneer een stam 'n ander oorwin en verdryf, watter een kan dan die land opeis?" "Die sterkste een." "Aangesien die Boere vir Moselekatse verdryf het, wie se grond is hierdie nou?" "Die Boere s'n."[3] "Hoekom het julle dan hierheen teruggekeer?" "Omdat ons geglo het

---

1. Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, p.137 (Rogers Edwards se jaarverslag van 1852 aan die L.S.G.). P.E. Scholtz maak van hierdie byeen=koms melding in 'n brief aan A.W.J. Pretorius, Marico, 11.3.1852 opgeneem in D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, pp.189-190.

2. Volgens 'n ander verslag van Edwards in die Transvaalse Argiefbewaarplek A1195 LMS-Argief (Mikrofilm) V 17 Folder no.1 box no.27 C Jacket.

3. In Oktober 1839 het Matatiele, Matlaba, e.a. Bantoe=kapteins 'n verklaring onderteken "dat de verinne=weerde land door A.H. Potgieter, Commedant, in genoomen is van Misselekaats, en dat geen andere volkstammen daar regt op heef dan de gemelde A.H. Potgieter" - H.S. Pretorius, D.W. Krüger en C. Beyers (reds.): Voortrekker-Argiefstukke, p.97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die Witmense goeie mense is wat ons in veiligheid sou beskerm." "Dit het gebeur, Mosielele, julle het in vrede en veiligheid gelewe, het ryk aan beeste geword en kon julle oeste maak, en in ruil vir hierdie voorregte verwag ons dat vergoeding òf in die vorm van belasting òf bediendes betaal sal word."

Hierdie vrae van Scholtz en antwoorde van Mosielele toon dat die Oorvaalse Boere hulleself nie net as besitters van die gebied beskou het nie, waaroor Moselekatse en die Matebele geheers het tot met hulle verdrywing deur die kommando's van Potgieter, Maritz en Uys in 1837. Hulle het die Swart stamme wat na die Matebele se vlug na die Noorde in die verowerde gebied agtergebly het, as hulle onderdane aanvaar. As sodanig is die Swartes as belas=tingpligtig aan die Republiek beskou. Verder is hulle, en ook ander Swartes wat hulle na Moselekatse se verdrywing in die verowerde gebied kom vestig het, verbied om wapens aan te hou en om onder mekaar te veg. Hieraan het die Swartes hulle nie vir lank gesteur nie, as gevolg waarvan Potgieter in Januarie 1849 in 'n brief aan William Ross ge=kla het dat Livingstone vir Sechele van die Bakwena van vuurwapens voorsien het waarmee hy sy broer Kgakge aange=val het.[4]

Dit was die omstandighede toe Jan Viljoen hom aan die einde van 1848 binne sigafstand van een van Moselekatse se ou statte, Mosega, gevestig het. As veldkornet en kommandant van Marico en ook na sy aftrede in 1870 het hy

---

4. Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, pp.126-128 (A.H. Potgieter-W. Ross, Marico, 23.1.1849). Ross was die sekretaris van die L.S.G. se distrikskomitee vir die Griekwa- en Betsjoeana-sendings. Volg ook J.A.I. Agar-Hamilton: The Native Policy of the Voortrekkers, pp.53-54. Vir Livingstone se weergawe van hierdie aanval, volg sy Missionary Travels and Researches in South Africa, p.35.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die rol van "ambassadeur" op die Transvaalse wesgrens vervul.[5] Die Bakwena-opperhoof, Sechele, se opmerking aan Viljoen, "ik geloof dat gy in het midden staat tusschen wit en zwart"[6] is in hierdie meer as dertig jaar van toepassing. Vanaf die Vaalrivier in die suide tot by die Zambesirivier in die noorde was hy in gereelde onderhandelinge gewikkel met die Batlhaping onder Mahoera, die Barolong onder Montsioa, die Bahoeroetsie onder Moilo, die Bakwena onder Sechele, die Bamangwato onder Sagoema en Macheng, die Matebele onder Moselekatse en Lobengula en kleiner stamme soos die Bakgatla onder Mosielele, die Bahoeroetsi onder Motlaadiile en die Bangwaketse onder Senthufe. Die hoofde van al hierdie stamme het Viljoen persoonlik geken. Hy was by tye die enigste kanaal waardeur hulle hul boodskappe aan die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek kon oordra. Hy het natuurlik ook boodskappe van sy regering aan hulle oorgedra. Hy het telkens die rol van bemiddelaar tussen sy regering en die Swart stamme gespeel, en soms het hulle ook sy hulp ingeroep om in hulle onderlinge twiste te bemiddel. Hy het soms as pleitsbesorger vir hulle by sy regering opgetree, en gevra dat kommando's wat teen hulle opgeroep was, uitgestel moes word sodat hy eers kon kyk of hy nie sake vreedsaam kon besleg nie. Meesal het hy daarin geslaag, en kon hy na 'n ondersoek berig dat "ik niet het minste bespeuren onder de natien van wegen Oorlog; maar ik zal daarom niet ophouden om verder onderzoekt te doen."[7]

----------

5. Ambassadeur, want soos Edgar H. Brookes in sy The History of Native Policy in South Africa, p.121, opmerk, kon die Suid-Afrikaanse Republiek onmoontlik nie al die Bantoe-stamme soos onderdane regeer nie. "It was much if it could prevent them from attacking the European population and safeguard the territories of the State." Daarmee sou Viljoen hom veral besig hou.

6. SS8 R853/55: Sechele-J.W. Viljoen, 1.7.1855, p.7.

7. SS8 R947/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 7.12.1855, p.330.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek sou op sy beurt weer van die dienste van Viljoen gebruik maak in 'n wye verskeidenheid hoedanighede. In die eerste plek het Viljoen gedien op talle kommissies wat vir vredesonder=handelinge en grensreëlings uitgestuur is. Dan is hy soms ook op spesiale sendings uitgestuur, waarvan die belangrikste was dié in 1868 na die Bamangwato en die Matebele in verband met die goudontdekkings aan die noord-westelike grens.[8]

In sy diplomatieke hoedanigheid onder die Wesgrens-Bantoe het Viljoen telkens met Britse en ander sendelinge en met jagters, handelaars en reisigers te doen gekry, mense wat soms 'n bepalende rol in sy verhoudinge tot sekere Bantoe=stamme gespeel het. As jagter was hy voortdurend in aanraking met die Bantoes. Hierdie aspekte word hier en in die volgende hoofstuk slegs aangeraak, maar bespreek in die hoofstukke wat handel oor Viljoen se verhouding tot Uitlanders en sy jagavonture.

Wat Jan Viljoen se verhouding tot die Wesgrens-Bantoe be=tref, kan hulle ooreenkomstig hul stamme en woonplekke in drie groepe verdeel word. Die eerste groep bestaan uit die stamme wat die naaste aan Marico gewoon het, en met wie Viljoen se kontak die mees intieme en mees gereelde was. Die Bahoeroetsi van Moilo, die Bakgatla van Mosielele en die Bakwena van Sechele val hieronder. Met hulle het hy op 'n vriendskaplike voet verkeer.

Van die tweede groep stamme wat noord van Marico gewoon het en waaroor in die volgende hoofstuk gehandel word, was vir Viljoen die Bamangwato van Sagoema en Macheng en die Matebele van Moselekatse en Lobengula die belangrikste. Sy verhouding tot hulle was op amptelike vlak en ontmoetinge tydens jagtogte. Die derde groep, suid van Marico, het bestaan uit die Batlhaping en die Barolong, eersgenoemde

----------

8. Kyk volgende hoofstuk, p.216.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder Mahoera, Gasebonwe en Jantje, en laasgenoemde onder Montsioa en later Mosjette. Met hulle het hy net in amptelike hoedanigheid kontak gehad.

Die Bahoeroetsie het sy beslag as aparte stam in ongeveer die 16de eeu in die omgewing van die Moloporivier wes van Marico gekry. In 1824 het die Matebele van Moselekatse sonder veel moeite die Bahoeroetsi oorwin, waarop die hele stam na Taung in die suidweste gevlug het. Nadat die Matebele op hulle beurt deur die Voortrekkers noordwaarts verdryf is, het die Bahoeroetsie na hulle ou woonplek teruggekeer en hulle by Mathebe aan die Ngotwane= rivier, 18 myl noordwes van die latere dorp Zeerust, ge= vestig. In 1845 het Walter Inglis, 'n sendeling van die Londonse Sendinggenootskap, sy intrek ook daar geneem. Kort daarna het Moilo sy grootvader Mokgatla as kaptein van die Bahoeroetsie opgevolg.[9]

In 1851 het 'n deel van die Bahoeroetsie onder Motlaadiile, 'n broer van Moilo, wat nog in die omgewing van Taung was, besluit om ook na hulle woonplek van vroeër terug te trek. Mahoera, die kaptein van die Batlhaping van wie die hoofstat Taung was, het onder die voorwendsel dat hierdie Bahoeroetsie van hom beeste gesteel het, 'n kommando agter hulle aangestuur - tot groot konsternasie van die Maricoaners wat gedink het dat die Batlhaping hulle wou aanval.[10] Motlaadiile het, nadat Mahoera werklik van sy stamlede laat vermoor het, in September 1851 saam met 'n ander Bahoeroetsie-kaptein, Lentswe, by 'n krygsraad waarop Jan Viljoen ook sitting gehad het, aansoek gedoen om "een locatie of

---

9. Transvaal Native Affairs Department: Short History of the Native Tribes of the Transvaal, pp.11-13; Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, p.26; Tim Jeal: Livingstone, p.63.

10. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R295/51, p.96 en R289a/51, pp.92-93; Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, pp.132-133.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verblyfplaats". Die aansoek is gunstig oorweeg en 'n stuk grond naby Skoonspruit, 30 myl wes van Potchefstroom, is aan hulle gesamentlik toegewys. Dit was na hulle mening nog te naby aan Mahoera, en hulle het geweier om hulle daar te gaan vestig. Kommandant Stander het hulle met mag probeer dwing om die besluit van die Krygsraad te gehoorsaam, maar tevergeefs. Ten eindelaas het hulle hul toevlug tot Montsioa van die Barolong geneem en hulle by Lotlakana gevestig, vanwaar hulle in Februarie 1852 aan kommandant-generaal Andries Pretorius geskryf het om hulle tog "niet kwaalyk" te neem dat hulle, "uwe knechten, gevloegt (gevlugt) zyn voor onze leven", met die versoek daarby om "ons doch te laaten blyven waar wy nu zyn."[11]

Die Republiek se veldtog teen die Bakwena in Augustus 1852[12] het die hele Marico-omgewing in beroering gebring. Moilo het nie dadelik, soos talle ander kapteins, weswaarts die Dorsland in gevlug nie. Toe sy stamlede hom egter as 'n verraaier begin beskou het, omdat net hý nog tussen die Blankes gebly het, het hy ook die wyk geneem. In Januarie 1853 het Viljoen hom by Chonwane, omtrent 50 myl stroomaf van Mathebe aan die Ngotwanerivier gaan opsoek om hom te probeer oorhaal om na sy stat terug te keer. Hieroor was Moilo ontwykend, veral toe hy agtergekom het dat die Boere hom in Marico terug wou hê sodat hulle uit sy Bahoeroetsiestam werksvolk kon kry. Sy raad aan Viljoen was om die vrede te bewaar, want dan "zal UE. zien dat de volk weder onder u zal komen om te werken zoo als de vooren en dan zal u zien dat de volk weder terug draay naar hunne oude wonings."[13]

---

11. J.H. Breytenbach (red.): Notule II, p.237; D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R336/51, pp.132-133; R374/52, pp.168-169; en R388/52, pp.189-190; Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, p.133.

12. Kyk hieronder, p.185.

13. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R486/53, pp.302-303; Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, pp.172-173.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As veldkornet was dit een van Viljoen se take om die mense in sy wyk behulpsaam te wees "in het verkrygen van kaffers tot arbeid."[14] Daarvoor was hy van Moilo se Bahoeroetsie, die naaste groot stam aan Marico, afhanklik. Dit was dus vir Viljoen van die uiterste belang om Moilo in Mathebe terug te kry. Uiteindelik het hy daarin ge=slaag. In Mei was die Bahoeroetsi-hoofman met al sy volk op pad terug na sy stat, maar gladnie haastig nie, want langs die pad het hy telkens "zyne beesten laten vreten".[15] In Augustus was sy volk en sy beeste al by sy ou stat, maar Moilo self nog by die Bangwaketse-kaptein, Senthufe. Viljoen het hom daar gaan besoek en verseker dat die Boere geen oorlogsplanne teen hom koester nie, waarop Moilo, onder invloed van sendelinge natuurlik, geantwoord het: "Wy moeten (tot) vreede komen zoo als Jezus want Jezus wil niets hebben als vrede."[16] Ydele woorde was dit nie, want Moilo was voorwaar 'n vrede=liewende kaptein. Viljoen se opmerking in Desember 1854 - "Moiloi hebt ons tot hier toe nog alle trouwheid beto=nen"[17] - kon hy net sowel twintig jaar later gemaak het, want met sy Blanke bure het Moilo nooit gebots nie. Inteendeel, hy het Viljoen juis soms bygestaan in die voorkoming van vyandelikhede tussen Blank en Swart.

In November 1855 het Viljoen in Marico 'n gerug gehoor "dat wy eenen aanval van de kaffers te verwachten hadden." Hy het dadelik 'n patrollie opgekommandeer om te gaan ondersoek instel, en twee dae later op sy plaas Vergenoeg 'n byeenkoms gehou om self die gerugte te ondersoek. Moilo en sy Bahoeroetsie-raad het ook hierdie byeenkoms bygewoon. Dit het geblyk dat drie Basters onder die

---

14. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds): Notule I, p.117.
15. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R537/53, pp.247-248.
16. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R561/53, p.374.
17. SS7 R737/54: J.W. Viljoen-F.G.J. Kruger, Groot Marico, 10.12.1854, p.371.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maricoaners se werksvolk vertel het dat Sechele van die Bakwena die Blankes wil aanval. Moilo het aangebied om die saak verder te ondersoek en die skuldiges te straf, waarop die Basters aan hom oorgelewer is.[18] Viljoen self het nie die saak daar gelaat nie, maar verdere ondersoek ingestel na die gerugte. Tot so ver noord as die Bamangwato was alles egter rustig en stil. Dit het geblyk dat die "Basterts bezoopen waren, want zy hebben in dier tyd veel Brandewyn gedronken, en het is in dier tyd, dat zy deze praatjes gehadt hebben." Maar al was daar op daardie stadium geen teken van oorlog op die Transvaalse wesgrens nie, het Viljoen steeds sy oë oop= gehou vir sulke tekens,[19] want sy taak "om te speoeneeren wat de meeni(n)gen van de kaffer(s) zyn",[20] was nimmer= eindigend.

Al het Moilo in November 1855 verklaar dat hy nooit 'n vyand van die Suid-Afrikaanse Republiek was of wou word nie - "Ek ben een oue man en heb geen behagen in bloed te storten"[21] - was daar in die winter van 1856 weer gerugte dat Moilo die Bakwena bygestaan het in oorlogsplanne teen die Boere.[22] Viljoen kon egter steeds net verslag doen van die rustige toestand in Moilo se stat.[23] Die Bahoeroetsie-kaptein se versekering was nog steeds: "Als er van myn Kant eene Vlieg in de Melk valt, zoo zal ik zy uit halen, zoo dat Kapitein Pretorius den kwaad doener kan strafen." Ook sy onderdane was tevrede om in bondgenootskap en vrede met hulle Blanke bure te

-----------

18. SS8 R944/55: Proces verbal van onderhandelinge tus= sen J.W. Viljoen en sekere Basters, Vergenoeg, 22.11.1855, pp.320-322; F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.232.
19. SS8 R947/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 7.12.1855, p.330.
20. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R561/53, p.374.
21. SS8 R944/55: Proces verbal, Vergenoeg, 22.11.1855, p.322.
22. SS11 R1098/56: Notule Krygsraadsvergadering, Ver= genoeg, 9.6.1856, p.375.
23. SS11 R1113/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Ver= genoeg, 19.6.1856, p.421.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewe, want volgens Viljoen het hulle uitgeroep: "Wy waren eersch bevreesd maar nu zien wy dat de groote Kapitein Pretorius de Waarheid gesproken heeft en dat hy ons Vriend en beschermer is."[24] So seker was Viljoen van sy kant dat Moilo nooit die Boere sou aanval nie, dat hy in 1859 gevra het dat ammunisie aan Moilo verkoop moes word.[25] Viljoen se standpunt oor die geloofwaardigheid van Moilo was nie ongegrond nie, want in dieselfde tydperk het die Duitse sendeling Zimmermann aan president Pretorius ge=skryf: "Moiloe's vertrouwen staat op Z.H.Edl. en den Wel Edl. H. Jan Viljoen, dien hy met waarer liefde aan=hangd als eenen man van vrede en goedheid, want hy ken hem als zulken." Daarom ook was Moilo "reg bedroefd" toe hy in 1859 van Viljoen se bedanking as veldkornet gehoor het.[26]

Die uitstekende verhouding wat daar in die vyftiger jare tussen Viljoen en Moilo bestaan het, blyk duidelik uit 'n brief wat die Bahoeroetsie-kaptein in Julie 1864 aan president Pretorius geskryf het. Daarin het hy verklaar dat, toe hy oorspronklik deur Viljoen na sy stat terug genooi is, hy beloof het om die Boere in Marico na die beste van sy vermoë van werksvolk te voorsien. Hy het dit altyd probeer doen. Met die tyd het dit egter vir hom al moeiliker geword, "daar de inwooners van Mariko zoo veel geworden is." Toe veldkornet Coetzee daarby 100 arbeiders van hom kom vra het, het dit vir Moilo gelyk "of mijn Heer Koetsee mij hier wil wegdrijven, en dat

---

24. SS11 R1127/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 30.6.1856, p.461.

25. SS26 R2930/59: F. Zimmermann-M.W.Pretorius, Moilostat, 28.6.1859, p.298.

26. SS30 R3301/59: F. Zimmermann-M.W.Pretorius, Linokana, 28.11.1859, p.316. In 1858 is op versoek van Heinrich Schröder, sedert Julie 1857 Hermannsburgse sendeling by Sechele, besluit dat daar 'n Duitse sendeling by Moilo geplaas kan word. Eerw. F. Zimmerman het in 1859 daar aangekom, en het Mathebe of Moilostat verdoop tot Linokana, later Likatlong (Dikgatlhong) of Lithakong (Dithakong): Kyk SS22 R2523a/58-182: Staatsekretaris-J.W. Viljoen, 15.11. 1858; H.E.W. Backeberg: Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Trans=vaalse wesgrens, p.14; H.M. Rex: Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Ge=meente Zeerust (Marico), p.171.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hij daarom schuld bij mij wil zoeken." Daarom het Moilo vir Pretorius versoek om eerder vir Viljoen of een van die ander "oude mannen" te stuur om met hom te onderhandel, "en niet van de jongen die mij nog niet kennen."[27] Die hele saak van naturelle-arbeiders is vroeg die volgende jaar deur die Uitvoerende Raad by sy vergadering in Marico bespreek. Daar is besluit om belasting van R6 per jaar per hut op die Bahoeroetsie wat hulle nie as werksvolk verhuur het nie, op te lê, en 25c per jaar op diegene wat wel vir Blankes gewerk het. Van die opbrengs daarvan sou Moilo self R50 per jaar ontvang. Dit is aan Viljoen opgedra om daardie belasting in te vorder.[28] Steeds is Moilo dus nie slegs as onderdaan van die Suid-Afrikaanse Republiek beskou nie, maar deur hoë belastings wou die Uitvoerende Raad die Bahoeroetsie se mense dwing om vir die Blankes te werk.

Na 1865 tot en met 1874 was daar geen belangrike kontak tussen Viljoen en die Bahoeroetsie nie. In daardie jaar egter is die oud-kommandant in 'n onderlinge twis van dié stam betrek. Die twis was tussen Moilo en een van sy onder-kapteins Magapie. Laasgenoemde het Viljoen in die saak ingetrek om die vrede in sy guns te probeer herstel. Viljoen was bereid om met Moilo te onderhandel as sy "oude Vriend",[29] maar Moilo wou niks weet van Blanke inmenging in wat hy as 'n interne saak met een van sy ondergeskiktes beskou het nie.[30] In Maart 1875 het Magapie se seuns Jan en Koenraad by die Staatsekretaris in Pretoria oor hulle vader se behandeling deur Moilo gaan kla, waarop landdros Scholtz van Marico beveel is om die

---

27. SS57 R482/64: Moilo-M.W. Pretorius, Linokana, 13.7.1864, pp.173-174.
28. SS164 R2038/73: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, Marico, 1.2.1865, pp.165-166.
29. SS180 R2068/74: J.W. Viljoen-Moilo, 20.11.1874, p.86.
30. SS187 R886/75: T. Jensen ('n Sendeling by Moilo)-J.W. Viljoen, 17.11.1874, p.201.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saak te ondersoek. Die hele geskil het begin toe 'n Bahoeroetsie, genaamd August, een namiddag 'n sloot ge=grawe het waarin 'n ou vrou die nag geval, en haar heup gebreek het. Magapie het van August skadevergoeding geëis, dié het dit geweier, waarop Magapie een van August se beeste gevat het. August het op sy beurt by Moilo gaan kla. Die kaptein was geensins gediend met sy onder-kaptein se eiehandige optrede nie en het, as strafmaat=reël daarvoor, 'n klompie van Magapie se beeste afgeneem.[31]

Menende dat hy nog kommandant was, het Magapie hom daarop tot Jan Viljoen gewend: "omdat hy een van die oudste van die land was wat my kon raad geven". Viljoen het vir hom gesê hy kon hom nie help nie, hy moes hom tot die landdros van Zeerust wend. Nadat Magapie egter "Zoo wat een dag by my was, begaaf ik my met myn Zoon George Vil=joen en Piet Ecksteen naar Moiloo." Viljoen was twee dae lank by Moilo se stat om die saak te ondersoek. Na afloop daarvan het Moilo volgens Viljoen se getuienis beloof om "al het afgenome goed aan Magapie weer te geven." Ander getuies voor waarnemende landdros Scholtz het egter ontken dat Moilo ooit so iets gesê het. Moilo was nie van plan om Magapie ongestraf te laat vir sy voortvarende optrede nie.[32]

Scholtz se mening was tereg dat Moilo sy skoonseun Magapie volgens stamwette gestraf het. Aangesien Viljoen op Magapie se oproep om bemiddeling gereageer het deur Magapie se kant te kies, het hy bemiddeling feitlik on=moontlik gemaak.[33] Hy het dit waarskynlik gedoen in 'n

---

31. Argief Marico 1: H. Stiemens-Landdros Marico, Pretoria, 19.3.1875, met aanhangsel. Volgens Jan Magapie het Moilo 570 beeste en meer as 500 skape en bokke van Magapie geneem - SS187, R886/75, p.207.

32. SS187 R886/75: C.B. Scholtz-Staatsekretaris, Zeerust, 22.4.1875, pp.203 e.v.; Argief Marico 1: H. Stiemens-Landdros Marico, Pretoria, 19.3.1875, met aanhangsel.

33. SS187 R886/75: C.B. Scholtz-Staatsekretaris, Zeerust, 22.4.1875, p.203 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poging om na sy bedanking as kommandant hernude invloed onder die Wesgrens-Bantoe te verkry, en was moontlik van mening dat Moilo op sy aanbeveling vir Magapie ongestraf sou laat. Hoe dit ook sy, Moilo is kort daarna, op 6 Julie 1875, oorlede.[34] Sy seun Sebogodi II het hom opgevolg. 'n Stryd om die suksessie het egter onder die Bahoeroetsie losgebars. Sebogodi II is in 1877 oorlede, terwyl dit nog aan die gang was. In sy plek is sy seun Ikalafeng deur die Britse bewind in Transvaal as kaptein erken.[35] Weens sy bemoeienis met die magstryd tussen die Barolongkapteins in die tagtiger jare,[36] het die Bahoeroetsie as stam feitlik ontbind. Viljoen het in 1882 aan die Driemanskap berig dat hulle hul stat verlaat het, 'n stat wat volgens hom "tog maar een dievennes" was, vandat Moilo dood is.[37] Ikalafeng is, soos Viljoen, in 1893 dood.[38]

Een van die kleurrykste figure op die negentiende eeuse Transvaalse wesgrens was die Bakwena-hoofman, Sechele. Hy was nog 'n kind toe sy vader, Mocoasele, deur een van sy onderhoofde vermoor is. Met die hulp van Sebetoane en die Makololo het hy tog daarin geslaag om die kapteinskap oor te erf.[39] Dit was ongeveer in 1831 en hy het sy posisie tot met sy dood in 1892 behou. In 1844 het hy

---

34. SS189 R1438/75: C.B. Scholtz-H. Stiemens, Zeerust, 8.7.1875, p.342.
35. Transvaal Native Affairs Department: Short History of the Native Tribes, p.13.
36. Kyk hoofstuk 12 oor Land Gosen.
37. SS668 R2885/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, Vergenoeg, 28.4.1882, pp.120-121.
38. Transvaal Native Affairs Department: Short History of the Native Tribes, p.13.
39. David Livingstone: Missionary Travels and Researches in South Africa, pp.14-15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom gevestig by Chonwane aan die Ngotwanerivier ongeveer 80 kilometer noord van die latere dorp Zeerust.[40] Daar het David Livingstone hom in Augustus 1845 onder hulle gevestig. Twee jaar later het die hele stam en die sendeling-ontdekkingsreisiger 70 kilometer weswaarts na Kolobeng verhuis. Daar het Sechele in 1848 Livingstone se eerste en enigste bekeerling geword.[41]

Vanaf Livingstone se intrek by die Bakwena was die ver= houding tussen Sechele en die Boere glad nie goed nie. Die rede was dat Sechele vuurwapens vir sy stam in die hande gekry het. Toe die Volksraad in Maart 1846 berig ontvang het dat 'n sekere Joseph McCabe "Roe(r)s, kruid en lood aan Segela verhandeld heef voor oliephants tanden", het dit onder die lede beroering veroorsaak, aangesien daardeur "aanlyding tot bloedstorting en vernieling van menschelyke wezens kan te weeg gebragt worden."[42] Living= stone het gerugte gehoor dat die Boere van plan was om Sechele te kom ontwapen , en onmiddellik by hulle voorspraak vir die Bakwena-hoofman gaan maak. "They very kindly acceded to my request to let him alone."[43] Die Boer-Bakwena-verhouding het egter gespanne gebly, en in April 1850 het kommandant J.A. Enslin van Marico aan die Volksraad geskryf dat hy daar "noodzaakelykheid in ziet om den kaffer kapietyn Segela tot zyn plicht te brengen, daar hy naar allen oogenschynlykheid zich tot eenen oorlog gereed gemaakt heeft."[44]

----------

40. Schapera, I (ed.): David Livingstone South African Papers, p.3.
41. Tim Jeal: Livingstone, p.81.
42. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule I, pp.39-40.
43. D. Livingstone-A. Murray, 10.6.1847 opgeneem in Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, p.5.
44. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule I, pp.130 en 296.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die einde van dieselfde jaar is daar weer aan Boere-kant melding gemaak van "de brutaaleteid van de kaffir=opperhoof Zageel door zyn uitlaatingen van vyandlikheid." Ook in Junie 1851.[45] Sechele was op hierdie stadium grootliks onder Livingstone se invloed. Deur hóm het hy die onafhanklikheid van die Bakwena verkondig en sy bes gedoen om die 'handelspad na die noorde', dit wil sê die streek tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die weste=like Dorsland, vir Britse handelaars en jagters oop te hou.[46] Kommandant-generaal Andries Pretorius was in September 1851 ook oortuig van die "dringende noodzaak=lykheiden" om "een expeditie tegen den kafferopperhoof Sagiela te doen uitgaan en hem tot gehoorzaamheid te brengen"[47] en te laat afsien van sy onafhanklike houding wat ondermynend vir die veiligheid van die Oorvaalse Emigrante-gemeenskap kon wees. Byna 'n jaar het verloop voor daar 'n kommando teen Sechele uitgetrek het, en toe was die aanleidende oorsaak daarvoor nie vyandelikhede van die Bakwena se kant nie, maar Sechele se weiering om die Bakgatla-kaptein, Mosielele, aan die Boere uit te lewer.

Mosielele se stat, Mabotsa, was ongeveer 40 kilometer wes van die moderne dorp Zeerust geleë, op 'n stuk grond wat deur Andries Hendrik Potgieter aan hom toegeken is. Sedert 1843 het L.S.G.-sendelinge, eers Livingstone en Rogers Edwards, en na 1845 laasgenoemde alleen, op Mabotsa by die Bak=gatla gebly. Mosielele het homself tot in 1851 as onderdaan van die Boere beskou. Daarna het sy mense begin om van die Boere se vee te steel.[48] Vanaf Oktober 1851 het Mosielele ook geweier om werksvolk aan die Boere te verskaf

---

45. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R242/50, p.53 en R289a/51, p.93.

46. G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.390-391.

47. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R323a/51, p.118.

48. G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.394-395. Kyk ook die eerste paragraaf van hierdie hoofstuk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangesien hy wou wys dat hy heeltemal onafhanklik van die Boere wou wees. Kommandant A.H. Stander wou 'n kommando op die been bring om die Bakgatla oor sy weiering te gaan straf, maar Viljoen, wat self met Mosielele daaroor gaan praat het, het sy kommandant ingehou. Na 'n dreigbrief van Stander, maar op beloftes van vrede van Viljoen, het Mosielele tog vyftien man na Stander gestuur. Vroeg in 1852 het Stander as kommandant van Marico bedank en is hy deur P.E. Scholtz opgevolg.[49]

Scholtz wou die spannende toestand op die wesgrens vreed=saam probeer oplos, en het in Februarie 1852 'n uitnodiging aan Sechele en die Bangwaketse-kapteins Segotshane en Senthufe gestuur om 'n byeenkoms, waar geskille tussen hulle vreedsaam bespreek kon word, by te woon. Hulle het die uitnodiging verwerp, maar Mosielele was wel, soos vroeër in die hoofstuk aangetoon is, op 25 Februarie by die byeenkoms teenwoordig waar Scholtz, Viljoen en die provisie-veldkornet J. Buis volgens Edwards gepoog het om "the country and the servitude of the people" op te eis. Kort daarna het Mosielele sy onderdaanskap aan die Boere heeltemal afgesweer.[50] 'n Veldtog teen hom om hom weer in 'n afhanklike posisie te plaas, sou waarskynlik gevolg het as dit nie was vir 'n ernstige koors-epidemie onder die Boere in Maart en April nie. Teen Junie was dit egter reeds vir Inglis, die sendeling by die Bahoeroetsie op Mathebe, duidelik dat oorlog onvermydelik was.[51]

Die finale aanleiding tot die veldtog teen die Bakgatla en die Bakwena, was toe Scholtz weer met Mosielele wou onder=handel, maar laasgenoemde uitgeroep het dat hy geen Witmense meer wou sien nie, en na Sechele gevlug het.[52] Viljoen

---

49. Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, pp.133-134.
50. Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, pp.135-137.
51. Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, p.172.
52. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R426/52, p.234.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was glad nie by die veldtog gemoeid nie, want hy was aan die einde van Augustus 1852, toe dit plaasgevind het, saam met 'n Engelsman, James Chapman, in die jagveld.[53] Tyd= genoodlike verslae oor die veldtog is volop,[54] en waarop dit neerkom is dat, nadat die Boere vir Sechele verslaan en ontwapen het, hulle tevrede was met hulle magsvertoon en nie die Bakwena totaal onderwerp of oorlogskuld opgeëis het nie.[55] Belangrik is dat 'n vrou en kind van Sechele[56] onder die "myden en kinderen-krygsgevangenen" was. Hulle is saam terug na Marico geneem.[57]

Na hierdie veldtog teen Sechele het daar nie onmiddellik vreedsame toestande op die wesgrens ingetree nie. In= teendeel: Jan Viljoen, terug in Marico na sy jagtog saam met Chapman, het berig dat Sechele weer terug was in Litubaruba, waar die Boere hom verslaan het, "en dat hy de uiterste voorberydsellen maaken om een aanval op de menschen te maaken soo sy uit de lager gaan."[58] Die veld= kornet was van mening dat dit vir die Boere onveilig sou wees om 'n uur te perd uit die laers te gaan[59] - 'n toe= stand waaroor kommandant Scholtz by Andries Pretorius ge= kla het omdat die Maricoaners genoodsaak was om "by klompen te blyfen tot nader ondervinding."[60] Hy was nie

---

53. James Chapman: Travels in the interior of South Africa I, pp.21-117. Kyk hoofstuk 9.
54. Kyk Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, pp.130-175 vir 9 verskillende ver= slae, onder andere van Scholtz en Sechele self.
55. Agar-Hamilton, J.A.I.: The Native Policy of the Voortrekkers, pp.147-148.
56. Schapera, I. (ed.): David Livingstone South African Papers, p.57. Die vrou het gou ontsnap. In sy Missionary Travels sê Livingstone dit was 'n vrou en twee kinders.
57. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R426/52, p.235.
58. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R437/52, p.244.
59. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R434/52, p.241.
60. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R426/52, p.235.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die enigste een wat daar swarigheid ingesien het nie: Op 1 Oktober het 13 burgers uit "Kliplager" aan die komman= dant-generaal geskryf oor die "schadelyk toestand", en hulle was toe maar twee maande in die laers. Hulle het daarby gedreig dat, as hulle nie gehelp word nie, hulle verplig sou wees om die land te verlaat.[61] Hulle versoek het nie op dowe ore geval nie - Pretorius het dadelik begin om 'n kommando van vyf- of seshonderd man op die been te bring om "ons land weeder op een rustige voet te brengen."[62]

Met die Maricoaners het dit beroerd gegaan. Sommige het al twee winters in laers gestaan, en uit die aard van die omstandighede kon daar nie genoegsaam gesaai of geoes word nie. In nog 'n smeekroep om hulp het Scholtz uit die "Kliplager" aan Pretorius geskryf: "Hier is mensen zoo arm dat zy niet weeten meenig dag wat zy hunne vamieljes te eeten zal geven." Die vraag was nou, moes daardie "punt" van die land, dit is Marico, opgegee word? Daar= oor was Scholtz se mening tereg: "Geef wy de punt hier op het zal voor de heele matschappy nadeelig wezen." Boonop het die Boere se beeste nou begin wegraak[63] - gesteel deur die Barolong van Montsioa,[64] 'n kaptein wat ná die veldtog wat die Boere teen Sechele gevoer het, uit vrees dat die Boere hom ook sou aanval, die Dorsland in= gevlug het.[65]

Scholtz se vrees dat Marico deur die Blankes verlaat sou moes word, is nie bewaarheid nie, want die eerste stappe

---

61. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R433/52, p.240.
62. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R437/52, p.244.
63. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R444/52, p.256.
64. I. Schapera (ed.): David Livingstone South African Papers, p.91.
65. J.H. Breytenbach (red.): Notule II, p.366. Kyk volgende hoofstuk, p.234.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die rigting van vrede tussen die Bakwena en die Boere was reeds geneem. Die inisiatief daarvoor het van Sechele se kant af gekom. Hy het aan Scholtz laat weet dat hy graag met die Boere sou wil vrede maak, maar nie dié soort vrede waardeur hy sy onafhanklikheid inboet en 'n onderdaan van die Boere word nie. Scholtz wou weet watter voorwaardes hy dan stel. Sechele het geantwoord deur te vra dat Scholtz, Jan Viljoen en Petrus Jacobs, die jagter, en wie ook al nog wil saamkom, na hom toe moes kom sodat hulle eers mekaar kon oortuig wie skuldig aan die oorlog was. Daarna sou hy sy voorwaardes stel. Gedagtig aan wat met Piet Retief in Natal gebeur het, toe die Zoeloes van Dingaan hom vermoor het, was Scholtz glad nie van plan om na Sechele toe te gaan nie.[66] In November het hy egter vir Viljoen en J. van der Merwe, die assis= tent-veldkornet op daardie stadium, en J. Snyman na die Bakwena gestuur met 'n brief aan Sechele waarin dié genooi is om met Scholtz en Andries Pretorius te kom onderhandel "by de valy onderkant die poort van Meselele". Viljoen en die ander twee se verdere opdragte was eerstens om uit te vind hoekom Sechele tot oorlog met die Boere wou kom; tweedens op watter voorwaardes hy sal vrede maak; laas= tens moes hulle probeer om hom na die genoemde "valy" vir vredesonderhandelinge te kry - hulle moes nie met hom vrede maak nie, maar slegs sy mening gaan probeer peil.[67]

Ses dae nadat hulle hierdie instruksies gekry het, was Viljoen en die ander twee afgevaardigdes terug in Marico met 'n verslag oor hulle sending.[68] Dit het daarop neergekom dat Sechele nie bereid sou wees om oor vrede te gaan onderhandel voordat sy kind wat deur Scholtz se

---

66. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R444/52, p.255.
67. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R457/52, p.269.
68. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R467/52, pp.278-280.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kommando weggevoer is, nie aan hom teruggegee is nie.[69] Viljoen het sy bes gedoen om Sechele te oortuig van die Boere se vreedsame bedoelings: "Cegelie, komt vrymoedig en gaat met ons en gy zult uwen vreede genieten." Sechele het egter net gepraat van sy kind en gesê dat die ware vredesteken vir hom sou wees as sy kind aan hom teruggegee word. En buitendien, al het Sechele voorheen vir Viljoen geken "dat gy een man van vreede ben" - die veldkornet het immers in die jaar voor die veldtog teen Sechele uitgegaan het, telkens soortgelyke veldtogte verhoed[70] - was Sechele nog wantrouig, want "een mensch is een veranderlyke ding nu weet ik niet of uwen hart nog (vreedsaam) is" nie. Viljoen het hom verseker: "Ik ben nog een man van vreede", maar om die risiko te loop om self deur die Boere gevang te word sodat hy "by myn kind moet gaan zitten", daarvoor het Sechele nie kans gesien nie.

Scholtz was heeltemal bereid om Sechele se kind aan hom terug te stuur. In die hoop dat die oorlog met die Bakwena verby was, het hy ook die Maricoaners wat nog in laers gestaan het toegelaat om na hulle huise te gaan.[71] In Januarie 1853 is Viljoen saam met P. van der Berg en C. Snyman weg om die kind aan die Bakwena-kaptein te gaan afgee. Hulle moes ook probeer om Sechele sover te kry om met kommandant-generaal Pretorius oor vrede te gaan onderhandel.[72] Aanvanklik het dit gelyk of die sending suksesvol was: die kind is in 'n 'vloed van stille trane' deur sy moeder terugontvang,[73] en Sechele het blykbaar

---

69. Kyk hierbo, p.185.
70. Kyk hierbo, p.184.
71. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R469/52, pp.281-282.
72. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R362/52, pp.160-161. Hierdie stuk se datum, 8 Januarie 1852, moet wees 1853. Uit die in=houd van die instruksies is dit duidelik dat dit nie in Januarie 1852 gegee kon gewees het nie: P.E. Scholtz was toe nog nie kommandant nie, en in Januarie 1852 was daar nog nie sprake van 'n kind wat na Sechele geneem moes word nie.
73. David Livingstone: Missionary Travels, p.125.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegestem tot onderhandelinge.[74] In Mei 1853 het Sechele egter laat weet dat hy bevrees was om te kom onderhandel omdat hy gedwing kon word om 'n traktaat te onderteken wat hy nie verstaan het nie. Pretorius het vir Viljoen en D. Coetzee onmiddellik na Litubaruba gestuur om te gaan kyk of daar enige gevaar van die kant van Sechele te wagte was.[75] Dit is te betwyfel of Viljoen hierdie op= drag uitgevoer het, want vroeg in Junie het Viljoen en die Maricoaners in die aangesig van dreigende Naturelle= gevaar, weer hulle toevlug tot laers geneem.[76] Die oorsaak vir die nuwe vyandigheid was daarin geleë dat sekere Witmense volgens Sechele van sy onderdane vermoor het. Viljoen en Snyman het egter in Augustus daarin ge= slaag om die vrede te herstel.[77]

Hierdie "vrede" tussen die Boere en die Bakwena het nie op 'n formele ooreenkoms berus nie. Vroeg in 1854 het M.W. Pretorius vir Viljoen na die Bakwena gestuur om weer vir Sechele uit te nooi om in sy persoon met die Boere te kom onderhandel, maar dit was weer onsuksesvol. Sechele het gevrees vir verraad van die kant van die Boere.[78] In sy plek het hy vir Jan Khatlane as sy 'ambassadeur' gestuur. Sy boodskap het daarop neergekom dat die wan= troue wat Scholtz in 1852 gehad het in Sechele se uit= nodiging tot 'n vredeskonferensie, weens sy vrees dat hy

---

74. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R500/53, p.315.

75. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R536/53, pp.346-347.

76. S.P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe, pp. 16-17. In 'n voetnoot op p.17 maak Engelbrecht die opmerking, wat in die legendes wat mettertyd om Viljoen se lewensverhaal gevorm het, as 'n feit aanvaar word, dat Viljoen 'n bynaam "Jan Sechele" gekry het as gevolg van sy dapperheid in die veldtog teen die Bakwena in 1852. Aangesien Viljoen egter glad nie aan die veldtog deelgeneem het nie, is dit meer waarskynlik dat hy die bynaam gekry het as gevolg van sy talle onderhandelinge met Sechele.

77. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R561/53, p.374.

78. SS6 R631/54: Sechele-M.W. Pretorius, Lethejana, 9.4.1854, p.107 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in 'n doodsval sou inloop, wederkerig was, want Sechele het net so gevrees vir verraad van die kant van die Blankes.[79] Elke ras het gevoel dat die ander een geen kwaad sou ontsien om hom te na te kom nie.

Vanaf 1854 tot 1870 kan die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Bakwena hoofsaaklik as 'n diplomatieke spel tussen Jan Viljoen en Sechele gesien word. Viljoen het 'n ingebore slag gehad om met Swartes oor die weg te kom,[80] asook die potensiële krag van 'n kommando waarmee die Bakwena in 1852 te doen gekry het. Van sy kant het Sechele diplomatieke instink gehad asook die voordelige raad van sendelinge en die potensiële waarde van die verenigde mag van al die Swart stamme op die Transvaalse wesgrens.

Sechele het telkens van 'n eenheid van die Wesgrens-stamme gewag gemaak. In Oktober 1854 het hy byvoorbeeld verklaar dat hy nie sonder die toestemming van al sy 'bondgenote' tot 'n vredesooreenkoms met die Suid-Afri=kaanse Republiek kon geraak nie. Sy 'bondgenote' sou omvat Mahoera en Gasebonwe van die Batlhaping, Montsioa van die Barolong, A. Kok en N. Waterboer van die Griekwas en ook Mosjesj van die Basoetoe.[81] Sechele het ook van sy "bondgenote" gewag gemaak ná die moord op Wynand Maartens. Viljoen het Sechele se broer Khoselentsie van die moord verdink. Maartens se waens het in die Bakwena-stat Litubaruba gestaan.[82] Viljoen het om die uitlewering daarvan gevra, en as antwoord gekry dat Sechele

---

79. J.P.R. Wallis (ed.): The Matabele Journals I, p.174.
80. Soos telkens blyk uit sy talle suksesvolle onder=handelings met Swart hoofmanne.
81. SS6 R702/54: Sechele-J.W. Viljoen, Lethejane, 15.10.1854, pp.261-262.
Kyk ook T.A. du Plessis: M.W. Pretorius, p.92, hieroor.
82. SS6 R716/54: D.H. Botha-M.W. Pretorius, Potchef=stroom, 9.11.1854, p.297. Sechele self het die stat genoem Lethejane.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



cers sy 'bondgenote' moes raadpleeg voor hy die waens kon uitlewer.[83] By hierdie geleentheid het die sendeling, Robert Moffat, Sechele in sy idee van 'bondgenote' versterk, al het ook hy geglo dat Sechele se broer die moordenaar was.[84] In Desember is daar boonop van Sechele se onder=dane wat in Swartruggens gewerk het, vermoor,[85] en dit het Viljoen se taak om Maartens se waens uitgelewer te kry, aansienlik bemoeilik. Sechele het van daardie moorde gebruik gemaak om sy posisie in die diplomatieke spel met Viljoen te verstewig.[86] Aangesien hy geweet het dat die opgewondenheid onder die Blankes groot sou wees as hulle uitvind dat dit wel sy broer Khoselentsie was wat Maartens vermoor het, het hy ten einde laas die wa, en daarmee saam ook beeste wat sy volk gesteel het, aan die Boere teruggestuur.[87] Terselfdertyd het hy voornemende jagters uitgenooi om deur sy gebied te trek.[88]

Marthinus Wessel Pretorius het langsamerhand tot die oor=tuiging gekom dat 'n veldtog teen Sechele noodsaaklik is, en het daarvoor begin voorberei. Hiermee was Viljoen en van sy mede-Maricoaners glad nie gediend nie, en wel om materiële redes: kommando's en laertrek sou longsiekte onder hulle beeste laat versprei en hulle ekonomies ruïneer, en "de armoet is hier zeer zwaar onder de menschen". Daarom sou hulle eerder die land verlaat - so is gedreig - as om soos in 1852 en in 1853 in laers

----------

83. SS6 R706/54: Sechele-J.W. Viljoen, Lethejane, 22.10.1854, p.270; ook by SS7 R737/54, p.371.

84. J. P. R. Wallis (ed.): The Matabele Journals I, pp. 348-349. Dit was nadat Viljoen op Sechele se woord al aanvaar het dat Khoselentsie nie die moordenaar was nie - SS6 R723/54: J.W. Viljoen, D.L. Botha en J.P. Snyman-Sechele, Mathebe, 15.11.1854, pp.316-317. Kyk ook SS7 R737/54: J.W. Viljoen-F.G.J. Kruger, Marico, 10.12.1854, pp.371-373.

85. SS7 R740/54: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 22.12.1854, p.381.

86. SS7 R749/55: Sechele-J.W. Viljoen, Litubaruba, 15. 1 .1855, pp.416-418.

87. SS7 R755/55: J.W. Viljoen-Sechele, 22.1.1855, pp. 428-429.

88. SS7 R780/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Sterkstroom, 12.3.1855, pp.493-496.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te gaan staan. Intussen is ook telkens van hulle beeste gesteel. Daarom het die Maricoaners 'n vreedsame bo vyandige toestand verkies, en in April 1855 Pretorius om uitstel van 'n veldtog gevra.[89] 'n Kommando het nie teen die Bakwena opgetrek nie,[90] maar Viljoen se aanbeveling het kritiek onder sy eie mense uitgelok. Daar is gesê dat Viljoen, wat nog geen skade van Sechele se kant af gely het nie elke jaar verhoed het dat daar 'n kommando teen die Bakwena optrek, maar niks doen om die mense wat skade gely het, te vergoed nie.[91] Wat Viljoen persoonlik aangaan, hy sou "verblijd zijn dat Segelie tog eens tot zijn plegt gebragt worden."[92] Tog het hy aanbeveel dat die kommando uitgestel word. Dit het geblyk wyse raad te wees, want gedurende die winter van 1855[93] en ook daar=na[94] was Sechele rustig. In Maart 1856 het hy selfs vir Pretorius gevra om hom in stamgevegte te help. Hy het homself toe uitgegee as 'n man van "vrede" wat graag sou wou sien "dat er tog geen onschuldig Bloet meer sal val." Terselfdertyd het hy verklaar dat dit Viljoen was wat aan hom "de Pat van vrede gegeef heep."[95] Dié oordeel was

---

89. SS7 R795/55: Memorie van J.W. Viljoen en 59 ander Maricoaners-M.W. Pretorius, 9.4.1855, p.532; SS7 R799/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 14.4.1855, pp.543-544; SS7 R740/54: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 22.12.1854, p.381; D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argief=stukke, R444/52, pp.255-256; en R541b/53, p.353.

90. SS7 R831/55: Notule Krygsraadsvergadering, 7.6.1855, p.622.

91. SS8 R859/55: C.J. Joubert-M.W. Pretorius, Groot Marico, 3.7.1855, pp.16-18.

92. SS7 R799/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 14.4.1855, p.543.

93. SS7 R852/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 27.6.1855, p.670; SS8 R870/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 16.7.1855, pp.43-45.

94. SS8 R947/55: J.H. Potgieter-J.W. Viljoen, Sterkstroom, 5.12.1855, pp.330-331; SS11 R986/56: J.W. Viljoen en J.H. Potgieter-M.W. Pretorius, Marico, 15.2.1856, pp.66-67; SS8 R953/55: J.M. Swart-J.W. Viljoen, Litubaruba, 20.12.1855, p.346.

95. SS11 R1012/56: Sechele-M.W. Pretorius, Litubaruba, 25.3.1856, p.139.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



korrek, want dit was slegs Jan Viljoen wat in 1855 ver=hoed het dat 'n Boere-aanval op die Bakwena gedoen word.

In die winter van 1856 het oorlog weer gedreig. Dit was na aanleiding van die moord op Hans Nortje op 27 April in Swartruggens.[96] Al het Viljoen sy twyfel daaroor uit=gespreek,[97] het M.W. Pretorius van Sechele se onderdane van die moord verdink. Die Kommandant-Generaal het vroeg in Mei besluit dat die Bakwena daarvoor gestraf moet word. Viljoen is gelas "om op te Comderen en ook voor lagers plaatsen te zorgen." Hy het egter gevra om uitstel van die kommando sodat daar eers vasgestel kon word "uit wien dat de moort uit spruit."[98] Hieroor was daar geen sekerheid nie: Kommandant G.J. Kruger het die Bahoeroetsie-kaptein Mangope en die Bafokeng-kaptein Mokgatle verdink,[99] terwyl fungerende kommandant F.P. Dreyer en veldkornet P.J. van der Walt, wat in die Swart=ruggensdistrik self ondersoek ingestel het, liewer nie 'n mening wou waag nie.[100] Toe die oproeping van 'n kommando volg het Viljoen en 43 ander Maricoaners in 'n memorie aan Pretorius verklaar dat hulle onwillig was om op kommando te gaan, aangesien hulle op hulle beurt oor=tuig was dat die moord deur onderdane van Makapaan van die Waterberge gepleeg is.[101] J.J. Wilson, 'n handelaar, wat op hierdie stadium by Sechele was, het aan Viljoen geskryf dat "I myself could almost undertake to swear that the murder was not committed by any of the People at Seceles Place."[102]

---

96. SS11 R1041/56: F.J.A. van der Walt-G.J. Kruger, 1.5.1856, p.210.
97. SS11 R1045/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Mooi=rivier, 4.5.1856, pp.230-231.
98. SS11 R1060/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 11.5.1856, p.267.
99. SS11 R1059/56: G.J. Kruger-M.W. Pretorius, Hekpoort, 11.5.1856, pp.263-265.
100. SS11 R1061/56: F.P. Dreyer en P.J. van der Walt-M.W. Pretorius, Swartruggens, 12.5.1856, p.268.
101. SS11 R1067/56: J.W. Viljoen en 43 burgers aan M.W. Pretorius, Marico, 15.5.1856, p.283 e.v.
102. SS11 R1069/56: J.J. Wilson-J.W. Viljoen, Lobatzo, 17.5.1856, pp.289-290.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vanaf 21 Mei was Pretorius self in Marico, en in sy teen=woordigheid het die plaaslike krygsraad waarop Viljoen sitting gehad het besluit om eers 'n sending van vier man na Sechele te stuur.[103] Hierdie sending onder veld=kornet H. Potgieter het niks uitgerig nie, sodat Viljoen self vroeg in Junie na Sechele is waar hy vriendelik ontvang is. Sy doel was die uitvoering van 'n opdrag van Pretorius, naamlik om 'n ontmoeting tussen Pretorius en Sechele te probeer reël. Viljoen het sy bes gedoen om die Bakwena-hoofman tot so 'n beraad oor te haal, maar tevergeefs. Gerugte het sy stat bereik dat daar 'n kommando onder Paul Kruger teen hom versamel word, en dat hy, wanneer hy onder die Boere was, gedwing sou word om 'n ongunstige traktaat te teken. Hy sou graag vir Pretorius by hom ontvang, maar nie self na Pretorius gaan nie. Daarvoor was sy wantroue in die goeie bedoelings van die Boere te groot.[104] Hierdie wantroue was wedersyds, want Pretorius het ook nie kans gesien om in Litubaruba met Sechele te gaan beraadslaag nie. Nadat vasgestel is dat dit tog nie van Sechele se onderdane was wat die gemelde moord gepleeg het nie, is die aangeleentheid op die lange baan geskuif.[105] Hierin het Viljoen se tussen=koms ten gunste van Sechele 'n rol gespeel[106] en hieroor was die Bakwena-opperhoof die veldkornet van Marico dank=baar.[107]

---

103. SS11 R1075/56: Notule Krygsraad, Marico, 21.5.1856, p.302 e.v.

104. SS11 R1089/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Klein Marico, 5.6.1856, pp.354-355; ook SS11 R1080/56: J.J. Wilson-J.W. Viljoen, Litubaruba, 28.5.1856, p.316 en SS11 R1082/56: J.J. Wilson-J.W. Viljoen, Litubaruba, 28.5.1856, p.323.

105. SS11 R1093/56: Notule, Krygsraad, Marico, 7.6.1856, p.364.

106. SS83 Supplementêre Stukke 45/66: Verslag van J.W. Viljoen en D.J. Coetzee, 7.6.1856, p.142.

107. SS11 R1116/56: D.L. Botha-M.W. Pretorius, 23.6.1856, p.429.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is op gewys dat Sechele vir Viljoen as bemiddelaar tussen Blank en Swart beskou het, as die skakel tussen hom en die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit blyk duidelik uit sy optrede toe hy in Julie 1856 besoek wou gaan aflê by Moroko, die Barolong-kaptein wat by Thaba Nchu in die Vrystaat woonagtig was.[108] Sechele het vir Viljoen toestemming gevra om die Trans=vaalse grondgebied te deurreis op sy weg van Litubaruba na Thaba Nchu. Viljoen het die saak voor Pretorius gelê wat sy goedkeuring daaraan geheg het.[109] Daarop het Viljoen vir Sechele 'n pas gegee. Die Bakwena-opperhoof en sy gevolg is met wa en osse oor die Vaalrivier.

Soos gesien was president Pretorius ten gunste van Duitse in plaas van Britse sendelinge in Transvaal. In 1857 was Viljoen aktief gemoeid met die plasing van Duitse sendelinge by Sechele wat sy gesindheid teenoor die Boere verander het.[110] Hy het in sy laaste jare as veldkornet kontak met die Bakwena behou. In Maart 1858 was Sechele vir die eerste keer self in Marico, waar hy soos 'n Blanke ontvang is. Behalwe vir 'n olifanttand wat hy as blyk van vriendskap aan Pretorius gestuur het, het Sechele ook by hierdie geleentheid aan die Transvaalse president laat weet dat hy hom graag sou wou ontmoet om met hom "alle vreden Schikkens te Besluiten".[111] Die ontmoeting tussen hulle het eers in Januarie 1860 plaasgevind, toe

---

108. Die verspreiding van die Barolong tydens die die Difaqane word in die volgende hoofstuk behandel.

109. SS12 R1159/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 30.7.1856, p.78; SS12 R1189/56: H.C.W. Vermaas-M.W. Pretorius, 5.9.1856, pp.139-140.

110. H.E.W. Backeberg: Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens, in Historiese Studies, Jaargang 1 No. 2, Oktober 1939, pp.12-21. In hoofstuk 9 word hier=die gebeurtenis in besonderhede behandel.

111. SS19 R1959/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 14.3.1858, p.260; H.E.W. Backeberg: Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens, in Historiese Studies, Oktober 1939, p.15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sechele 'n reis na Potchefstroom onderneem het. In die verhouding tussen Transvaal en die Bakwena was hierdie besoek 'n hoogtepunt. Soos Viljoen na afloop daarvan aan Pretorius gesê het, was "Sichilie zeer in zyn schik met het onthaal, die hy op Mooirivier ontvangen heeft, hetwelk buiten zyn verwachting was en hy kan niet genoeg tot lof en eer van U.H.Edl. spreken."[112]

Die rol van die Hermannsburgse sendelinge wat van 1857 tot 1864 onder die Bakwena evangelisasiewerk gedoen het, moet nie buite rekening gelaat word in die goeie verhou=dinge tussen die Boere en die Bakwena nie. Sechele was maklik beïnvloedbaar deur sendelinge van wie hy 'n hoë dunk gehad het. Dit getuig sowel Livingstone in sy Missionary Travels and Researches in South Africa as John Mackenzie in sy Ten Years North of the Orange River. Dit is ook Backeberg se gevolgtrekking wat betref die verhouding tussen Sechele en die Hermannsburgse sendeling, Heinrich Schröder.[113] Die Britse sendelinge was die Transvalers vyandiggesind, en goeie betrekkinge tussen Sechele en die Boere was nie in hulle belang nie. Die=selfde kan nie van die Duitsers gesê word nie. Inteen=deel, Schröder het 'n vriendskaplike verhouding tussen die Boere en die Bakwena aangemoedig, en blyke van vriendskap van weerskante bepleit. Dit sou van hom en Jan Viljoen bondgenote maak. Die sendelinge het die klem op arbeid en owerheidsgehoorsaamheid gelê, vandaar die verandering in gesindheid.

Die beste voorbeeld van samewerking is die Suid-Afrikaanse Republiek se verskaffing vanaf 1859 van kruit en lood aan Sechele. Die Bakwena-opperhoof het in Desember 1855 al

---

112. SS32 R3514/60: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 28.1.1860, p.219.
113. H.E.W. Backeberg: Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens, in Historiese Studies, Oktober 1939, pp.12-21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Viljoen ammunisie gevra,[114] en na nog verskeie ver= soeke het Viljoen in 1859 by president Pretorius aanbeveel dat Sechele met ammunisie gehelp moes word, "zoo dat hy ziet dat de Republiek vrede heeft."[115] Pretorius het sy toestemming gegee, en in April kon Viljoen 200 pond kruit en 400 pond lood vir Sechele afweeg.[116] Volgens Schröder, wat self talle versoeke in hierdie verband aan president Pretorius gerig het,[117] was die Bakwena-opperhoof se eerste reaksie by ontvangs van die ammunisie die woorde: "Ik ben verstomt en heb geene woorden myne dankbarheid te betuigen."[118] Dit toon die invloed van die sendelinge, maar ook van Jan Viljoen.

Waar Viljoen in sy laaste veldkornetsdae nog gereeld aan sy President verslae gestuur het oor gebeurtenisse rakende Sechele,[119] kom dit voor asof sy ywer in sy taak as 'kommunikasie-beampte' tussen die Wesgrens-stamme en sy Regering ná sy verkiesing as kommandant skielik begin af= neem het. Hy het nog van tyd tot tyd verslae oor gebeurde onder die Swart stamme aan die Regering gestuur, soos in

---

114. SS8 R953/55: J.M. Swart-J.W. Viljoen, 20.12.1855, p.346.

115. SS25 R2663/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.3.1859, pp.56-57.

116. SS25 R2697/59: Nota van J.W. Viljoen en H.P. Beukes, Marico, 2.4.1859, p.129.

117. H.E.W. Backeberg: Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens, in Historiese Studies, Oktober 1939, p.14. Volg ook J.H. Breytenbach (red.): Notule III, pp.154-155 en 486-487 waarvolgens die Volksraad op 15 September 1857 al op aanbeveling van die Duitse sendeling H. Müller besluit het dat Sechele van ammunisie voorsien kan word.

118. SS472 R4124/80: H. Schröder-Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek, 27.4.[1859], pp.58-60.

119. SS21 R2358/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 7.10.1858, p.378, handelende oor stamtwiste tussen Sechele en ander kapteins; en SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 24.10.1859, p.55 e.v., handelende oor die onderhandelinge tussen Sechele en Thomas Cocklin omtrent goudgrawery (sien verder hieroor in hoofstuk 9) is tekenende voor= beelde in hierdie verband.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



April 1863 oor die oorlog tussen Sechele en Sagoema,[120] en in Oktober 1864 oor dieselfde onderwerp,[121] maar briewe uit Marico het nie meer gereeld by die hoogste amptenaar in die Republiek opgedaag nie. Een van die hoofredes daarvoor was dat Pretorius van September 1860 tot 1864 nie langer president van die Suid-Afrikaanse Republiek was nie, en Viljoen was by uitstek 'n Pretoriusman. Hy het doodeenvoudig nie die vrymoedigheid gehad om so spontaan vir ander amptenare as vir sy geliefde President te skryf nie. Sy kontak met die naburige Swart stamme was, weens sy gereelde afwesigheid uit Marico in die sestiger jare, ook nie meer so intiem as voorheen nie. Dit kan toegeskryf word daaraan dat dit die taak van 'n veldkornet was om toesig oor die Swartes te hou asook aan Viljoen se rol in die Burgeroorlog en sy jagtogte.

Dit was egter nog geen deurslaggewende faktor nie, want, soos hy in Oktober 1864 aan Pretorius verduidelik het, het hy altyd twee Swart mans agtergelaat wanneer hy op reis gegaan het. Hierdie mans kon dan wanneer dit noodsaaklik was, of wanneer "Zyn Eedele myn meschien nodig heb", "na myn komen waar de ik ook al ben."[122]

Die vernaamste rede vir die afname van Viljoen se entoe=siasme in sy beriggewing moet ook gesoek word in die kentering in die verhoudinge tussen die Republiek en Sechele na die vertrek van die Hermannsburgse sendelinge in die sestiger jare. Hulle plek is ingeneem deur sende=linge van die Londonse Genootskap, soos Roger Price en John Mackenzie, uitgesproke teenstanders van die Trans=valers, manne wat geen steen onaangeraak sou laat om die vriendskaplike verhoudinge tussen die Boere en hulle Swart

----------

120. ZAR41 Staatskoerant 5.5.1863: Kennisgewing van J.W. Viljoen, Marico, 27.4.1863, p.53.

121. SS60 R891a/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Vergenoeg, 12.10.1864, p.369.

122. SS60 R953/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Vergenoeg, 21.10.1864, pp.477-478.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bure te vertroebel nie.[123] Dit het ook die weg oopgelaat vir Kaapse handelaars wat in so 'n groot mate met ammuni= sie gesmokkel het dat die Bakwena nie meer daarvoor van die Suid-Afrikaanse Republiek afhanklik was nie, en dus 'n vryer houding kon inneem.[124]

Die verhoudinge tussen die Boere en die Bakwena het in= derdaad so versleg dat in Julie 1865 terwyl Viljoen op 'n jagtog in Masjonaland was, daar vir die eerste keer in tien jaar gerugte die rondte gedoen het dat Sechele sou wou hê dat al die Blankes in Marico se huise afgebrand moes word vóór die kommandant se terugkeer.[125] Dit was klaar= blyklik 'n blote gerug, want daaruit het niks voortgevloei nie. Dit het moontlik in verband gestaan met net so 'n onwaarskynlike gerug wat Sechele bereik het, naamlik dat Viljoen aan Moselekatse sou gesê het dat hy Sechele, Montsioa, Mosielele en ander kapteins moes kom be- oorlog.[126] Hierdie gerugte, wat niks goeds vir die Boere en die Bakwena ingehou het nie, is kort daarna op= gevolg deur 'n nog veel meer skadelike insident - 'n voorval wat nie van taktvolheid in die optrede van president Preto= rius getuig nie. Dit het gegaan oor die betaling van 'n groepie Bakweńa wat gedurende 1864 vir die Suid-Afrikaanse Republiek in Mooirivier gewerk het. Na herhaalde navrae van Sechele se kant oor die betaling wat deur Viljoen gesteun is,[127] het Pretorius aan die Bakwena-opperhoof geskryf dat hy hom sou kom betaal wanneer hy van die veldtog teen Mosjesj in die Oranje-Vrystaat terugkom. Dit het Pretorius nie gedoen nie.[128] Nadat die saak dwarsdeur

----------

123. H.E.W. Backeberg: Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens, in Historiese Studies, Oktober 1939, pp.12-21.

124. SS127 R1203/70: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 12.10.1868, p.100.

125. SS68 R782/65: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, Marico, 12.7.1865, p.165.

126. SS72 R1334/65: Sechele-J.W. Viljoen, 18.12.1865, p.116 e.v.

127. SS60 R953/64: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Vergenoeg, 21.10.1864, pp.477-478.

128. SS72 R1359/65: Sechele-J.W. Viljoen, 24.12.1865, p.224 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1865 gesloer het, het Sechele vroeg in 1866 sy twyfel uitgespreek of sy werksvolk ooit hulle betaling sou ontvang.[129] Viljoen, wat deurentyd gevoel het dat "als Segelie Zyne betaaling Krygt dat wy alle zaken weder in order sal krygen", is kort daarna direk by die saak betrek toe Sechele 23 van sy osse laat steel het met die duidelike voorneme, soos Viljoen aan Pretorius geskryf het, "als ik de ossen vraagt zal hy antwoorden ja U ossen is hier ik sal het geven maar geef myn volk hun geld dan sal ik Uwe goed geven."[130]

Steeds het die Regering, miskien as gevolg van geldkorte wat deur die Burgeroorlog teweeggebring is, nie betaal nie, sodat Viljoen in Februarie 1866 sy President moes aanspreek: Dit is "een schande om aan een Kaffer geld schuldig te weesen."[131] Na nog drie maande van wrywing het die Regering uiteindelik in April 1866 die geld ver=skaf waarmee die beeste gekoop is wat deur Viljoen aan Sechele oorhandig is, waarop hy sy eie beeste teruggevra het. Die Bakwena-opperhoof se antwoord was vir Viljoen beledigend: Die kommandant sou sy beeste terugkry na net so 'n lang tyd as wat die Bakwena vir hulle betaling gewag het. Daarom het Viljoen gewonder of daar nie "met Cegelie moet gewerkt worden" nie.[132] Dit het nie gebeur nie, en na 'n besoek aan Sechele 'n paar maande later het Viljoen die toestand weer as vreedsaam be=stempel.[133]

----------

129. SS74 R13/66: Sechele-J.W. Viljoen, 2.1.1866, p.29 e.v.
130. SS74 R79/66: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Vergenoeg, 29.1.1866, p.207.
131. SS75 R250/66: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 21.2.1866, p.217.
132. SS76 R467/66: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 30.4.1866, p.353.
133. SS90 R781/67: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Paardeplaats, 27.7.1867, p.64.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit het tot aan die einde van die negentiende eeu voort=geduur. In 1874 het Sechele byvoorbeeld as 'n blyk van vriendskap aan president Burgers 'n wit slagos gestuur.[134] Viljoen en Sechele het kontak behou.[135] Inderdaad het daar ná 1852 nooit 'n oorlog tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Bakwena uitgebreek nie, nie omdat daar geen knelpunte tussen hulle was nie, want dié was volop, maar in 'n groot mate weens die vrede=liewende diplomasie van die Boerepionier, Jan Viljoen.

---

134. Berig in De Volksstem, 29.8.1874.

135. Volg in hierdie verband: Argief Potchefstroom 3: Sechele-J.W. Viljoen, 13.3.1867; SS89 R710/67: J.W. Viljoen-J.W. Spruyt, Marico, 6.7.1867, p.226; SS90 R818/67: Sechele-J.W. Viljoen, 21.7.1867, p.170; SS110 R407/69: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.4.1869, p.126 e.v. (ook by SS472 R4124/80, p.146 e.v.); en SS111 R709/69: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.6.1869, p.332.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 8

### Vredemaker en bewaker van die wesgrens

Die tweede groep Bantoestamme met wie Jan Viljoen in aanraking was, was die Bamangwato en die Matebele. Sy kontak met hulle verskil van dié met die stamme nader aan Marico in dié sin dat dit eerstens minder gereeld plaas=gevind het, en tweedens omdat hy die hoofmanne van dié stamme meerendeels in 'n nie-amptelike hoedanigheid as jagter sou besoek. Dit neem egter niks weg van die belangrikheid van sy optrede ten opsigte van hierdie twee noordelike stamme en ander kleinere groepe in hulle om=gewing nie.

Wat sy kontak met die Matebele bevorder het was die ligging van sy plaas Vergenoeg aan die "Engelse weg na die Noorde" wat verby die Transvaalse wesgrens die binne=land in gelei het. Op daardie weg het Viljoen as olifantsjagter hom noordwaarts begewe en baie reisigers, sendelinge, jagters en handelaars ontmoet wat kontak met die Matebele gehad het.

Dit is onmoontlik om te sê presies wanneer Viljoen die eerste keer met die Matebele kennis gemaak het. Legendes bring geen duidelikheid daaroor nie. Gronum beweer dat Viljoen in 1840 al tydens 'n jagtog vir Moselekatse by Bulawayo ontmoet het[1] - 'n foutiewe bewering, want Viljoen het toe nog in die Kaapkolonie gewoon. Preller stel die datum op 1852, die jaar waarin Viljoen volgens hom by die "Zambesie-waterval" - die Victoria-waterval - was.[2] Dit is ook onmoontlik, want Viljoen was in die winter van hierdie jaar saam met 'n sekere James Chapman

----------

1. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, p.43.
2. Die Burger, 31.10.1936, p.12 (G.S. Preller: Zambesie-Waterval. Livingstone nie die Ontdekker nie). Preller se getuienis is twyfelagtig, naamlik die verklarings van toggenote van Viljoen wat lank na die tyd eers opgeneem is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die jagveld, en dié meld in sy breedvoerige reisverhaal niks daarvan nie.[3] Eugene Marais sê dit was in 1858, en voeg daaraan toe dat Viljoen die eerste Boerejagter was wat van Transvaal na Matebeleland gegaan het. Hierdie bewerings, en ook die volgende uit Marais se pen: "There was perhaps no white man whom the Matabele king was more intimate with or cared for more than Jan Sichele",[4] berus egter op geen onomstootlike bewyse nie, en legende werp dus geen sekere lig op hierdie probleem nie.[5] Terloops, "Sichele" was die bynaam vir Viljoen weens sy kontak met die Bantoekaptein.[6]

Die vroegste dokumentêre bewys van moontlike kontak tussen Viljoen en Moselekatse is te vinde in 'n brief wat kommandant A.H. Stander in Augustus 1850 aan Andries Pretorius geskryf het: "Verdens hebt ik u te berigten dat de Veldcornet J. Viljoen gearriveerd is en hebt een weg uitgevonden zonder vliegen en bewater na Zellekats ma(a)r wy kan naa de groot rivier kan wy niet aanders doen als door de weg voornoemd".[7] Niks word vermeld van same= sprekings tussen Viljoen en die Matebele-koning nie, sodat dit glad nie seker is dat hulle mekaar ontmoet het

----------

3. James Chapman: Travels in the Interior of South Africa Volume I.
4. The Star, 17.10.1925 (E. Marais: The Blood Trail in the Transvaal).
5. Verskillende historici het al sonder oortuiging hier= oor gespekuleer, soos W.J. de Kock: Eerste Spore in Zambesia, in De Ruiter I, No. 48, 2.4.1948, p.4 e.v.; dieselfde skrywer: In die Land van Lobengula, in Die Huisgenoot, 13.2.1948, p.31 e.v.; dieselfde skrywer: Die Muur om Transvaal, in Die Huisgenoot van 12.11.1948, p.45 e.v.; A.N. Pelzer: Aan Silkaats se Hof, in Die Huisgenoot, 23.4.1948, p.27 e.v.; en H. Martins: Ontdekker van Victoria-Waterval, in Fleur, Julie 1947, p.51; maar Peter Becker sê niks daarvan in sy Path of Blood, the rise and conquests of Mzilikazi, nie.
6. Kyk hoofstuk 7, voetnoot 76.
7. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R219/50, p.34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Ongelukkig bestaan daar geen aanvullende getuienis in hierdie verband nie. Tog kan die moontlikheid van so 'n ontmoeting nie sonder meer betwyfel word nie. In 1855 het Viljoen beplan om saam met 'n Kaapse goud=prospekteerder, P.J. Marais, "naar ene streek lands ten Noord Westen van de Crocodel rivier, gelegen tusschen het opperhoofd Segomoo en het opperhoofd Matselekaats [die latere Tati-goudvelde]" te gaan, en soos Marais aan die Volksraad geskryf het, "het kan ligt gebeuren dat wy van daar nog verder Noordwaards zullen gaan in de rigting van het land dat nu bewoond word door het opperhoofd Matsele=kaats en misschien nog verder."[8] Dit is hoogs onwaar=skynlik dat Viljoen so 'n tog sou beplan het as hy nie aan die Matebele bekend was nie.

Twee jaar later, in 1857, was Viljoen wel in Matebeleland, maar hy was nie toe by Moselekatse nie. Hy het saam met 'n Britse handelaar, Collins, tot by die suidelike statte van die Matebelekoninkryk gevorder, vanwaar hy deur middel van die sendeling Robert Moffat, wat toe by Moselekatse was, toestemming van die koning gevra het om in sy gebied te jag. Dit is gegee, maar nie vir die gebied waarvan Viljoen geweet het dat daar heelwat olifante was. Die gevolg was 'n rusie tussen Viljoen en een van die Matebele-kapteins. Na 'n uiters onsuksesvolle jagtog het Viljoen en Collins aan die einde van November na Marico terug=getrek, maar nie voordat Viljoen deur middel van Moffat een van sy waens aan Moselekatse verruil het vir tien olifanttande en tien trekosse vir nog nege tande nie. By hierdie geleentheid het Viljoen volgens Moffat ook twee stukkende gewere aan die Matebelekoning verkoop. Die feit was dat al hierdie handelstransaksies deur middel van die

----------

8. J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.289 en pp.65-66, VRB 15.6.1855 artikel 101, waarvolgens die Volksraad vir Marais belet het om die reis te onderneem. Volg ook G.S. Preller: Ons Goud Roman, pp.41-42.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sendeling en van kapteins geskied het, en nie direk tussen Viljoen en Moselekatse nie, dui daarop dat hulle mekaar nog nie geken het nie, wat bevestig word deur Moffat se opmerking in sy dagboek: "Jan Viljoen ... was a Boer, and of course Moselekatse felt extreme caution in dealing with such."[9] Dit is dus glad nie seker dat Viljoen teen die einde van 1857 al direkte kontak met die Matebele gemaak het nie, ten minste nie op amptelike vlak nie. 'n Jaar later egter het amptelike kontak gevolg. 'n Afgesant van Moselekatse het in Marico opgedaag met 'n vredesaanbod van sy koning. "Hy wil van nu aan onze Menschen onmolesteert laten, hier of wanneer zy in zyn land komen, maar hy eischt dat er maar 'Een' bepaalde Weg van hier naar zyn land zal toegelaten worden, en dat van hier naar Sichilie, Matching, en zoo verder naar zyn land. Op dezen weg zullen wy vry en ongehindert passeeren naar zyn land en weder terug, maar hy eischt ook dat zyn volk op den bepaalden weg vry kunnen passeeren." Viljoen het hierdie vredesaanbod met blydskap aanvaar, en die afgesant versoek om aan Moselekatse te sê om ten minste drie kapteins te stuur wat 'n traktaat namens die Matebele kon onderteken, "maar dat onderduschen geen van ons mag gemolestierd worden en omgekeerd."[10] President Pretorius het met blydskap sy volle goedkeuring aan Viljoen se optrede in hierdie verband geheg." Moselekatse het egter nie op Viljoen se versoek gereageer nie, en die veldkornet self het ook nie verder aandag aan die saak gegee nie, sodat die idee van 'n traktaat vir baie jare op die langebaan geskuif is.[12]

----------

9. Wallis, J.P.R. (ed.): The Matabele Journals II, pp. 86-87, 104-105, 110, 120-121; Tabler, E.C.: The Far Interior, pp.234-235 en 239.
10. SS22 R2480/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 8.12.1858, pp.215-216.
11. SS22 R2523a/58-219: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, 17.12.1858, p.547.
12. Dit was nie die eerste "vredesonderhandeling" tussen afgevaardigdes van Moselekatse en die Boere nie - in Januarie 1853 het P.J. Potgieter, destyds provisionele kommandant-generaal van Soutpansberg, 'n "vredesverdragen" gesluit met Marati, 'n Matebele-kaptein, daartoe "geauthoriseerd" deur Moselekatse, maar ook daar het niks van gekom nie. Volg D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R483/53, pp.294-295.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nieteenstaande hierdie vredesaanbod van die kant van Moselekatse, het Viljoen skrikkerig vir die Matebele gebly. Hy was realisties genoeg om te besef dat die verenigde mag van die Swart stamme op die Transvaalse wesgrens die Boere-krygsmag kon vernietig, veral as die Matebele deel van hierdie mag uitmaak. Daarom het hy nooit probeer om vyandelikhede tussen die Matebeles en die Tswanas te ver= hoed nie, maar slegs om botsings te lokaliseer, soos in die geval toe Moselekatse se magte in April 1859 wou uit= trek teen die Bakwena, die Bamangwato en die noordelike Bahoeroetsie.[13] Viljoen se redenasie was "indien wy van de verdeeling geen gebruik maken, dan kan het gebeuren dat zy alle met Zilkaats in een band tegen ons zich ver= eenigen."[14] Slegs die feit dat die Tswana-kapteins oor die algemeen meer bevrees vir die Matebele as vir die Blankes was, en dus nie maklik Matebele-bondgenote sou word nie, het Viljoen enigsins in 'n magsposisie geplaas. Daarom dat hy met die "uiterste voorzigtigheid", met die Matebele onderhandel het sodat "daardoor niets gevaarlyks voor ons land uitspruiten kan."[15] Telkens sou Viljoen berig ontvang dat die Tswana-stamme "recht bevreest" vir die Baster-Zoeloes was,[16] want van tyd tot tyd het die Matebele aanvalle op Tswana-stamme gedoen, soos op die Bamangwato in 1862, wat in swaar ontberings vir die aange= vallenes geëindig het. "The Matabele army swooped down on the Bamangwato cattleposts and villages, wiped out the inhabitants, rounded up the herds, emptied the granaries and struck on towards Shoshong, where they engaged a regiment consisting of the cavalrymen and musketeers of

----------

13. SS25 R2738/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.4.1859, pp.248-250.
14. SS24 R2615/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius en die Uitvoerende Raad, Marico, 16.2.1859, pp.272-274.
15. SS33 R3591/60: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius en die Uitvoerende Raad, Marico, 27.2.1860, pp.33-34.
16. SS472 R4124/80: H. Schröder-J.W. Viljoen, 27.4.1859, p.65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the tribe and drove it into the hills."[17] Van al hierdie woelinge onder die Matebeles en Tswanas het Viljoen ge= trou aan die amptenare in die Suid-Afrikaanse Republiek verslag gedoen - van nuwe gerugte in 1864 dat die Matebeles die Bamangwato gaan aanval,[18] en van die bevreeste "ont= stuimigheid" onder die Bamangwato oor sulke gerugte.[19]

In 1861 was Viljoen volgens eie getuienis "in persoon zelve by Moselekatze" en "hy hebt myn vriendelyk behan= delt."[20] Die feit dat Viljoen hierdie gebeurtenis so duidelik stel, en sy opmerking oor sy ontvangs daar, dui moontlik daarop dat dit in hierdie jaar die eerste keer was wat hy werklik vir Moselekatse persoonlik ontmoet het. Dit dui ook daarop dat hy nie seker was van hoe sy ont= vangs sou afloop nie, want hy het twee jaar vroeër al die vrees uitgespreek dat die sendelinge vir Moselekatse teen die Boere opmaak. Dit was na aanleiding van die Matebele-sending van die Londense Sendinggenootskap in 1859: "Moffat en zyn zoon zyn met zes wagens naar Moselikaat= sie. Ik zie dat Mosselikaatzie door hun tegens ons opgemaakt wordt".[21] Ongelukkig is daar niks verder oor hierdie besoek bekend nie. Die bronne swyg waaroor Viljoen en die Matebele-koning gepraat het.

In 1865 was Viljoen weer in Matebeleland by Moselekatse en het by die koning toestemming gekry om in Masjonaland te gaan olifante jag. Masjonaland is deur die Matebeles as 'n vasalstaat van hulle koninkryk beskou. Tydens 'n suksesvolle jagtog het Viljoen vyf ou gewere aan 'n

----------

17. Peter Becker: Path of Blood, the rise and conquests of Mzilikazi, p.225.
18. Argief Potchefstroom 3, Ingekome stukke 1864: J.W. Viljoen-C. Bodenstein, Vergenoeg, 15.9.1864.
19. SS25 R2738/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 23.4.1859, p.249.
20. SS39 R4886/61: J.W. Viljoen-St. Schoeman, Marico, 28.12.1861, pp.536-537; Wallis, J.P.R. (red.): The Matabele Mission, p.197; Tabler, E.C.: The Far Interior, p.260.
21. SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 24.10.1859, p.56 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Masjona-kaptein verkoop in ruil vir osse, want hy het 40 van sy osse as gevolg van die tsetsevlieg verloor. Dit was ontaktvolle optrede van die andersins nugtere pionier. Moselekatse was so ontevrede toe hy van dié transaksie hoor dat hy die betrokke Masjona-kaptein laat doodmaak, en die gewere gekonfiskeer het. Net soos die Transvalers wou ook hy verhoed dat sy buurstamme wat hy as vasalle beskou het, hulleself met gewere bewapen. Die volgende jaar het hy ook nie weer vir Viljoen toegelaat om in Masjonaland te gaan jag nie.[22]

Vroeg in 1868 het president Pretorius vir Viljoen as gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek vir onderhandelinge met die Bamangwato en die Matebeles na die noorde gestuur. Viljoen en Moselekatse het mekaar by hierdie geleentheid vir die laaste keer gesien, want die gryse ou koning is kort daarna oorlede. Oor Viljoen se sending word later teruggekom in verband met sy kontak met die Bamangwato.

In 1873 het Silkaats se seun en opvolger, Lobengula, deur Viljoen 'n aanbod van 'n bondgenootskap aan president Burgers gemaak. Al het Viljoen geen amp meer in die Suid-Afrikaanse Republiek beklee nie, was die posisie soos hy self geskryf het: "Ik verwys de natien om zelfs met U Hoog Edele te spreken maar zy zegt dat zy geen ander kent als Jan Viljoen."[23] Dat dit so was is nie te ontken nie, en is inderdaad te verwagte: hy was vir meer as twintig jaar veldkornet en kommandant, en aldus die hoogste amptenaar van die Republiek met wie die Wesgrens-stamme gereeld te doen gekry het. Hulle het dus na hom opgesien om as skakel tussen hulle en die Boere-regering op te tree. Sy bedanking as kommandant het vir hulle geen verskil gemaak nie: sy invloed het

----------

22. Wallis, J.P.R. (red.): The South African Diaries of Thomas Leask 1865-1870, pp.69, 77-78; Tabler, E.C. (red.): The Recollections of William Finaughty, Elephant Hunter, p.24; Tabler, E.C.: The Far Interior, p.277.

23. SS162 R1787/73: J.W. Viljoen-T.F. Burgers, Vergenoeg, 7.11.1873, p.275 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder hulle bly voortbestaan. Hy het ook kontak met hulle behou. So het Viljoen in 1875, toe Burgers nog geen antwoord op sy skrywe van 1873 gegee het nie, homself die reg toegeëien om "als oud officier en burger der ZA Republiek" die saak weer onder die President se aandag te bring, nie net omrede "Lobengola hieromtrent angstraleig is" nie, maar ook omrede "het de Republiek tevens van groot aanbelang is."[24] - Van welke belang dit vir die Republikeinse owerheid kon wees het eers geblyk toe Britse invloed in 1889 finaal in Matebeleland gevestig is.

Ongeveer halfpad tussen Matebeleland en Marico het die negentiende eeuse pad na die noorde by die stat Shoshong verbygegaan. Dit was destyds die belangrikste woonplek van die Bamangwato, en het volgens 'n tydgenootlike verslag in 1852 'n inwonertal van tussen twaalf- en vyftienduisend, wat enkele duisende hutte bewoon het, gehad.[25] Sover vasgestel kon word het Viljoen hier in 1850 die eerste keer vir Sagoema, kaptein van die Bamangwato en grootjie van die eerste president van die Republiek van Botswana, sir Seretse Khama, ontmoet. Viljoen se verslag oor hierdie ontmoeting het vir die Transvalers se voorneme om hulle Swart bure ongewapen te hou, niks goeds ingehou nie, want hy het gesê "dat hy 6 wagens van Engelsen gevonden heeft by Segamo, kafferskappteyn,ook is eutgevonden door de Veldcornet dat zy 300 geweers en 5 vatjes kruid (hebben), en hy zeg dat het scheynd of de kaffer met hen eens is." Viljoen kon niks doen om hierdie wapenhandel teen te gaan nie, want hy "zeg dat hy te zwak was om hen uit te brengen."[26] Dit was die eerste van 'n lang reeks berigte van die grenspionier aan sy owerheid oor die Bamangwato wat in Julie 1888 betrokke was by die

---

24. SS192 R1697/75: J.W. Viljoen-Staatspresident en Uitvoerende Raad, Pretoria, 15.5.1875, p.69.
25. James Chapman: Travels in the Interior of South Africa I, p.35.
26. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R219/50, p.34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Grobler-moord.[27]

In Junie 1852 was Viljoen weer in Shoshong, waar hy deur meeste van die inwoners herken is. Sagoema het die veldkornet gegroet met die woorde "Lumela jannie", en on= middellik aan hom en James Chapman, sy jagmaat in daardie winter, toestemming gegee om deur Bamangwatoland na die binnelandse jagvelde te gaan.[28] Dit was terwyl Viljoen op hierdie jagtog uit was dat die botsing tussen die Boere en die Bakwena in September 1852 plaasgevind het.[29] Hierdie veldtog sou, as dit nie vir Sagoema se persoonlike tussenkoms was nie, waarskynlik tot Viljoen se dood gelei het. Sechele het naamlik onmiddellik na afloop van die geveg aan Sagoema 'n verslag daarvan gestuur met die versoek daarby om vir Viljoen en al die ander Boere in die binneland te vermoor wanneer hulle by Shoshong verby= kom. Sagoema se simpatie was na die veldtog wel aan Sechele se kant, en hy het homself ook as in 'n staat van oorlog met die Boere beskou. Hy het aan Viljoen gesê toe dié in sy stat aankom: "Jy, Viljoen, is op hierdie oomblik 'n dooie man, en as ek jou doodmaak is dit nie ek wat vir jou dood verantwoordelik is nie, maar jou eie landgenote wat, toe hulle my familie aangeval het, geweet het dat jy in ons mag is" - die Tswana-kapteins het hulleself almal as lede van een groot gesin gesien. Viljoen het wel groot vertroue in Sagoema en sy belang= rikste raadgewers gehad, maar besef dat hy uiters diplomaties sou moes optree om sy eie lewe te red. Sy ferme antwoord was dat hy nie sommer vir Sechele kon vryspreek en sy eie landgenote die skuld vir die oorlog gee voor hy nie hulle weergawe van die saak gehoor het nie. Sy eie lewe, het hy toegegee, was in Sagoema

----------

27. W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boere-Republieken II, pp.212-216.

28. James Chapman: Travels in the Interior of South Africa I, p.37.

29. Hoofstuk 7, p.185.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se hande. Nadat die kaptein nog 'n rukkie uitgewei het oor Boere-aggressie, het hy hom tot Viljoen gewend en gesê: "Jy was nog altyd goed vir my en my volk; jou lewe is gespaar; al weet ek jy is 'n Boer en jy sal saam met die Boere teen die Tswanas veg, sal ek jou nie dood=maak nie. Ek sal jou van 'n gids voorsien om van hier met 'n ompad om Sechele oor die Limpopo na Marico terug te keer. Ek sal nie my hande bevlek met die bloed van 'n vriend nie." Die volgende môre het Viljoen sy wa en osse in sy gekleurde drywer, Booy, se sorg gelaat, en hy en die ander Boere in die jaggeselskap is te perd na Marico[30] waar hulle vroeg in Oktober aangekom het.[31]

Chapman, die Engelsman wat saam met Viljoen op hierdie jagtog was, het later uitgevind dat Sagoema die Boere gespaar het slegs omdat Viljoen, wat hy as sy vriend be=skou het, een van die geselskap was.[32] Die vraag is waar=om die Bamangwato-kaptein die veldkornet as 'n vriend beskou het. Die antwoord is te vinde in 'n verklaring van 'n sekere Pieter du Preez, 'n jagter van Soutpansberg. Daarvolgens was Du Preez en 'n klompie jagmaats in die winter van 1852 op pad na die Ngami-meer. By Shoshong gekom het hulle aan Sagoema kennis gegee van hulle jag=planne. Die Bamangwato-kaptein het geweier om die jagters verder te laat gaan, waarop hulle hom drie verse aangebied het vir die reg om deur sy gebied te trek. Daarmee was Sagoema nie tevrede nie, maar, het hy gesê, as hulle vir hom 'n perd en 'n geweer ook gee, kon hulle maar voortgaan. Du Preez het hierop aan die kaptein gesê dat die Boere nie perde, gewere of ammunisie aan Swart stamme mag verskaf nie. "Sogoma heeft ons hierop gezegd dat hy gewoonlyk zyne geweeren en ammunitie van

----------

30. James Chapman: Travels in the Interior of South Africa I, pp.99-102.
31. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R434/52, p.241.
32. James Chapman: Travels in the Interior of South Africa I, p.102.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



zyne broeders de Engelschen, de Griquas en van Jan Viljoen en Piet Jacobs krygt, dat hy om die reden hun geoorloofd heeft om tot naar te Meer te jagten."[33] Dit wil dus voorkom asof Viljoen, wanneer dit by eie belang geraak het, nie gehuiwer het om onwettig op te tree deur wapens aan Swart kapteins te gee in ruil vir sekere voorregte nie. Vir hom was daar materiële en persoonlike motiewe op die spel.[34]

Al is die bronne oor die vroeë Transvaalse wesgrens uiters onhulpvaardig, wil dit uit wat daar beskikbaar is voorkom asof die vriendskapsband tussen Viljoen en Sagoema inderdaad besonder stewig was. Tydens die onveilige toestand in Marico aan die einde van 1852 en vroeg in 1853, toe dit gelyk het of al die omliggende Swart stamme saam teen die Blankes wou oorlog maak, het Sagoema uit Shoshong laat weet "dat hy wil van dit jaar geen witenmensen (met) zin ogen zien als Viljoen." Slegs sou hy toegelaat word om by die Bamangwato verby te trek op pad na die noordelike jagveld.[35] In 1856 het Viljoen van hierdie geleentheid gebruik gemaak, en net soos in 1852, het dit byna tot sy dood deur die Bamangwato gelei. Die rede was die beweerde optrede van 'n groepie Boere wat volgens Sagoema 'n afvaardiging van hom wat hy met ivoor as 'n vredesbewys na Soutpansberg gestuur het, doodgeskiet en die ivoor afgeneem het. "So seg Sagoma dat daar geen vrede is, dat hij ook waar hij een Wet Mens kry dat hij het sal doden."[36] Toe Sagoema hierdie wraak-voorneme uitgespreek het, was Viljoen nog in die jagveld noord van die Bamangwato se

----------

33. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R450/52, p.260.

34. Volg o.a. ook hierbo, pp.207-208.

35. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R492a/53, p.310. Die toestande in Marico in 1852/3 is in die vorige hoofstuk bespreek.

36. SS12 R1225/56: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, Marico, 24.10.1856, p.233.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied. Watter toneel hom afgespeel het toe Viljoen op pad terug by Shoshong opgedaag het, is nie opgeteken nie.[37] Dit is wel duidelik dat die veldkornet besef het dat "wy ter naauwer nood met ons leven uitgekomen" het. Dit was vir hom duidelik dat Sagoema skielik "wreed en bloeddorstig" geword het. Die enigste verklaring wat hyself kon aanbied waarom hy gespaar is, was omdat Sagoema met sy aankoms besig was om sy stat te verskans. Die Bamangwato-kaptein het besef dat hy, as hy vir Viljoen vermoor, waarskynlik 'n veldtog van die Boere teen hom kon verwag. Denkende aan hoe swak dit in September 1852 met Sechele se verdediging teen die Boere gegaan het, wou hy seker eers sy woonplek verskans voor hy 'n Blanke aanval sou uitlok. Sy uitgesproke vriendskap vir Viljoen het waarskynlik ook 'n rol gespeel in sy begenadiging van die pionier-jagter. Hoe dit ook sy, Sagoema het nie sy dreigement uitgevoer nie, en in 1857 is Viljoen sonder gevaar by Shoshong verby op pad na die jagveld.

Net soos dit die geval was met die ander Wesgrens-stamme het Viljoen ook gereelde verslae oor die Bamangwato aan die Transvaalse owerhede gestuur. Hierdie verslae is tekenend van die verhouding tussen Viljoen en die Swartes. Soms het dit gelui: "Wat Sagoma (aangaat) uit alle berigte het hy nog vrede",[38] maar steeds het die veldkornet baie seker gemaak of hy "niets bespeuren" van vyandige optrede. By geleentheid het hy aan sy President geskryf van handelstransaksies tussen hom en die Bamangwato: "Ook was hier bij mijn 30 volk van Segoem met slagossen en krossen (= karosse) om aan ons te verhandelt voor vaarse (= verse)",[39] maar meer dikwels het die veldkornet se

----------

37. SS12 R1188/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Klein Marico, 5.9.1856, p.138, is die enigste dokument hier=oor, en bevat min inligting.
38. SS11 R988/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 21.2.1856, p.71.
39. SS11 R1060/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 11.5.1856, p.267.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



berigte gehandel oor stamtwiste waarin die Bamangwato betrokke geraak het.[40]

Sagoema het in 1858 sy hoofskap van die Bamangwato onder druk afgegee aan sy halfbroer, Macheng. Die nuwe hoofman was 'n oorlogsugtige figuur. Hy het onder die Matebele grootgeword.[41] Hy het feitlik onmiddellik na die aanvaarding van sy nuwe posisie die toorn van Viljoen op sy hals gehaal omdat hy nie Blanke jagters deur sy gebied wou laat trek nie.[42] Daarom het die veldkornet vroeg in 1859 voorgestel dat dit "goed zal wezen dat dit Roofnest[43] van Matching gereinigd worde."[44] Tesame met die Bakwena se vyandiggesindheid teen Macheng was dit ook een van die redes waarom Viljoen vir Sechele met wapens wou laat voorsien, veral ná die konfiskering deur Macheng van die beroemde jagter Marthinus Swart se bagasie in Februarie 1859.[45] Sagoema het homself nou genoem "Jan Viljoen zyn kind" en wou graag die veldkornet se hulp in sy stryd teen Macheng kry,[46] maar die wyse pionier sou hom nie by die interne getwis van Swart hoofmanne laat betrek nie. Met die hulp van Sechele het Sagoema sy posisie as hoofman van die Bamangwato later in 1859

----------

40. SS12 R1224/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.10.1856, p.229; SS16 R1595/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 14.6.1857, pp.157-158; SS16 R1666/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 1.8.1857, p.294.

41. Oor die Bamangwato se geskiedenis volg G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), pp.13-15.

42. Volgens Sagoema was dit in opdrag van Moselekatse - volg SS25 R2721/59: Verklaring van afgesante van Sagoema aan J.W. Viljoen, Marico, 18.4.1859, p.195.

43. "Roofnest" omrede Macheng se konfiskering van Swart se bagasie - volg hieronder.

44. SS24 R2615/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 16.2.1859, pp.272-274.

45. SS24 R2619/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.2.1859, pp.283-284.

46. SS25 R2721/59: Verklaring van afgesante van Sagoema aan J.W. Viljoen, Marico, 18.4.1859, p.195 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



herower. Langsamerhand is sy posisie egter deur sy seun Kgama se bekering tot die Christelike geloof onder=myn, sodat hy hom in 1866 genoop gevoel het om sy half=broer weer na Shoshong te laat kom om hom te kom help in sy nuwe stryd. Macheng self het ook nie veel met Kgama kon uitvoer nie, maar sou vir ses jaar lank aan die hoof van die Bamangwato staan.[47]

Dit was die posisie toe 'n Duitser, Karel Mauch, in 1867 sy ontdekking van goud in die gebied tussen die Bamangwato en die Matebele, onder andere by die Tati-rivier, en verder noord-oos in Mashonaland bekend gemaak het. Met hierdie aankondiging het die ou vrees van die Transvalers, naam=lik dat die wesgrens deur buitelandse fortuinsoekers bewoon sou word, herlewe. Dit het Pretorius op die gedagte gebring om 'n uitbreiding van die Transvaalse grense wes=waarts oor onder andere die suidwestelike goudgebied af te kondig. In der waarheid was daar in 1867 nog geen wes=grens vir Transvaal afgebaken nie. Die konsepgrondwet van 1856 het die grens vaagweg aangedui as "ten Westen en Zuid-westen langs de Vaalrivier tot waar deze in Oranje=rivier loopt en vervolgens ten Noorden van de Oranje-rivier, waar zy aan de West-kust van Zuid-Afrika in den Atlantischen Oceaan valt."[48] In die 1858-grondwet is 'n duidelike opdrag aan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek gegee om "zoo spoedig mogelyk werkzaam te zyn, om by Proclamatie de lynen en grenzen vast te stellen en bekend te maken",[49] maar dit is nooit gedoen nie. Pioniersomstandighede in 'n swak staat waarvan die burgers oor 'n wye oppervlakte versprei was, die worsteling om die administrasie te organiseer en die onrus wat in ander dele van die land as gevolg van probleme met die Bantoe=

----------

47. A.J. Dachs (red.): Papers of John Mackenzie (Mackenzie-Tidman, Shoshong, 19.3.1866), pp.27-32; G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), pp.14-15.

48. J.H. Breytenbach (red.): Notule III, p.439.

49. Ibid., p.497.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volke ontstaan het, tesame met die burgeroorloë en geld=gebrek", het dit volgens Van Jaarsveld verhinder.[50] Die goudontdekking by Tati het Pretorius skielik wakker geskud, maar voor hy tot 'n grensproklamasie sou oorgaan, wou die President eers 'n grensooreenkoms met Moselekatse sluit, want dit was nie sy plan om van die Matebele se gebied te annekseer nie.

In Januarie 1868, 'n maand nadat die goudontdekking be=kend geword het, het Pretorius vir Jan Viljoen na Moselekatse gestuur om "met hem eene overeenkomst te treffen om eene lyn te bepalen tusschen Zyne gronden en die van de Republiek."[51] Al was dit weens malaria 'n ongesonde tyd van die jaar om na die Noorde te gaan, was Viljoen gereed om aan die opdrag gehoor te gee.[52] Met 'n versoek aan sy President om buitelandse gouddelwers uit die gebied te hou tot hy terug is, het die kommandant op 9 Februarie na Matebeleland vertrek.[53] Op pad het hy Shoshong aangedoen, en Macheng oor sy regering se planne ingelig, naamlik om die Bamangwato teen buitelanders te beskerm deur 'n protektoraat oor hulle gebied af te kondig. Daarna is hy verder na Matebeleland.[54]

Oor Viljoen se onderhandelinge met Moselekatse bestaan daar verskillende verslae[55] wat almal daarop dui dat die

----------

50. F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.179.
51. SS105 R1491/68: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, Potchef=stroom, 11.1.1868, p.21.
52. SS96 R191/68: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.1.1868, p.79.
53. SS96 R193/68: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 9.2.1868, p.82.
54. John Mackenzie: Ten Years North of the Orange River, pp.453-454; A.J. Dachs (red.): Papers of John Mackenzie (Macheng-Sir Philip Wodehouse, Shoshong, 29.3.1868), pp.90-91.
55. Thomas M. Thomas: Eleven Years in Central South Africa, pp.394-395; John Mackenzie: Ten Years North of the Orange River, p.353.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kommandant nie veel sukses gehad het nie, en dat die Matebelekoning in sy laaste lewensjaar steeds diplomaat was. Al was die suidwestelike goudvelde nie werklik in Matebele-beheerde gebied nie, het Moselekatse gevoel dat hy nie graag Blankes daar as bure wou hê nie. Na 'n paar dae se onderhandelings met sy ringkoppe in verband met Viljoen se boodskap dat sy Regering die Tati-gebied wou inlyf, het Moselekatse naastenby as volg geantwoord:

'Hy het geen beswaar teen die uitgrawe en verwydering van goud uit sy gebied nie, soos ook nie oor die skiet van olifante en die verwydering van ivoor nie. Hy kan egter van geen deel van sy grondgebied afstand doen nie. Ook kan hy nie aan 'n ander nasie toestemming gee dat van sy burgers vir lang tye in sy koninkryk bly nie, want twee konings kan nie oor een land regeer nie. Daarom kan die blankes gerus kom goud grawe, maar nie vaste nedersettings vestig nie: die toestemming was om goud te grawe, nie om huise te bou nie.'[56]

'n Bevredigende grensooreenkoms met Moselekatse, een waarvolgens die goudvelde nie binne Matebelegebied sou val nie, kon Viljoen nie bereik nie. Toestemming vir die Transvalers om goud te gaan grawe, is wel gegee, maar dit is nie wat Viljoen wou gehad het nie. Hy wou 'n grensooreenkoms met die Matebele sluit, wat die goudvelde in Transvaalse gebied sou laat beland.

Op pad terug van Matebeleland het Viljoen weer by Macheng in Shoshong aangegaan. Dié het intussen oor Viljoen se voorstelle nagedink - of daar is deur die sendeling John Mackenzie en die Britse handelaars in sy stat, Blankes wat niks van Transvaalse oorheersing oor hulle wou weet nie, vir hom nagedink - en besluit om 'n brief aan die Kaapse goewerneur, sir Philip Wodehouse, te skryf waarin hy hom oor die Transvalers se planne ingelig het, en aan die Britse regering beheer oor die goudvelde by Tati aan=

----------

56. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied het.[57] Hiervan het Wodehouse slegs kennis geneem. In die waan dat Viljoen 'n grensooreenkoms met Mosele=katse bereik het, het Pretorius egter op 29 April 1868 die hele Bechuanaland noord van die Kaapkolonie tot by die Ngamimeer en van daar weswaarts tot by die Matebele se laaste pos, die lokaliteit waarvan deur Viljoen vasge=stel sou word, dit wil sê ook insluitende die Tati-goud=velde, geannekseer.[58] Hierteen het Wodehouse beswaar gemaak,[59] en die anneksasie het geen praktiese gevolg gehad nie.

Om na Viljoen terug te keer: in die amptelike doel van sy sending het hy nie geslaag nie. Hy was egter nie van plan om die goudvelde oor te laat aan buitelanders nie. In Oktober 1859 het hy hom al voorgeneem "om dan geen Uitlander meer te laten ingaan; want dezes zal duizende van gelukzoekers hier brengen, en wij kregen dan met Vijanden te doen die ons veel moeite zullen geven te meer wanneer zij onder den naam van Britsche Onderdanen schuilen."[60] Profetiese woorde, want as Tati enigsins die hoeveelheid goud kon lewer wat die Witwatersrand later gelewer het, sou daar sekerlik sedert 1868 'n permanente Uitlanderbevolking hulle aan die Transvaalse noordgrens gevestig het. 'n Pioneer Prospecting Party het inderdaad onder leiding van 'n sekere Black en met die bekende jagter Henry Hartley as gids,na Tati vertrek, en Macheng het twee Blankes aangestel om prospekteer-permitte uit te reik.[61] Viljoen het dadelik stappe gedoen om sy voorneme

----------

57. A.J. Dachs (red.): Papers of John Mackenzie (Macheng-Wodehouse, Shoshong, 29.3.1868), pp.90-91; J. Mac=kenzie: Ten Years North of the Orange River, pp.454-455; J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, p.43; W. Kistner: The Anti-Slavery Agitation, p.259; E.C. Tabler: The Far Interior, pp.291-292.
58. D.C. Joubert (red.): Notule VII, pp.274-275.
59. J. Mackenzie: Ten Years North of the Orange River, pp. 454-455; E.C. Tabler: The Far Interior, pp.292-293.
60. SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 24.10.1859, pp.55-56.
61. A.J. Dachs (red.): Papers of John Mackenzie (Mackenzie-Thomas and Sykes, Shoshong, April 1868), pp.94-95; Natal Witness, 1.9.1898 (Capt. Black's Report).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 1859 uit te voer. Hy het naamlik gerugte onder die Matebele versprei dat daar groot groepe fortuinsoekers na hulle land op pad is met die doel om nedersettings daar te stig en uiteindelik die Matebele self te verdryf. In 'n mate was hierdie waarskuwing profeties as 'n mens bedink wat in die negentiger jare met die Matebele gebeur het. Moselekatse het moeite gehad om sy soldate daarvan te weerhou om al wat 'n Blanke is te vermoor. Hieroor was veral Black billik gebelgd, want as die voornemende goudgrawers nie so gou die wyk geneem het nie, kon hulle maklik die prooi van bloeddorstige Matebele-soldate geword het.[62]

Viljoen het sy optrede in hierdie verband al voor sy vertrek na die Bamangwato en die Matebele beplan. Net nadat hy weg is, het sy seun, Georg Viljoen, 'n brief aan landdros Otto van Potchefstroom geskryf waarin hy die landdros versoek om te probeer verhoed dat groepe fortuinsoekers na die goudvelde vertrek, voordat die kommandant terug is. Sulke groepe kon volgens die jonger Viljoen maklik deur die Matebele as 'n Blanke kommando aangesien word, sodat Viljoen as 'n spioen beskou en deur die Matebele vermoor sou word.[63] Net so ontsteld as wat die fortuinsoekers oor Viljoen se sending was, was die Viljoens oor die fortuinsoekers, en net so min as wat hulle Viljoen kon keer, kon Viljoen hulle keer. Albei partye het egter ewe min sukses behaal.

Die rede waarom Viljoen nie in sy sending geslaag het nie, was omdat Moselekatse sover hy kon, Blanke indringing in sy gebied wou voorkom. Hy het geweet dat die Suid-Afrikaanse Republiek nie die mag gehad het om sy grense tot noord van die goudvelde uit te brei nie, en dat dreigemente van Viljoen nie uitgevoer sou kon word nie. Ook Macheng se sterkte het in die Suid-Afrikaanse Republiek

----------

62. The Natal Witness, 1.9.1868 (Capt. Black's Report); J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.44-45; E.C. Tabler: The Far Interior, pp.293-294; T.V. Bulpin: To the Banks of the Zambezi, p.150.

63. Argief Potchefstroom 4: Landdros ingekome stukke 1868: J.G.H. Viljoen-W.J. Otto, Marico, 9.3.1868.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se swakheid gelê. Later het beide die Bamangwato en die Matebele egter die prooi van 'n veel sterker Blanke oppo= nent geword, en is hulle gebiede deur die Britse Ryk in= gelyf.

Van al die Swart kapteins waarmee Jan Viljoen te doen ge= kry het, was die een met wie hy nie kon klaarkom nie, Montsioa van die Barolong. Die naam Barolong is ontleen aan die kaptein Morolong, onder wie die stam volgens tradisie uit 'n gebied ver in die noorde geëmigreer het in omstreeks die vyftiende eeu. Na vier geslagte het hulle die Moloporivier bereik en hulle daar gevestig. Tien geslagte later het die Barolong onder Tau die hoogte= punt van hulle mag bereik.[64] Daarna het die stam in vier eenhede verdeel, naamlik, in volgorde van senioriteit, die Ratlou, die Tshidi (Montsioa), die Seleka en die Rapulana.[65]

Tydens die volksverskuwings in die Difaqane-tydperk het die Barolong nie staties gebly nie. Met uitsondering van enkele verspreide groepe het die hele stam na Thaba Nchu in die huidige Oranje-Vrystaat verhuis. Daar het Andries Hendrik Potgieter in 1836 met hulle gesluit wat Montsioa so graag 'n "bondgenootschappelyken verdrag" teen die Matebele genoem het. Volgens hulle ooreenkoms kon die Barolong, na hulle verdrywing van die Matebele uit die westelike Oorvaalse gebied, daarheen terugtrek.[66] Die Seleka-Barolong onder Moroka het verkies om in Thaba Nchu te bly. Gontse van die Ratlou-Barolong, Tawana van die Tshidi-Barolong en Matlaba van die Rapulana-Barolong het egter teen 1841 verkies om "naar het land (terug) te

----------

64. Transvaal Native Affairs Department: Short History of the Native Tribes of the Transvaal, p.8.

65. S.M. Molema: Montshiwa, p.3.

66. SS472 R4124/80: Montsioa-President en Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Moshaneng, 16.8.1863, p.74 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trekken waarin wy gebooren" is - "die gewesten van den Molopo Revier."[67] Die terugtrekkery het aanvanklik net tot in die omgewing van Potchefstroom g vorder, waar die Barolong tot in 1845 gebly het. Vandaar is hulle na die Maloporivier-vallei, waar al drie stamme hulle rondom die stat Lotlhakane gevestig het. Dit is deur hulle beskou as die land wat deur hulle voorvaders bewoon is. Daar is Tawana in 1849 oorlede en is hy as kaptein van die Tshidi-Barolong opgevolg deur sy seun Montsioa, wat toe ongeveer vier en dertig jaar oud was.[68]

Die toestande in die 'land van die Barolong se voorvaders' was in 1849 heel anders as in 1833 toe die Matebele hulle daaruit verdryf het. In die eerste plek was Blankes besig om stelselmatig die gebied te beset, en in die tweede plek was daar deur die Blankes se beskerming ook veel meer Swartes as sestien jaar tevore.[69] Veral die Blanke insypeling in wat hy as sy soewereine onvervreem= bare gebied beskou het, het Montsioa nie aangestaan nie. Daarom het hy in Desember 1851 op aanbeveling van veld= kornet Viljoen deur sy sendeling, Joseph Ludorf,[70] sy klagtes op skrif aan Andries Pretorius gestuur. Hy was van oordeel dat hy op die klagtes wat hy mondelings

----------

67. SS17 R1812/57: Montsioa-A. Pretorius, Lotlhakane, 4.12.1851, p.269. C. Potgieter en N.H. Theunissen: Hendrik Potgieter, p.133.

68. S.M. Molema: Montshiwa, p.35; SS17 R1812/57: Montsioa-A. Pretorius, Lotlhakane, 4.12.1851, p.270; SS472 R4124/80: Montsioa-President en Volksraad van die S.A.R., Moshaneng, 16.8.1863, p. 75 e.v.; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.381-382.

69. J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.16-17; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.381-382.

70. S.M. Molema: Montshiwa, pp.35-36: Montsioa het in 1849 sy broer Molema na Thaba Nchu gestuur om vir hom 'n sendeling te probeer kry. Dié het in Januarie 1850 vir eerwaarde Joseph Ludorf van die Wesleyaanse Sendinggenootskap na Lotlhakane gebring. Volg ook G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.382-383.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voor Viljoen gelê het geen reaksie gekry het nie, "omdat ik een zwarte man was". Sy vernaamste klagte was die inbesitneming van "sy" land deur die Blankes.[70a] Hy het gedreig dat die Barolong daarteen in opstand sou kom, al sou hy eerder in 'n staat van vrede as in 'n staat van oorlog met die Blankes wou lewe. Hy het voorts gevra of dit reg was dat die Blankes die Barolong hulle vryheid wou ontneem want die Blankes het self uit die Britse Kaap=kolonie weggetrek om vry te wees. Daarom het hy gepleit dat die Barolong nie van die Moloporivier weggedryf moes word nie.[71] Die invloed van Ludorf op Montsioa se denke kom in hierdie brief onmiskenbaar na vore, soos die ver=wysing na die Groot Trek aantoon. Soos meeste ander Britse sendelinge was Ludorf 'n uitgesproke teenstander van die Boere, en hy sou, soos hieronder sal blyk, ook van Montsioa 'n vyand van die Boere maak.

Op ontvangs van hierdie brief het Pretorius 'n kommissie na Montsioa gestuur om 'n permanente grenslyn tussen die Barolong en die Blankes te gaan vasstel. Die kommissie het Montsioa op 30 Desember by Molopo ontmoet, en 'n grenslyn waarmee hy tevrede was, is vasgestel.[72] 'n Paar maande later het Montsioa verder met kommandant Scholtz ooreengekom dat hy nie soos die ander Bantoekapteins arbeidsbelasting hoef te betaal nie, maar soos 'n gewone burger sou hy sy belasting in die vorm van geld en militêre

----------

70a. Hy het waarskynlik nie geweet van Matatiele, Matlaba (Mattjawe) e.a. Bantoekapteins se verklaring van 12 Oktober 1839 "dat de verrinneweerde land door A.H. Potgieter, Commedant, in genoomen is van Misselekaats, en dat geen andere volkstammen daar regt op heeft dan de gemelde A.H. Potgieter." Volg H.S. Pretorius, D.W. Krüger en C. Beyers (reds.): Voortrekker-Argiefstukke, p.97. Hierdie "verrinneweerde land" het volgens die verklaring die oorspronklike land van die Barolong ingesluit.

71. SS17 R1812/57: Montsioa-A. Pretorius, Lotlhakane, 4.12.1851, p.268 e.v.

72. J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (Ad. VR523/63: Notule Grenslyn, Molopo, 30.12.1851), pp.512-513. In hierdie notule is die grenslyn so vaagweg aangedui, dat dit onmoontlik is om dit op 'n kaart te reproduseer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



diens lewer.[73] Daardeur het hy erken dat hy 'n onder=daan van die Boere was. In Augustus 1852 is daarvolgens 'n beroep op hom gedoen om krygsmanne te verskaf om behulpsaam te wees met die arres van die Bakgatla-kaptein, Mosielele, wat hom by Sechele skuilgehou het.[74] Mont=sioa het nie daaraan voldoen nie, want hy het Mosielele as sy "bondgenoot" beskou teen wie hy nie wou oorlog maak nie.[75] Na die veldtog teen Sechele het kommandant Scholtz in 'n boodskap aan Montsioa hom verwyt dat hy nie sy plig gedoen het nie en om 'n verduideliking gevra. By ont=vangs van die berig het 'n vrees dat hulle verslaaf sou word die Barolong beetgepak. In September 1852 het hulle die stat Lotlhakane halsoorkop verlaat, dit afgebrand, en na die Ratlou-Barolong van Gontse in Setlagole gevlug.[76]

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, was die toestande op die Transvaalse wesgrens verward na die Bakwena-veldtog van Augustus-September 1852. Die Blankes was in laers saamgetrek, en talle van hulle huise was vernietig. Viljoen self se koringmeule is stukkend gekap en verbrand.[77] Montsioa se Barolong het stelselmatig onder die Boere se vee geroof.[78] Die Krygsraad het in Maart 1853 besluit om 'n spesiale wag in die Maricodistrik in stand te hou tot tyd en wyl 'n kommando teen die vyandelike stamme uitgestuur kon word.[79] Viljoen het nie van die wag gebruik

----------

73. G.M. Theal: History of South AfricaVII (Struik, 1964), pp.385-386.

74. S.M. Molema: Montshiwa, pp.42 en 44; J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.68-69; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), p.396. Die veldtog teen Mosielele en Sechele is in die vorige hoofstuk breedvoeriger na verwys.

75. SS472 R4124/80: Montsioa-President en Volksraad van die Z.A.R., Moshaneng, 16.8.1863, p.75 e.v.

76. S.M. Molema: Montshiwa, pp.45-46; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.400-401.

77. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R517/53, pp.328-329.

78. S.M. Molema: Montshiwa, p.46.

79. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R511/53, pp.323-324.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemaak nie en met patrollies persoonlik die toestande ondersoek. Sodoende het hy vasgestel dat Montsioa, Mosielele van die Bakgatla en Senthufe van die Bangwaketse hoofsaaklik vir die chaos verantwoordelik was. In 'n skermutseling het Viljoen se patrollie twaalf van Montsioa se onderdane doodgeskiet.[80] Die Tshidi-Barolong onder Montsioa het daarna nog verder weswaarts gevlug en hulle in Moshaneng in die Bangwaketse se gebied gevestig.[81] Aanbiedinge van vrede is deur die Swartes verwerp. Gerugte is versprei dat hulle 'n gesamentlike kommando teen die Blankes op die been wou bring.[82] Op 6 Mei 1853 het die Krygsraad op Potchefstroom besluit om aan Viljoen te skryf "om eers met de groote stammen tot een onderhandeling te kommen en afgezanten na hun te zenden."[83] Twee weke later het Viljoen gevra dat 'n krygsmag so spoedig moontlik na Marico gestuur moes word.[84] Dit was na aanleiding van 'n aanval van 'n Swart kommando op sewe Blanke jagters. Op 20 Mei het Viljoen weer ge=skryf "het is nouw blijkbaar genoeg dat de kaffers wel oorlog welt hebben."[85] Sake het egter nie op 'n geveg uitgeloop nie. Op 14 Oktober 1853 is 'n vredesooreenkoms tussen veldkornet Viljoen en Montsioa aangegaan. Daar=volgens is die vaag omskrewe gebied wes en suidwes van Marico wat in 1851 deur kommandante Stander en Scholtz

----------

80. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R517/53, pp.328-329. Dit is waarskynlik na hierdie insident wat Montsioa verwys het as die "blood commands" (SS472 R4124/80: Montsioa-Wodehouse, Moshaneng, 28.8.1868, p.121) of "blind commando" (J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.68-69).

81. S.M. Mólema: Montshiwa, pp.46-48; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.404-405.

82. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R521/53, p.331.

83. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R529/53, p.337.

84. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R531a/53, p.342.

85. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R532a/53, p.343.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die Barolong afgestaan het, formeel in hulle besit bevestig.[86] Montsioa het in Moshaneng bly woon, en sou daar bly tot in 1870. Sy broer, Molema, het egter aan die Moloporivier gaan bly wat hy genoem het 'Mafikeng' of 'die plek van rotse'.[87]

Toe dit teen 1857 vir Viljoen begin lyk het of Montsioa nooit weer sou terugkom na die gebied waarop hy volgens die 1851-ooreenkoms die reg van bewoning gehad het nie, het die veldkornet aan sy President gevra of hy nie maar plase in daardie gebied aan Blankes kon toeken nie.[88] Sy versoek is nie toegestaan nie,[89] want Montsioa het toe in relatiewe vrede met die Suid-Afrikaanse Republiek

---------

86. SS471 R4124/80 (byvoegsel: Vredesbesluit, Mathebe, 14.10.1853), p.198 e.v.; J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (VR523/63, aanhangsel 2), pp.513-514; SS472 R4124/80: Montsioa-Wodehouse, Moshaneng, 28.8.1868, p.121, ook p.75: Montsioa-M.W. Pretorius, 16.8.1863. Hierdie 'vredesbesluit' was die onderwerp van meningsverskil tussen ondersteuners van Montsioa en die ondersteuners van die Republiek. Die geloofbaarheid van die Barolong se weergawe daarvan kan in twyfel getrek word. Frederik Kleyn, die Suid-Afrikaanse Republiek se prokureur by Bloemhof, het in sy memorandum van 1 Maart 1871 (SS470 R4124/80, pp.123-124) die egtheid daarvan heftig ontken aangesien Viljoen daarin as kommandant en Pretorius as president bestempel word, wat nie een van hulle in 1853 al was nie. Of dit 'n fabrisering van die sendeling Ludorf se gedagtes was of nie, die Barolong het dit as eg aanvaar, en so dus ook die Arbitrasie-hof van 1871 en luitenant-goewerneur Keate. Dit is ook in die volgende boeke sonder meer aanvaar:
S.M. Molema: Montshiwa, p.48 e.v.;
P.L. Breutz: The Tribes of Mafeking District, p.16; en
J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.68-69.

87. S.M. Molema: Montshiwa, pp.52-53.

88. SS15 R1388/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 16.3.1857, p.132.

89. SS17 R1835/57: M.A. Goetz-J.W. Viljoen, 25.3.1857, p.490.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelewe en sou hom ook nie by die Batlhaping-oorlog van 1858 laat betrek nie.[90] Tydens 'n voorval waarin drie lede van sy Barolongstam wat in die Republiek gewerk het gedood is, het hy die saak eerder met Viljoen bespreek as om na die wapen te gryp. Hy het die veldkornet ver= soek om die President daaroor in te lig, wat Viljoen dan ook gedoen het.[91] Pretorius het navraag by kommandant Visser van Skoonspruit, in wie se distrik die voorvalle plaasgevind het, laat doen, en aan Viljoen terug berig dat die betrokke Barolong vermene misdadigers was, en dat hulle geskiet is toe hulle arrestasie probeer ontduik het.[92] Montsioa was blykbaar hiermee tevrede en niks is verder van die saak gehoor nie.

Al het Montsioa by geleentheid, soos in 1863, by president Pretorius en die Volksraad gekla dat die Blankes stelsel= matig sy grondgebied inneem - hy het homself as onaf= hanklik beskou - en dat kommandant Viljoen ontwykend en dubbelsinnig op sy klagtes in dié verband antwoord,[93] het die verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Barolong nie voor die Eerste Vryheidsoorlog weer tot 'n krisispunt ontwikkel nie. Montsioa was nie in 'n sterk genoeg posisie om die Suid-Afrikaanse Republiek openlik uit te daag nie. Die Transvalers het geen rede gehad om die Barolong te molesteer nie. Die Diamantveldgeskil het 'n aansienlike verandering in hierdie verhoudinge teweeggebring. Voor dit bespreek word, moet die

---

90. SS22 R2404/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 5.11.1858, p.72 e.v.

91. SS22 R2480/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 8.12.1858, pp.214-216.

92. SS22 R2523a/58-219: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, 17.12.1858, pp.546-547.

93. SS472 R4124/80: Montsioa-President en Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Moshaneng, 16.8.1863, p.76 e.v.; J.H. Breytenbach (red.): Notule IV (VR523/63: Montsioa-Volksraad, Moshaneng, 1.9.1863), pp.509-511.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verhouding van Jan Viljoen met die Batlhaping eers na=gegaan word, want ook daardie stam het 'n aansienlike rol in die Diamantveldgeskil gespeel.

Jan Viljoen se kontak met die Batlhaping het in drie stadia uiteengeval. Die eerste is voor die oorlog van 1858, die tweede is die tydperk tot met die ontdekking van diamante, waartydens veral in die laaste jare ernstige pogings aangewend is om tot 'n vredesooreenkoms met die Batlhaping te geraak, en derdens die tydperk van die Diamantveldgeskil.

Die tydperk tot 1858 is onbelangrik aangesien die Batlha=ping se grense met die Suid-Afrikaanse Republiek buite die wyk Marico gelê het. Toevallige kontak met die Batlha=ping het Viljoen wel gehad, en hy het soms in sy verslae melding gemaak van Mahoera en Gasebonwe (laasgenoemde is in die oorlog van 1858 dood). Hy skryf byvoorbeeld in 1854 aan kommandant-generaal F.G.J. Kruger: "Heden hep ik tijding van Mahoera es ook nog en vrede."[94] Die vol=gende jaar het hy egter berig dat Mahoera om een of ander rede "wil vechten".[95] In 1855 is Viljoen deur die Krygsraad gelas om met Gasebonwe te gaan onderhandel oor die teruggawe van geroofde goedere van H.C.W. Vermaas.[96] Met die oorlog teen die Batlhaping het Viljoen niks te doen gehad nie.

Na die veldtog van Augustus 1858,[97] waarna 'n oorlogskuld van drieduisend beeste die Batlhaping opgelê is, kon Viljoen in Oktober en November berig dat dit in Kuruman "nog alles

----------

94. SS7 R729/54: J.W. Viljoen-F.G.J. Kruger, Klein Marico, 26.11.1854, p.340.

95. SS8 R923/55: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Marico, 22.10.1855, p.183.

96. SS8 R909/55: Krygsraad, Pienaarsrivier, 18.9.1855, art. 2, p.136; SS8 R935/55: Krygsraad, Potchefstroom, 8.11.1855, art. 15, p.286.

97. Vir 'n verslag van die veldtog sien J.H. Breytenbach (red.): Notule III (Bylaag 36, 1858: Verslag van S.J.P. Kruger, 10.9.1858), pp.595-598.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stil en rustig" is.[98] Mahoera het blykbaar besef dat hy behoorlik verslaan is, en het aan veldkornet Viljoen geskryf "dat het hem spyt dat hy met ons in oorlog geraakt was", en "dat hy bezig is om den vrede te herstellen." In dieselfde brief waarin hy hierdie nuus aan sy President oorgedra het, het Viljoen ook berig van die aankoms van 'n groot groep sendelinge "die op weg zyn om hun hier onder de Natien te plaatsen".[99] Pretorius het die veldkornet persoonlik bedank "voor uwe getrouwen diensten", "om my met de vernamen rapporten aangaande Mahura en de aankomst van Zendelingen bekend te stellen."[100]

Na die burgeronluste in die Suid-Afrikaanse Republiek was daar sekere geskille en twispunte tussen die Republiek en die Batlhaping waaraan aandag gegee moes word. Dit het veral te doen gehad met grense en met klagtes van Boere teen onderdane van Mahoera.[101] By die owerheid van die Republiek was daar verwarring oor met wie van die Batlhapinghoofde daar onderhandel moes word. Gasebonwe, die groot-opperhoof, het in 1858 gesneuwel, en is opgevolg deur Maklebane. Paul Kruger het egter vir Mahoera as die opperhoof beskou,[102] en so ook N. Waterboer van die Griekwas.[103] President Pretorius het in Junie 1864 'n kommissie onder leiding van Viljoen, toe waarnemende kommandant-generaal, na die Batlhaping gestuur om reëlings

----------

98. SS21 R2358/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 7.10.1858, pp.378-379; ZAR36: Staatskoerant, 5.11.1858, p.80.
99. SS22 R2473/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 3.12.1858, pp.201-202.
100. SS22 R2523a/58-219: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, 17.12.1858, pp.546-547.
101. SS472 R4124/80-31: David Arnot-M.W. Pretorius, Colesberg, 8.8.1864, p.86 e.v.
102. F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.177.
103. SS56 R340/64: N. Waterboer-M.W. Pretorius, Taung, 13.6.1864, p.197 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor grond en grense te tref, en 'n persoonlike brief aan Maklebane te oorhandig. Viljoen het baie gou uitgevind dat Mahoera as die "Hoogste Coptyn" beskou word, en Maklebane slegs as 'n "Klyn Coptyn", en om die rede het hy nie die brief aan Maklebane afgegee nie. Aangesien Mahoera nie om enige skikkings gevra het nie, het die kommissie ook nie daaraan aandag gegee nie. Viljoen se bevinding was dat Gasebonwe "Koning over alle stammen hier" was, en dié is deur die Boere "vernittig", sodat dit onmoontlik was om tot 'n ooreenkoms oor gronde te kom. Al was die sending dus 'n mislukking, kon Viljoen darem by sy verslag byvoeg "wat Vrede aangaat is niet aan te twyfel."[104] Inderdaad was die persoonlike ver= houding tussen Viljoen en Mahoera hierna so goed dat die kommandant die Batlhaping-kaptein in 1868 in 'n brief aangespreek het as "Beste Vriend". Dit was toe hy ook vir hierdie kaptein 'n goeie woord gespreek het by pre= sident Pretorius in verband met sekere Batlhaping wat sonder passe in die Republiek gevang, en in die tronk gestop is.[105]

Teen die einde van 1867 het wapensmokkelary onder die Batlhaping so erg geword dat die Uitvoerende Raad besluit het om 'n kommissie waarvan Viljoen lid sou wees na die Onder-Vaalrivier te stuur om die saak te gaan ondersoek.[106] Die kommissie het nie in 1868 kans gekry om sy taak uit te voer nie, en aan die einde van daardie jaar het die Uitvoerende Raad sy besluit herhaal.[107] By hierdie

----------

104. J.H. Breytenbach (red.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek V (Bylaag 92, 1864, R339/64: J.W. Viljoen e.a.-M.W. Pretorius, Soutpan, 13.6.1864), p.308; Argief Potchefstroom 2, Landdros ingekome stukke van veldkornette, 1860-1866, Pak van Marico: J.W.Viljoen-C. Bodensteyn, Marico, 18.7.1864; F.A. van Jaarsveld: Vaalrivier Omstrede Grenslyn, p.178.

105. SS472 R4124/80-42: J.W. Viljoen-Mahoera, Potchef= stroom, 11.1.1868, p.116.

106. UR2 Sitting 14.11.1867, art. 2, p.560; SS8616 Uit= gaande Brief no. 580/1867: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, Pretoria, 15.11.1867.

107. UR2 Sitting 15.12.1868, art. 52, p.816.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geleentheid is bepaal dat daar ook ondersoek ingestel moes word na Blanke grond in die Batlhaping-gebied,[108] dat daar oor David Arnot se grondaansprake van 1864 namens die Batlhaping uitsluitsel gegee moes word,[109] en dat die oorlogskuld-kwessie van 1858 afgehandel moes word, want die Batlhaping het nog nie een van die drie=duisend beeste, wat as oorlogsboete op hulle gelê is, betaal nie.[110]

'n Konferensie tussen 'n kommissie van die Suid-Afrikaanse Republiek bestaande uit onder andere president Pretorius en kommandant Viljoen, en die belangrikste Batlhaping en Korana-kapteins, waaronder Mahoera, het van 19 tot 26 Februarie 1869 langs die Vaalrivier plaasgevind. Daar het Mahoera en sy ampsgenote hulle verbind om binne twee maande drieduisend beeste as boete vir die oorlog van 1858, waarvoor hulle die skuld aanvaar het, af te lewer. Daarna sou 'n verdere konferensie oor grenslyne volg.[111] In April het Viljoen egter al gerugte gehoor dat die Batlhaping glad nie gelukkig was oor hierdie boete van drieduisend beeste nie. Moffat, die sendeling, het Mahoera afgeraai om die boete te betaal. Viljoen het besluit om persoonlik te gaan ondersoek instel. Hy het steeds geglo dat die Batlhaping sou betaal[112] al moes hy

----------

108. SS472 R4124/80-46b: Uitvoerende Raad-Staatspresi=dent, Pretoria, 28.12.1868, pp.126-127.

109. SS472 R4124/80: D. Arnot-M.W. Pretorius, 8.8.1864, p.86.

110. G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), p.25.

111. SS461 R56/69: Verklaring van Mahoera, Massou, en ander Batlhaping en Korana-kapteins, Witgatboom, 26.2.1869, pp.138-139. In Mankoroane se getuienis by die Bloemhof-hofsaak in April 1871 het Mahoera se seun Mase getuig dat hy ook by dié geleentheid teenwoordig was, dat die Transvalers vir Mahoera met brandewyn dronk gemaak het, en dat die destydse Batlhaping-hoofman - hy is in 1870 oorlede - dus nie vir sy kruis onder aan die dokument verantwoordelik gehou kon word nie. Vgl. ook SS469 R4124/80, p.13; G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), pp.25-26.

112. SS110 R407/69: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.4.1869, p.125 e.v.; ook by SS472 R4124/80, p.145 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besef het dat die boete onregverdig hoog was en betaling daarvan teen die eergevoel van enige Swart hoofman sou indruis. Aangesien die kommandant egter nie al sy draaie kon kry nie, het hy vir W. Best, die vrederegter van Bloemhof, gestuur om te gaan uitvind wat onder die Batlhaping aangaan. Dié is in Mei 1869 "buitengewoon goed en vriendelyk" deur die opperhoofde ontvang. Hulle het Best aan 'n lyntjie gehou deur uitstel vir die betaling van die boete te vra. Dit was duidelik dat hulle bloot vir tyd gespeel het.[113]

In 'n volgende vergeefse poging om die saak finaal af te handel het die Uitvoerende Raad in Junie 1869 vir Viljoen en Best na die Batlhaping afgevaardig.[114] Viljoen was vol optimisme dat die sending sou slaag, en het selfs aan die Regering geskryf om te hoor wat hy met die beeste moes maak na hy dit in ontvangs geneem het. Pretorius se antwoord was dat hy eers moes kyk hoeveel en hoedanige beeste hy kry. Daarna sou die Regering besluit wat om daarmee te doen.[115] Dit sou nooit nodig wees nie. Mahoera het nog voordat die afvaardiging by hom was aan hulle geskryf dat hy geglo het dat die Batlhaping nie vir die oorlog van 1858 verantwoordelik was nie, en daarom nie die skuld van drieduisend beeste sou betaal nie.[116] In Taung het Viljoen nog 'n groter skok gekry: Die Batlha= ping het finaal besluit om geen meer bees aan die

----------

113. SS110 R553/69: Verslag van W. Best e.a., Bloemhof, 8.5.1869, p.129 e.v. Ook by SS471 R4124/80-4, pp.8-10.

114. UR3 Sitting 4.6.1869, art. 7, pp.87-88; SS8616 Uitgaande brief no. 384/1869: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, Pretoria, 5.6.1869; SS8616 Uitgaande brief no. 385/1869: M.W. Pretorius-W. Best, Pretoria, 5.6.1869; SS111 R710/69: W. Best-M.W. Pretorius, Bloemhof, 25.6.1869, p.333.

115. SS8616 Uitgaande brief no. 624/69: M.W. Pretorius-J.W. Viljoen, Pretoria, 13.7.1869.

116. SS117 R1543/69: Mahoera-J.W. Viljoen en W. Best, Taung, 9.7.1869, p.107.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Republiek te gee nie, en om as dit nodig is "oorlog te voeren tegen de boeren". Daarom het Viljoen hom "ver=pligt gevonden om alle menschen in het lager te orderen van Vaal Rivier tot Mariko en alle jagden en togten te beletten."[117] Dit, saam met dreigemente deur Viljoen teenoor Mahoera uitgespreek ingeval van die nie-betaling van die beeste, het die Batlhaping hulle veeposte laat intrek, en laat gereed maak vir 'n oorlog.[118]

Die Batlhaping wou nie regtig oorlog maak nie - hulle het net nie kans gesien om die boete te betaal nie. Mahoera en sy seun Mankoroane het Theodor Doms as hulle agent aangestel, en dié sou sy bes doen om tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Batlhaping te bemiddel.[119] Kommandant-generaal Paul Kruger wou ook nie oorlog hê nie, en het in 'n brief aan Mahoera gevra of daar nie dalk 'n misverstand tussen hom en Viljoen was nie. Mahoera se onmiddellike antwoord was dat hy beslis nie oorlog wil maak nie.[120] Viljoen en staatsekretaris Proes was hoogs ontsteld oor die korrespondensie tussen Kruger en Mahoera, want Viljoen het dit blykbaar as 'n saak van persoonlike eer gesien dat hy die boete uitbetaal moes kry. Kruger het hom by ontvangs van die besware teen sy in=menging onmiddellik uit die saak onttrek.[121] Sonder die seën van die bekwame kommandant-generaal was die onder=handelinge met die Batlhaping nou onherroeplik tot mis=lukking gedoem.

---

117. S.P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe (Viljoen-S.J.P. Kruger, Marico, 20.7.1869), p.177.

118. Transvaal Advocate, 27.7.1869, berig op p.2.

119. SS117 R1550/69: T. Doms-W. Best, Rietvallei, 26.7.1869, pp.123-124, ook in SS472 R4124/80-56, p.160; G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), pp.26-27.

120. Engelbrecht, S.P.: Paul Kruger's Amptelike Briewe, (Kruger-Mahoera, 5.8.1869), pp.175-176 en (Mahoera-Kruger, Taung, 22.8.1869), p.176.

121. Ibid.: (Kruger-Proes, 8.9.1869), p.175.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit het Viljoen na 'n poging tot onderhandelinge met Doms in September 1869 ook besef. Hy het in moedeloosheid besluit hy wil "Gene Ratte meer voor onse ogen laten draijen door Doems (Doms) en de Kaffers" en het in desperaatheid voorgestel dat as daar teen 15 November nog nie aan die Republiek se eise voldoen is nie, duisend man teen die Batlhaping opgekommandeer moes word.[122] Ook die Uitvoerende Raad het dit betreur "dat de Kaffirs hunne beloften hebben verbroken",[123] maar Pretorius het besluit om, eerder as om 'n kommando te probeer oproep, die suid=westelike grens van die Republiek by proklamasie vas te stel as die Hartsrivier.[124] Hierdie proklamasie het slegs van akademiese belang geblyk te wees, want die stryd om grense met die Batlhaping het vir die Suid-Afrikaanse Republiek verswelg geraak in die groter stryd om eienaar=skap van die Diamantvelde wat nou in alle erns losgebreek het. Kommandant Viljoen se rol in die gebeure was nou feitlik uitgedien, want hy het in Januarie 1870 as komman=dant bedank. Aangesien sy naam telkens in die nuwe stryd genoem is, moet daar kortliks op dié stryd ingegaan word.

Aansprake op die diamantdraende gebiede noord van die Vaalrivier is deur die Suid-Afrikaanse Republiek, die Barolong - ook die Seleka-Barolong van Moroka van Thaba Nchu - die Batlhaping, die Koranas en die Griekwa-kaptein Nicolaas Waterboer gemaak. By 'n konferensie van afge=vaardigdes van die Republiek, die Barolong en die Batlha=ping te Nooitgedacht in Augustus 1870 is Waterboer se aansprake verwerp, maar het Moroka gebiede oos en die Batlhaping gebiede wes van die Hartsrivier vir hulle toegeëien. In November is daar by die Moloporivier 'n

----------

122. SS122 R474/70: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 3.10.1869, pp.116-117.

123. UR3 Sitting 30.10.1869, art. 55, pp.178-179.

124. ZAR47 Staatskoerant 16.11.1869, p.189; G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), pp.27-28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tweede konferensie gehou waarop dit duidelik geword het dat 'n vreedsame oplossing van die diamantveldgeskille onmoontlik was.[125] Daar is ooreengekom om die aansprake voor 'n arbitrasiehof te lê. Die hoogste skeidsregter sou luitenant-goewerneur Keate van Natal wees. Die uitspraak "was in alle opzichten ongunstig voor de Republiek."[126] Van sekondêre belang wat betref die arbitrasie was die groot hoeveelhede getuienis,[127] hoe misleidend sommige ookal is, wat voor die hof gelê is, en wat lig werp op die vroeëre verhoudinge tussen die Republiek en die Swart stamme van die wesgrens. Dan was daar ook die feit dat die Britte vir die Bantoe teen die Boer kant gekies het, sodat die Suid-Afrikaanse Republiek nie net te doen sou hê met rasseprobleme nie, maar ook met inmenging van die kant van die Britse Ryk in sy interne sake. In 1877 het dit uitgeloop op die Britse anneksasie van die Republiek. Hierdie gebeurtenis sou die ou pioniers weer wakker skud, ook vir oud-komman= dant Jan Viljoen, wat 'n lewendige rol op die Transvaalse wesgrens sou speel in die stryd om die verlore vryheid te herwin.

----------

125. G.M. Theal: History of South Africa IX (Struik, 1964), pp.27-35.

126. W.J. Leyds: De Eerste Annexatie, pp.170-172.

127. In die Transvaalse Argiefbewaarplek onder die ver= wysingsnommer R4124/80. Talle dokumente uit daardie getuienis is vir die skrywe van hierdie verhandeling gebruik, en Jan Viljoen se naam kom telkens daarin voor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 9

## Uitkykpos op die "Weg na die Noorde": ontmoetings met vreemdelinge

Toe David Livingstone in 1848 in 'n tydskrifartikel melding gemaak het van die "hoofweg na die binneland",[1] het hy verwys na 'n stowwerige wapad wat Jan Viljoen se teen=woordigheid op die Transvaalse wesgrens ten nouste ge=raak het. Hierdie pad, wat vanaf Kuruman vlak by Marico verby na Shoshong en van daar verder noordwaarts gestrek het, was naamlik in die tweede helfte van die negentiende eeu die enigste roete vry van tsetsevlieg of malaria=muskiete wat na Matebeleland, die Zambezierivier en die Ngamimeer gelei het. Daarom is dit betree deur 'n toe=nemende aantal buitelanders, soos sendelinge, jagters, reisigers, handelaars of fortuinsoekers wat die binneland wou besoek.

Viljoen het telkens met vreemdelinge op hierdie pad te doen gekry, nie net in sy amptelike hoedanigheid as veld=kornet en later kommandant van Marico nie, maar ook in sy private hoedanigheid as grensboerpionier en jagter. Hy het dit as sy plig beskou om sy owerhede op hoogte te hou van sy kontak met hierdie buitelanders. In sy verslae aan die regering is daar talle verwysings na veral sende=linge en handelaars. Buitelanders het ook gereeld in hulle reisverhale, dagboeke, briewe en joernale van Viljoen melding gemaak, 'n onmisbare bron oor die lewe en werk van Viljoen.

Wat betref die sendelinge met wie Viljoen te doen gekry het moet daar onderskei word tussen werknemers van die Londense Sendinggenootskap en die Hermannsburgers. Tussen eersgenoemde en die Boere was daar geen vriendskap nie en

----------

1. Artikel in The British Quarterly Review, xiv (1851), aangehaal in I. Schapera (red.): David Livingstone South African Papers 1849-1853, p.100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wel om verskeie redes. Eerstens het die Britse sende= linge hulle beywer vir gelykstelling tussen Blank en Gekleurd. Sodanige gelykstelling het teen die Boere se geloof ingedruis, en was na hulle mening - in die woorde van die Voortrekkervrou Anna Steenkamp - "strijdig met de wetten van God". Tweedens het van die sendelinge skadelike en oordrewe berigte oor die Boere se behandeling van Nie-Blankes na Engeland deurgestuur. Inderdaad het Retief in sy Manifes melding gemaak van die "unjustifiable odium which has been cast upon us by interested and dis= honest persons, under the cloak of religion, whose testi= mony is believed in England to the exclusion of all evidence in our favour," en dit 'n belangrike oorsaak van die Groot Trek genoem.[2] Die Groot Trek het nie 'n skeiding tussen die Boere en die Britse sendelinge gebring nie. Saam met die vestiging van die Trekkers in die Oorvaalse gebied in die veertiger jare van die negentiende eeu het sendelinge soos Livingstone, Rogers Edwards en Walter Inglis hulle intrek onder die Swart stamme ten weste van die Boeregemeenskap geneem. Daar het hulle hul bes gedoen om die Swartes te oortuig van die voordele van die Britse beskawing en van die Britse bereidwillig= heid om die Bantoes teen die Boere te help.[3] Dit was nog 'n rede vir die antagonisme tussen die sendelinge en die Boere. Aan die wesgrens het hulle en ander wat ná hulle gekom het gereeld met Jan Viljoen te doen gekry.

David Livingstone was ten tye van die Boere se vestiging in Marico sendeling by die Bakwena. Of hy en Viljoen mekaar ooit ontmoet het, is onseker, maar hulle was deeglik bewus van mekaar se bestaan. Livingstone het byvoorbeeld in April 1851 in 'n brief aan sy swaer, Robert Moffat, melding gemaak van Viljoen se vertrek na die Ngami= meer. In dieselfde skrywe het die sendeling beweer:

----------

2. F.A. van Jaarsveld (red.): Honderd basiese dokumente (33: Die oorsake van die Groot Trek soos gesien deur Anna Steenkamp; 21: Die Manifes van Piet Retief, 2 Februarie 1837), pp.84 en 54.

3. W. Kistner: The Anti-Slavery Agitation, p.217.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Viljoen sells powder and lead to all the Natives who go to him for them ... He uses his office to prevent regular traders going North of him, but that is only to monopolize the trade in guns and ammunition himself. This is Boer morality."[4] Hierdie bewerings is oordrewe maar nie heeltemal van die waarheid ontbloot nie. Viljoen het homself ongetwyfeld aan wapenhandel met Swartes skuldig gemaak. In 1855 het hy dit self teenoor Pretorius erken: "Ook moet ik zyn Edele Heer melden dat ik een groote over= treding gedaan heeft. Ik hebt een gesoute paard gehandelt voor een stukkende geweer." 'n Jaar later het T.F. Dreyer, die assistent kommandant-generaal in 'n brief melding gemaak van 'n klagte van twee inwoners van Marico dat Viljoen 'n wavrag kruit onder die Swartes gaan verhandel het.[5] Livingstone se beskuldiging in 1853 dat Viljoen slawerny beoefen is egter onwaar. Dit was na aanleiding van Viljoen se vredesending na Sechele in Januarie van daardie jaar, waaroor die sendeling sarkasties geskryf het van "the modest Boer, with 124 children in his possession, modestly suing for peace".[6] Viljoen het wel van die inboekstelsel gebruik gemaak,[7] maar daar bestaan

----------

4. I. Schapera (red.): David Livingstone Family Letters (Livingstone-R. Moffat Jr., Kolobeng, 28.4.1851), p.132.

5. SS7 R852/55: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 27.6.1855, p.670; SS11 R959/56: T.F. Dreyer-P.J. van Staden, Swartruggens, 4.1.1856, pp.4-5; kyk ook D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, R450/52 (Verklaring van P.D. du Preez e.a., Soutpansberg, 9.11.1852), p.260, bespreek in hoofstuk 8, p.211.

6. I. Schapera (red.): David Livingstone South African Papers, p.91. Oor die vredesending, kyk hoofstuk 7,pp.186-187.

7. Argief Potchefstroom 134: Landdros Register van Naturelle Dienskontrakte 1858-1867: Inskrywing op 7 Desember 1859 onder die naam van J.W. Viljoen van 3 gekleurde weeskin= ders; J.P.R. Wallis (red.): The Matabèle Journals I (Moffat-Mary Moffat, 5.6.1854), p.154, waar staan: "Mosielele ... said ... that they saw some of their chil= dren in Viljoen's house ..." Dieselfde kan nie van sy seun Jan gesê word nie. Dié was in 1868 op 'n tog na die westelike Dorsland of Damaraland saam met o.a. L.M. Swartz en 'n sekere Van Zyl waartydens hulle hul aan slawehandel skuldig gemaak het. Kyk The Friend, 24.6. 1869: Jan Viljoen's Hunting Trip and Dreadful Privations in the Interior, as Narrated to Mr. John Montgomery, by Jan Viljoen himself; J.P.R. Wallis (red.): The Northern Goldfields Diaries of Thomas Baines II, p.487.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geen dokumentêre of ander bewyse dat hy óf 'n slawehande= laar óf 'n slawe-eienaar was nie. Livingstone staan vandag bekend vir sy afkeur teen die Transvaalse Boere vir wie hy geen goeie woord gehad het nie.

Die sendelinge Rogers Edwards en Walter Inglis was ook reeds in die nabyheid van Marico werksaam, onder respek= tiewelik die Bakgatla en die Bahoeroetsie, toe Viljoen hom op Vergenoeg gevestig het. Beide sendelinge het vir Viljoen persoonlik geken en beide het op vriendskap= like voet met hom verkeer. In Februarie 1852 was hulle al drie op Mabotsa teenwoordig by die beraad tussen kommandant Scholtz en die Swart kapteins Mosielele en Montsioa.[8] Drie maande later, toe Viljoen saam met Chapman na die jagveld vertrek het, het hy by sowel Inglis in Mathebe as Edwards in Mabotsa aangegaan.[9] Die veld= kornet het geen beswaar teen die teenwoordigheid van hierdie twee sendelinge onder die naburige Swart stamme gehad nie.[10] Aan die einde van 1852 is albei egter van die Transvaalse wesgrens verban nadat hulle deur 'n landdroshof op Rustenburg aan verraad skuldig bevind is. Dit was na aanleiding van 'n verslag van Edwards aan die direkteure van die Londonse Sendinggenootskap waarin hy die Boere van slawerny beskuldig het.[11] Wat Viljoen se reaksie daarop was, is nie bekend nie.

Vir Robert Moffat, die beroemde skoonvader van Livingstone wat sedert 1821 by Kuruman gestasioneer was, het Viljoen

----------

8. I. Schapera (red.): David Livingstone South African Papers, p.137. Kyk hoofstuk 7, p.170 e.v. vir 'n bespreking van hierdie beraad.
9. James Chapman: Travels I, pp.21-22.
10. I. Schapera (red.): David Livingstone South African Papers, p.175.
11. A1195. L.M.S.-Argief (Mikrofilm) V 17. Folder no. 1, Box no. 27, C. Jacket: Verslag van R. Edwards, Bet= sjoeanaland, 1852; J.A.I. Agar-Hamilton: The Native Policy of the Voortrekkers, pp.127-128; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.402-403; A.J. Lamont Smith: "Edwards, Roger" in W.J. de Kock (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II, pp.219-220.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nooit ontmoet nie. Hulle het egter van mekaar geweet. Moffat het aanvanklik vir Viljoen beskryf as 'n "worthy fieldcornet (and) an unflinching friend to the natives",[12] maar hy het later van mening verander.[13] In 1854 was sowel Viljoen as Moffat noord van die Limpopo - die veldkornet om te jag en die sendeling op sy derde besoek aan Moselekatse. By hierdie geleentheid het Viljoen se jagmaat, L.M. Swartz, deur middel van Moffat met die Matebelekoning handel gedryf.[14] Dit het 'n goeie indruk op die veldkornet gemaak, want al het hy skepties gestaan teenoor Moffat se sendingarbeid of sy prediking van "het woord", het hy besef dat die sendeling veel kon bydra tot 'n vreedsame houding tussen die Matebele en die Boere.[15] In die lente van 1857 was Viljoen en Moffat weer albei in Matebeleland. Hierdie keer het Viljoen, soos in hoofstuk 8 aangetoon is, self deur middel van Moffat met Moselekatse handel gedryf hoewel die veldkornet nie persoonlik in Bulawayo was nie. By hierdie geleentheid het Viljoen hom weer skuldig gemaak aan verhandeling van gewere aan Swartes toe hy twee gewere aan Moselekatse verkoop het.[16]

Teen die einde van 1858 het die Londonse Sendinggenootskap begin met die implimentering van twee groot projekte in die gebied noord van die Limpoporivier, naamlik die Makololo-sending (bestaande uit die sendelinge Holloway Helmore, Roger Price en John Mackenzie) en die Matebele-sending (bestaande uit John Smith Moffat, Thomas Morgan Thomas en William Sykes). Viljoen het onmiddellik toe hy daarvan te hore gekom het, aan Pretorius daarvan geskryf.[17]

----------

12. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals I, p.380.
13. Ibid., p.154 (voetnoot).
14. Ibid., pp.201, 219-220; E.C. Tabler: The Far Interior, p.228.
15. SS6 R722/54: Brief van J.W. Viljoen, 15.11.1854, p.314.
16. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals II, pp. 86-87, 104-105, 110, 120-121; E.C. Tabler: The Far Interior, p.234.
17. SS21 R2358/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 7.10.1858, p.378; ook in SS22 R2473/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 3.12.1858, pp.201-202.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Staatskoerant het hierdie sendings beskou as "voor= teekenen van toekomstige moeijelykheden in de gewesten",[18] en Viljoen het dit waarskynlik ook so gesien. Daarom het hy in 'n brief aan Moffat, mede-onderteken deur kommandant J.L. Pretorius en waarnemende veldkornet Daan= tjie Botha, die sendings in die wiele probeer ry: "Sir, we have ascertained through private communication, that you are again making preparations for another journey to Moselekatse with other missionaries. Sir, if it be so we would warn you to procure an order from His Honour the President, Mr. (M.) W. Pretorius, otherwise we shall not allow you to pass."[19] Moffat het hom nie aan die waar= skuwing gesteur nie. As hy gehoor gegee het en vir Pretorius toestemming gevra het om die pad na die Noorde te gebruik, sou hy by implikasie Transvaalse soewereiniteit oor die Tswanastamme erken het. Daarom het die sendeling eerder by die Kaapse goewerneur oor die brief gekla. Grey het op sy beurt die klagtes aan die Transvaalse regering oorgedra. Pretorius het sy offisiere se waar= skuwing bevestig, maar die sendelinge is vort na die Noorde.[20] Een van hulle, T.M. Thomas, het in sy herinne= ringe beweer dat Viljoen jare later aan hom gesê het dat hy kwaad vir Moffat was, en die brief geskryf het om hom te versondig.[21] Dit is moontlik waar, maar dit was nie die volle waarheid nie, want die volgende jaar, na die twee sendings se vertrek na hulle doelwitte, het Viljoen aan Pretorius berig dat sy groot vrees in verband met die sen=

----------

18. ZAR36: Staatskoerant, 5.11.1858, p.80 (anonieme berig).
19. Gepubliseer in J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals II, p.160.
20. John Mackenzie: Ten Years North of the Orange River, p.34;
John Mackenzie: Austral Africa, p.47;
E.C. Tabler: The Far Interior, p.245.
21. T.M. Thomas: Eleven Years in Central South Africa, p.30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



delinge bewaarheid is: "Ik zie dat Mosselikaatzie door hun (die sendelinge) tegens ons opgemaakt wordt..."[22]

Die Makololosending van 1859 was 'n treurige mislukking. Helmore, sy vrou en vier van sy kinders, sowel as Price se vrou en kind, is aan malaria en ander ontberings dood. John Mackenzie wat eers in 1860 na die Noorde vertrek het, het vir Price en die twee oorblywende Helmore-kinders in haglike omstandighede naby die Ngamimeer aangetref en hulle teruggeneem na Kuruman. Mackenzie het hom toe self in Shoshong onder die Bamangwato gaan vestig. Hierdie sendeling het hom ook nie veel aan Viljoen se waarskuwing van 1858 gesteur nie. Hy het later oor Viljoen geskryf: "Had I met him I should not have experienced any molesta= tion whatever. What such a person does officially, and often at the instigation of others, is no clue to the course he will take as a private person at his own house or on occasion of accidental meeting in the open country."[23]

Dat met hierdie opmerking van John Mackenzie nie fout ge= vind kan word nie, is vroeg in die sestiger jare deur Viljoen se ontvangs van die sendelinge J.S. Moffat en Price op Vergenoeg bewys. Viljoen het in 1861 tydens 'n besoek aan Moselekatse vir Moffat in Matebeleland ont= moet.[24] Twee jaar later was Moffat en Price na 'n besoek aan Natal van Kuruman af op pad na Inyati, die sending= stasie in Matebeleland. Die Boere was besig om te oes toe hulle by Marico verby is, en hulle het besluit om eers hulle twee leë waens vol graan te laai. Terwyl hulle oral koring en mielies gekoop het, het hulle onder andere by Viljoen gebly waar hulle so gasvry ontvang is dat Moffat net met lof van die Boerepionier kon praat. Hy noem hom

----------

22. SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 24.10.1859, p.56 e.v.

23. John Mackenzie: Ten Years North of the Orange River, p.152. Volg ook oor die Makololosending A.J. Dachs (red.): Papers of John Mackenzie, pp.76-82; en Tim Jeal: Livingstone, pp.175-184.

24. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Mission, p.197.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"a superior man" en "a friend to the natives - as far as it is possible for him to be as a Boer and a citizen of the Transvaal Republic." Oor sy ontvangs het die sendeling geskryf: "The farmers are thoroughly hospitable and hitherto we have met with nothing but kindness. We are expected as a matter of course to make ourselves at home and to come to all the meals." Terwyl hulle gewag het dat hulle graan op Viljoen se watermeule gemaal word, het die kommandant onder andere vir hulle 'n gids en perde voorsien om die ou Matebelestat Mosega te besoek. Na twee weke se verblyf in Marico, en nadat Price versoek is om as predikant agter te bly, het die sendelinge, volgens Moffat, met swaar harte van die Viljoens afskeid geneem.[25] Hierdie episode getuig beter as enige ander hoe goed Viljoen met buitelanders kon klaarkom en verteenwoordig die hoogtepunt in goeie verhoudinge tussen hom en die Britse sendelinge.

Die Britse sendelinge wat die pad na die Noorde betree het, was nie die enigstes waarmee Jan Viljoen te doen gekry het nie. In die vyftiger jare het daar ook Duitse sendelinge hulle intrek aan die Transvaalse wesgrens geneem, eers by die Bakwena, en later ook by die Bahoeroetsie, die Bamangwato en ander stamme. In Augustus 1853 is daar by die eerste algemene kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Rustenburg voorgestel dat Hernhutters van die Morawiese Sendinggenootskap in die plek van Britse sendelinge na Transvaal ingevoer moet word.[26] Die rede is daarin geleë dat die Transvaalse regering nie vertroue in Britse sendelinge gehad het nie. M.W. Pretorius het Duitse sendelinge verkies omdat hy geglo het dat hulle nie gelykstelling tussen Blank en Swart predik nie, die Swartes nie teen die Boere opmaak nie, maar hulle leer werk. Daar is moeite gedoen om Duitse sendelinge

---

25. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Mission, pp.197-200; E.C. Tabler: The Far Interior, p.265.

26. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2de uitgawe, p.94.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na Transvaal te laat kom. Die Morawiese genootskap was nie gereed om sendelinge so ver noord te stuur nie.[27] In 1857 het daar egter Hermannsburgse sendelinge na Transvaal gekom om redes wat onder uiteengesit word.

In 1856 het Sechele deur middel van Viljoen en D.J. Coetzee aan Pretorius laat weet dat hy graag "een leeraar en een metselaar" sal wil hê "tot een bewijs van vrede".[28] Pretorius het deur middel van ds. A.A. Louw van die Kaapse Kerk en eerw. Güldenpfennig van die Berlynse Sendinggenootskap in Natal kontak gemaak met die Hermannsburgse Genootskap en hulle versoek om 'n sendeling uit hulle midde na die Bakwena te stuur. Die uitnodiging is aanvaar. In Mei 1857 het 'n groepie Hermannsburgers bestaande uit die sendeling Heinrich Schröder, sy vrou en twee leke wat die handearbeid op die stasie moes help verrig na die Transvaalse wesgrens vertrek.[29]

Op 9 Julie 1857 is Schröder en sy reisgenote deur Viljoen in Marico ontvang. Die veldkornet was heel optimisties dat Sechele "regt verblyd" sal wees oor "zyne Leeraar". Die volgende dag het hy persoonlik die sendelinge na Lethejane geneem,[30] waar hulle op 16 Julie met groot blydskap deur Sechele ontvang is.[31] "Cegelie is regt in zyne schik met zyne Leeraar en met de andere Heeren", het Viljoen aan sy President geskryf. Hy "is regt dankbaar aan zyn Hoog Eedele ... (en) hy zegt nu moet hy geloven dat er

----------

27. H.E.W. Backeberg: "Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens" in Historiese Studies, jaargang 1:2, Oktober 1939, p.13.

28. SS83 Supplementêre stukke 45/66: Verslag van J.W. Viljoen en D.J. Coetzee, 7.7.1856, p.142.

29. H.E.W. Backeberg: "Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens" in Historiese Studies, jaargang 1:2, Oktober 1939, pp.13-14; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.438-439.

30. SS16 R1638/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 9.7.1857, p.244.

31. H.E.W. Backeberg: "Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens" in Historiese Studies, jaargang 1:2, Oktober 1939, p.14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarlyk vreede is."[32] Schröder het blykbaar ook gou tuis gevoel by die Bakwena. 'n Jaar na sy vestiging het hy deur Viljoen aan die Uitvoerende Raad gevra "dat eenige hunner (Hermannsburgse sendelinge) by Mooiloh mogen ge= plaast worden."[33] Die veldkornet het self by herhaling hierdie versoek gesteun, want "Mooiloh is begeerig om van deze Zendelingen te hebben, en eene van de Broeders, de Heer Zimmermann, is hier by my, verwachtende van U.H.Ed. eene gunstige antwoord."[34] Pretorius het die versoek onvoorwaardelik toegestaan,[35] en Viljoen het onmiddellik vir Zimmermann 'n sendingstasie by die Bahoeroetsie laat oprig.[36]

Verskeie redes kan aangevoer word vir die Boere se aan= vaarding van die Duitse sendelinge terwyl Britse sendelinge van die Transvaalse wesgrens probeer weer is. Die ver= naamste daarvan was dat die Duitsers hulle nie met die politiek bemoei het nie, en dus daarin kon slaag om onder toesig van die Boere hulle sendingwerk te verrig. Daarby kon die Duitsers dien as 'n teenvoeter vir Britse sending= invloed en help met die passifisering van die Tswanastamme op die Transvaalse wesgrens. Hulle het ook nie soos die Britse sendelinge onder die Swartes allerhande idees van gelykheid versprei nie.[37] Robert Moffat self het besef dat Viljoen hom vir die plasing van Duitse sendelinge by Sechele beywer het met die doel om as teenvoeter vir Britse sendinginvloed te dien. Moffat wat by verskeie geleent= hede die Duitsers ontmoet het, en op wie hulle 'n goeie

---

32. SS16 R1666/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 1.8.1857, pp.294-295.
33. SS8 R923/55: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, 22.10.1855, p.183. Hierdie dokument se datum moet wees 22.10.1858.
34. SS22 R2404/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 5.11.1858, p.73; SS22 R2426/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.11.1858, p.109.
35. SS22 R2523a/58-182: Staatssekretaris-J.W. Viljoen, 15.11.1858, p.517.
36. SS22 R2473/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 3.12.1858, p.201 e.v.
37. W. Kistner: The Anti-Slavery Agitation, pp.220 (voet= noot) - 221; G.M. Theal: History of South Africa VII (Struik, 1964), pp.438-439.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



indruk gemaak het, was voorts van mening dat van al die Bakwena slegs Sechele ten gunste van die teenwoordigheid van die Hermannsburgers in Litubaruba was: "All his people oppose having missionaries from the Boers."[38] As die sendeling se bevinding aanvaar word, beteken dit dat daar basies dieselfde posisie as tien jaar tevore onder die Bakwena gegeld het, toe Livingstone na twee jaar se arbeid slegs vir Sechele tot die Christendom kon be=keer.[39]

Schröder en die ander Duitse sendelinge het as gevolg van hulle onthouding aan die politiek vinnig die vertroue van die Transvalers gewen. Drie maande na hulle aankoms by Sechele het die Volksraad op 15 September 1857 op Schröder se aanbeveling besluit om die Bakwena van klein hoeveel=hede ammunisie te voorsien.[40] Viljoen was ook ten gunste daarvan.[41] In April 1859 het hyself die eerste ammunisie by Sechele afgelewer, iets waaroor die Bakwena-kaptein "verstomt" en onuitspreeklik dankbaar was.[42] Kort daar=na het eerw. Zimmermann van Linokana of Moilostat - ook met Viljoen se steun - ammunisie vir die Bahoeroetsie gevra.[43] Of die aansoek suksesvol was, kon nie vasgestel word nie. Feit is dat die Duitse sendelinge se teenwoor=digheid Sechele se gesindheid teenoor die Boere totaal verander het.

----------

38. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals II, pp.25, 28, 154 (voetnoot) en 190.

39. T. Jeal: Livingstone, pp.75-85.

40. J.H. Breytenbach (red.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek IV (Volksraadsnotule, Potchefstroom, 15.9.1857), p.154.

41. SS24 R2615/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius en Uit=voerende Raad, Marico, 16.2.1859, pp.272-274; SS24 R2619/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.2.1859, pp.283-284; SS25 R2663/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.3.1859, pp.56-57.

42. SS472 R4124/80: H. Schröder-Z.A.R. regering, Lethejane, 27.4.1859, pp.58-60.

43. SS26 R2930/59: F. Zimmermann-M.W. Pretorius, Linokana, 28.6.1859, p.298.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jan Viljoen was in gereelde kontak met die Duitse sende= linge en hulle het hom soms van waardevolle inligting in verband met gebeure op die wesgrens voorsien. So het Zimmermann in November 1858 vir hom berig gestuur van die aankoms van ammunisiesmokkelaars by Moselekatse en by die Ngamimeer; in Februarie 1859 van Macheng se beslaglegging op L.M. Swartz se wa; en in April 1859 van gerugte oor 'n naderende Matebele-aanval op die Bakwena.[44] Enkele dae later kon Schröder die veldkornet gerusstel dat die ge= rugte vals was. Terselfdertyd het hy vir Viljoen van 'n interessante brokkie nuus oor die huislike lewe op die sendingstasie voorsien: "De kraam van Jufrouw Herbst is echt swaar geweest maar toch gelukkig en wy heeft enen kleinen Herbst meer die veel geraast maakt ..."[45]

Vroeg in die sestiger jare het die Hermannsburgers se in= vloed op die Transvaalse wesgrens skielik begin afneem. Die vernaamste rede daarvoor was interne woelinge binne die Genootskap wat tot talle sendelinge se bedankings ge= lei het. Dit het aan Engelse sendelinge die geleentheid gebied om hulle verlore invloed op die pad na die Noorde te herwin. So het Roger Price onmiddellik na die ver= trek van die Hermannsburger Schulenburg uit Shoshong, homself onder die Bamangwato gevestig. Die Bakwena het kort daarna op 'n volksvergadering op aandrang van Khoselentsie, Sechele se broer, besluit om 'n Britse sen= deling na hulle te nooi. In 1864 het C. Hohls, die nuwe hoof van die Hermannsburgers, wel gepoog om hulle invloed te herstel: "De Heer Commandant J. Viljoen zal U Hoog Ed. wel reeds daarvan melding gedaan hebben dat een van onze broeders een statie by Mangobe begonnen heeft ..." het

----------

44. SS22 R2426/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.11.1858, p.109 e.v.; SS24 R2619/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.2.1859, pp.283-284; SS25 R2736/59: F. Zimmermann-J.W. Viljoen, Linokana, 22.4.1859, pp.230-231; SS25 R2738/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 23.4.1859, pp.248-250.

45. SS472 R4124/80: H. Schröder-J.W. Viljoen, Lethejane, 27.4.1859, p.65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hohls byvoorbeeld in Mei aan Pretorius geskryf.[46] Dit was egter te laat. Britse handelaars en sendelinge het in steeds groeiende getalle op die pad na die Noorde ge= vestig geraak.

Vanaf 1864 en veral na die oprigting van die diamantmyne op die Transvaalse suidwesgrens en die gepaardgaande toe= stroming van uitlanders, het die verhouding tussen Viljoen en die sendelinge aansienlik verswak. Die rede daarvoor was die ongestremde handel in wapens en ammunisie onder die wesgrensstamme wat onbeheersd onder die oë van die sendelinge geskied het. Die gevolg daarvan was dat 'n opperhoof soos Sechele wat vroeër vir sendelinge en ammunisie van die Suid-Afrikaanse Republiek afhanklik was, nou begin voel het dat hy die Boere nie meer nodig het nie en 'n onafhanklike houding begin inneem. Volgens Vil= joen het selfs Moffat in 1866 'n waarskuwende brief aan die Londonse Sendinggenootskap daaroor geskryf - nie omdat hy vir die Boere lief geword het nie, maar omdat hy die potensiële gevaar in die situasie kon insien.[47] Die smokkelhandel kon egter nie bekamp word nie, en het met= tertyd eerder toe- as afgeneem. In hierdie verband is die volgende anonieme beriggie in 'n Volksstem van 1875 insig= gewend: "At a Court in this Country lately we are told a Kafir being asked, 'Have you a gun?' Innocently but significantly answered 'No, I've not yet been to the Diamond Fields'."[48]

Mettertyd het Viljoen se verhouding teenoor die sendelinge op die wesgrens, wat niks gedoen het om die smokkelhandel

----------

46. H.E.W. Backeberg: "Die politieke betekenis van die eerste Hermannsburgse sendelinge op die Transvaalse wesgrens" in Historiese Studies, jaargang 1:2, Oktober 1939, pp.16-20; SS56 R295/64: C. Hohls-M.W. Pretorius, Lethejane, 28.5.1864, p.113.

47. SS127 R1245/68 by R1203/70: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 12.10.1868, p.100.

48. De Volksstem, 31.7.1875 (Anonieme berig).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teen te werk nie vyandig begin word. So het hy in 1875 na aanleiding van die onderlinge stryd tussen Moilo en Magapie[49] aan die sendeling Jensen in L..nokana gevra: "Wat maak jy hier als Zendeling? Hoe is het Gods mogin=lyk dat hier nog Zulke gruwelyke wetten kun regeeren daar waar het Evangelie reeds Zoovele Jaren wordt verkon=digd?"[50] Sewe jaar later het Viljoen oor dieselfde sendeling aan die Driemanskap geskryf: "Jansen zijn geen zielzoeker, hij is een smous, looier, zeepkoker, Boer, postrijer ..."[51] - woorde wat nie getuig van 'n vriend=skapsverhouding nie. Viljoen se verhouding tot sendelinge het mettertyd van een van verdraagsaamheid tot een van onver=draagsaamheid oorgegaan. Die feit dat hy met 'n dogter van 'n Duitse sendeling in diens van die Londonse Sending=genootskap getroud was, het waarskynlik 'n bydrae tot sy aanvanklike verdraagsaamheid gelewer. Sy latere vyandige houding moet toegeskryf word aan die afname van sy invloed onder die wesgrens-stamme soos die Bahoeroetsie, Bakwena en Bamangwato wat ten voordele van die sendelinge gestrek het.

'n Tweede belangrike groep met wie Viljoen aan die Trans=vaalse wesgrens te doen gekry het was Britse handelaars wat vanaf die veertiger jare die pad na die Noorde gebruik het om hulle ware aan binnelandse stamme te gaan verkwansel. Hierdie mense het vanaf hulle verskyning op die wesgrens geen kwaad daarin gesien om op groot skaal wapens aan die Swartes te verkoop nie. Soos F.A. van Jaarsveld tereg opgemerk het, het al die Transvalers se maatreëls om vuur=wapens uit die Swartes se hande te hou, nie kon vrugte afwerp nie, "want die kafferbewapening het fluks vooruit=gegaan, veral omdat die Engelse handelaars die veiligheid van die Republiek vir ekonomiese winsbejag verkrag het."[52]

-----------

49. Kyk hoofstuk 7, p.180.

50. SS187 R886/75: Ondersoek van Landdros van Yperen, 31.3.1875, p.221 e.v.

51. SS668 R2885/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, Vergenoeg, 28.4.1882, pp.120-121.

52. F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet, p.279.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vroeg in 1850 het landdros H.S. Lombardt van Potchefstroom aan die Volksraad geskryf dat hy 'n "zeer gewigtig raport" van veldkornet Viljoen ontvang het dat daar "twee Engelse offezieren gezien is met twee anderen, met twee vragten kryt", wat by die Moloporivier op die pad na die Noorde verbygetrek het.[53] Hierdie Britte was W.F. Webb en W. Codrington, leëroffisiere wat in die noorde gaan jag het, en C.A. en F.J. Green, twee broers van die Britse resident in Bloemfontein, wat gaan handel dryf het.[54] Kort daarna het Viljoen in Shoshong op 6 waens van Engelse handelaars afgekom waarop daar 5 vaatjies kruit en 300 gewere was.[55] Die Volksraad het in Mei by ontvangs van Lombardt se skrywe besluit om sulke togte te belet, en wel "uit aanmerking van den droevigen gevolgen die het reizen van zulken perzoonen voor ons al heeft opgeleverd."[56] Die skrywe van Jan Viljoen getuig dat hy 'n wakende oog oor die bedrywighede van vreemdelinge aan die grens gehou het en dat hy graag sy regering se verbod op smokkel=handel in vuurwapens en ammunisie wou uitvoer. As hand=hawer van die wet wou hy die land beveilig. Dit blyk uit sy verdere rapporte en optrede.

Met die sluiting van die Sandrivierkonvensie in Januarie 1852 het die kwessie van handel in vuurwapens en ammunisie ook ter sprake gekom. Daar is deur middel van artikel 5 gepoog om 'n wedersydse reëling in verband met handel tussen die Transvalers en die Britte te tref. Dit het voorgeskryf "dat yder wagen bevattende ammunitie en vuur=wapenen, komende van de Zuid van de Vaalrivier zal een certificaat produceeren geteekend door een Britsche Magestraat of andere amptenaar als daartoe geauthoriseerd

----------

53. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I (VR107/50, Bylaag 8, 1850), pp.315-317.

54. I. Schapera (red.): David Livingstone South African Papers, p.56 (voetnoot).

55. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R219/50 (A.H. Stander-A.W.J. Pretorius, Marico, 1.8.1850), p.34.

56. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I (Notule Volks=raadsvergadering, Lydenburg, 24.5.1850, art.33), p.133.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is, zulks te doen, van de hoeveelheid amunitie en vuur= wapenen in zyn bezit by den eersten Magestraat Noord van de Vaalrevier ..."[57] Hierdie bepaling is nie nougeset deur Britse handelaars gehoorsaam nie. In Junie 1852, toe Viljoen saam met Chapman op pad na die jagveld in Shoshong aangekom het, het hy gehoor dat 'n sekere Harris met 80 gewere na Moselekatse op pad was. Die veldkornet het nie self tyd gehad om die gerug te ondersoek nie, en het op 11 Junie aan Adam (Apie) Januarie, 'n invloedryke Griekwa, 'n magtigingsbrief gegee om alle waens op pad na die noorde te visenteer en alle wapens en ammunisie waarvoor daar nie 'n landdrospermit was nie, te konfiskeer. Januarie het hierdie brief aan Livingstone gewys, wat dit as 'n skending van die Sandrivierkonvensie beskou het, en 'n afskrif daar= van aan die Britse resident Green in Bloemfontein gestuur het.[58] Of Viljoen suksesvol was in sy poging om Harris te keer, kon nie vasgestel word nie.

Nie alle handelaars en reisigers uit die suide het die vyfde artikel van die Sandrivierkonvensie sonder meer oor= tree nie. Viljoen het soms wel die geleentheid gekry om van hulle waens te ondersoek. Sulke ondersoeke het getoon dat sommige van die buitelanders buitensporige hoeveelhede wapens en ammunisie na die binneland geneem het wat hulle onmoontlik nie alles self kon gebruik nie. So het Vil= joen in Mei 1856 op die wa van 'n gelisensiëerde handelaar by name dr. E. Way 7 gewere, 4 pistole, 476 lb. kruit, 665 stafies lood, 'n hoeveelheid koeëls en 2 000 slag= doppies aangetref.[59] Drie jaar later kry hy op die wa

----------

57. F.A. van Jaarsveld (red.): Honderd basiese dokumente (Die Konvensie van Sandrivier, 17.1.1852, art. 5), p.92.

58. James Chapman: Travels in the Interior of Africa (Tabler red., Balkema, 1971), p.50; E.C. Tabler: Pioneers of South West Africa and Ngamiland, p.60; I. Schapera (red.): David Livingstone South African Papers, p.52 (en voetnoot).

59. SS11 R1075/56: Krygsraadsnotule, Marico, 28.5.1856, art. 25, p.305.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die jagter, W.C. Baldwin, 150 lb. kruit, 900 lb. lood en 10 gewere, en by Baldwin se jagmaats 40 lb. kruit en 3 gewere gevind. Daarvan het hy 40 lb. kruit in beslag geneem.[60]

'n Groter probleem vir Viljoen was dié handelaars wat van Walvisbaai af dwarsoor die Dorsland met waens vol wapens en ammunisie na die Ngamimeer getrek het. Van daar het hulle dit onder die Swart stamme versprei in ruil vir ivoor, karosse en osse. Handelaars soos J.J. Wilson, Chapman en Sam Edwards was daarby betrokke.[61] Viljoen was so ontsteld daaroor dat hy sonder goedkeuring van sy regering self teen die uitlanders begin optree het. Toe 'n sekere Thomas Cocklin van hom 'n handelslisensie gevra het, het hy geweier omdat hy hom "stellig voorgenomen heb, om geen Engelschman hier onder de kaffers te laten handelen daar het beter is om aan getrouwe Burgers die hun goed en bloed aan onzen Staat opofferen, dezen handel alleen aan te betrouwen."[62] Viljoen het egter magteloos gestaan. Hy het wel 'n oog probeer hou oor Cocklin se doen en late,[63] maar hy kon hom nie keer nie. In Oktober 1859 was die Britse handelaar nog steeds in die binneland en het Viljoen berig ontvang dat hy met 'n skema besig was wat, soos die oud-veldkornet dit in 'n brief aan Pretorius gestel het, "grotelyks tot nadeel van ons Land met der tyd kan strek= ken." Sechele het naamlik met Cocklin ooreengekom dat, as die Brit vir hom 'n baksteenhuis bou, Sechele vir hom 'n

----------

60. SS25 R2788/59: Verslag van J.W. Viljoen, Marico, 4.5.1859, p.363.

61. SS11 R988/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 21.2.1856, pp.70-71; SS8 R923/55: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Marico, 22.10.1855, p.182 (hierdie dokument se datum moet wees 22.10.1858); ZAR 36: Staatskoerant 5.11.1858 (anonieme berig), p.80. James Chapman en J.J. Wilson was vroeër op 'n vriende= like voet met Viljoen (kyk hieronder, pp.253-254.) Sam Edwards was die seun van die sendeling R. Edwards wat in 1852 van die Transvaalse wesgrens verban is (kyk hierbo, p.238).

62. SS22 R2404/58: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 5.11.1858, p.73; A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.215.

63. SS24 R2531/59: J.W.Viljoen-C.Moll, Marico, 6.1.1859, pp.14-15.

goud- en kopermyn sou wys. Cocklin het 'n hoeveelheid erts laat ondersoek en uitgevind dat dit wel goud bevat. Daarop het Viljoen homself opnuut voorgeneem om geen Uit=lander meer in die binneland toe te laat nie, "want dezes zal duizende van gelukzoekers hier brengen, en wy kregen dan met Vyanden te doen die ons veel moeite zullen geven, te meer wanneer zy onder den Naam van Britsche Onderdanen schuilen."[64]

Uit hierdie woorde, profeties van die lot van die Suid-Afrikaanse Republiek na 1886, blyk dat Viljoen 'n duide=like beeld gehad het van wat die gevolge van die ontdek=king van ryk goudneerslae aan die Transvaalse wesgrens sou wees. Hierdie beeld is waarskynlik vroeër by hom inge=skerp deur die Kaapse fortuinsoeker, P.J. Marais, wat in 1855 verskeie besoeke aan Viljoen in Marico gebring het en selfs beplan het om saam met die veldkornet op 'n goud=soektog na Matebele- en Masjonaland te gaan. Hierdie Marais was vroeër in onder andere die V.S.A. en Australië waar hy persoonlik goudstormlope meegemaak het,[65] en hy het waarskynlik vir Viljoen daarvan vertel. Dit moes 'n groot indruk op die Boerepionier gemaak het, want in 1868 met sy sending na die Bamangwato en die Matebele in verband met die Tati-goudvelde, kan daar in sy optrede om fortuin=soekers uit die gebied te weer nog tekens van 'n vrees vir groot groepe buitelanders gesien word.[66]

In 1859 was Pretorius so beangs oor Viljoen se berigoor Cocklin se planne, dat hy self aan eerw. H. Schröder geskryf het om te [illegible] uitvind of dit wel so was.[67] Mettertyd is besef dat Viljoen onnodig geskrik het, want in Bakwenaland was daar

----------

64. SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 24.10.1859, pp.55 e.v.

65. G.S. Preller: Ons Goudroman. Die Marais-Dagboek (1849-1865). Oor Marais se kontak met Viljoen, pp.28-29 en 41-42.

66. Kyk Hoofstuk 8, pp.218-219.

67. SS27 R2965/59: M.W. Pretorius-H. Schröder, Potchef=stroom, 31.10.1859, pp.13 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie genoeg goud om ontginning betalend te maak nie. Dit het egter nie beteken dat daar nie steeds soos vroeër handel gedryf is nie en dit veral in wapens en ammunisie nie. So erg het dit gegaan dat Viljoen in 1865 weer by Pretorius moes kla oor handelaars soos Chapman en Frank Reader: "Heeren, het is ongeloofbaar zooveel kruit, loot (en) geweers als de gemelde handelaars aan de Nasies verhandelt. Gelief als UE. belief en schryf aan de Britse gouverment over de handel wyse van de gemelde handelaars."[68] Verskillende interpretasies van artikel 5 van die Sand=rivierkonvensie het die Transvaalse regering egter in 'n magtelose posisie geplaas in sy pogings om hierdie manne te probeer keer.[69]

Al wil dit uit bostaande anders lyk, was Viljoen se ver=houding tot buitelandse handelaars nie slegs gekenmerk deur vyandigheid nie. Net soos dit die geval met die sendelinge was, was Viljoen in sy private hoedanigheid so vriendelik teenoor meeste buitelanders in hulle privaat hoedanighede dat talle van hulle in geskrifte spesifiek of by implikasie daarvan melding gemaak het. So byvoorbeeld was Viljoen in die winter van 1852 saam met die handelaar, James Chapman, van wie hy later telkens in briewe as 'n wapensmokkelaar en dus 'n vyand van die Republiek melding gemaak het op 'n lang jagtog in die binneland.[70] In 1856 was hy in gereelde korrespondensie met J.J. Wilson, 'n handelaar wat hom toe by die Bakwena bevind het, en na wie hy ook later as 'n smokkelaar verwys het.[71] Die volgende

---

68. SS65 R320/65: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 17.3.1865, p.285 e.v.

69. W. Kistner: The Anti-Slavery Agitation, p.224.

70. James Chapman: Travels in the Interior of South Africa I, pp.13 en 21-116. In hierdie hoofstuk is daar talle onvriendelike verwysings na Chapman.

71. SS11 R1069/56: J.J. Wilson-J.W. Viljoen, 17.5.1856, p.289; SS11 R1080/56: J.J. Wilson-J.W. Viljoen, 28.5. 1856, p.316; SS11 R1082/56: J.J. Wilson-J.W. Viljoen, 28.5.1856, p.323 waarin daar melding van skrywes van Viljoen aan hom gemaak word. Volg p.251 hierbo vir 'n onvriendelike verwysing van Viljoen na Wilson in 'n brief aan Pretorius.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jaar was hy saam met 'n handelaar, Collins, in Matebele=land op 'n onsuksesvolle jagtog,[72] terwyl Robert Moffat jr., 'n handelaar en seun van die beroemde sendeling, in 1859 by die Viljoens gebly het terwyl hy gewag het op 'n ant=woord op 'n skrywe van hom aan Pretorius.[73] Tydens sy reeds gemelde besoek aan Viljoen in die herfs van 1863 het Moffat se ander seun, John Smith, ook gepraat van twee jong Engelse handelaars uit Natal, Edward Groom en George Field, wat in Marico handel gedryf, en hulle hoofkwartier by die Viljoens gehad het.[74] In Mei 1866 het Viljoen by sy president 'n goeie woordjie gedoen vir die handelaar Mederwitz, sodat daar, soos Viljoen dit gestel het, nie gesê kan word "dat daar geen opening is voor vreemdelingen" nie.[75]

'n Derde groep buitelanders met wie Viljoen gereeld in ver=binding was, was jagters en reisigers. Aangesien kontak tussen hulle deurgaans op private vlak geskied het en hierdie mense niks gedoen het om die Transvaalse onafhank=likheid in gevaar te bring nie, was Viljoen se verhouding met hulle goed, en het hulle oor die algemeen hoë lof vir hom en veral vir sy jagterstalente gehad.

Aangesien Viljoen se jagavonture eers in die volgende hoof=stuk ter sprake kom, is dit voldoende om hier te wys op enkele opmerkings van buitelandse jagters en reisigers oor Viljoen. W.C. Baldwin het in Oktober 1859 vir Viljoen en sy jagmaat Piet Jacobs by Nokwani in die jagveld raakge=loop, en kon net nie uitgepraat raak oor die "farfamed old hunters ... of great experience" wat hom presies beduie het waar hulle na olifante moet soek.[76] John Montgomery, die

---

72. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals II, pp.86-87, 105 en 110; E.C. Tabler: The Far Interior, p.235.

73. J.H. Breytenbach (red.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek IV (Bylaag 16, 1859, R2869/59: R. Moffat jr.-M.W. Pretorius, Kuruman, 30.5.1859), pp.250-251.

74. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Mission, p.200.

75. SS74 R79/66: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Vergenoeg, 29.1.1866, p.207.

76. W.C. Baldwin: African Hunting and Adventure, p.327.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stigter van Burgersdorp in die Kaapkolonie, was in 1868 in Marico waar Viljoen hom na sy plaas genooi het en waar hy 'n maand gebly het. Hy beskryf Viljoen as "a most active intelligent man", en maak die volgende veelseggende opmerking oor al die Viljoens: "They said they had no antipathy to the English; nor could I trace in Mr. Viljoen or his family any hatred to the British. All who come are treated with the same hospitality."[77] Parker Gillmore, 'n jagter, die beroemde Frederick Courteney Selous wat in 1895 die Pioneer Column na Rhodesië gelei het, en maj. Henry Stabb, 'n Britse offisier wat in 1875 op pad na die jagveld in Zeerust was, het dieselfde indruk van Viljoen gekry.[78]

In 1869 het Viljoen as gevolg van 'n onbesonne daad van sy seun Marthinus, in 'n onaangename geskil met die Potchef=stroomse koerant, The Advocate, wat deur Engelse beheer is, betrokke geraak. Dit het so gekom. Op 'n dag in 1867 het die jonger Viljoen en 'n vriend van hom 'n Barolongvrou en kind langs 'n openbare pad in Marico doodgeskiet. Hulle het die vrou,wat die kind op haar rug gedra en in lang gras weggekruip het, vir 'n wildevark aangesien. Montsioa het onmiddellik by kommandant Viljoen daaroor gekla, maar dié het dit as 'n ongeluk beskou en die saak so aan Pretorius verduidelik. 'n Klagte van Montsioa by die staatsprokureur het op dowe ore geval. Na twee jaar het The Advocate die voorval geopenbaar en die koerant se sim=patie was duidelik aan Montsioa se kant.[79] Dit het die

----------

77. The Friend, 4.12.1868 (Notes of a trip from Bloem=fontein to Marico and back, by John Montgomery).

78. Parker Gillmore: The Great Thirst Land, p.195;
F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in South Africa, p.30;
E.C. Tabler (red.): To the Victoria Falls via Mata=beleland. The Diary of Major Henry Stabb, 1875, p.4.

79. Transvaal Advocate, 10.8.1869 (Montsioa-F. Kleyn, Moshaneng, Julie 1869, en verduideliking), p.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kommandant warm onder die kraag gemaak. Hy is Potchefstroom toe waar hy gedreig het om die redakteur van die koerant te lyf te gaan en die drukpers te vernietig. Volgens 'n verslaggewer was hy "in such a paroxysm of rage and passion that oaths flew from him like imps of the devil who are goading him to his own destruction by lashing him into rage."[80] Volgens The Friend het Viljoen later by die staatsprokureur toestemming gaan vra om die drukpers te vernietig en die redaksie van The Advocate in die open=baar met 'n sweep by te kom.[81] Van hierdie beweerde aan=soek het niks gekom nie, maar The Advocate het kort daarna self opgehou om te bestaan. Hierdie optrede van Viljoen herinner aan sy behandeling van ds. Cachet en openbaar weer eens sy opvlieënde geaardheid en onbeteuelbare humeur.

In Junie 1876 het die administrasie van Griekwaland-Wes vir Alexander Bailie, 'n landmeter, aangestel as agent onder die noordelike stamme. Sy belangrikste taak was om arbeid vir die diamantmyne te gaan werf. In Desember 1876 was hy in Bulawayo waar hy deur sowel Lobengula as die Blankes in die Matebelestat vriendelik ontvang is, behalwe Viljoen,[82] wat waarskynlik gevoel het dat Britse amptenare geen reg gehad het om so ver ver noord op te tree nie. Hierdie is een van die min gevalle van kontak tussen Viljoen en 'n Britse amptenaar. In 1879 het Viljoen die Britse administrateur van Transvaal, sir Owen Lanyon, sowel as die Britse Hoë Kommissaris, sir Bartle Frere, persoonlik ontmoet,[83] en in 1884 het hy in Land Gosen ook persoonlik te doen gekry met Upington en Sprigg,[84] maar daaroor is weinig besonderhede bekend, te min om van afleidings te maak.

----------

80. Transvaal Advocate, 10.8.1869, berig op p.3; T.V. Bulpin: Lost Trails of the Transvaal, p.122.

81. The Friend, 14.10.1869 (berig uit Potchefstroom, 28.9.1869).

82. J.A.I. Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.142-145; E.C. Tabler: The Far Interior, p.418.

83. Kyk hoofstuk 11, p.272.

84. Kyk hoofstuk 12, p.300.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen het in sy houding teenoor buitelanders 'n duide= like gedragslyn geopenbaar. Op persoonlike vlak het hy geen vooroordeel teen Britte of ander vreemdelinge ge= koester nie. Hy het inteendeel baie gasvry teenoor hulle opgetree. Wanneer dit egter vir hom gelyk het of sulke buitelanders in hulle doen en late tot dade oorgegaan het of kon oorgaan wat nadelig vir sy land kon wees, het hy hulle van die Transvaalse wesgrens probeer weer. Daarin kon hy nie altyd slaag nie. Op die gebied van menseverhoudinge het Viljoen egter besonder baie gedoen om buitelanders gunstig te stem. Hierdie bydrae moet nie onderskat word nie. Hulle het waarskynlik minder met sy ontplofbare humeur te doen gekry as die landsburgers.

Die reisigers het baie oor Viljoen in 'n gunstige sin gerapporteer, hom as 'n grootwildjagter en pionier ge= respekteer en 'n positiewe beeld oor hom aan ons nagelaat. In die jagveld was Jan Viljoen waarskynlik op sy stukke en kon hy hom op avontuurlike wyse uitleef. Al was hy op persoonlike voet vriendelik en hulpvaardig teenoor Britte het hy op amptelike vlak die belange van sy Staat voorop= gestel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 10

### Beroemde grootwildjagter

Jan Viljoen word tot vandag toe nog onthou as jagter. Sy talle jagtogte tussen 1850 en 1879 het van hom een van die beroemdste jagters van die negentiende eeuse Suider-Afrika gemaak. Veral buitelanders onthou hom as grootwildjagter. Oor weinig Boere is so baie van die jag en togte na die binneland as juis oor Viljoen geskryf. Die hele gebied noordwes, noord en noordoos van die Suid-Afrikaanse Republiek en suid van die Zambesierivier was sy jagveld. Legende wil dit hê dat hy voor die beroemde ontdekkingsreisiger Livingstone by die Victoria-waterval was.[1] Dit staan egter te betwyfel of hy ooit die natuurwonder aanskou het. Hy was waarskynlik ook die eerste Blanke om in Masjonaland te jag.

Soos in sy verhouding tot die Swart stamme in en om Marico en in sy verhouding tot buitelandse sendelinge, handelaars, jagters en reisigers, het die ligging van Viljoen se plaas Vergenoeg op die weg na die Noorde aan die Transvaalse wesgrens 'n belangrike invloed op sy jagtersbedrywighede gehad. Talle jagters, hetsy Boere of buitelanders wat na die binneland op pad was, het by hom aangegaan, en sy huis met die atmosfeer van die jagterslewe gevul. Sy naby=heid aan die jagterspad het waarskynlik ook bygedra tot sy feitlik jaarlikse jagtogte. Daarby kon hy deur middel van die profyt wat te maak was uit jagprodukte soos velle

----------

1. Die Volkstem, 23.4.1936 en verdere uitgawes (R. Eras=mus: Hoe Ses Transvaalse Olifantjagters in 1851, 1853 en 1854 die Victoriawatervalle besoek het). Daar=volgens was Viljoen in Mei 1851 by die Waterval, maar toe was hy by die Ngamimeer. Volgens Viljoen se eie optekeninge is dit onmoontlik dat hy in 1853 of 1854 by die Val kon gewees het. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, p.51, sê dat Viljoen op 18.9.1841 by die Waterval was, wat onmoontlik is, want toe was Viljoen nog in die Kaapkolonie. Ook J.C. Fourie se getuienis soos opgeteken deur G. Preller, in A787 (Preller) no.213, Lêer 148, p.283, is in hierdie verband onbetroubaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en karosse, rieme, swepe en sambokke, volstruisvere en veral ivoor, die inkomste uit sy boerdery aansienlik aanvul. Ivoor het destyds vir die toenmalige aardige prys van meer as 'n rand per kilogram verkoop.[2] Daarby het hy ook nog soos in hoofstuk 8 aangetoon is tydens sy jagtogte in die binneland handel gedryf.

Of die jagterslewe altyd winsgewend was, is onseker want die Marico-boere was stoflik nooit wel daaraan toe nie. Mens moet in gedagte hou dat nie al die Marico-boere jag=ters was nie, maar in die sewentiger jare van die vorige eeu het die Oostenrykse reisiger, Emil Holub, na 'n besoek aan Marico geskryf: "It was only in a few instances that we saw anything like abundance, the farmers being, as I have said, addicted to elephant-hunting, and giving all their profit to that expensive amusement."[3] As gelet word op wat alles nodig was om 'n suksesvolle jagtog moontlik te maak, wil dit voorkom asof Holub se beskrywing van so 'n jagtog as "expensive amusement" eerder as 'n winsgewende bedryf moontlik korrek was. Eerstens moes 'n voornemende jagter 'n goeie wa hê. Swak waens kon mak=lik breek en dan was dit soms dae voor dit herstel was en die reis voortgesit kon word. Wanneer 'n wiel byvoor=beeld gebreek het, moes die langwa of die disselboom gebruik word om nuwe speke te maak. Nat hout het nie daarvoor gedeug nie. Dan moes daar natuurlik weer 'n nuwe disselboom of langwa gekap word.[4]

Om die wa te trek was osse nodig. In hierdie verband was die jagter se drie groot vyande tsetsevlieg, roof=diere en dors. Die roetes moes so gekies word dat streke waar tsetsevlieg voorkom vermy kon word. Viljoen het

----------

2. Volgens persoonlike mededeling van C.F. Gronum, skrywer van Boere en Jagters in Ou Marico; A787 (Preller) no. 213, Lêer 148 (Getuienis van J.C. Fourie omtrent J.W. Viljoen), p.283 waar beweer word dat 6/- per lb. vir ivoor gekry is.

3. Emil Holub: Seven Years in South Africa, pp.420-421.

4. James Chapman: Travels in the Interior of Africa I (Ed. Tabler, Balkema, 1971), p.59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een keer met sy waens in die tsetsevlieg beland, en as gevolg daarvan meer as veertig osse verloor. Dit was toe hy en Piet Jacobs in 1865 vir die eerste keer in Masjonaland gejag het. Tydens hierdie tog het Viljoen se geselskap meer as tweehonderd olifante geskiet wat saam by die 4 500 kilogram ivoor gelewer het. Viljoen moes dus nuwe osse kry om die waens waarop die ivoor gelaai was, te trek. Hy het by die Masjona die nodige osse geruil vir 5 gewere - iets waaroor Moselekatse so kwaad was dat hy die betrokke Masjona, wat hy as sy vasalle beskou het, laat uitmoor en die gewere gekonfiskeer het.[5]

Met roofdiere het Viljoen volgens beskikbare gegewens nooit ernstige probleme ondervind nie. Terwyl hy, sy een seun en twee van sy skoonseuns in Augustus 1873 in die veld was, het vyf leeus twee van sy pakdonkies by sy kamp langs die Gweniarivier aangeval. 'n Paar maande later was Viljoenhulle steeds in die veld toe leeus sy vrou nagmerries besorg het met hulle gereelde besoeke aan sy staanplek. Hulle het twee koeie en twee osse gevang. Selous het een van die leeus geskiet.[6]

Veral in die westelike streke van die binnelandse jagvelde, die noordelike Kalahari en die gebiede rondom die groot soutpanne genoem die Dorsland, was daar gebrek aan water. In 1859, na 'n uiters suksesvolle jagtog waarin 93 olifante geskiet is, was Viljoen en Jacobs verplig om hulle waens noord van Kolobeng agter te laat en daarsonder na Marico terug te keer.[7] Of hulle ooit die ivoor en die waens terug in Marico gekry het weet ons nie.

Waens is nie net gebruik om die ivoor, velle, karosse, volstruisvere en ander jagprodukte op te laai nie, maar

---

5. J.P.R. Wallis (red.): The Southern African Diaries of Thomas Leask, p.78; E.C. Tabler: The Far Interior, p.272.
6. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, pp.326 en 363-364.
7. SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 24.10.1859, p.56 e.v.; W.C. Baldwin: African Hunting and Adventure, p.327.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit het ook gedien as slaapplek en al die proviand is daarop vervoer. Daarvan was die belangrikste gewere en ammunisie, kookgereedskap, waterhouers, pikke, grawe, koevoete, byle, hamers, beitels, sae, bore, messe, ekstra trekgereedskap, voedselvoorrade, klere en medisyne.[8] Om al hierdie dinge aan te skaf, het 'n groot kapitaaluitleg vir die voornemende jagter beteken, sodat 'n onsuksesvolle tog die jagter oneindig diep in die skuld kon dompel. Viljoen het jag egter as 'n lonende bedryf gesien. In 1857 het hy toestemming van Pretorius gevra om vir 2 of 3 maande te gaan jag, spesifiek omrede hy skuld gehad het wat hy uit die winste van die jag wou betaal.[9]

Een van die basiese vereistes vir 'n suksesvolle jagtog was dat die jagter 'n goeie jagperd moes saamneem. Jag= perde moes gesout wees teen perdesiekte. Sulke perde was nie in oorvloed verkrygbaar nie, en R400 was nie 'n buitensporige prys om vir een te betaal nie. Die jagter William Finaughty het in 1866 R120 stuk vir twee gesoute perde betaal en een daarvan 3 jaar later vir ivoor ter waarde van R600 verruil.[10] Soos uit Chapman se Travels in the Interior of Africa blyk, was 'n goeie perd wanneer dit by die skiet van olifante kom, vir sy eienaar goud werd.[11] Toe Selous in 1872 in Matebeleland aangekom het, het die Viljoens te voet in die tsetse-besmette gebiede gejag en talle olifante geskiet, maar dit was omdat dit die enigste gebiede was waar daar nog groot getalle olifante te vinde was.[12] Die gewone praktyk was om te perd te jag. Olifante was nie al soort wild waarop jag gemaak is nie.

----------

8. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, pp.30-33.
9. SS15 R1458/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 15.4.1857, pp.301-302.
10. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, p.33; W. Finaughty: The Recollections of an Elephant Hunter, pp.39-40.
11. James Chapman: Travels in the Interior of Africa I, pp.25-30; James Chapman: Travels in the Interior of Africa I (Ed. Tabler, Balkema, 1971), p.46.
12. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, pp.33-34; E.C. Tabler: The Far Interior, p.384.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Talle renosters, buffels, kameelperde, wildebeeste en se= bras, koedoes, elande, waterbokke en kleinwild moes geskiet word om die jaggeselskap van vleis te voorsien. So 'n geselskap het nie net uit Blanke jagters bestaan nie. Daar was ook wadrywers, kampbediendes, geweerdraers, spoorsnyers, gidse en slagters nodig, en dan was daar nog Swartes wat bloot met die doel om vleis te bekom die jag= ters gevolg het, en waarvoor gesorg moes word. In Chapman se dagboek van 1852 is daar feitlik daagliks vermelding van wild wat geskiet is om al die monde te voed.[13]

Vrees vir malaria het veroorsaak dat Viljoen in die vyf= tiger en sestiger jare slegs in die winter, dit wil sê in die droë seisoen na die jagveld gegaan het, en altyd teen die einde van die jaar in Marico terug was. Om in 'n ongesonde gebied te oorsomer, het feitlik sekere dood deur malaria beteken. Na die rampspoedige einde van die Makololo-sending van 1859 is reeds in die vorige hoofstuk verwys. In 1865-1866 het 'n sekere Christiaan Harmse, sy vrou en ses kinders en 'n jagmaat Thomas Wood in Masjonaland oorsomer, met tragiese gevolge. Malaria het die hele geselskap met uitsondering van Harmse se vrou en klein seuntjie uitgewis.[14] In 1872 het Viljoen egter 'n veilige kampplek aan die Gweniarivier in Masjonaland gehad waar hy kon oorsomer. Sy vrou en dogters is toe vir die eerste keer saam na die jagveld. Vanuit hierdie kamp, waar hy 'n hartbeeshuisie opgerig het het Viljoen, sy seuns en skoonseuns vir tydperke van tussen 'n week en 'n maand lank na olifante gaan soek. Noodsaaklike lewens= middele soos klere, tee, koffie en suiker is op plekke soos Inyati, Bulawayo en Tati van handelaars geruil vir ivoor en volstruisvere.[15]

-----------

13. James Chapman: Travels in the Interior of Africa I (Ed. Tabler, Balkema, 1971), pp.39-84.
14. W. Finaughty: The Recollections of an Elephant Hunter, pp.53-55.
15. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, pp.32-33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die jagveld was die Viljoens altyd gasvry en hulle ontvangs van vreemde jagters. Frewen het in Desember 1877 vir Viljoen beskryf as 'n "charming old man" wat hom met ope arms by sy kampplek in die jagveld ontvang het. Selous het geskryf hoe aangenaam 'n kuier by hulle was: "(They) regaled us ad. lib. upon bread and butter, and butter milk, an indescribable treat to us who had been so long strangers to such luxuries."[16] Robert Noble Acutt het ook spesifiek gemeld: "On several occasions I enjoyed their very kind hospitality."[17] So ook majoor Henry Stabb, aan wie Viljoen baie jagverhale vertel het, soos van die een keer toe hy deur 'n leeu gebyt is. Wanneer en presies hoe dit gebeur het, is nie seker nie. Stabb het geskryf dat Viljoen die leeu gewond het maar dat die leeu hom tog bygekom en in die gesig gebyt het. Sy red=ding was glo te danke aan 'n hondjie wat aangehou het met blaf en selfs na die leeu gehap het, met die gevolg dat dié meer aandag aan die hond as aan die mens gegee het en so aan Viljoen die geleentheid gebied het om hom die dood=skoot te gee.[18] Hoe dit ook sy, Viljoen was gelukkig om met sy lewe van die aanval af te kom.

Viljoen was hoofsaaklik 'n olifantjagter, maar hoeveel olifante hy in sy loopbaan geskiet het, is onbekend. Inderdaad is kennis van meeste van sy jagtogte so beperk dat dit onmoontlik is om selfs 'n vae skatting te waag van wat die getal kon wees. Hy was in 1850 vir die eerste keer in die jagveld noord van Shoshong,[19] maar van sy jag=aktiwiteite by hierdie geleentheid is niks bekend nie. In

---

16. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, p.363.
17. A787 (Preller) no.213, Lêer 148, p.312 (Uitknipsel: "The Reminiscences of Robert Noble Acutt" in South Africa, 27.11.1925, p.376).
18. E.C. Tabler (red.): To the Victoria Falls via Matabele=land. The Diary of Major Henry Stabb, 1875, p.4. 'n Ander weergawe van die gebeurtenis, soos deur Preller opgeteken, wil dit hê dat die leeu Viljoen van agter aangeval het en op sy perd gespring het. In die worste=ling wat gevolg het, het die saal gedraai en die buikgord gebreek. Viljoen en die leeu het op die grond te lande gekom en die perd het in sy gespartel om van die saal los te kom blykbaar die leeu geskop, waarop laasgenoemde die wyk geneem het. Kyk A787 (Preller) no.213, Lêer 148, p.305. Dit stem ooreen met wat C.F. Gronum persoonlik aan skrywer hiervan meegedeel het.
19. D.W. Krynauw en H.S.Pretorius (reds.): Transvaalse Argief=stukke R219/50 (A.H. Stander-A.W.J. Pretorius, Marico, 1.8.1850), p.34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1851 was hy weer daar, en het saam met Petrus Jacobs, wat hom op talle togte vergesel het, Willem Prinsloo en twee of drie ander Boere die Ngami-meer bereik- die eerste Boere= jagters wat daarin kon slaag.[20] Hulle was vir omtrent ses maande weg uit Marico en het na alle waarskynlikheid olifante gekry, maar ongelukkig is hieroor geen besonder= hede beskikbaar nie.

James Chapman se Travels in the Interior of Africa bevat die enigste uitvoerige beskrywing van 'n jagtog waaraan Viljoen deelgeneem het. Dit was in die winter van 1852. Die geselskap het bestaan uit Viljoen en Chapman, Viljoen se een seun, 'n Duitser Otto Wirsing, en twee jong Boere, Pieter Greyling en Jan de Waal. Tussen hulle almal het hulle op die hele jagtog 32 olifante geskiet, waarvan Chapman volgens homself die meeste platgetrek het.[21] Dit was op pad terug van hierdie jagtog dat Viljoen byna deur die Bamangwato van Sagoema vermoor is.[22]

Of Viljoen in 1853 gaan jag het, weet ons nie: daar be= staan geen gegewens om 'n bewering te regverdig nie. In 1854 was hy egter weer in die jagveld saam met 'n handelaar uit die Kaapkolonie, L.M. Swartz, wat later self 'n bekende jagter geword het, en twee ander Boere. Of hulle enige sukses behaal het, is onbekend. Op Viljoen se aanbeve= ling het Swartz met die Matebeles gaan handel dryf. Dit was op die stadium toe die sendeling Robert Moffat vir Viljoen by Moselekatse sou aanbeveel het as 'n vriend van die Swartman.[23] Twee jaar later was die veldkornet weer op jag saam met Petrus Jacobs en twee ander Blankes,[24] en

---

20. I. Schapera (red.): David Livingstone Family Letters II, p.125; E.C. Tabler: Pioneers of South West Africa and Ngamiland, p.116; Servaas le Roux: Baanbrekers en Jagters, p.77.
21. James Chapman: Travels in the Interior of Africa I, pp. 21-102; J. Chapman: Travels I (Ed. Tabler, Balkema, 1971), pp.39-75.
22. Kyk hoofstuk 8, pp.210-211.
23. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals I, pp.200-201, 219-220; E.C. Tabler: The Far Interior, p.228.
24. Argief Potchefstroom I Landdros inkomende stukke 1842-1856: D.L. Botha-R.W. Schikkerling, Marico, 8.8.1856; SS12 R1145/56: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, Marico, 21.7.1856, pp.39-40; SS12 R1188/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Klein Marico, 5.9.1856, p.138.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weer is daar geen inligting oor moontlike suksesse te bekom nie. Ongelukkig het Viljoen self nie sy jagtogte belangrik genoeg geag om daarvan in sy briewe melding te maak nie.

In 1857 was alles so stil en rustig in Marico dat Viljoen gevoel het dat hy nie sy plig as veldkornet te veel sal verwaarloos as hy bietjie gaan jag nie.[25] Hierdie keer is hy deur een van sy seuns en 'n Britse handelaar uit Natal, Collins, na Matebeleland vergesel. Soos Swartz in 1854 het Collins sy vrou vir die duur van die jagtog by Viljoen se vrou op Vergenoeg gelaat.[26] In Oktober het Moselekatse 'n brief van Collins ontvang waarin hy versoek het om die Matebelekoning te ontmoet om oor 'n jagplek te onderhandel, en 'n wa van Viljoen vir olifantstande te verruil. Die ruiltransaksie het, soos in hoofstuk 8 aangetoon is, plaasgevind. Oor jagvelde kon daar egter nie eers met die hulp van die sendeling ooreengekom word nie.[27] Die tog was wat die jag van olifante betref onsuksesvol, en einde November was Viljoen en Collins weer op pad terug na Marico.[28]

Op 29 Maart 1858 het Viljoen die effektiewe gesag as veldkornet tydens sy afwesigheid aan D.L. Botha oorgedra en weer na die noordelike jagvelde vertrek.[29] Dit is moontlik dat die jagpaaie hom weer na Matebeleland gevoer het,[30] maar niks is verder van die tog bekend nie. In die winter van 1859 het 'n uiters suksesvolle tog gevolg waartydens Viljoen en Petrus Jacobs 93 olifante geskiet het.[31] Die einde daarvan was byna rampspoedig, want hulle moes

25. SS116 R1666/57: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Klein Marico, 1.8.1857, pp.294-295.
26. E.C. Tabler: The Far Interior, p.234.
27. J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Journals II, pp. 86-87, 104-105, 110, 120-121.
28. E.C. Tabler: The Far Interior, p.239.
29. SS20 R2013/58: D.L. Botha-C. Moll, 17.4.1858, p.54.
30. The Star, 17.10.1925 (E. Marais: The Blood Trail in the Transvaal).
31. W.C. Baldwin: African Hunting and Adventure, p.327; Servaas le Roux: Baanbrekers en Jagters, p.80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle waens as gevolg van 'n waterskaarste in die Dorsland noord van Kolobeng agterlaat.[32]

As lid van die swak beplande Makololo-sending was die sen= deling John Mackenzie in Augustus 1860 ongeveer 200 kilo= meter noordwes van Shoshong toe hy by die fontein, Maila, op 'n kampplek van Viljoen afgekom het.[33] Dié was op daardie stadium saam met Petrus Jacobs in die veld suid= oos van Maila op jag waar hulle volgens Mackenzie op groot troppe olifante afgekom het. Daar het Jacobs 'n noue ontkoming gehad. Hy het een aand by die kamp van drie buitelanders, Reader, Burgess en Lamond, opgedaag met die doel om 'n perd te koop. Die transaksie is beklink en Jacobs is uitgenooi om die nag saam met die drie jong manne deur te bring. Hulle het hulle langs die vuur uitsgemaak. Talle jagstories is vertel totdat Burgess besluit het om te gaan slaap. Hy het sy pyp by die vuur opgesteek en in sy wa 20 meter daarvandaan verdwyn. Sowat tien minute later het die drie manne by die vuur 'n verblindende vlam gesien, gevolg deur 'n oorverdowende ontploffing. 'n Vonkie uit Burgess se pyp het blykbaar op die kruit geval, waarvan daar 'n aansienlike hoeveelheid op die wa was. Van Burgess en die drie waens in die kamp was daar bitter min oor, en so ook van die perd wat Jacobs gaan koop het. Hyself het egter ongedeerd daarvan afgekom.[34]

In 1861 het Viljoen sy eerste persoonlike besoek aan Moselekatse gebring.[35] Hy is vriendelik deur die Matebele= koning ontvang.[36] In 1862 was die kommandant weer in die jagveld,[37] maar van sy bedrywighede as jagter in 1863 en

---

32. Kyk hierbo, p.260; SS29 R3192/59: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 24.10.1859, p.56.
33. Maila se ligging: kyk kaart aan einde.
34. John Mackenzie: Ten Years North of the Orange River, pp.152-154; The Friend, 26.10.1860 (oorgeneem uit De Oude Emigrant).
35. E.C. Tabler: The Far Interior, p.260; J.P.R. Wallis (red.): The Matabele Mission, p.197.
36. SS39 R4886/61: J.W. Viljoen-St. Schoeman, 28.12.1861, p.536.
37. E.C. Tabler: Pioneers of South West Africa and Ngamiland, p.116.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1864 is niks bekend nie.

Die volgende jagtog van Viljoen waaroor daar wel besonderhede bestaan, was dié van 1865 toe Moselekatse aan hom en Petrus Jacobs toestemming verleen het om in Masjonaland, oos van Matebeleland, te gaan jag - die eerste Blankes om so 'n vergunning te kry.[38] Die olifante daar rond was glad nie jagters gewoond nie, en Viljoen en sy jagmaats het by die 200 geskiet, 47 daarvan op 'n enkele uiters suksesvolle dag.[39] Dit was tydens hierdie tog waarop Viljoen 40 osse as gevolg van tsetsevlieg-steke verloor en toe nuwes by die Masjona vir gewere geruil het met tragiese gevolge vir die betrokke Masjona wat deur hulle Matebele-heersers vermoor is.[40] 'n Ander gevolg daarvan was dat, toe Viljoen die volgende jaar saam met Engelbrecht en Oosthuizen gaan jag het, hy maar weer noordweswaarts is, omdat Moselekatse hom nie weer na Masjonaland wou laat gaan nie. Oor hierdie jagtog is niks bekend nie.[41]

In 1872 het Viljoen in Masjonaland kennis gemaak met Frederick Courteney Selous, die Brit wat later self 'n beroemde jagter geword het. Die oud-kommandant het vir hom en 'n vriend, Sadlier, saamgenooi na sy staanplek aan die Gweniarivier. Selous was verheug oor 'n uitnodiging van so 'n ervare jagter. Weens 'n lelike sny aan sy voet kon hy egter nie saam met die Viljoens gaan op wat 'n uiters suksesvolle jag was nie.[42] Teen Desember van daardie jaar het die Viljoens Masjonaland verlaat. In

---

38. E.C. Tabler (red.): The Recollections of William Finaughty, p.24.

39. SS71 R1206/65: D.J. Coetzee-M.W. Pretorius, 13.11.1865, p.155; T.V. Bulpin: To the Banks of the Zambezi, pp.142-143.

40. J.P.R. Wallis (red.): The South African Diaries of Thomas Leask, p.69; kyk hierbo, p.260.

41. J.P.R. Wallis (red.): The South African Diaries of Thomas Leask, p.42; E.C. Tabler: The Far Interior, p.277.

42. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, pp.30-34; T.V. Bulpin: To the Banks of the Zambezi, p.179; E.C. Tabler: The Far Interior, pp.383-384.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Julie en Augustus 1873 het die ou jagter weer 17 olifante in die Bo-Semokwerivier gebied geskiet.[43] Daardie jaar was hy ook by die Matebelekoning Lobengula, Moselekatse se seun en opvolger, want dié het by hom navraag gedoen in verband met 'n moontlike traktaat met die Suid-Afrikaanse Republiek, iets waarvan daar ongelukkig niks gekom het nie.[44]

Van Viljoen se jagaktiwiteite in die volgende jare is geen besonderhede bekend nie. Legende wil dat hy tussen die soutpanne in die noordelike Kalahari en die Umfuli-rivier in Masjonaland gejag het.[45] In Augustus 1878 het Selous weer die Viljoens se staanplek by die Gweniarivier aange= doen. Die oud-kommandant was toe saam met een van sy seuns en twee van sy skoonseuns uit op soek na olifante, maar hulle was onsuksesvol.[46] In Desember het hy steeds van die Gwenia af anderkant die Intaba Insimbi gejag, ter= wyl sy vrou in die kamp probleme met leeus gehad het.[47]

Dit was Jan Viljoen se laaste probeerslag, want in 1879 het hy sy geliefde jagveld finaal vaarwel toegeroep.[48] Soos talle ander jagters van naam het hy besef dat die jagparadys noord en wes van die Limpoporivier deels deur sy eie toedoen van olifante ontvolk is.[49] Sy suksesvolle en roemryke loopbaan as jagter was noodgedwonge verby. Om te probeer bereken hoeveel olifante hy geskiet het, sal nutteloos wees, want hy het self nie boek gehou daarvan nie, en oor meeste van sy togte is daar geen besonderhede beskik= baar nie. Buitendien het die jagters self somtyds nie geweet

----------

43. E.C. Tabler: The Far Interior, pp.384-389; Oates, C.G. (red.): Matabele Land and the Victoria Falls ... From the letters and journals of the late Frank Oates, p.140.
44. SS162 R1787/73: J.W. Viljoen-T.F. Burgers, Vergenoeg, 7.11.1873, p.275 e.v. Kyk hoofstuk 8.
45. Servaas le Roux: Baanbrekers en Jagters, p.80.
46. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, p.326.
47. Ibid., p.363.
48. E.C. Tabler: The Far Interior, p.427.
49. T.V. Bulpin: To the Banks of the Zambezi, pp.195-196.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het wie het watter olifante eerste geskiet nie, en met die tref-krag van destyds se gewere het dit soms die gesamentlike vuur van baie jagters gekos om 'n olifant neer te trek.[50] 'n Mens kan slegs raai dat hy baie honderde olifante moes geskiet het.

Aan die einde van die sewentiger jare was die jagterslewe vir die 67-jarige Viljoen iets van die verlede. Sy plig as burger van die deur Brittanje geannekseerde Suid-Afrikaanse Republiek het dit buitendien vereis dat hy in Marico moes wees om die onafhanklikheid te help herwin. Die lewe van aande langs die kampvuur te sit en gesels oor 'n pyp en 'n koppie koffie sou hy nie weer smaak nie. Slegs in sy geheue sou sy jagavonture voortleef. Metter=tyd is daar legendes rondom hom opgebou, soos dié wat opgeteken is deur Gronum en Erasmus, legendes wat meesal in besonderhede glad nie met die werklikheid strook nie, maar wat van waarde is weens die omstandigheidsgetuienis wat daarin opgesluit lê.[51]

Viljoen was 'n jagter van betekenis; daarom dat hy legen=daries geword het en in dié opsig altyd onthou sal word as 'n romantiese figuur in die pioniersjare van Transvaal, Rhodesië en Suider Afrika.

----------

50. J. Chapman: Travels I (Ed. Tabler, Balkema, 1971), p.69 vertel dat dit by 'n geleentheid 60 skote van 5 jagters gekos het om 'n olifantbul dood te kry.

51. Kyk voetnoot 1, bladsy 258

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 11

## Jan Viljoen en die Eerste Vryheidsoorlog

Sir Theophilus Shepstone het op 12 April 1877 'n proklama= masie uitgevaardig waarvolgens die Suid-Afrikaanse Republiek deur die Britse koningin geannekseer is. Die Britse vlag is sonder gebruikmaking van geweld in Pretoria gehys, en dit sou ook nie dadelik met geweld verwyder word nie. Daar was geen gees van eendragtigheid onder die Transvalers wat gesamentlike optrede teen 'n gemeenskaplike vyand sou moontlik maak nie. In die vier jaar tussen 1877 en 1881 het daar egter 'n gevoel van lotsverbondenheid by die Transvaalse Afrikaanssprekendes ontwikkel en teen die einde van 1880 het die volksleiers moeite gehad om die burgers te weerhou van 'n kragtige uiting van hulle nasio= nale gevoel.[1] 'n Vryheidstryd het gevolg, 'n stryd wat suksesvol vir die Boere geëindig het. Ook in hierdie stryd het Jan Viljoen, hoewel reeds diep in die sestig jaar oud, sy beskeie en onmisbare, en soms kontroversiële rol gespeel.

Viljoen het niks te doen gehad met die stuur van die twee deputasies na Engeland nie, en het ook nie sy naam op die memories om beswaar teen die anneksasie te maak, geteken nie. Die rede is omdat hy in 1877 en 1878 nog so intens by sy jagaktiwiteite betrokke was, dat hy doodeenvoudig nie tyd gemaak het om hom by die verset teen die anneksasie aan te sluit nie. Hierdie verset het ge= spruit uit 'n gevoel onder die Boere dat daar met die anneksasie 'n daad van verontregting teen hulle gepleeg is, en dit sou nie verdwyn voor die onafhanklikheid terug= gewen is nie. Viljoen het homself in Maart 1879 by die verset aangesluit toe hy, pas terug uit Masjonaland, die volksvergadering te Kleinfontein bygewoon het. Hierdie

----------

1. F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, hoofstuk VII.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verset het aanvanklik bestaan uit die stuur van twee depu= tasies na Engeland wat moes gaan vra vir die herstel van die onafhanklikheid, en uit 'n stemopname om te bewys dat die meerderheid Transvalers die anneksasie verwerp het. Daar was egter burgers wat van die begin af sterk wou optree, soos F. Wolmarans wat met 400 gewapende burgers in April 1877 al vir Shepstone die land wou uitjaag.[2]

Met Viljoen se aankoms op Kleinfontein het 'n sekere A. Vorster ook daar die mening uitgespreek dat die onafhank= likheid "des noods met kracht van wapenen" herstel moet word. Die oud-kommandant van Marico het hom met hierdie voorstel vereenselwig. Toe J.H.M. Kock hulle egter daarop wys dat die volk die taak om middele voor te stel vir die herstel van die onafhanklikheid aan 'n Volkskomitee opgedra het, het Viljoen hom daarby berus. Vir hom was die be= langrikste om die onafhanklikheid so gou moontlik te herstel, "want de kinderen Israëls hadden wel 40 jaren in de woestyn rondgezworven, maar wij waren reeds langer in de verdrukking geweest."[3]

Twee dae later, op Saterdag 22 Maart, is Viljoen tot lid van die Volkskomitee van Boerevoormanne benoem.[4] Hierdie Komitee is in Januarie 1878 tydens 'n volksvergadering in Pretoria gekies. Die hooftaak daarvan was om "de volks= zaak te behartigen", of om maatreëls vir die herstel van die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek te neem. Die Komitee het mettertyd daarin geslaag om die burgers bymekaar te kry en as "volk" te verenig. Dit het ook as mondstuk vir die volk na buite gedien.[5] Viljoen se

---

2. J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek, in C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskie= denis, p.235.

3. Verslag van byeenkoms op Kleinfontein, Donderdag 20 Maart 1879, opgeneem in De Volksstem, 25.3.1879.

4. BV3: Notule, Volkskomitee-vergadering, Kleinfontein, 18.3.1879-18.4.1879, p.14 e.v.

5. W.J. Leyds: De Eerste Annexatie, p.293; E.J.P. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen, p.39; F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, p.127.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rol op die Volkskomitee was nie merkwaardig nie. Hy was lid van die afvaardiging wat op 24 Maart 1879 met die Administrateur van Transvaal, sir Owen Lanyon, 'n onder= houd gevoer het, maar hy het geen belangrike aandeel in die besprekings gehad nie.[6] As lid van die deputasie wat op 12 April 1879 vir sir Bartle Frere, die Hoë Kommissaris, ontmoet het, het Viljoen ook net beaam wat deur segsmanne soos oud-president Pretorius, Paul Kruger, Piet Joubert en William Robinson gesê is, naamlik dat die Transvalers weer onafhanklik wil word.[7] Hierdie twee ontmoetings het geen konkrete gevolge gehad nie. Frere het wel toegestem om 'n petisie van die Boere aan koningin Victoria aan te stuur. Daarin is gesmeek om die teruggawe van hulle on= afhanklikheid maar terselfdertyd op die moontlikheid van 'n gewapende stryd oor die saak gesinspeel.[8] In sy bege= leidende skrywes het Frere betekenisvol verklaar: "I think I may say that their representations are worthy of your earnest consideration."[9] Die antwoord van die Britse Koloniale Sekretaris, sir Michael Hicks-Beach, het egter nie die Boere tevrede gestel nie. Dit het op die volgende neergekom: "It would not be possible, and if possible would be injurious to the country, to reestablish the form of government which existed before the 12th of April 1877."[9]

In Julie 1879 het Viljoen 'n vergadering van die Volks= komitee bygewoon, asook in Desember te Wonderfontein. Die ideaal om die Republikeinse regering op vreedsame wyse te probeer herstel, is daar herbevestig.[10] By nog 'n Volks=

-----------

6. BV36: Notule, onderhoud tussen Lanyon en Boere-afge= vaardigdes, 24.3.1879, pp.9-12; ook in BV3, p.24 e.v.
7. Transvaal Government Gazette 25.4.1879: Notule, by= eenkoms tussen Frere en 'n Boeredeputasie, 12.4.1879, p.1 e.v.; ook in BV3, p.36 e.v.
8. G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.87-93, bevat 'n Engelse teks van hierdie petisie.
9. Die teks daarvan, asook die Koloniale Sekretaris se antwoord, is ook opgeneem in G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.93-97.
10. BV3: Notule Volkskomitee-vergadering, 10-11.7.1879, p.55 e.v. en Notule Volkskomiteevergadering, 10-17.12.1879, p.62 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



komitee-vergadering te Rietvlei in Maart 1880 is besluit om 'n "Nationale Boerenhandelsvereeniging" te stig met die doel om handel aan te wakker, in besonder deur die oprigting van soveel Boerewinkels as moontlik. Op hierdie wyse kon daar teen die laags moontlike pryse in die daag= likse behoeftes van die Boere voorsien word, en landbou= produkte op die mees voordelige wyse verkoop word. Ter= selfdertyd kon vreemdelinge op handelsgebied teëgewerk word. Viljoen is as Marico se "Commissaris" op die "Maatschappij" benoem.[11] Van hierdie ambisieuse plan het daar egter nie veel gekom nie.

Kruger en Joubert het in die winter van 1880 'n geslaagde sending na die Kaapkolonie onderneem, in die sin dat die Kaapse Parlement mede as gevolg van die sending se propa= ganda nie ten gunste van 'n federasie van Suid-Afrika besluit het nie. Kaapse goedkeuring van 'n wetsontwerp om Trans= vaal by sodanige federasie onder Britse vlag te betrek, sou beteken dat die Transvalers van die herroeping van die anneksasie kon vergeet.[12] Die nie-aanvaarding van die wetsontwerp was 'n oorwinning vir Kruger en Joubert. Na hulle terugkeer het die Volkskomitee besluit om op 8 Januarie 1881 'n volksvergadering te Paardekraal te hou, waar die ou Republiek herstel sou word.[13] Die gevoel teen die Britse bewind het egter voor daardie datum al so 'n krag geword dat insidente in November 1880 die Boere na hulle wapens laat gryp het. Daarom is die volksvergade= ring met 'n maand vervroeg. Die volk kon nou nie meer ge= keer word nie: hulle wou die Republiek herstel hê.[14]

----------

11. De Volksstem, 23.3.1880: Uittreksel uit notule van Volkskomitee-vergadering, 10.3.1880; F.A. van Jaars= veld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, p.128.

12. H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): Gedenkskrifte van Paul Kruger (Pretoria, 1947), p.76.

13. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.299.

14. E.J.P. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen, pp.60-61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 13 Desember het die ou Volksraad wat sedert 1877 nie weer byeengekom het nie, by Paardekraal vergader en die bestuur van die land opgedra aan 'n driemanskap bestaande uit Kruger, Joubert en M.W. Pretorius.[15] Jan Viljoen was lid van 'n deur die Volksraad benoemde kommissie wat die Uitvoerende Raad-vergadering bygewoon het, waarop besluit is om 'n proklamasie uit te vaardig, waarvolgens die Suid-Afrikaanse Republiek op 16 Desember 1880 herstel word.[16] Die Britse bewind in Pretoria, Kaapstad en Londen het hierdie optrede as rebellie beskou,[17] en 'n oorlog het ge= volg, waarin ook Jan Viljoen 'n rol gespeel het.

Jan Viljoen was met die uitbreek van die Eerste Vryheids= oorlog nie net aan die Britse bewind in Transvaal bekend vanweë sy rol in die Volkskomitee nie, maar ook weens allerhande gerugte oor sy optrede op die wesgrens gedurende 1879-1880. Hierdie gerugte is oorspronklik deur 'n sekere Coscan versprei. Hy het Viljoen bestempel as die leier van die 'desperaat dislojale' Boere wat daarmee spog dat hulle die Engelse uit hulle land gaan jaag. Hy het ook beweer dat Viljoen sy bes gedoen het en doen om die Tswana-kapteins se hulp teen die Engelse te verkry. Na verdere ondersoek het majoor Barnes vir Viljoen bestempel as 'n "thorough Rebel and a very bad man". Daarom het die Transvaalse prokureur-generaal gevoel dat die 'veiligheid van die Provinsie' hom dwing om Viljoen en sy makkers te vervolg. Landdros van Yperen van Zeerust was egter van mening dat die Britse bewind hase wat nie bestaan nie pro= beer opjaag het. In sy oë was Viljoen 'n ou man met geen noemenswaardige invloed onder sy eie mense nie, en nog

----------

15. I.D. Bosman: Oorheersing en Vrywording, 1877-1884, in A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer en D.W. Kruger (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, pp.311-312.

16. BV6: Notule Uitvoerende Raad 1880, p.3.

17. J. Lehmann: The First Boer War, p.101.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



minder onder die Swartes.[18] In November 1880 het Lanyon self aan Van Yperen geskryf "to spare no trouble or expense to obtain evidence against Jan Viljoen and others whose actions tend to bring about trouble", maar weer het die landdros geantwoord dat hy deeglik ondersoek ingestel het en geen getuienis in verband met skemas van Viljoen kon inwin nie.[19] Dit is egter seker dat daar planne in Marico teen die Britse bewind gemaak is, die aard waarvan vir ons onbekend is.

Na die herstel van die Suid-Afrikaanse Republiek het kommandant-generaal Piet Joubert op 18 Desember 1880 vir Viljoen na generaal Piet Cronjè in Potchefstroom gestuur "met orde UEd. met manschappen bij te staan van Marico."[20] Marico was op daardie stadium 'n distrik met ongeveer 13 000 inwoners waarvan 2 000 Boere, ongeveer 10 800 Swartes, en 200 "Europeanen" was. Van laasgenoemde groep was die oorgrote meerderheid Engelse. Daar was drie ne=dersettings in die distrik, naamlik Zeerust, Jacobsdal en Lichtenburg. Zeerust het bestaan uit ongeveer 50 huise, 'n kerk, 'n landdroskantoor en 'n paar winkels. Jacobsdal, 10 kilometer suid van Zeerust, het uit 20 huise en 'n kerk be=staan, terwyl daar in Lichtenburg, 50 kilometer suid daarvan, slegs 'n kerk, enkele huise en een of twee winkels was.[21] Daar was geen Britse troepe in die distrik gestasioneer nie.

----------

18. SS477 R4378/80 (Waarnemende Administrateur Griekwa=land Wes - Administrateur Transvaal, 17.1.1880; Barnes-Privaat Sekretaris van die Administrateur, 29.1.1880; Memorandum van die Prokureur-Generaal, 3.2.1880; P.A. van Yperen-Koloniale Sekretaris Transvaal, 8.10.1880), pp.267-277. In Mei die vorige jaar het Van Yperen uit Marico aan die Transvaalse Koloniale Sekretaris geskryf: "No information whatever have I been able to trace to the fact that White people in this Neighbourhood have tried to induce Natives to join them in any demonstration or to Commit any act of a Seditious nature": SS342, R1639/79, p.318.

19. Argief Marico 13 Landdros Minuteboek Februarie 1878-Desember 1886, pp.38 (a en b) en 39(a).

20. BV16: P.J. Joubert-P.A. Cronjé, 18.12.1880, p.6.

21. F. Lion Cachet: De Worstelstrijd der Transvalers, pp. 350 en 385. Cachet het sy sensussyfers oorgeneem uit 'n Britse Blouboek van Maart 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In opdrag van Cronjé wat by die beleg van die Britse garnisoen in Potchefstroom betrokke was, het Viljoen, spesiaal vir die doel as kommandant aangestel, op Donderdag, 23 Desember 1880, die dorp Lichtenburg binnegetrek, die administratiewe kantore oorgeneem, en op die wapens en ammunisie wat hy daar gekry het, beslag gelê. Die inwoners van die dorp het hulle bedaard daaraan onderwerp en lojale Engelse het die herstel van die Republikeinse regering met hulle naamtekeninge erken.[22] Van Lichtenburg is kommandant Viljoen na Zeerust, wat hy op Kersdag 1880 ingeneem het, en waar hy ook op wapens en ammunisie beslag gelê het.[23]

Wat Viljoen betref was Wes-Transvaal nou van die Britse bewind bevry, en het hy sy deel in die oorlog gedoen. Net een probleem het oorgebly, naamlik die pro-Engelse houding van Montsioa, die kaptein van die Tshidi-Barolong, en dié se raadgewer, 'n Brit met die naam van Bethell.[24] Op Vrydag, 24 Desember 1880 het Viljoen in Lichtenburg 'n verslag wat Bethell aan Montsioa gestuur het onderskep,[25] waaruit dit geblyk het dat Bethell met 'n gewapende mag van Montsioa en ander Bantoekapteins hulp aan die Britse amptenare teen die Boere wou verskaf.[26] Viljoen het vir veldkornet J.H. (Koos) de la Rey met 22 man as wag na Rooigrond gestuur.[27] Na die oorname van Zeerust het hy self daarheen vertrek en op Maandag, 27 Desember, met Montsioa gaan onderhandel oor 'n voorlopige vrede.[28] Daarin het Viljoen geslaag, maar die Barolong-hoofman wou nie vir Bethell uitlewer nie.[29] Tog het Viljoen gevoel

----------

22. BV16: J.W. Viljoen-P.J. Joubert, 23.12.1880, p.17.
23. BV18: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 28.12.1880, p.27.
24. S.M. Molema: Montshiwa, pp.104-105.
25. BV18: H.A. Greeff-P.A. Cronjé, 27.12.1880, p.21.
26. KG202/1: Verklaring van J.C. Coetzee, 26.5.1881.
27. BV11: Verslag oor Montsioa en Bethell, p.23 e.v.
28. KG202/1: Verklaring van J.C. Coetzee, 26.5.1881.
29. BV18: H.A. Greeff-P.A. Cronjé, 27.12.1880, p.21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat daar nie gevaar te vrese was van die kant van die Barolong nie, en dat 'n klein wag om die grens te patrolleer voldoende sou wees om 'n moontlike opstand die hoof te bied.[30] Sonder dat hy dit geweet het, was Viljoen se opsomming van die situasie korrek. Montsioa het wel sy hulp aan die Britte aangebied, maar sir George Colley het dit van die hand gewys en die Barolong-kaptein versoek om hom stil te gedra en getrou te bly en lojaliste wat uit Transvaal na hom vlug, te beskerm.[31] Dit was verstandige optrede, want gebruikmaking van Swartes in 'n stryd teen Blankes sou nie die populariteit van die Britse regering in Suid-Afrika verhoog het nie.[32]

Terug in Zeerust na die onderhandelinge by Rooigrond het Viljoen kommando-orders vir die verskillende wyke uitge= vaardig. Dit het verskeie persone, waaronder Boere, laat besluit om eerder oor die grens na Montsioa te vlug as om op kommando na Potchefstroom te gaan. Die Barolong-hoofman was glad nie ongeneë om diésulkes by hom te ontvang nie, - hulle is deur die Engelse lojaliste genoem - en het gereageer deur sy soldate na sulke mense se plase te stuur onder die voorwendsel dat hulle gaan koring oes. 'n Gevaarlike toestand het hieruit gevolg wat daartoe gelei het dat die Boere op die wesgrens hulleself in laers ver= skans het. In korrespondensie tussen hulle het Viljoen en Montsioa mekaar oor en weer van vredesbreuk beskuldig - Montsioa vir Viljoen dat hy van die Barolong-soldate wat die "lojaliste" se plase beset het, laat vang het, en Viljoen vir Montsioa dat hy gewapende soldate vermom as koringsnyers oor die Transvaalse grens laat kom het. 'n Tweede ontmoeting tussen Viljoen en Montsioa het nie juis gehelp om die gespanne toestand te verlig nie. Montsioa was geensins bereid om sy krygsmag te ontbind nie, want hy het De la Rey se wag op Rooigrond as 'n teken van 'n

----------

30. BV26: P.A. Cronjé-H.A. Greeff, 2.1.1881, p.5.
31. S.M. Molema: Montshiwa, pp.105-106.
32. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.320.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beplande aanval op hom gesien.[33] Die toestand was plof=baar. Geskille tussen die Barolong en die Blanke inwo=ners van Vleifontein en Rooigrond, gebiede wat Montsioa op grond van oorerwing en van die Keate-uitspraak as sy eiendom beskou het, was aan die orde van die dag.[34] In 'n skrywe aan Cronjé op 10 Januarie 1881 het Viljoen die mening uitgespreek dat "wy hebben reg hem (Montsioa) eene goede les te leeren." Hy het egter bygevoeg dat, as die generaal nie so voel nie, "ik zal trachten de zaken nog langer te zussen."[35]

Op die grens, suidwes van Marico, het sake ook nie roos=kleurig vir die Republiek gelyk nie. Viljoen was in Desember al van plan om na Bloemhof-Christiana te gaan om daar ondersoek in te stel na die vyandigheid van Manko=roane se Batlhaping.[36] Cronjé het ook aan kommandant A. Kock van Bloemhof opdrag gegee om hom met Viljoen te verenig, al het hy getwyfel of die Batlhaping 'n gewapende aanval teen die Republiek sou loods.[37] Toe Viljoen vroeg in Januarie nog nie na Bloemhof op pad was nie, het Cronjé hom uitdruklik opdrag gegee om by Kock te gaan aansluit.[38] Viljoen het belowe dat hy so gou moontlik sou gaan "en de zaken aldaar gaan regelen zoo goed als ik kan."[39] Onder=handelinge met Montsioa het egter nou in 'n vreedsame rigting begin beweeg,[40] en daarom het Cronjé sy bevel dat Viljoen na Bloemhof moes gaan, teruggetrek.[41]

----------

33. BV11: Verslag oor Montsioa en Bethell, pp.23-24; KG202/1: Verklaring van J.C. Coetzee, 26.5.1881.
34. S.M. Molema: Montshiwa, p.108.
35. BV17: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 10.1.1881, p.53.
36. BV26: P.A. Cronjé-H.A. Greeff, 2.1.1881, p.5.
37. BV36: P.A. Cronjé-A.F. Kock, 2.1.1881, p.6.
38. BV26: P.A. Cronjé-J.W. Viljoen, 4.1.1881, p.28.
39. BV17: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 10.1.1881, p.54.
40. BV17: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 11.1.1881, p.55.
41. BV26: P.A. Cronjé-A.F. Kock, 14.1.1881, pp.85-88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na sy oorname van Zeerust op Kersdag 1880 het Viljoen oorgegaan tot die herorganisasie van sake. Sy optrede kan as voortvarend bestempel word, want hy het geen mag= tiging daarvoor ontvang nie. Hy het byvoorbeeld teen sy opdrag in vir P.A. van Yperen in sy hoedanigheid as land= dros wat hy onder die Britse bewind was, behou, waarskynlik om met die administrasie te help.[42] Verder het hy nie net talle van die Engelse inwoners vrygestel van kommando= diens nie, maar hulle ook toegelaat om op die Diamantvelde te gaan handeldryf. In die lig hiervan het C.B. Otto by kommandant H.A. Greeff van Lichtenburg gekla dat "door Zulke handelwijze wordt onze vijand gesterk in plaats van verzwakt."[43] Hierdie optrede van Viljoen kan verklaar word uit sy oortuiging dat die oorlog feitlik verby was, en dat daar in Marico reeds vrede tussen die Blankes was. Hy het alles in sy vermoë gedoen om die goedgesindheid van die Engelse inwoners te behou, want teen hulle wou en kon hy nie veg nie. Hy het onder hom slegs 200 man gehad waarvan 50 sonder wapens of gewere was, terwyl die res tussen hulle maar 30 kilogram kruit en 5½ kassies patrone besit het.[44] Daar was ook die moontlikheid van 'n Swart inval en Viljoen wou derhalwe nie met 'n vyandige Engelse bevolking te doen hê nie. Sy selfstandige optrede het die vrede bewaar, en daardeur is die oorlogspoging gesteun.

Viljoen het nooit besef dat sake nie oral in Transvaal so goed vir die Boere gelyk het as in Marico nie. In Pot= chefstroom was Cronjé juis besig met die beleg van 'n Britse garnisoen, en hy het van burgers uit Marico vir hierdie taak gebruik gemaak. Op 10 Januarie 1881 is Viljoen beveel om met 70 man na Potchefstroom te kom om

----------

42. BV10: Verklaring van J.W. Viljoen en D.J. Coetzee, 29.12.1880, p.118.

43. BV10: C.B. Otto-H.A. Greeff, 31.12.1880, p.119.

44. BV17: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 10.1.1881, p.53 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



70 ander burgers van Marico daar aan diens af te los.[45] Hy het net 50 man gestuur, want, soos hierbo gemeld is, was die posisie met manskappe in Marico benard. Viljoen het gevoel dat, as daar 'n inval van die Swartes sou plaasvind, die distrik opgegee sou moes word.[46] In opdrag van Cronjé is hy op 18 Januarie self van Marico na Potchefstroom,[47] waar hy deelgeneem het aan die krygsraadvergadering. Die probleem van die beheer oor Marico, naamlik dat daar twee kommandante in die distrik was, "en wat de een opbouwt breekt de ander af", is toe bespreek. Om die probleem op te los is besluit om kommandant Greeff te vervang met kommandant Snyman, met wie Viljoen dan moes saamwerk as sy fungerende generaal.[48] Met dié opdrag het Cronjé vir Viljoen wat nou tot fungerende generaal benoem is na Marico teruggestuur.[49] Dit het egter gou geblyk dat Viljoen nie onder iemand anders wat hy nie as sy absolute meerdere beskou het wou staan nie sodat Greeff op 29 Januarie aan Cronjé berig het: "De verdeeldheid alhier begint door de min of meer arbitraire handelwyze van J.W. Viljoen Cmd (= kommandant) hoe langer hoe meer aan te groeijen."[50]

Cronjé het die posisie in 'n brief aan vise-president Paul Kruger verduidelik.[51] Dit het daarop neergekom dat daar drie hoofde elk met sy groepie ondersteuners in die Maricodistrik was, want Viljoen wou ook nie aanvaar dat hy eintlik vir kommandant Snyman moes bystaan nie. Homself noemende

----------

45. BV26: P.A. Cronjé-J.W. Viljoen, 10.1.1881, p.59.
46. BV26: P.A. Cronjé-H.A. Greeff, 17.1.1881, p.100; BV17: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 10.1.1881, p.53.
47. BV26: P.A. Cronjé-H.A. Greeff, 17.1.1881, p.100.
48. BV8: Notule, Krygsraadsvergadering, Potchefstroom, 18.1.1881, pp.223-224.
49. BV26: P.A. Cronjé-J.W. Viljoen, 18.1.1881, p.103; P.A. Cronjé-J.P. Snyman, 18.1.1881, p.101.
50. BV11: H.A. Greeff-P.A. Cronjé, 29.1.1881, p.199; BV19: T. Terblanche-H.A. Greeff, 18.1.1881, p.263 e.v.
51. BV26: P.A. Cronjé-S.J.P. Kruger, 2.2.1881, p.182 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Waarnemende Kommandant Generaal", sonder dat hy enige order in die verband ontvang het, het hy aangehou om as voorsitter van die plaaslike krygsraad 'n Marico op te tree.[52] Greeff het sonder dat hy daartoe opdrag ontvang het vir C.B. Otto as landdros aangestel, terwyl Viljoen steeds wou hê dat Van Yperen landdros moes wees. Cronjé het om die rede gevra dat Kruger vir Viljoen met 50 man na Heidelberg moes opkommandeer en vir Greeff na Pot=chefstroom. Kruger het aan hierdie versoek voldoen.[53]

By 'n krygsraadvergadering in Zeerust op 1 Februarie 1881 is besluit om Greeff se reeds vermelde handeling op te volg en C.B. Otto voorlopig as waarnemende landdros aan te stel. Hierdie optrede was onwettig, want krygswet het dwarsoor Transvaal gegeld. By dieselfde vergadering is getuienis aangehoor van gerugte dat die Britse vlag binne vyf dae weer op Zeerust gehys sou word.[54] Dit het Viljoen daartoe laat oorgaan om die wapens van al die Brits-gesinde inwoners van Marico te konfiskeer.[55] By ontvangs van Kruger se kommandering op Cronjé se versoek kon Viljoen en Snyman dus, ook na aanleiding van die posisie van Montsioa en die feit dat meer as 50 Blankes al onder die Barolong ingevlug het om opkommandering te ont=wyk, eerlik antwoord dat hulle posisie "niet zeer gunstig" was.[56] Op 12 Februarie 1881 het die krygsraad van Marico met algemene stemme besluit om, aangesien dit "ons groot nadeel kunnen doen indien wy het district nog meer zou ontbloten van zyne wachten", die kommanderingsbevel te verontagsaam.[57]

----------

52. BV9: Notule Krygsraad, Zeerust, 28.1.1881, p.460; BV12: Notule Krygsraad, Lichtenburg, 29.1.1881, p.333.

53. BV26: P.A. Cronjé-S.J.P. Kruger, 5.2.1881, p.198.

54. BV9: Notule Krygsraad, Zeerust, 1.2.1881, pp.460-461.

55. BV9: Notule Krygsraad, Zeerust, 5.2.1881, p.465. On=gelukkig het hy nie 'n lys van die gekonfiskeerde goedere en die eienaars daarvan gemaak nie, sodat dit onmoontlik is om te sê of daar ook Boere onder die Brits-gesindes was.

56. BV12: J.W. Viljoen en J.P. Snyman-S.J.P. Kruger, Marico, 7.2.1881, p.299.

57. BV9: Notule Krygsraad, Weltevrede, 12.2.1881, p.479.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Montsioa se houding was nie gunstig vir die Republiek nie. Dit staan vas dat Viljoen in hierdie krisistyd 'n waarde=volle rol gespeel het in die voorkoming van 'n Swart aan=val op die wesgrens van Transvaal. Soos reeds gemeld is, was die vernaamste bron van wrywing tussen die Barolong en die Boere die eienaarskap van die gebiede rondom Vleifontein en Rooigrond.[58] Op 1 Februarie 1881 het Viljoen weer 'n "voorlopig vrede" met Montsioa gesluit. Dit het onder andere bepaal dat die Blanke inwoners van die betwiste gebied na die volgende oestyd hulle plase moes verlaat.[59] Dit wil egter voorkom asof die Barolong-kaptein nie werklik tot 'n ooreenkoms wou kom nie. 'n Paar dae na sy mondelinge ooreenkoms met Viljoen het hy met nuwe voorwaardes wat totaal onaanvaarbaar was vorendag gekom. Dit het behels dat die eienaars van die betwiste gebiede nie toegelaat sou word om hulle mielies te oes tensy hulle 'n ooreenkoms met Montsioa onderteken nie. Viljoen het dit verbied en maar weer met Montsioa gaan onderhandel om die vrede te bewaar.[60]

Ten spyte van sy gereelde kontak met Montsioa, was Viljoen oortuig dat die Barolong-kaptein gereed was om op die eerste geskikte geleentheid die Boere aan te val. Hy het nie besef dat die Britte herhaaldelike versoeke aan Montsioa gestuur het om nie die wapen teen die Boere op te neem nie.[61] Oordrewe gerugte, soos dat daar 500 Britse vrywilligers in Kuruman gereed gesit het om die Boere aan te val, en dat "Montsua had al reeds volk van drie of 4 Kapiteins verzameld",[62] het die ou pionier se ore bereik en hom tot ander insigte gedwing. So ook sy gevoel dat Montsioa nie werklik wou vrede maak nie, maar deur onderhandelinge sy posisie probeer versterk het.[63] Viljoen

----------

58. S.M. Molema: Montshiwa, p.108.
59. BV9: Notule Krygsraad, Zeerust, 5.2.1881, p.464.
60. BV9: Notule Krygsraad, Zeerust 8.2.1881, p.469.
61. S.M. Molema: Montshiwa, p.109.
62. BV12: J.W. Viljoen en J.P. Snyman-S.J.P. Kruger, 7.2.1881, p.300.
63. BV12: J.W. Viljoen-H. Potgieter, 11.2.1881, p.398.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het op 18 Februarie 1881 die posisie in 'n brief aan die Uitvoerende Raad so opgesom: Montsioa gee voor dat hy in vrede met die Boere wil lewe, "maar te gelijker tyd hiet en gebied hij ons naar zijn begeerte, wetende dat wij thans niet in staat is hem iets te kunnen doen."[64] Viljoen het dit as sy plig betrag om te verhoed dat dinge tot 'n uitbarsting met die Swartes lei. Daarom was hy selfs bereid om bevele van sy owerstes te verontagsaam - iets wat hy onder heersende omstandighede nie as verkeerd beskou het nie.

Generaal Cronjé was op 10 Februarie 1881 al enigsins "verwondert" dat Viljoen nog nie op die oproepingsbevel van vise-president Paul Kruger gereageer het nie.[65] Toe Viljoen dit by die krygsraadvergadering op Zeerust op die 12de te hore gekom het, was hy woedend.[66] Hy het blykbaar nie besef dat Cronjé sy onmiddellike hoof was nie, en het hom op sy aanstelling as 'kommandant' deur kommandant-generaal Piet Joubert beroep.[67] Die volgende dag het hy aan Cronjé probeer verduidelik dat sy "Zielverlangen is om met mijne Broeders op de voorste punt te staan waar de Kogels het ergste regen", maar dat sy plig op die wesgrens lê, en dat hy eerder graag soos Cronjé op Potchefstroom net 'n "Klompje Engelschen" sou wou hê om te bewaak, want dit sal veel makliker wees as die groot en wye grense.[68] Dit het so ver gegaan dat Viljoen op die krygsraadsitting op Maandag 14 Februarie vir kommandant Snyman belet het om verder uitvoering te gee aan Cronjé se bevele.[69] Daarop het die krygsraad wyslik besluit om 'n nuwe voorsitter, naamlik C.B. Otto, te kies, sodat nóg Viljoen nóg Snyman in 'n beherende posisie kon wees.[70]

----------

64. BV13: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, 18.2.1881, p.409.
65. BV26: P.A. Cronjé-J.P. Snyman, 10.2.1881, p.225 e.v.
66. BV19: J.P. Snyman-P.A. Cronjé, 14.2.1881, p.376.
67. BV9: J.W. Viljoen-Zeerust Krygsraad, geen datum, p.499.
68. BV19: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 13.2.1881, p.380.
69. BV19: J.P. Snyman-P.A. Cronjé, 14.2.1881, p.376.
70. BV19: T. du Plessis-P.A. Cronjé, 14.2.1881, p.378.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Cronjé het met sy hande in sy hare gesit. Aan die waarnemende vise-president, J.P. Maré, het hy op 16 Februarie geskryf dat streng maatreëls teen Viljoen geneem moes word, "daar hy eene persoon schijnt te zijn die gaarne zelf regeert maar niet geregeerd wil worden,"[71] 'n uitspraak wat nie sonder waarhede is nie. Aan Snyman het hy die volgende dag geskryf dat hy dit betreur dat 'n "ouden van jaren niet kunnen inzien, dat ons land door ongehoorzaamheid aan de regering en de Wet moet verloren gaan."[72] En vir Viljoen self het hy op 17 Februarie gelas om onmiddellik met 50 man na die Drakensberge te vertrek om daar "uwe heldemoed te betoonen, om daar uwe mede burgers te helpe met uwen raad en daad", en met sarkasme in sy pen het Cronjé die hoop uitgespreek "dat gij als een grijse van jare (Viljoen was toe 69 jaar oud) - het voorbeeld aan de jongere zult geven, hoe aan de orders uwer Regering moet gehoorzaamd worden - al zoude die ook strijdig zijn met uwe opinie."[73] Die generaal behoort egter toe al te besef het dat Viljoen glad nie van plan was om Marico te verlaat nie, want hy het gevoel dat dit sy plig is om die wesgrens teen moontlike aanvalle te beskerm.

As strafmaatreël vir ongehoorsaamheid is Viljoen kort hierna deur Cronjé van al sy verpligtinge in Marico onthef.[74] Die ou pionier het dit vir 'n dag of wat oorweeg om die generaal se bevel op te volg,[75] maar kort daarna maar weer in Marico opgetree asof hy aan niemand verantwoordelik was nie.[76] Vroeg in Maart het hy sy saak in 'n brief aan kommandant-generaal Piet Joubert probeer verduidelik, en gestel dat hy nie sy optrede sou staak

----------

71. BV12: P.A. Cronjé-J.P. Maré, 16.2.1881, p.362.
72. BV25: P.A. Cronjé-J.P. Snyman, 17.2.1881, p.48.
73. BV26: P.A. Cronjé-J.W. Viljoen, 17.2.1881, p.265.
74. BV26: H.A. Greeff-J.H. de la Rey, 19.2.1881, p.268.
75. BV13: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 20.2.1881, p.414.
76. BV20: Pas uitgereik deur J.W. Viljoen, 21.2.1881, p.431.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tensy hy opdrag van Joubert self kry nie.[77] In antwoord op Cronjé se skrywe van 17 Februarie - hierbo aangehaal - het hy reguit gesê dat hy sal aanhou om as kommandant te fungeer, want so het Joubert hom beveel om te doen.[78] Ook aan Kruger het Viljoen redes verskaf waarom hy nie Marico kon verlaat nie, naamlik die gevaar van die kant van Montsioa, en sy taak om die Swartes van 'n aanval op die Republiek te weerhou. Hy het oor sy suksesse uitge= wei soos sy deputasies na die Swart stamme en sy pogings om Marico te bewapen. Hy het daarna verwys dat hy vroeg in Februarie Jacobus Oosthuizen met 'n bietjie geld na die Oranje-Vrystaat gestuur het op wat 'n suksesvolle sending geblyk te gewees het, want Oosthuizen is deur de "Heeren en Broeders van den Vrystaat" van soveel wapens voorsien dat Viljoen kans gesien het om die "vrouwen en kinderen" teen aanvalle te beskerm, "maar niet ik kan oorlog voeren" - daarvoor was daar nie voldoende ammunisie nie.[79] Van optrek na die Natalse front het Viljoen in hierdie skrywes nie 'n woord gerep nie. Hierdie feit het vir Cronjé, wat nie Viljoen se erns vir die beskerming van sy distrik kon begryp nie, laat voel dat Viljoen "slechts uitvlugten soek om aan de Orders Zijnen Regering niet te voldoen."[80] Of hierin waarheid steek, is moeilik om te bepaal. Viljoen se eiesinnigheid het daarmee te doen gehad.

Al het Cronjé gevoel dat Viljoen tot verantwoording oor sy verontagsaming van bevele geroep moes word,[81] het die verloop van die gebeure op die Natalse front veroorsaak dat struwelinge in Marico feitlik geen aandag getrek het nie.

----------

77. BV16: J.W. Viljoen-P.J. Joubert, 1.3.1881, p.95 e.v.

78. BV13: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 2.3.1881, p.484.

79. BV13: J.W. Viljoen-S.J.P. Kruger, 3.3.1881, p.489. Oor die deputasie na die Vrystaat is daar ook verwys in BV12: J.W. Viljoen-H. Potgieter, 11.2.1881, p.398; BV19: J.W. Viljoen-P.A. Cronjé, 13.2.1881, p.380; en BV13: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, 18.2.1881, p.409.

80. BV26: P.A. Cronjé-J.P. Snyman, 7.3.1881, p.303.

81. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die belang van daardie geweste het verdwyn in die groots=heid van die Boere-oorwinning oor 'n Britse leëreenheid op Majuba op 27 Februarie 1881, en in die vredesamesprekings wat daarop gevolg het. Op 17 Maart het Viljoen sy lot by die Driemanskap oor sy behandeling deur Cronjé bekla. Hy het gebelgd daaroor gevoel dat Cronjé hom 'n "rusver=stoorder en onluzverwekker" noem en hom daarvan beskuldig dat hy ongehoorsaam aan regeringsbevele was, dit na "ik myn Gouvernement 20 jaren getrouw gedint heb en altoos met eer daar afgekomen is." Terselfdertyd het hy melding gemaak van stappe wat deur hom ten opsigte van die Bantoes geneem is. Sy verweer waarom hy nie Natal toe gegaan het nie, was steeds dat "Montsioa my van january tot heden (zoo besig) gehouden (heb) dat ek niet anders kan doen as om de grenssen te bewaakt."[82] Of die Driemanskap op hierdie skrywe geantwoord het, kon nie vasgestel word nie. Dit wil voorkom asof daar nie stappe teen Viljoen geneem is weens sy verontagsaming van bevele nie, en die saak daar gelaat is.

Jan Viljoen se rol in die Eerste Vryheidsoorlog kan nie juis as glorieryk bestempel word nie. Tog het hy 'n belangrike rol op die Transvaalse wesgrens gespeel - 'n rol wat hyself waarskynlik oorskat het. Hy was bevrees vir 'n opstand teen die Boere van die kant van die Engels=gesinde Barolongkaptein, Montsioa, en sy optrede moet teen die agtergrond van hierdie vrees gesien word. Hy het gevoel sy teenwoordigheid op die wesgrens is onmisbaar en dat slegs hy daarin sal kan slaag om Montsioa deur onderhandelinge van opstand te weerhou. Daarom het hy geweier om die bevele om na Heidelberg te gaan, te ge=hoorsaam. Dit was syns insiens nie onpatriotiese optrede nie. Hy het wel aan die einde van Februarie verneem dat dit hoogs onwaarskynlik is dat Montsioa 'n aanval op die Boere sou doen, want Montsioa is deur Lanyon uit Pretoria versoek om hom stil en rustig te gedra, aangesien Lanyon

----------

82. BV13: J.W. Viljoen-Driemanskap, 17.3.1881, pp.534 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevrees was dat die Boere sou reageer deur die Zoeloes teen die Britte aan te hits.[83] Hierdie berig het hom nie in sy waaksaamheid laat verslap nie, en tot aan die einde van die oorlog het hy gevoel dat, wat hy in Marico gedoen het om die vrede te bewaar, die regte optrede was.
Sy verontagsaming van regeringsbevele kan nie goedgepraat word nie, maar dit kan ook nie as onpatrioties beskou word nie. Dit moet eerder gesien word as koppigheid van 'n eiewyse persoon wat gevoel het wat hy doen, reg is, en dat hy deur niks van sy koers gedwing sou word nie.

----------

83. BV16: J.W. Viljoen-P.J. Joubert, 1.3.1881, p.96.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 12

### Bedrywighede in Land Gosen

Jan Viljoen se rol eindig nie met die Eerste Vryheids=oorlog nie. Hy was ten nouste betrokke by die stryd om Betsjoeanaland en Land Gosen aan die Transvaalse wes=grens waarin sowel Swartes as Britte 'n rol gespeel het. Die agtergrond vir sy optrede na 1881 verdien nou verdere aandag.

Die basiese oorsaak van die gebeure wat tot die stigting van die Republiek Land Gosen gelei het, was 'n stryd tussen Moshette van die Ratlou-Barolong van Khunwana en Montsioa van die Tshidi-Barolong van Mafeking oor die leierskap van al die Barolong. Soos in hoofstuk 8 aan=getoon is, was die Ratlou die mees senior van die Baro=long-stamme,[1] maar tog het Montsioahomself as die hoogste kaptein van al die Barolong beskou. Daarby was hy 'n tradisionele vyand van die Boere en uitgesproke Engels=gesind - 'n houding wat eerstens toegeskryf moet word aan sy talle grensgeskille met die Boere, en tweedens aan die invloed van sendelinge soos veral Joseph Ludorf van die Wesleyaanse Sendinggenootskap wat van 1850 tot 1872 tussen hulle gebly het.

Mosjette was Montsioa geensins goedgesind nie. Hy was meesal op 'n goeie voet met die Suid-Afrikaanse Republiek. In 1874 is sy gebied, Khunwana, met sy goedkeuring by Transvaal ingelyf.[2] Dit het hom 'n aartsvyand van Montsioa gemaak. In 1881 het hulle die wapen teen mekaar opgeneem. In die stryd wat gevolg het, het Mosjette ge=bruik gemaak van die hulp van Boere-vrywilligers wat die Republiek Land Gosen gestig het op grond wat hulle as

----------

1. S.M. Molema: Montshiwa, p.3. Kyk hoofstuk 8, p.220.
2. P.L. Breutz: The Tribes of the Mafeking District, p.19. Mosjette het in 1871 kaptein van die Ratlou-Barolong geword - P.L. Breutz: Die Stamme van die Distrikte Lichtenburg en Delareyville, pp.67-68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betaling vir hulle dienste ontvang het. Jan Viljoen was een van daardie vrywilligers.

In dieselfde jaar het daar ten suide van die latere Land Gosen 'n stryd losgebrand tussen die "Engelsgesinde" Mankoroane, wat deur die Keate-uitspraak as groot-opperhoof van die Batlhaping erken is, en Massouw, die "Boergesinde" hoof van die Koranna's. Beide het Blanke vrywilligers in diens geneem om vir hulle te veg, huur= soldate wat as betaling vir hulle diens plase sou ontvang. Ongeveer 300 Boere het hulle onder dié voorwaarde by Massouw geskaar, en na laasgenoemde se oorwinning oor Mankoroane op 6 Augustus 1883 die Republiek Stellaland ge= proklameer op die grond wat hulle ontvang het.[3]

Om by Mosjette en Montsioa terug te kom: Die stryd tussen hulle het op 2 Mei 1881 begin met 'n aanval van laasge= noemde op Lotlakana (Rietfontein), die belangrikste stat van die Rapulana-Barolong van Matlaba. Die stat is aan die brand gesteek en die beeste is gebuit. Sestig van die Rapulana het in die geveg gesneuwel en vroue en kinders is doodgebrand. Montsioa se motief was om sy gesag oor die gebied van Matlaba wat buite Transvaal gelê het, uit te brei, want hy het homself ook as hoof van die Rapulana beskou. Mosjette het homself aan Matlaba se kant geskaar, en hulle het saam beplan om wraak vir die aanval op die Rapulana te neem.[4]

Ooreenkomstig die Pretoriase Konvensie het kommandant-generaal Piet Joubert en majoor Ernest Buller die aanval namens respektiewelik die Suid-Afrikaanse Republiek en die Koninklike Kommissie gaan ondersoek.[5] Uit Joubert se

----------

3. D.W. Krüger: Die Republiek Stellaland; W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, pp.113-122.
4. P.L. Breutz: Die Stamme van die Distrikte Lichtenburg en Delareyville, p.86; G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), p.146.
5. J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert, p.86; W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, p.110; W.J. de Kock: Ekstraterritoriale Vraagstukke, p.99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verslag het dit geblyk dat Montsioa uitgesproke vyandig=gesind teenoor die Boere was. Matlaba, aan die ander kant, het gedreig om Montsioa weg te dr f "tot bij Bangwakisoe (Bangwakatse) syn land."[6] Daar kon dus probleme tussen die Wesgrens-Bantoe verwag word en met die oog daarop het Joubert wat ook Superintendent van Naturellesake was, 'n Naturellekommissaris in die persoon van kommandant H.A. Greeff op die Wesgrens aangestel, met die uitdruklike bevel dat niemand anders hom met die sake van die Bantoe buite die grense mag bemoei nie.[7] Hierdie bevel is op groot skaal verontagsaam, ook deur Jan Viljoen, want, soos hy op die vooraand van Mosjette se eerste aanval op Montsioa op 17 Oktober 1881 aan die Driemanskap geskryf het: "De gemoeten van de menschen sijn opgewonden tegen Montsioa." Omtrent 50 Boere-vrywilligers het aanvanklik vir Mosjette bygestaan, en Viljoen se laaste poging om hom sover te kry om die geskil vreed=saam te probeer oplos is beantwoord met die woorde: "neen daar ligt te veel onschuldig bloed die Monsioa ver=oorsaakt heeft"[8] (met sy aanval op Matlaba in Mei).

Die gevegte van Oktober 1881 het oor die algemeen in Mosjette se guns verloop, en al Montsioa se statte be=halwe Mafeking,[9] waar sy broer Molema gewoon het, is afgebrand. Viljoen het deurentyd as bemiddelaar probeer optree maar tevergeefs. Mosjette se antwoord was altyd dat Montsioa die oorlog begin het deur sy onuitgelokte aanval op Matlaba. Montsioa het beweer dat die Boere die oorlog begin het deurdat hulle aan Mosjette kruit en lood verskaf het.[10] Aan Joubert se bevel van 21 Oktober 1881

----------

6. SS636 R1915/82: P.J. Joubert se verslag oor Montsioa, 24.5.1881, p.58 e.v.
7. SS540 R3054/81: P.J. Joubert-J.W. Viljoen, Pretoria, 18.8.1881, p.7.
8. Argief Marico 2: J.W. Viljoen-Driemanskap, Vergenoeg, 15.10.1881.
9. Eers bekend as Mafikeng of 'die plek van rotse', volgens S.M. Molema: Montshiwa, p.52.
10. KG202/1: J.W. Viljoen-P.J. Joubert, Marico, 29.10.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat Viljoen die burgers moes belet om hulle met die onder=linge stryd tussen die Barolong te bemoei, wou die oud-kommandant ook nie gehoor gee nie.[11] Op 3 November het 'n proklamasie in die Staatskoerant gevolg waarin krygs=offisiere op die wesgrens gelas is om hulle onderdane te beveel om hulle te onthou van deelname aan die "bloed=dorstige moordgevechten van wilde barbaren."[12]

In 'n aanval van Montsioa op Mosjette se laer tien dae later is drie vrywilligers gedood. Die toestand van die Boere op die wesgrens was werklik kritiek. Veediefstal het 'n daaglikse verskynsel geword.[13] Aangesien die Regering geen beskerming aan hulle gebied het of kon bied nie weens die delikate posisie van die wesgrens in die onderhandelinge met Brittanje in verband met die wysiging van die Konvensie van Pretoria, het die Boere daar hulle toekoms in eie hande geneem. Onder leiding van Nicolaas Claudius Gey van Pittius, 'n Kaaplander uit die distrik Beaufort-Wes,[14] is daar op 11 Januarie 1882 'n ooreenkoms onder die volgende voorwaardes met Mosjette aangegaan, naamlik eerstens dat Mosjette of sy verteenwoordiger/s aan elke Blanke vrywilliger wat vir hom teen die 'Rebel Montsioa' veg die helfte van die buit, sal gee; tweedens dat elke sodanige vrywilliger 'n plaas noord-oos van die Moloporivier sou ontvang op die territoriale regte waarvan Mosjette afstand sou doen; en derdens dat elke vrywilliger 'n kontrak sou teken om Mosjette getrou by te staan.[15] Hierdie vrywilligers het op 13 Januarie op demokratiese wyse 'n bestuur, die Uitvoerende Raad of die "Raad van Bestuur" genoem, oor hulle gekies. Dit het uit vyf lede bestaan en was verantwoordelik vir die beheer oor die

----------

11. Argief Marico 2: P.J. Joubert-Landdros Marico, 21.10.1881.
12. ZAR Staatskoerant, 3.11.1881.
13. SS636 R1915/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, 26.11.1881, pp.170-171.
14. W.J. de Kock: Ekstraterritoriale Vraagstukke, p.103.
15. SS1109 R4867/85: Akte van ooreenkoms tussen Mosjette en die Blanke Vrywilligers, 11.1.1882, p.265.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



algemene gang van sake.[16] Gey van Pittius was voorsitter van die Bestuur, en sou dit bly tot met die vernietiging daarvan deur Warren in 1885. Die naam Gosen, wat die vrywilligers aan hulle gesamentlike grondgebied deur Mosjette aan hulle afgestaan gegee het, is ontleen aan die Bybel. Dit was die naam van die landstreek in Egipte waar Jakob en sy seuns gaan bly het na hulle op Josef se aandrang Kanaän verlaat het.[17] Die rede vir die stigting van 'n republiekie was dat, volgens die Pretoriase Konven=sie, die Suid-Afrikaanse Republiek geen grondgebied buite die omskrewe grense kon inlyf nie. Die Konvensie het egter niks van aparte republieke daarbuite gerep nie.

Aanvanklik het nóg Viljoen nóg sy seuns hulle lot by die vrywilligers ingewerp. Dat hulle dit later gedoen het, is aan verskillende oorsake te danke waarvan die vernaamste ekonomies van aard is. Soos in hoofstuk 10 aangetoon is, was die aansienlike byverdienste uit ivoor wat tot in 1879 die Viljoens se kospotte volgehou het, na die Eerste Vryheidsoorlog nie meer beskikbaar nie. Ekonomiese ruïnering was hulle lot omrede hulle almal saam op een plaas gewoon het wat hulle nou nie meer kon onderhou nie.[18] Boonop is hulle aanhoudend deur veediefstalle geteister, en kon hulle nie werksvolk kry nie. Hulle klagtes gerig aan die Driemanskap, het op dowe ore geval. Viljoen se optrede toe hy sy lot in die winter van 1882 by die vry=willigers ingewerp het, was nie impulsief nie. In Augustus 1881 het hy al gedreig dat, as die Regering nie help nie, "dan zal wy verplicht zyn om de grenzen te ver=laten". In November het hy sy dreigement herhaal. In Greeff wat deur Joubert as Naturellekommissaris op die wesgrens aangestel is, het Viljoen geen vertroue gehad nie:

----------

16. I.M. Meyer: Die Republiek Land Goosen, p.32.

17. Genesis 45:10.

18. In hoofstuk 13 word hierna breedvoerig verwys.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"De man hebt geen Kaffers Politiek".[19] In 'n toekoms in die Suid-Afrikaanse Republiek het Viljoen en sy seuns begin wanhoop. Daarom het hulle waarskynlik geredeneer dat hulle deur vir Mosjette te help hulle materiële posisie kon verbeter deur sowel die deel van die buit wat hulle sou toekom as die plase wat hulle sou ontvang. Die feit dat Rooigrond minder as 60 kilometer oos van Vergenoeg geleë was, en die Viljoens se families dus daar kon bly tot na die vestiging van Blanke gesag oor die te verwerf= de grondgebied, moes die besluit vir die ou pionier en sy seuns maklik gemaak het.

Vanaf Junie 1882 verskyn die sewentigjarige Jan Viljoen se naam gereeld in die notules van die Raad van Bestuur van Land Gosen, eers as voorlopige lid,[20] en later as volle Raadslid.[21] Daar is ook van tyd tot tyd allerhande take aan hom opgedra, soos die aanskaffing van ammunisie,[22] ondersoek van kriminele en siviele aanklagte,[23] en later die afbakening van plase.[24] By geleentheid het Viljoen met die afwesigheid van Gey van Pittius selfs waargeneem as voorsitter van die Bestuur.[25]

Na Mosjette se formele verkryging van vrywilligers in Januarie 1882 het hy die vyandelikhede teen Montsioa in alle erns voortgesit. Op 20 April 1882 het Mosjette by wyse van 'n proklamasie sy volk en grondgebied onder be= skerming van die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek geplaas.[26] Die proklamasie het verder bepaal dat die

----------

19. SS540 R3054/81: J.W. Viljoen-Driemanskap, Marico, 2.8.1881, p.2 e.v.; SS636 R1915/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, Marico, 26.11.1881, pp.170-171; KG202/1: J.W. Viljoen-P.J. Joubert, Marico, 24.12.1881; SS1107, R563/84 by R4867/85: Memorie van J.W. Viljoen en 78 burgers-Uitvoerende Raad, 16.1.1884, pp.252-254.
20. LG1: Notule Bestuursvergadering, 7.6.1882, p.17; ook p.18: Raad van Bestuur-C. Daly, 7.6.1882.
21. LG1: Notule Krygsraadsvergadering, 10.7.1882, p.22.
22. LG1: Verklaring van N.C. Gey e.a., 12.7.1882, p.25.
23. LG1: Notule Bestuursvergadering, 5.8.1882, pp.54 en 85.
24. Kyk voetnote 32 en 33 hieronder.
25. LG1: Notule Bestuursvergadering, 24.11.1882, p.145 en 18.1.1883, p.171.
26. SS1109 R4867/85: Proklamasie van Mosjette, 20.4.1882, p.272. Hierdie proklamasie was strydig met die Konvensie van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorlog teen Montsioa, wat homself nou in Mafeking ver=skans het, met behulp van Blanke vrywilligers voortgesit sou word. In 'n verdere proklamasie[27] van dieselfde dag het Mosjette bepaal dat die oorlog in beheer van die Vry=willigers se Raad van Bestuur sou wees. Na die sluiting van vrede moes die Bestuur 'n kommissie benoem om aan elke daarop geregtigde vrywilliger 'n plaas uit te meet en die gronde wat so in Blanke hande kom, laat inlyf "onder welke beschaafde Regering als zij noodig en veilig acht". Vir alle praktiese doeleindes het die vrywilligers dus 'n vry hand van Mosjette gekry vir die reëling van hulle sake.

Teen Oktober 1882 kon Montsioa die beleg van Mafeking nie langer weerstaan nie, en het hy die hulp van kommandant J.P. Snyman van Marico ingeroep om tussen hom en Mosjette te kom bemiddel.[28] Snyman het toegestem, en deur sy bemiddeling het Montsioa en Mosjette op 24 Oktober 'n vredesooreenkoms onderteken. Daarvolgens het beide af=stand gedoen van groot dele van hulle grondgebied grensende aan die Suid-Afrikaanse Republiek noord van Stellaland. Uit ander artikels, soos die R32 000-skuld wat hy moes betaal, blyk dit dat Montsioa hierdie ooreenkoms geteken het om van die beleëring bevry te word, en geensins bedoel het om hom aan die bepalings daarvan te onderwerp nie. Gey van Pittius het egter voortgegaan om die stuk grond wat die Barolong-hoofmanne aan die vrywilligers afgegee het, as Land Gosen te proklameer.[29]

Volgens die ooreenkoms sou 'n kommissie van die vrywilligers binne twee maande met die opmeet van plase begin.[30] Talle praktiese probleme het egter opgeduik. Jan Viljoen het byvoorbeeld in Desember berig dat hy sukkel om

-----------

27. KG 202/2: Proklamasie van Mosjette, 20.4.1882.
28. G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.150-151; LG7: Montsioa-Mosjette, 4.10.1882, p.44; LG7: J.P. Snijman-Voorsitter en Bestuurslede, 5.10.1882, p.47.
29. G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.151-153.
30. LG7: Brief van Montsioa, 26.10.1882, p.75.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kompasse in die hande te kry.[31] Hy was lid van die kommissie wat die grense van Land Gosen moes gaan vasstel,[32] en later adviserende lid van al die grondinspeksie-kommissies.[33] 'n Tweede probleem was die gebrek aan samewerking tussen die inspeksie-kommissies wat die plase moes uitmeet, wat natuurlik die werk geweldig vertraag het.[34] Die vernaamste probleem was die vyandiggesind=heid van die Barolong: hulle wou doodeenvoudig nie sekere gebiede laat inspekteer nie. Dit was nie net die houding van Montsioa se onderdane nie. Inteendeel, in Maart 1883 het Viljoen berig: "Wy kunnen Moshete's volk minder ver=trouwen dan die van Montsioa."[35] 'n Weeklange onderhoud met Mosjette in Februarie het dit vir die kommissie duide=lik gemaak dat Mosjette onwillig was om hom aan die grondbepalings van die vredesooreenkoms van Oktober 1882 te hou.[36] Finale reëlings is nooit getref nie, en al die vrywilligers het ook nie plase gekry nie. Vir Jan Vil=joen is wel een uitgemeet, en hy het dit die naam "Nooit=verwacht" gegee.[37]

Vanaf Maart tot September 1883 was Viljoen nie lid van die Raad van Bestuur nie, en uit protes teen sy afsetting het hy in daardie tyd nie deelgeneem aan bedrywighede in die gebied nie. Die rede vir sy afsetting was 'n memorie wat op 18 Maart by die Bestuur ingedien is, onderteken deur 77 vrywilligers, waarin beswaar gemaak is teen die feit dat sommige van die Bestuurslede nie verkose was nie -

---

31. LG7: J.W. Viljoen-N. Gey van Pittius, 9.12.1882, p.145.
32. LG1: N. Gey van Pittius-J.W. Viljoen, 13.12.1882, p.164.
33. Kyk LG1, p.143.
34. LG8: J.W. Viljoen-N. Gey van Pittius, 1.12.1883, p.180.
35. LG8: J.W. Viljoen-N. Gey van Pittius, 26.3.1883, p.261.
36. I.M. Meyer: Die Republiek Land Goosen, p.52.
37. SS1131 R5813/85: Grondbrief van J.W. Viljoen se plaas in Land Gosen, p.75. Waar die plaas geleë was, kon nie vasgestel word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen was een van hulle - en waarin 'n nuwe verkiesing gevra is.[38] Viljoen was bitter ongelukkig toe hy van hierdie memorie gehoor het, en het uit protes daarna nie die Raadsvergaderinge bygewoon nie.[39] In 'n verkiesing op 26 Maart het hy en sy seun George en S. Hartman uitgeval.[40] In September het daar egter weer 'n memorie voor die Raad van Bestuur gedien waarin gevra is dat die gewese lede heropgeneem word in die Bestuur. Dit is as noodsaaklik beskou omdat Mosjette nie met die nuwe Bestuur kon saamwerk nie. Die Bestuur het self ook so gevoel, en op 7 September is die drie uitgestemde lede heropgeneem.[41] Dat Viljoen 'n gesiene lid van die gemeenskap in Land Gosen was, is seker, want in die grondplan van die dorp Rooigrond - soms ook Vrywilligersrust genoem - was een van die belangrikste strate Viljoenstraat.[42]

Op 6 Maart 1884 het Mosjette in 'n proklamasie[43] ernstig beswaar gemaak teen daardie bepalings van die Konvensie van Londen (27 Februarie 1884) wat inbreuk op sy regte gemaak het. Land Gosen is daardeur in twee gedeel. Montsioa se mening oor die Konvensie was egter dat dit hom van die bepalings van die vredesooreenkoms van 24 Oktober 1882 onthef het. Daarom kon hy in antwoord op 'n ultimatum van 1 April 1884 dat hy sy onderdane voor 5 April uit Land Gosen moes verwyder, op 2 April antwoord: "I do not know the Land Goosen you write of. My people are living on the lands their Fathers lived on. The Lands of the Barolong."[44]

---

38. LG12: Memorie aan Raad van Bestuur, 18.3.1883, p.1088.
39. LG2: Notule Raadsitting, 21-22.3.1883, p.268 e.v.
40. LG8: Verkiesingsuitslae, 26.3.1883, pp.267-268. Viljoen het 19 stemme gekry, teenoor G. Otto, wat die minste van die gekose lede gekry het, se 58 stemme.
41. LG2: Notule Bestuursvergadering, 7.9.1883, p.310 e.v.
42. LG12: Straatplan van Roode Grond, p.1058.
43. SS1109 R4867/85: Proklamasie van Mosjette, 6.3.1884, pp.295-296.
44. LG10: Kommandant-generaal van Land Goosen-Montsioa, 1.4.1884, p.674; op.cit.: Montsioa se antwoord, 2.4.1884, p.677.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vyandelikhede het die volgende maand opnuut losgebars toe Gey van Pittius op 10 Mei teen Montsioa oorlog verklaar het. Twee dae later het dié geantwoord met 'n verrassingsaanval op Rooigrond, suksesvol deurdat talle huise afgebrand is. Voordat die Goseniete 'n teenaanval kon loods, het die Britse Onder-Kommissaris van Betsjoeanaland, die sendeling John Mackenzie, op 20 Mei in Mafeking opgedaag.[45] Hy wou 'n Britse protektoraat oor die Barolong afkondig, en Montsioa het daartoe toestemming gegee in die hoop dat dit hom van 'n verwagte teenaanval van die kant van die Goseniete sou vrywaar. Op 23 Mei het die afkondiging van 'n protektoraat plaasgevind[46] - dit sou die hele Barolonggebied insluit, want dit het glo ook Mosjette se toestemming weggedra. Daarna het Mackenzie gepoog om met Gey van Pittius te onderhandel, maar dié het geweier, want hy het geweet dat die protektoraat onwettig was, omdat die Konvensie van Londen nog nie geratifiëer was nie.

Op 31 Julie 1884 het daar weer 'n botsing tussen die Goseniete en Montsioa se magte plaasgevind, en by hierdie geleentheid het Montsioa se raadgewer Bethell gesneuwel.[47] Dit was 'n dag na Cecil John Rhodes se aanstelling as Britse Kommissaris van Betsjoeanaland in die plek van Mackenzie.[48]

----------

45. A.J. Dachs (ed.): Papers of John Mackenzie, pp.150-151; G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.159-160; W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boere-Republieken I, p.182 e.v.

46. LG12: Proklamasie van J. Mackenzie, 23.5.1884, pp.944-945.

47. W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, p.200; LG13: W. Weber-Montsioa, 2.8.1884, p.161. Christopher Bethell, 'n opgevoede Engelsman, was 'n luitenant in die Britse Leër voordat hy hom as Montsioa se hoofraadgewer onder die Barolong gevestig het. Hy het getrou met 'n familielid van Montsioa en homself heeltemal met die Barolong probeer assosieer: S.M. Molema: Montshiwa, p.104; G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), p.149.

48. Basil Williams: Cecil Rhodes, p.81; G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), p.160.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 8 Augustus 1884 het die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek die Konvensie van Londen bekragtig. Aangesien grensbepalings in hierdie Konvensie die gebied Land Gosen in twee verdeel het, het die vrywilligers in 'n proklamasie van 12 Augustus verklaar dat hulle hul nooit daaraan sou onderwerp nie,[49] en ongestoord met die oorlog teen Montsioa voortgegaan. Teen die einde van die maand was Rhodes en Piet Joubert, nou spesiale kommissaris van die suidwestelike grense van die Republiek[50] op die toneel. Hulle het op 26 Augustus in Rooigrond aangekom, maar kon nie vrede bewerkstellig nie, want Van Pittius het geweier om Rhodes te woord te staan.[51] Joubert het wel vir Montsioa sover gekry om vir vrede te vra, en dié het homself op 30 Augustus onvoorwaardelik aan die Goseniete oorgegee.[52] Rhodes het egter hierdie oplossing van die probleem verwerp.[53] 'n Onafhanklike republiek dwarsoor die pad na die Noorde is alles behalwe wat hy aan die Transvaalse wesgrens wou sien.[54]

Paul Kruger het nou met 'n vredespoging voor die dag gekom deur in 'n voorlopige proklamasie op 16 September 'n protektoraat van Transvaal oor die gebied van beide Mosjette en Montsioa af te kondig.[55] Ds. S.J. du Toit is as Spesiale Kommissaris wat die proklamasie moes uitvoer op 22 September hartlik deur die Bestuur in Rooigrond verwelkom.[56] Op 25 September het Du Toit vir Montsioa sover

---

49. LG15: Proklamasie van N.C. Gey van Pittius, 12.8.1884, p.43.
50. LG12: P.J. Joubert-N. Gey van Pittius, 21.8.1884, p.1000.
51. LG12: C.J. Rhodes en P.J. Joubert-N. Gey van Pittius, 26.8.1884, p.1004; op.cit.: P.J. Joubert-N. Gey van Pittius, 27.8.1884, p.1011; J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert, p.91.
52. SS1109 R4867/85: Vredesooreenkoms, 30.8.1884, p.95 e.v.; op.cit.: Bestuur van Land Gosen-P.J. Joubert, 31.8.1884, pp.102-103; ZAR Staatskoerant, 18.9.1884: Montsioa-P.J. Joubert, 30.8.1884; G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.163-164; W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, p.206.
53. J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert, p.92.
54. W.J. de Kock: Ekstraterritoriale Vraagstukke, p.232; B. Williams: Cecil Rhodes, p.72.
55. ZAR Staatskoerant, 18.9.1884: Proklamasie van S.J.P. Kruger, 16.9.1884.
56. SS1108 R4867/85: Verwelkomingsadres aan S.J. du Toit, 22.9.1884, pp.264-265.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekry om toe te stem om hom onder 'n protektoraat van Transvaal te stel.[57] Die Bestuur van Land Gosen het op 29 September ook 'n 'Acte van Cessie' met Du Toit gesluit, en op 3 Oktober het die Spesiale Kommissaris die Vierkleur oor Rooigrond gehys.[58] Dit was nie deel van sy opdrag nie, en op bevel uit Pretoria moes hy dit spoedig weer stryk.[59] Buitendien het die Britse Hoë Kommissaris, sir Hercules Robinson, ooreenkomstig die Konvensie van Londen beswaar gemaak teen Kruger se proklamasie van 16 September. Dit is op 13 Oktober teruggetrek.[60]

Die Goseniete het gevoel dat Kruger hulle in die steek gelaat het en op Jan Viljoen se aandrang is die hulp van Piet Joubert ingeroep.[61] In 'n skrywe van 20 Oktober het die Bestuur 'n uitnodiging gerig om hulle met sy "verstan=dige en versienden raad" te kom bedien.[62] Viljoen en talle ander Goseniete het steeds gehoop dat hulle land deel van die Suid-Afrikaanse Republiek kon word, en het ver=klaar dat hulle die Vierkleur sal beskerm "al spring de bloet tot aan den Hemel."[63] Van Joubert se kant sou die Goseniete geen hulp kry nie, want hy het op 29 September al as kommandant-generaal bedank - volgens sy biograaf

---

57. SS1108 R4867/85: Notule byeenkoms te Mafeking, 25.9.1884, p.277 e.v.
58. LG3: Notule Raadsvergadering, 29.9.1884, pp.385-388.
59. W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, p.212; J.F. van Oordt: Paul Kruger, pp.442-443.
60. ZAR Buitengewone Staatskoerant, 13.10.1884: Proklamasie van S.J.P. Kruger, 13.10.1884; W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, p.215.
61. LG12: J.W. Viljoen-Bestuur van Land Goosen, 17.10.1884, p.932.
62. LG3: Bestuur van Land Gosen-P.J. Joubert, 20.10.1884, pp.592-593.
63. LG12: Verklaring van J.W. Viljoen en 61 ander inwoners van Land Goosen, 3.11.1884, p.953.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omdat Kruger hom as Spesiale Kommissaris vervang het met Du Toit.[64] Viljoen en sy makkers het dus weer alleen gestaan op die Transvaalse wesgrens.

Dit was die posisie toe twee Kaapse ministers, die premier Upington en die oud-premier Sprigg, in die middel van November hulle opwagting in Rooigrond gemaak het. Die sending van hierdie twee ministers het 'n laaste poging verteenwoordig uit die Kaapkolonie om die onsekere toe= stand op die Transvaalse wesgrens opgelos te kry.[65] Hulle ontvangs in Land Gosen was veel vriendeliker as dié wat Rhodes in Augustus te beurt geval het. Viljoen het saam met die res van die Bestuur ingestem om met die ministers te onderhandel.[66] Die samesprekings het in 'n goeie gees verloop. Tydens die samesprekings het Viljoen die houding van meeste van die Goseniete teenoor Montsioa in geen onduidelike taal gestel nie, naamlik "altyd trachte ik vrede te houden, maar alleen met Montsioa kan ik daarin niet slagen; hy is een dief (en) een moordenaar ... Hy is er altyd op uit om te stelen en oorlog te maken ..."[67] Die Kaapse ministers se sending was 'n sukses, en die Goseniete het feitlik een= parig 'n voorgestelde inlywing[68] by die Kaapkolonie ondersteun. Miskien het hulle dit gedoen omdat hulle besef het dat die Britse Imperiale Regering van plan was om in te meng,[69] sodat al hulle eie planne en idees tever=

----------

64. J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert, p.97.
65. W.J. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, pp.220-223; G.M. Theal: History of South Africa XI (Struik, 1964), pp.165-167.
66. LG3: Notule Bestuursvergadering, 18.11.1884, p.602 e.v.
67. SS1111 R5594/84 by R4867/85: Notule van samesprekings, 18.11.1884, p.200 e.v.
68. Imperiale inmenging was onvermydelik na die afkondiging van 'n Duitse protektoraat oor Namaqua-Damaraland in Augustus 1884 en die gevolglike vrees in Britse rege= ringskringe vir Duitse uitbreiding ooswaarts en aan= sluiting met Transvaal dwarsoor die 'Road to the North'. Volg E.A. Walker: A History of South Africa, p.405.
69. J.F. van Oordt: Paul Kruger, p.443.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geefs sou wees.

Sir Hercules Robinson kon nie Upington en Sprigg se reëlings met die Bestuur van Land Gosen goedkeur nie. Die rede was dat 'n militêre mag onder generaal-majoor sir Charles Warren vroeg in Desember 1884 in Kaapstad geland het, 'n mag van 4 000 man wat na Betsjoeanaland gestuur is. Sonder dat 'n skoot geskiet is het al die Goseniete finaal uit wat hulle as hulle wettige grondgebied beskou het, padgegee. Die Blanke vrywilligers van die Barolong-hoofman Mosjette het kaal uit die stryd gekom, en natuurlik ook Mosjette self. Dit het nie beteken dat Montsioa nou onafhanklik in besit van die 'land van sy voorvaders' was nie; inteendeel op 30 September 1885 is sy grond ingesluit by die gebied wat as Brits-Betsjoeanaland geproklameer is.

Saam met die verdwyning van Land Gosen voor die mag van Warren, eindig die rol van Jan Viljoen in die geskiedenis van die klein republiekie. Na afloop van die gebeure wat nadelig vir hom geëindig het in die sin dat hy die plaas Nooitverwacht verloor het, het hy hom teruggetrek op Vergenoeg, waar sy gesin die hele tyd gebly het. Hierdie keer het hy hom ook teruggetrek uit die openbare lewe. Die ou pionier van al meer as sewentig jaar sou hom nie langer aktief bemoei met gebeure in sy distrik of elders in die Suid-Afrikaanse Republiek of op sy geliefde wesgrens nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 13

## Laaste jare en karakter

Jan Viljoen is op 30 Maart 1893 op tagtigjarige ouderdom oorlede. Hy het te perd deur die vol Klein Maricorivier gery, en nat by die huis op Vergenoeg aangekom. As gevolg daarvan het hy koue gevat en na 'n kort siekbed gesterf.[1] Hy is oorleef deur sy vrou, wat op 3 Mei 1900 oorlede is[2] en agt van hulle vyftien kinders, naamlik vier seuns: Johan Georg Hermanus, Johannes Willem, Marthinus Willem, Hendrik Petrus Botha; en vier getroude dogters: Maria Catharina Elizabeth (getroud met Jacobus Petrus Erasmus), Alletta Susarah Henrietta Wellemina (met Jacobus Francois Gert du Toit), Gertruida Stephina (met Cornelis J. Engelbrecht), en Amalia Carolina Magdalena (met Jan Christoffel Fourie).[3]

Uit Viljoen se testament blyk dit dat hy ten tye van sy dood nie 'n welgestelde man was nie. Inderdaad was sy finansiële posisie een van die grootste probleme dwarsdeur sy lewe. Daar bestaan geen bewys dat hy ooit ryk was nie, al het hy kontant uit ivoor en ander produkte van die jag gemaak. Soos alle ander Boere was sy grootste bate sy grond en sy vee.[4] Grond het hy gehad in die vorm van sy eerste plaas Vergenoeg en die latere De Putten. Hoeveel vee hy gehad het, kon nie vasgestel word nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat hy kapitaal in enige

---

1. A787 (Preller) no. 213, Lêer 148: Getuienis omtrent J.W. Viljoen, p.294.
2. Testament no. 3593 (1900): Testament van Maria Catharina Viljoen, geb. Messer.
3. Testament no. 7842 (1893): Testament van Johannes Willem Viljoen; A787 (Preller) no. 213, Lêer 148 (Geslagsregister van J.W. Viljoen), pp.288-289.
4. Historiese Studies II:3, Januarie 1941 (A.N. Pelzer: Die 'Arm-Blanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899), p.130.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander vorm as vee met hom saam die Transvaal ingebring het. Sy plaas in die Soewereiniteit is immers in 1848 gekonfiskeer,[5] sodat hy nie enige geld daarvoor gekry het nie. Die meeste Trekkers het min aardse goedere gehad toe hulle in Transvaal aangekom het, want hulle is met min uit die Kaapkolonie weg.[6] Die Transvaalse Boere se landelike bestaan gedurende die wordingsjare van hul staat was alles behalwe 'n kommerlose tydperk. Elke persoon het net genoeg gehad om in sy eie behoeftes te voorsien.[7] Daar kan dus aangeneem word dat dit met diegene wat terug=slae ondervind het swak sou gaan.

Jan Viljoen het kort na sy intrek in Marico in 1848 'n terugslag ondervind. Tydens die botsings met die Swart stamme op die wesgrens in die vroeg vyftiger jare, is sy koringmeule wat hy na sy aankoms op Vergenoeg opgerig het,[8] stukkend gekap en verbrand. Aan Andries Pretorius skryf hy in 1853: "Ik heb niets."[9] Dit is terselfdertyd beves=tig deur die Engelse handelaar James Chapman wat van Viljoen geskryf het: "He was poor, had been reduced by the bad policy of commandants (in die botsings met die Swart stamme), and now had lost about 50 head of cattle,"[10] wat toon dat hy heelwat beeste moes gehad het. Die oli=fantjag het blykbaar ekstra inkomste verseker, vandaar sy byna jaarlikse jagtogte, maar met die uitroeiing van dié diere in die sewentiger jare was 'n belangrike bestaans=bron vir hom opgehef.

----------

5. Kyk hoofstuk 2.
6. J.D. Kestell: Die Voortrekkers, p.27.
7. Soos A.N. Pelzer tereg aandui in sy Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.14.
8. C.F. Gronum: Boere en Jagters in Ou Marico, p.22.
9. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke R517/53: J.W. Viljoen-A.W.J. Pretorius, Schoonspruit, 16.4.1853, p.329.
10. James Chapman: Travels in the Interior of Africa I (Ed. Tabler, Balkema, 1971), p.87.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen was nie die enigste Maricoaner wat dit finansiëel swak daaraan toe gehad het nie - in 1855 het hyself uit Marico berig dat "de armoet is hier zeer zwaar onder de menschen ...",[11] en in die volgende jaar "de geld is maar braaf schaars."[12] Met die loop van die jare het die toestand op finansiële gebied ook nie verbeter nie. In die sewen= tiger jare het 'n Oostenrykse reisiger, Emil Holub, na 'n besoek aan Zeerust geskryf: "It was only in a few instances that we saw anything like abundance."[13] Wat die Viljoens betref moet die oorsaak daarvoor gesoek word in die feit dat hulle almal saam, die getroudes met hulle kinders inkluis, uit Vergenoeg 'n lewe probeer maak het.[14] Solank hulle hul inkomste uit die jag kon aanvul, het dit met hulle goed gegaan. Viljoen se seuns en skoonseuns was almal van plan om, soos hulle vader en skoonvader, jagters te word.[15] Vanaf die sewentiger jare kon die jagveld egter nie meer 'n goeie inkomste bied nie, en van daardie tyd af dateer die pogings van Viljoen om hom en sy familie se posisie te probeer verander.

Viljoen het besef dat een van die belangrikste voorwaardes vir toekomstige voorspoed was om nog grond in die hande te kry. In 1870 het hy die eerste van 'n reeks briewe in dié verband aan die President en Uitvoerende Raad ge= rig. Hy vra dat "daar het aan alle Voortrekkers twee plaatsen en een erf beloofd is, ... myn nog een plaats toe te kenne, ... daar ik nog maar een regt gekrygen heeft ..." Hy het gevoel dat hy dit verdien "daar ik al voor jaaren in het Gouvernements Dienst is geweest."[16]

----------

11. A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.16.
12. SS11 R957/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, Marico, 4.1.1856, p.1.
13. Emil Holub: Seven Years in South Africa, 1872-1879, pp.420-421.
14. J.P.R. Wallis (ed.): The Matabele Mission, p.197.
15. E.C. Tabler (ed.): To the Victoria Falls via Matabele= land. The Diary of Major Henry Stabb, 1875, p.4.
16. SS123 R587/70: J.W. Viljoen-Staatspresident en Uitvoerende Raad, Klein Marico, 3.5.1870, p.35.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Uitvoerende Raad se antwoord was gunstig: hy kon vir hom 'n plaas aanteken waar daar oop grond was.[17] So het Viljoen in die sewentiger jare die plaas Valleifontein bekom, wat hy De Putten genoem het.[18] Dit was ongeveer 20 kilometer wes van Vergenoeg geleë. Die oud-kommandant was egter nog nie tevrede nie: in April 1882 het hy om nog 'n plaas aansoek gedoen, weer sinspelende op die feit dat "ik mijn governement en mijn natie jaren achtereen trouw gedient hebbe."[19] Toe daar geen antwoord op was nie, het hy sy lot ingewerp by die vrywilligers van Mosjette in Land Gosen.[20] Dit het hom niks gebaat nie, want vroeg in 1885 moes hy en sy mede Goseniete by die aanhoor van die nuus dat 'n Britse leër na die gebied op pad was sonder seremonie uit hulle Republiekie die wyk neem. Daarna het Viljoen hom weer tot die Uitvoerende Raad gewend.[21] Hy het die "Hoog Eedele Heeren" daarop gewys dat hy "in 1848 hier komen woonen en woon heden van=dag nog op de zelve klyne plaats met al myn kinderen en kinds kinderen op twee klyne lappen grond."[22] Die poging was vergeefs - Viljoen is daarop gewys dat "de Regeering geen macht heeft zonder toestemming van den Gst. Volksraad Gouvernementsgronden te verkoopen of op eenigerlei anderen wijze af te staan."[23]

Dit is interessant om te let op Viljoen se motivering vir sy aansoek om nog 'n plaas. Landsdiens. Hy was bewus van sy pionierstaak as wegbereider vir die nageslag.

---

17. SS1038 R922/85: Kopie URB 13.5.1870, art. 16, p.67.
18. Ibid., p.69.
19. SS668 R2885/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, Vergenoeg, 28.4.1882, pp.120-121.
20. Volg hoofstuk 12.
21. SS1038 R922/85: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Vergenoeg, 16.2.1885, p.66.
22. SS1038 R923/85: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Vergenoeg, 16.2.1885, p.74.
23. SS8665 BB316/85: W.E. Bok-J.W. Viljoen, Pretoria, 25.2.1885, p.366.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen se poging om nog grond te bekom het nie daar op=gehou nie. Toe hy nie self daarin kon slaag om sy saak voor die Volksraad te lê nie, het hy 'n persoonlike brief aan president Kruger geskryf om hom te versoek om die saak op te neem.[24] Die amptelike antwoord daarop was egter dieselfde as dié een wat hy in Februarie 1885 ontvang het.[25] In Desember 1886 het Viljoen vir die sesde en laaste keer sy versoek aan die Uitvoerende Raad herhaal, blykbaar weer tevergeefs.[26] Die gevolg daarvan was dat hy met sy dood slegs die plase Vergenoeg en De Putten besit het om aan sy kinders na te laat.[27] Dit weerspieël die bestaansekonomie van die eerste pioniers. Hulle het nie tred gehou met die verandering van die samelewing nie. Die wild was uitgejag en grond het skaars geword. Ver=arming was die gevolg. Sentiment was nie voldoende om die ou pionier se probleme op te los nie.

Dit was nie die enigste pogings wat Viljoen aangewend het om sy posisie te verbeter nie. In sy skrywe van April 1882 aan die Driemanskap het hy gevra dat hy vry gespreek moet word van belasting en daarby gevoeg dat hy "een penseoen verdient hebbe, bij mijn gouvernement en mijn natie."[28] Dit het hom nie geluk om een van die twee aansoeke goed=gekeur te kry nie. In dieselfde maand het hy gepoog om die nageslag van 'n sewentigtal beeste wat hy in 1853 aan 'n Bakwena sou gegee het om vir hom op te pas weer in die hande te kry. Dit het hom ook nie geluk nie.[29] Onder welke omstandighede die beeste aan die Swartman gegee is, en waarom dit nie eerder opgeëis is nie, word nie vermeld nie. Moontlik kon dit tydens een van sy jagtogte gewees het.

----------

24. SS1038 R2934/85: J.W. Viljoen-S.J.P. Kruger, Vergenoeg, 6.6.1885, pp.75-76.
25. SS1038 R923/85: W.E. Bok-J.W. Viljoen, Pretoria, 25.2.1885, p.78. Volg voetnoot 23 hierbo.
26. SS1038 R6480/86 by R923/85: J.W. Viljoen-S.J.P. Kruger en Uitvoerende Raad, Vergenoeg, 9.12.1886, p.79.
27. Testament 7842 (1893): Testament van J.W. Viljoen.
28. SS668 R2885/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, Vergenoeg, 28.4.1882, pp.120-121.
29. SS646 R2409/82: J.W. Viljoen-Driemanskap, Marico, 11.4.1882, pp.181-182; SS8658 BB1126/82: J.E. Bok-J.W. Viljoen, Pretoria, 1.5.1882, p.26; SS8698 BB2690/91: W.J. Leyds-J.W. Viljoen, Pretoria, 25.9.1891, pp.151-152.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Reeds in 1875 het Viljoen klippe wat hy gemeen het goud=draend kan wees op sy plaas gevind en laat toets, maar die resultate was negatief.[30] Tog het daar in 1887, dit wil sê toe die goudkoors in die Suid-Afrikaanse Republiek sy hoogtepunt bereik het, 'n gerug ontstaan dat Viljoen sy plaas wat aan die Malmanigoudveld gegrens het aan die groot kapitalis Rothchilds verkoop het vir R60 000.[31] Dit was 'n blote gerug.

Jan Viljoen se pogings om hom en sy familie ekonomies op te hef, het dus misluk. Veral na die gebeure in Land Gosen waar die toekomsmoontlikhede om meer grond te bekom rooskleurig begin lyk het toe dit vroeg in 1885 in die stof van 'n Britse Imperiale troepemag verdwyn het, het die ou pionier werklik verleë geraak met sy "beede" om "eene dorre lap grond."[32] Dit sou hom egter niks baat nie.

Soos bekend het daar met die uitjag van die wild en die skaarste aan grond bewegings onder die Transvaalse Boere ontstaan om die land in georganiseerde trekke te verlaat met die doel om hulle ou bestaanswyse as pioniere elders hoër-op in Afrika te gaan voortsit. Viljoen het nie aan-gesluit by enige van die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek in die tydperk na 1885 nie. In die winter van 1886 het die Betsjoeanalandse grenspolisie wel die gerug versprei dat Viljoen as leier van 'n groot groep Boere besig was om voor te berei vir 'n inval in Masjonaland, en in die volgende winter is melding gemaak van 'n ekspedisie van 250 Boere wat onder Viljoen georganiseer sou word. Dit het egter geblyk dat daar geen waarheid in die gerugte steek nie.[33] Die bedoeling was blykbaar om Rhodes se aandag op die Trans-Limpopo te vestig.

----------

30. SS188 R1123/75: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Pretoria, 19.5.1875, p.211.
31. J.L. Hattingh: Die Trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, p.515.
32. SS1038 R922/85: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Ver=genoeg, 16.2.1885, p.66.
33. J.L. Hattingh: Die Trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, pp.70-71.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Viljoen het na die gebeure in Land Gosen homself uit die openbare lewe onttrek en in sy laaste jare word daar niks meer van hom verneem nie. Hoe hy gelef en wat hy gedoen het, weet ons nie. Hy het in stilte gesterf. Van sy dood is daar geen ophef gemaak nie. Slegs 'n amptelike kennisgewing in die Staats Courant[34] het aangekondig dat die ou pionier van die wesgrens die tydelike met die ewige verwissel het. Hy was een van die baie wat hulle lewe feil gehad het vir die Republiek. Moontlik het sy rebelle-leierskap hom vroeg reeds in die vergetelheid laat geraak. Hy sou egter voortleef in die wêreld van die grootwildjagters en tot legende word.

Noudat die lig geval het op die lewe van Jan Viljoen as die bekendste Transvaalse wesgrenspionier is dit nodig om sy geaardheid en karakter te ontleed. Daar bestaan heel= wat in die bronne wat lig daarop werp. Dit blyk dat Viljoen 'n man met vele aangesigte was waarvan twee duide= lik na vore kom. Die eerste is dié wat in sy optrede teenoor sy mede-Boere en die staat tevoorskyn kom en die tweede dié wat deur veral Engelse reisigers, handelaars en jagters vir ons geskilder is.

In sy optrede teenoor sy mede-Boere en die staat was Viljoen 'n individualis en soms voortvarend. Daar bestaan voldoende getuienis dat hy 'n "kwaai" man was met 'n ont= plofbare humeur wat hom gewelddadig laat optree het teen sowel persone as teen die Staat. In 1853 het hy gedreig om die Volksraad te vernietig,[35] en tien jaar later het hy leier van 'n opstand teen die Staat geword. In 1851 het hy gedreig om twee van sy wykslede met 'n sambok te slaan,[36] en 17 jaar later het hy vir ds. Cachet met 'n sambok aan= gerand. En tog was hy 'n gewilde en gerespekteerde per= soon. Daartoe het veral sy vriendelike geaardheid

----------

34. ZAR Staatskoerant, 10 Mei 1893, p.451.

35. Kyk p.59.

36. Kyk p.59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bygedra, asook sy gasvryheid waarvoor hy bekend was. Volgens James Chapman was hy baie nadruklik en het hy elke sin begin met: "Nou neef, sal ek jou darem dit vertel..." By 'n ander geleentheid het dieselfde Chapman na Viljoen verwys as "one of the most good-natured and obliging men you can meet with."[37]

Na sy optrede in verband met die Transvaal Advocate se implisiete beskuldigings van moord teen sy seun Marthinus in 1869, is Viljoen egter deur iemand as 'n bombastiese vuurvreter bestempel.[38] Wanneer sake nie na sy sin ver=loop het nie, kon hy inderdaad baie hardkoppig raak, soos sy optrede in Marico tydens die Eerste Vryheidsoorlog bewys, toe hy nie die bevele van generaal Cronjé uit Potchefstroom wou gehoorsaam nie. Op die Raad van Bestuur van Land Gosen het dit nie altyd eenstemmig gegaan nie, en ware of valse aanklagte is sonder aansiens des persoons heen en weer gemaak, sodat Viljoen telkens die Raad in 'n vlaag van woede verlaat het.[39]

Die gevolgtrekking wat hieruit te maak is, is dat Viljoen 'n gekompliseerde persoon was, eiewys en eiegeregtig wan=neer dinge hom nie pas nie, maar aangenaam en vriendelik in die normale gang van sake. Hy het ook deursettings=vermoë en 'n sterk wilskrag gehad anders sou hy nie daarin kon slaag om homself as pionier in Marico te vestig en vir byna vyftig jaar daar te handhaaf, of met groot moeite olifante verder noord te gaan jag nie. Jan Viljoen was 'n tipiese grenspionier, koning op sy plaas, "baas" in sy wyk en self "die regering". Hy kon nie verset teen hom duld nie en moeilik buig vir owerheidsbevele, wanneer hy nie daarmee saamstem nie. Hy was koppig, selfstandig,

----------

37. J. Chapman: Travels in the Interior of Africa I, (Ed. Tabler, Balkema, 1971), p.57 en 25; volg ook hoofstuk 9.
38. The Friend, 14.10.1869 (Van 'n korrespondent uit Potchefstroom, 28.9.1869).
39. Byvoorbeeld LG4: Notule Raadsvergadering 22.3.1883, p.633; volg hoofstuk 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



individualisties, 'n man met 'n sterk persoonlikheid en leierseienskappe. Ambisieus was hy nie, anders sou hy geaspireer het na politieke leierskap. Hy het vaste idees gehad van hoe die staat georden moes word en het opgetree met die bedoeling om die staat volgens sý idees te her=orden. Teenoor sy land en volk was hy lojaal en bereid om te dien en op te offer.

Viljoen self het besef dat hy pionierswerk gedoen het. In 1885 het hy met volle reg aan die Uitvoerende Raad kon skryf: "Ik heb met myne Familie hier in getrokken toe alles hier woest waart en heb de Grensen opgehouden tot dat hier nu Kerken en Scholen in Vyligheid zyn."[40] Al was hy in sy optrede soms onberekenbaar, kwaai en voort=varend het hy die beste vir sy land in die oog gehad, soos blyk uit sy belofte aan M.W. Pretorius in 1856: "Ik geef U.HEd. myn Woord en Eer, dat ik Marico niet zal afgeven, en myn bestes zal doen, om alles tot besten en tot Eer der Republiek uit te werken."[41] Uit sy optrede vanaf 1848 is dit duidelik dat hy met dié belofte bedoel het om alle vreemde invloede daaruit te weer en te keer dat die gebied nie deur Swartes oorgeneem word nie. Sy optrede teen Britse fortuinsoekers, wie se teenwoordigheid op die wesgrens hy gevrees het aangesien dit moontlik tot toe=stroming van vreemde elemente kon lei, sy optrede teen die Gereformeerde Kerk van ds. Postma, die vestiging waarvan synsinsiens tot 'n godsdiensoorlog kon lei, sy aanranding van ds. Cachet, wie se Kerk hy gevrees het vanweë sy ver=bintenis met die Kaapkolonie, en sy diplomatiese optrede teen die Swart stamme in die omgewing van Marico, in wie se verenigde mag hy 'n wesentlike bereiging vir Blanke voort=bestaan gesien het, getuig telkens van sy pogings om die Transvaalse wesgrens as deel van die Suid-Afrikaanse Republiek in stand te hou.

---

40. SS1038 R923/85: J.W. Viljoen-Uitvoerende Raad, Vergenoeg, 16.2.1885, p.74.
41. SS11 R1127/56: J.W. Viljoen-M.W. Pretorius, 30.6.1856, pp.461-462.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is ook die agtergrond waarteen Viljoen se rol in die Burgeroorlog beoordeel moet word. Kerk en Staat was vir Viljoen wesentlik dieselfde. Sy staat was die Suid-Afrikaanse Republiek, sy kerk die Hervormde Kerk, wat die Staatskerk van die Suid-Afrikaanse Republiek was. Toe Viljoen ten onregte onder die indruk gekom het dat Kruger die posisie van die Hervormde Kerk as Staatskerk wou ondermyn, en boonop nie vir M.W. Pretorius as staatshoof wou hê nie, het die kommandant geoordeel dat Kruger die staatsgesag wou afbreek. Vandaar sy proklamasie waarin hy almal wat soos hy gevoel het, uitgenooi het om saam met hom die wapen op te neem om die staat weer op te bou. Viljoen is wel by die Krokodilrivier deur Kruger verslaan, maar hy het tog geglo dat hy die oorlog gewen het. Want hy het in sy doel geslaag, soos hy in 1874 aan Moilo geskryf het: "Paul Kruger heb ook gesegt dat ik niets ben, maar ik heb Pretorius op zyn stoel gezet."[42] Vir Kruger het Viljoen nooit groot bewondering gekoester nie, sekerlik omrede Kruger so 'n sterk Gereformeerde was, en dan ook as gevolg van die ongelukkige Burgeroorlog waarin hulle teenoor mekaar te staan gekom het. Wat Viljoen van president Burgers gedink het, kon nie vasgestel word nie.[43] Na die Eerste Vryheidsoorlog was Viljoen 'n geswore Joubert-man.[44] Was dit dan nie kommandant-generaal Piet Joubert wat hom in Desember 1880 vir die duur van die vryheidstryd as kommandant aangestel het nie?

Viljoen het die Swartmense goed verstaan en hulle regte gerespekteer. In sy optrede teenoor hulle was hy streng maar regverdig en was om dié rede deur hulle gerespekteer. Deur sy temming van die Swartes het hy 'n groot diens aan

---

42. SS180 R2068/74: J.W. Viljoen-Moilo, 20.11.1874, p.86.

43. In die S.P. Engelbrecht-museum in Pretoria berus 'n Statebybel wat deur Berend Burgers van Murraysburg in die Kaapkolonie, broer van president T.F. Burgers, in 1868 aan Viljoen geskenk is. Om daarvan af te lei dat Viljoen die Burgerse geken het, sal egter vergesog wees.

44. A787 (Preller) no. 213 Lêer 148 (Getuienis omtrent J.W. Viljoen), p.292.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy tyd bewys. Hy was voorstander van vrede en 'n vrede= maker en diplomaat. Moontlik het sy bynaam "Jan Secheel" iets hiermee te doen.

Al bestaan daar geen breedvoerige beskrywing van Viljoen as persoon nie, is dit moontlik om tot enkele gevolgtrek= kings in verband met sy voorkoms en karakter te geraak. Volgens tydgenootlike waarneming was Viljoen liggaamlik kort en skraal van bou, so taai soos 'n ratel en bekend vir sy besondere uithouvermoë. "For a Boer, he is of small stature, though very tough and wiry, with a quick vivacious manner, and keen dark eyes, which betray his French descent."[45] Nie net sy helder bruin oë en wye baard is dadelik opgemerk nie, maar ook sy uitdagende houding: "His dress and bearing denoted him a person of position in the community."[46] "He was a typical Frenchman in appearance and manner, evidently of Huguenot descent."[47] Selfs toe hy begin oud word het, het hy energiek gebly: "Jan Viljoen was still, when I last saw him, in 1879 (Viljoen was toe 67 jaar oud), as strong and active as a young man,"[48] aldus die beroemde jagter F.C. Selous.

Viljoen het nie skoolopleiding geniet om van te praat nie. Montgomery het in 1868 geskryf: "He and his good lady have had the advantage of an English schooling", maar geen besonderhede daarvan is bekend nie. Wat wel bekend is, is dat hulle, volgens Montgomery, heelwat interessante boeke in die huis gehad het.[49] Viljoen het die staats= koerante gelees, want uit sy briewe is dit duidelik dat hy op hoogte was van gebeure oral in die Republiek. Hy

---

45. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, p.30; volg ook S. le Roux: Baanbrekers en Jagters, p.81.
46. P. Gillmore: The Great Thirst Land, p.195; H. Rex: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust, p.208.
47. A787 (Preller) no. 213 Lêer 148 (Uitknipsel: "The Reminiscences of Robert Noble Acutt" in South Africa, 27.11.1925, p.376), p.312.
48. F.C. Selous: A Hunter's Wanderings in Africa, p.30.
49. The Friend, 11.12.1868 (Notes of a trip from Bloemfon= tein to Marico and back, by John Montgomery).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het 'n besondere mooi handskrif gehad: dit en sy uitdrukkingsvermoë in amptelike briewe getuig van 'n sekere ontwikkeldheid. Hy kon Engels praat,[50] maar welke Bantoetale hy magtig was, is nie bekend nie.

Sy skrale opvoeding ten spyt was Viljoen 'n gebore diplomaat. Hy het goed met vreemdelinge oor die weg gekom, veral besoekende Engelstaliges wat 'n positiewe beeld oor sy gasvryheid vir ons in hulle geskrifte nagelaat het. Viljoen het dus na buite ook 'n positiewe beeld van "die Boer" vertoon en ook daardeur is 'n diens bewys aan sy land en volk.

---

50. Parker Gillmore: The Great Thirst Land, p.175.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




## BESLUIT

Jan Viljoen het as pionier 'n leidende rol gespeel in die temming van die Transvaalse wesgrens. Dit is waarin sy waarde vir die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek lê. Hy het die gesag daarvan gehandhaaf teen aanslae van sowel Bantoe as Brit. Hy word nie onthou vir dapper dade op die slagveld nie, maar in die bewaring van vrede midde in botsing en stryd. Aan die oorlog teen die Bakwena in 1852 het hy nie deelgeneem nie, ook nie teen die Batlhaping in 1858 nie. Tydens die Eerste Vryheids=oorlog het hy eerder die vrede bewaar as om 'n stryd met die Boere se vyande op die wesgrens uit te lok. Sy dood in 1893 het nie net vir sy familie 'n verlies beteken nie, maar ook vir sy land en volk.

Sy grafskrif bevat nie sonder rede nie die historiese oordeel dat hy 'n "ware patriot" was "die alles opofferde voor vrijheid en recht", hoewel die historikus dit in die lig van Viljoen se lewensverhaal sou wou kwalifiseer.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GEBIED WAAR JAN VILJOEN 'N ROL GESPEEL HET




*Saamgestel uit: John Bartholemew (ed.): The Times Atlas of the World. Volume IV. London, 1956. Plate 94; en argivale bronne.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




*Saamgestel uit: Suid-Afrika 1:50 000, (Velle 2526CA en 2525DB) Staatsdrukker, Pretoria, 1969.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BRONNE

## I. LITERATUUR


AGAR-HAMILTON, J.A.I.: The Native Policy of the Voor=trekkers, 1836-1858. An Essay in the History of the Interior of South Africa - 1836-1858. Cape Town, 1928.

AGAR-HAMILTON, J.A.I.: The Road to the North. South Africa, 1852-1886. London, 1937.

BARNARD, B.J.: 'n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden (Argiefjaar=boek vir Suid-Afrikaanse Geskiede=nis, 1948 DEEL I).

BECKER, P.: Path of Blood: The Rise and Conquests of Mzilikazi founder of the Matabele. London, 1962.

BREUTZ, P.-L.: Die Stamme van die Distrikte Lichtenburg en Delareyville. Pretoria, 1957-1958 (Unie van Suid-Afrika. Departement van Naturelle=sake. Etnologiese Reeks No. 37).

BREUTZ, P.-L.: The Tribes of Mafeking District. Pretoria, 1955-1956 (Union of South Africa. Department of Native Affairs Ethnological Publications No. 32).

BREUTZ, P.-L.: The Tribes of the Marico District. Pretoria, 1954. (Native Affairs Department Ethnological Publica-tion 30).

BROOKES, E.H.: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day. Cape Town, 1924.

BULPIN, T.V.: Lost Trails of the Transvaal. Cape Town, 1965.

BULPIN, T.V.: To the Banks of the Zambezi. Cape Town, 1965.

CORY, G.E.: The Rise of South Africa. A History of the Origin of South African Colonisation and of its Development towards the East from the Earliest Times to 1857. VOLS. IV and V. Cape Town, Struik, 1965.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DE KOCK, W.J.: Ekstraterritoriale Vraagstukke van die Kaapse Regering (1872-1885) met besondere verwysing na die Transgariep en Betsjoeanaland (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1948 DEEL I).

DE KOCK, W.J. (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. DELE I en II.

DE VILLIERS, C.C.: Geslacht-Register der Oude Kaap=sche Familien. DEEL 3-P tot Z. Kaapstad, 1894.

DREYER, A.: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Kaapstad, 1929.

DREYER, A.: Die Voortrekkers en hul Kerk. Sketse uit die Kerklike Geskiede=nis van die Groot Trek. Kaapstad, 1932.

DREYER, N.: Die Rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agter=grond van die Transvaalse geskie=denis tot 1884. In die geslags=lyn na senator A.D.W. Wolmarans. Joseph, Josephus Johannes, Frederik Gerhardus, Frederik Gerhardus Andreas. (Ongepubli=seerde M.A.-verhandeling, U.P., 1968).

DU PLESSIS, I.D.: Die rol van Willem Cornelius Janse van Rensburg in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1964).

DU PLESSIS, T.A.: M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat tot 1864 (Ongepubliseerde D.Phil.-tesis, U.P., 1947).

DUVENHAGE, G.D.J.: Willem Hendrik Jacobsz se rol in die onafhanklikheid- en eenheid=strewe van die Voortrekkers op die Hoëveld (1847-1852) (Argief=jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1956 DEEL I).

ENGELBRECHT, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Ge=meente Potchefstroom 1842-1942. Pretoria, s.j.

ENGELBRECHT, S.P.: Geschiedenis van de Nederduits

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hervormde Kerk in Zuid-Afrika. DEEL I en II. Pretoria, 1920 en 1925.

ENGELBRECHT, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Tweede hersiene en vermeerderde uitgawe. Pretoria, 1936.

GRONUM, C.F.: Boere en Jagters in Ou Marico. Vertellinge uit die geskiedenis van die ou Maricostreek. (Ver=samel en verwerk deur J.H. Coetzee). Potchefstroom, 1974.

HATTINGH, J.L.: Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1795-1895. (Ongepubliseerde D.Phil.-tesis, U.P., 1975).

JEAL, T.: Livingstone. New York, 1973.

JOOSTE, J.P.: Die Geskiedenis van die Gerefor=meerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959. Potchefstroom, 1958.

KISTNER, W.: The Anti-Slavery agitation against the Transvaal Republic, 1852-1868. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1952 DEEL II).

KRIEL, F.: Die lewe van Frans Lion Cachet met besondere toespitsing op sy beteke=nis vir die sending. Pretoria, s.j.

KRüGER, B.R.: Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria, 1957.

KRüGER, D.W.: Paul Kruger, DEEL I. Johannesburg, 1961.

LE ROUX, S.D.: Baanbrekers en Jagters van Suid-Afrika, 1760-1890. Kaapstad, 1940.

LEHMANN, J.: The First Boer War. London, 1972.

LEYDS, W.J.: Die Eerste Annexatie van de Transvaal. Amsterdam, 1906.

LEYDS, W.J.: Het Insluiten van de Boeren-Republieken, DEEL I. Amsterdam, 1914.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



MALAN, J.H.: Die Opkoms van 'n Republiek, of die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863. Bloemfontein, 1929.

MEYER, I.M.: Die Republiek Land Goosen. (Ongepubliseerde M.A.-verhande= ling, UNISA, 1931).

MIDGLEY, J.F.: The Orange River Sovereignty 1848-1854 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1949 DEEL II).

MOLEMA, S.M.: Montshiwa 1815-1896. Barolong Chief and Patriot. Cape Town, 1966.

MOUTON, J.A.: Genl. Piet Joubert in die Trans= vaalse Geskiedenis. (Argief= jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1957 DEEL I).

MULLER, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek. Pretoria en Kaapstad, 1969.

MULLER, C.F.J.: Die Oorsprong van die Groot Trek. Kaapstad en Johannesburg, 1974.

MULLER, C.F.J. (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria, 1968.

PELZER, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, DEEL I. Wordingsjare. Kaapstad, 1950.

POTGIETER, C. en N.H. THEUNISSEN: Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter. Johannesburg, 1938.

POTGIETER, F.J.: Die Vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1958 DEEL II).

PRELLER, G.S.: Andries Pretorius. Lewensbe= skrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal. (Tweede, verbeterde en vermeerderde uitgaaf). Johannesburg, 1940.

REX, H.: Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico) vanaf die Predikantskap van ds. Daniel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lindley (1840-1844), tot dié van ds. Samuel Young (1947-1971), beskrywe teen die agtergrond van die koms van die Blankes na Marico en die ontstaan van die dorp Zeerust. Pretoria, 1971.

SCHOLTZ, G.D.: Die Geskiedenis van die Neder=duitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. DEEL I, 1842-1885. Elsiesrivier, 1956.

SCHOLTZ, G.D.: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner. DEEL II en III. Johannesburg, 1970 en 1974.

SPOELSTRA, C.: Het Kerkelijk en Godsdienstig Leven der Boeren na den Grooten Trek. Historisch Kritisch Onder=zocht. Kampen, 1915.

TABLER, E.C.: Pioneers of South West Africa and Ngamiland, 1738-1880. Cape Town, 1973.

TABLER, E.C.: The Far Interior. Chronicles of Pioneering in the Matabele and Mashona Countries, 1847-1879. Kaapstad, 1955.

THEAL, G.M.: History of South Africa. VOL. VI, VII, VIII, IX and XI. (Facsimile Reprint by C. Struik). Cape Town, 1964.

VAN DER WALT, A.J.H.; J.A. WIID, A.L. GEYER (reds.) Verwerk en bygewerk deur D.W. KRüGER: Geskiedenis van Suid-Afrika. (Tweede uitgawe). Kaapstad, 1968.

VAN DYK, J.H.: Die Burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1860-1864. (Ongepubliseerde M.A.-verhande=ling, UNISA, 1932).

VAN HEERDEN, J.J.: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Suid-Afri=kaanse Republiek. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1964 DEEL II).

VAN JAARSVELD, F.A.: Die eenheidstrewe van die republi=keinse Afrikaners. DEEL I: Pioniershartstogte (1836-1864). Johannesburg, 1951.

VAN JAARSVELD, F.A.: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868-1881. Johannesburg, 1959.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



VAN JAARSVELD, F.A.: Die Veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870. (Argief= jaarboek vir Suid-Afrikaanse Ge= skiedenis, 1950 DEEL II).

VAN JAARSVELD, F.A.: Vaalrivier Omstrede Grenslyn. Johannesburg, 1974.

VAN ROOYEN, T.S.: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die ge= skiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1951 DEEL I).

VAN SCHOOR, M.C.E.: Politieke Groeperinge in Trans= gariep. 'n Differensiëring van politieke groepe tussen die Groot- en Vaal-riviere van die vroegste jare tot en met die Bloemfontein-Konvensie, 23 Februa= rie 1854. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950 DEEL II).

WALKER, E.A.: A History of South Africa. London, 1928.

WILLIAMS, B.: Cecil Rhodes. (First Greenwood Reprinting). New York, 1968.

WICHMANN, F.A.F.: Die Wordingesgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1941 DEEL II).

## II. LETTERKUNDIGE BRONNE

ANDERSON, A.A.: Twenty-five Years in a Waggon. Sport and Travel in South Africa. (New Edition in One Volume). London, 1888.

BALDWIN, W.C.: African Hunting and Adventure from Natal to the Zambezi including the Lake Ngami, the Kalahari Desert, Etc. From 1852 to 1860. Third Edition, London, 1894.

BREDELL, H.C. en P. GROBLER: Gedenkskrifte van Paul Kruger. (In Afrikaans Oorgesit). Pretoria, 1947.

CACHET, F. LION: Die Worstelstryd der Transvalers Aan Het Volk van Nederland Ver= haald. Amsterdam, 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



CACHET, F. LION: Vijftien Jaar in Zuid-Afrika. Brieven aan Een Vriend. DEEL I en II. Leeuwarden, 1875.

CHAPMAN, J.: Travels in the Interior of South Africa. VOL. I. London, 1968.

CHAPMAN, J.: Travels in the Interior of South Africa 1849-1863. Hunting and trading journeys from Natal to Walvis Bay and visits to Lake Ngami and Victoria Falls. PART I. Ed. E.C. Tabler. Balkema, Cape Town, 1971.

CUMMING, R.G.: Five Years of a Hunter's Life in the Far Interior of South Africa. Paris, 1850.

GILLMORE, P.: The Great Thirst Land: A Ride through Natal, Orange Free State, Transvaal, and Kalahari Desert. London, n.d.

HOFSTEDE, H.J.: Geschiedenis van den Oranje-Vry=staat. 'S Gravenhage, 1876.

HOLUB, E.: Seven years in South Africa: Travels, Researches, and Hunting Adventures, between the Diamond-Fields and the Zambesi (1872-1879). (Transl. by E.E. Frewer) PART I. London, 1881.

JORISSEN, E.J.P.: Transvaalsche Herinneringen 1876-1896. Amsterdam-Pretoria, 1897.

KESTELL, J.D.: Die Voortrekkers, 'n Kort Geskied=verhaal. Tweede uitgawe, Kaapstad, 1920.

LINDLEY, A.F.: Adamantia. The Truth about the South African Diamond Fields. London, 1873.

LIVINGSTONE, D.: Missionary Travels and Researches in South Africa; including a sketch of sixteen years' residence in the interior of Africa, and a journey from the Cape of Good Hope to Loanda on the West Coast; thence across the continent, down the river Zambezi, to the Eastern Ocean. London, 1857.

MACKENZIE, J.: Austral Africa. Losing It or Ruling It, Being Incidents and

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Experiences in Bechuanaland, Cape Colony, and England. PART I. London, 1887.

MACKENZIE, J.: Ten Years North of the Orange River. A Story of Everyday Life and Work among the South African Tribes. From 1859-1869. Edinburgh, 1871.

MULLER, H.P.N.: Oude tijden in den Oranje-Vrystaat. Naar Mr. H.A.L. Hamelberg's nage=laten papieren beschreven. Leiden, 1907.

OATES, C.G. (red.): Matabele Land and the Victoria Falls. A Naturalist's Wanderings in the Interior of South Africa. From the letters and journals of the late Frank Oates, F.R.G.S. Second Edition. London, 1889.

PRELLER, G.S. (red.): Ons Goud Roman. Die Marais-Dagboek (1849-65) met Inleiding en en Aantekeninge. Pietermaritz=burg, 1935.

PRELLER, G.S. (red.): Voortrekkermense. DEEL III. Kaapstad, 1922.

SELOUS, F.C.: A Hunter's Wanderings in Africa. Third Edition. London, 1893.

TABLER, E.C. (ed.): The Recollections of William Finaughty Elephant Hunter 1864-1875. Cape Town, Balkema, 1957.

TABLER, E.C. (ed.): To the Victoria Falls via Matabele=land. The Diary of Major Henry Stabb, 1875. Cape Town, Struik, 1967.

TABLER, E.C. (ed.): Zambezia and Matabeleland in the Seventies. PART II: The Journals of Richard Frewen, 1877-1878. London, 1960.

THOMAS, T.M.: Eleven Years in Central South Africa. London, 1872.

VAN OORDT, J.F.: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam, 1898.

WALLIS, J.P.R. (ed.): The Matabele Journals of Robert Moffat. PART I and II. London, 1945.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



WALLIS, J.P.R. (ed.): The Northern Goldfields Diaries of Thomas Baines. First Journey 1870-1871. VOL. II. London, 1946.

WALLIS, J.P.R. (ed.): The Southern African Diaries of Thomas Leask 1865-1870. London, 1954.

WANGEMANN, Th.: Maléo en Sekoekoeni. (Vertaal deur J.F.W. Grosskopf, uitgegee deur G.P.J. Trümpelmann. V.R.S. 32. Kaapstad, 1957.

III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

Die Burger, 1936 (enkele uitgawes).

The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 1860-1869 (verskeie uitgawes).

The Natal Witness, 1.9.1868.

The Star, 17.10.1925.

The Transvaal Advocate, 1869 (enkele uitgawes).

Het Volksblad, 1863-1864 (enkele uitgawes).

De Volksstem, 1875-1895 (enkele uitgawes).

Die Volkstem, 1936 (enkele uitgawes).

IV. TYDSKRIF-ARTIKELS

BACKEBERG, H.E.W.: Die Politieke Betekenis van die Eerste Hermannsburgse Sendelinge op die Transvaalse Wesgrens. Die Pad na die Noorde (1857-1864). (Historiese Studies, NO. 2, Oktober 1939).

DE KOCK, W.J.: Eerste Spore in Zambesia. (Die Ruiter, 2 April 1948).

DE KOCK, W.J.: In die land van Lobengula. (Die Huisgenoot, 13 Februarie 1948).

ENGELBRECHT, S.P.: Johannes Willem Viljoen (Almanak voor de Nederduits Hervormde Kerk in Afrika, 1926).

GRIMSEHL, H.W.: Die Rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861-1864) (Historia, NO. 3, Desember 1957).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



MARTINS, H.: Ontdekker van Victoria-Waterval. (Fleur, Julie 1947).

MEIRING, P.G.J.: Twee Voorname Hollanders. Baan=brekers in Zuid-Afrika. (De Kerkbode, 27 Februarie 1924).

PELZER, A.N.: Alexander McCorkindale en sy Skemas 1864-1866 (Historia, NO. 1, 1970).

PELZER, A.N.: Die invloed van McCorkindale se Haweskemas op Britse Belang=stelling in Delagoabaai (Historia, NO. 2, 1970).

PELZER, A.N.: Die Suid-Afrikaanse Republiek se ywer vir 'n eie hawe en A. Mc=Corkindale se rol in verband daarmee. (Historia, NO. 3, 1970).

PELZER, A.N.: Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899. (Historiese Studies, Januarie en Julie 1941 en Januarie en Mei 1942).

RADEMEYER, J.I.: Die implikasies in verband met 'n opvolger vir Moselekatse as Matabele-Opperhoof. (Historiese Studies, April 1949).

## V. REGERINGSPUBLIKASIES

TRANSVAAL Native Affairs Department: Short History of the Native Tribes of the Transvaal. Pretoria, 1905.

STAATS Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1893 (verskeie uitgawes).

## VI. ARGIVALE BRONNE

### GEPUBLISEERDE BRONNE

DACHS, A.J. (ed.): Papers of John Mackenzie. Johannesburg, 1975.

ENGELBRECHT, S.P.(red.): Paul Kruger's Amptelike Briewe. Pretoria, 1925.

KRYNAUW, D.W. en H.S. Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke Staatsekretaris Inkomende Stukke, 1850-1853. Pretoria, 1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



SCHAPERA, I. (ed.): David Livingstone Family Letters 1841-1856. PART II. London, 1959.

SCHAPERA, I. (ed.): David Livingstone South African Papers 1849-1853. V.R.S. II-5, Cape Town, 1974.

SUID-AFRIKAANSE ARGIEF= STUKKE O.V.S. 3: Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat III (Red.: D.C. JOUBERT).

SUID-AFRIKAANSE ARGIEF= STUKKE TRANSVAAL 1-7: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I-VII (Redaksie: J.H. BREYTENBACH I-VI; H.S. PRETORIUS I; en D.C. JOUBERT V en VII).

PRETORIUS, H.S., D.W. KRÜGER en C. BEYERS (reds.): Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849. Pretoria, 1937.

VAN JAARSVELD, F.A. (red.): Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1648-1961. Elsies= rivier, 1972.

WALLIS, J.P.R. (ed.): The Matabele Mission. A Selection from the Correspondence of John and Emily Moffat, David Living= stone and others 1858-1873. London, 1945.

## ONGEPUBLISEERDE BRONNE

### A. KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD

Government House

G.H. 10/1 British Resident Bloemfontein 1845-1847.

G.H. 10/2 Sovereignty British Resident 1847-1849.

G.H. 10/3 Sovereignty Civil Commissioners and Magistrates 1848 and 1849.

### B. VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

H.C. 1/1/1 Letters received by the High Commissioner from the British Resident, 1846, February 15-1849, December 31.

### C. TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

1. Argief van die Staatsekretaris van die Z.A.R.

SS Staatsekretaris Inkomende Stukke en Staatsekretaris Uitgaande Stukke (Verskeie Bande, 1854-1891).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Argief van Uitvoerende Raad van die Z.A.R.

   UR Besluite van die Uitvoerende Raad (Verskeie Bande).

3. Argief van Landdros Potchefstroom.
4. Argief van Landdros Marico.
5. Argief van Land Gosen (LG).
6. Argief Boerevoormanne (BV).
7. Argief Kommandant-Generaal (KG).
8. Weesheer en Meester van die Hooggeregshof, Pretoria.

   Boedel 7842 (1893) J.W. Viljoen;
   3593 (1900) M.C. Viljoen, geb. Messer.

9. Aanwinste:

   A787 (Preller) no. 213 Lêer 148: Getuienis omtrent J.W. Viljoen.

   A1195 (Mikrofilm) London Missionary Society Archives.

10. Genealogiese stukke:

    F.K. G6 3/3 Doopboek, Graaff Reinet, 1811-1814.

    F.K. G10 5/1 Lidmateboek, Uitenhage.

    F.K. G10 6/2 Huweliksboek, Uitenhage.

    F.K. G10 4/2 Doopboek, Uitenhage, 1830-1840.

    F.K. G10 4/3 Doopboek, Uitenhage, 1841-1843.